# VERSLAWINGSPARADIGMAS EN IMPLIKASIES VIR HULP: 'N PASTORALE STUDIE

deur

Henrietta E. Klaasing

**Ph D-Proefskrif**
**in Pastoraal**
**aan die Fakulteit Teologie (Noordwes-Universiteit)**

Promotor: Prof. dr. G.A. Lotter

Potchefstroom : November 2008

# OPGEDRA AAN

My man, Peter Klaasing

en

Dr. Vorster Combrink

*"Aan die Koning van die eeue, die onverderflike, onsienlike, alleenwyse God, kom toe die eer en die heerlikheid tot in alle ewigheid. Amen".*

*(1 Timoteus 1:17)*

# 'N WOORD VOORAF

'n Mens wonder soms waarom 'n mens se lewenspaadjie 'n bepaalde loop neem. By terugskouing word hartseer gebeure en skynbare "toevallighede" egter gesien as die Hand van 'n liefdevolle Hemelse Vader wat 'n sondaarmens as instrument in sy Plan wil gebruik en kan daar uit leed en lyding 'n loflied gebore word.

Spreuke 27 vers 17 sê: "Yster slyp yster, vriende vorm mekaar," en daarom 'n woord van innige en opregte dank en waardering aan:

Prof. George Lotter. Vanaf 2004, met die Oorbruggingsjaar en deur die jare was u liefde vir mense nêrens meer sigbaar nie, as dat u ons almal én ons geliefdes geken het, onthou het en moeite gedoen het om te kom groet en na elkeen, by name, se welstand te verneem! As studieleier het u deur u bekwame leiding, toewyding, deeglikheid, ryke akademiese en geloofskennis 'n reuse-aandeel gehad aan hierdie navorsing.

Dr Vorster Combrink, uitvoerende direkteur van ABBO, die Assosiasie vir Bybelse Berading en Opleiding en wat ook namens ABBO die oorbruggingsberadingsdiens van Radiokansel bestuur. Hy het my soveel geleer deur ABBO en het as mede- studieleier opgetree aan die begin van hierdie studie.

My familie en gesin: my gryse moeder, broers en susters en my lewensmaat, Peter en kinders, Justus en Erna, Charl en Willa, Cassie en Ellena en Lillibeth en kleinkinders Nerine, Hanrie, Elmien en Tiaan (dankie Tiaan, vir al die kere dat jy vir Ouma gebid het vir 'n "chop-chop engel"!). Dankie vir julle volgehoue aanmoediging, liefdevolle ondersteuning en gebede waarsonder ek nooit hierdie wedloop sou voltooi het nie.

Dr. Flip Buys, Prinsipaal van Mukhanyo Theological College vir wyse raad en leiding.

Ds. James Kleynveld, wat in die tyd wat hy predikant in die NG Kerk op Groblersdal was, ons gesin deur moeilike tye gedra het en by wie ek kosbare lesse geleer het oor alkoholisme en mense met verslawings.

Gerda van Rooyen en Georgene Mulder en ander personeel van die Teologiese en Ferdinand Postma Biblioteke van Noordwes Universiteit, julle is ware staatmakers.

Marie de Kock vir keurige taalversorging.

Die Noordwes-Universiteit en prof. George Lotter wat die nodige beurstoekennings voorsien het om hierdie navorsing te doen.

Met vreugde dink ek terug aan die "Groep van 2004" wat die Oorbruggingskursus saam begin het. Daar het ek vir Rita Pieterse, my "sussie-in-Jesus" ontmoet en saam loop ons nog steeds hierdie pad van lewenslange leer . Dankie liewe vriendin, vir jou gebede en jou emosionele en geestelike ondersteuning!

Bo alles en almal, my nederige dank aan my Hemelse Vader, my Verlosser Jesus Christus en my Trooster, die Heilige Gees.

# OPSOMMING EN SLEUTELTERME

"Verslawingsparadigmas en die Implikasies vir Hulpverlening – 'n Pastorale Studie" is 'n doktorale dissertasie wat kyk na verskillende verslawingsparadigmas en hoe hierdie paradigmas implikasies het vir die tipe hulpverlening wat gee word aan mense met verslawings.

Die studie is gedoen in ooreenstemming met klassieke Gereformeerde teologie. Skrifperspektiewe is geformuleer aan die hand waarvan verslawingsparadigmas en metodes van hulpverlening beoordeel kan word. 'n Heilshistoriese perspektief oor dronkenskap is verkry deur kursoriese eksegese te doen van enkele tekste.

Literatuurstudie en Skrifondersoek is gedoen oor verslawingsparadigmas en metodes van hulpverlening wat met die Skrif rekening hou asook oor nie-Bybelse verslawingsparadigmas en metodes van hulpverlening

Die inligting van die vorige hoofstukke is byeengebring en literatuurstudie asook Skrifondersoek is gedoen om 'n metode van hulp te ontwerp sodat mense met verslawings en hul geliefdes op 'n omvattende, Skrifgefundeerde manier gehelp kan word.

**SLEUTELTERME:**

Verslawing, paradigma, pastoraal, hulp.

# ABSTRACT AND KEY WORDS

"Verslawingsparadigmas en die Implikasies vir Hulpverlening – 'n Pastorale Studie" is a doctoral disseration which looks at different addiction paradigms and how each of these paradigms have implications for the type of care that will be given to people with addictions.

The study was done in line with classical Reformed theology. Biblical perspectives were formulated as a measuring tool for judging addiction paradigms and methods of caring for people with additions. A few texts on drunkenness in the Bible were researched exegetically and according to the revelation history.

Literature study as well as a study of Scriptures were done on Biblical and non-Biblical addiction paradigms and methods of care.

The information gathered in previous chapters, the literature study as well as the study of Scriptures were consolidated to develop a method of care to ensure that people with addictions and their loved ones are helped in a profound, Scripture-based way.

**KEYWORDS:**

Addiction, paradigm, pastoral, help.

# INHOUDSOPGAWE

**HOOFSTUK 1** : INLEIDING


1.1 Oriëntering ..... 1
1.2 Probleemstelling ..... 1
1.3 Die navorsingsvraag ..... 1
1.4 Die rol van die Bybel in verslawingspardigmas ..... 2
1.4.1 Paradigmas waarin die Bybel 'n fundamentele rol speel ..... 2
1.4.2 Paradigmas waarin die Bybel as enigste vertrekpunt funksioneer ..... 3
1.4.3 Paradigmas waarin die Bybel 'n gemarginaliseerde rol speel ..... 5
1.4.4 Paradigmas waarin die Bybel geen rol speel nie ..... 6
1.5 Die implikasies van verslawingspardigmas op die metodes van hulpverlening ..... 7
1.6 Die noodsaaklikheid van die studie ..... 8
1.7 Doelstellings en uitkomste ..... 9
1.8 Die sentrale teoretiese argument Doelstellings en uitkomste ..... 10
1.9 Metode van ondersoek ..... 10
1.10 Ander aspekte ..... 11
1.11 Hoofstukindeling ..... 11


**HOOFSTUK 2** : BYBELSE RIGLYNE VIR DIE BEOORDELING VAN VERSLAWINGSPARADIGMAS EN METODES VAN HULPVERLENING


2.1 Inleiding ..... 13
2.2 Die noodsaak vir Bybelse riglyne ..... 13
2.3 Bybelse riglyne ..... 16
2.3.1 Inleiding ..... 16
2.3.2 Bibliologie ..... 17
2.3.3 Teologie en Pateriologie ..... 23
2.3.4 Kreasiologie ..... 25
2.3.5 Antropologie ..... 30
2.3.6 Hamartiologie ..... 32
2.3.7 Christologie en soteriologie ..... 40

2.3.8 Pneumatologie ... 42
2.3.9 Ekklesiologie soos dit die kerk beskryf ... 46
2.3.10 Angeliologie ... 48
2.3.11 Eskatologie ... 49
2.3.12 Samevatting ... 50
2.4 Heilshistoriese perspektief oor dronkenskap ... 50
2.4.1 Inleiding ... 50
2.4.2 Die Bybel en middelverslawing ... 51
2.4.3 Verklaring van 1 Korintiërs 6:9 ... 51
2.5 Samevatting ... 64
2.6 Slot ... 67

**HOOFSTUK 3** : 'N BEOORDELING VAN VERSLAWINGSPARADIGMAS EN METODES VAN HULPVERLENING WAT BYBELSGEFUNDEERD IS
3.1 Inleiding ... 68
3.2 Omskrywing van "paradigma" en "metode" ... 68
3.2.1 Definisie van "paradigma" ... 68
3.2.2 Metode van hulpverlening ... 70
3.3 Die plek van die Skrif en die skepping in die Godsopenbaring ... 70
3.4 Debat oor integrasie tussen Bybelse berading en sielkunde ... 72
3.4.1 Inleiding ... 72
3.4.2 "Nothing Butterist" ... 74
3.4.3 "Separate but equal" ... 78
3.4.4 "Tossed salad" ... 78
3.4.5 "Spoiling the Egytians" ... 80
3.5 Beoordeliing van verslawingsparadigmas en metodes van hulpverlening waarin die Bybel as enigste vertrekpunt funksioneer ... 82
3.5.1 Inleiding ... 83
3.5.2 Fundamentalisme ... 83
3.5.3 Bobgan en Bobgan ... 85
3.5.4 Swanson ... 85
3.5.5 Samevatting ... 86
3.6 Beoordeling van Verslawingsparadigmas en metodes van hulpverlening

| | | |
|---|---|---|
| | waarin die Bybel 'n gemarginaliseerde rol speel | 86 |
| 3.6.1 | Inleiding | 86 |
| 3.6.2 | Alcoholics Anonymous | 86 |
| 3.6.3 | Nutrimalaika (voorheen: Alkogen) | 92 |
| 3.7 | Beoordeling van beradingsparadigmas en metodes van hulpverlening waarin die Bybel 'n fundamentele rol speel (Bybel en skepping) | 92 |
| 3.7.1 | Inleiding | 93 |
| 3.7.2 | Adams | 93 |
| 3.7.3 | Collins | 100 |
| 3.7.4 | Welch | 102 |
| 3.7.5 | ABBO | 104 |
| 3.7.6 | Samevatting | 104 |
| 3.8 | Evaluerende gevolgtrekkings | 104 |
| 3.9 | Slot | 106 |

**HOOFSTUK 4** : 'N BEOORDELING VAN VERSLAWINGSPARADIGMAS EN METODES VAN HULPVERLENING WAT NIE BYBELSGEFUNDEERD IS NIE

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Inleiding | 107 |
| 4.2 | Paradigmavorming | 107 |
| 4.2.1 | Inleiding | 107 |
| 4.2.2 | Werklikheidsvisie en paradigma | 107 |
| 4.2.3 | Geskiedenis en paradigmavorming | 110 |
| 4.2.4 | Kultuur en paradigmavorming | 113 |
| 4.2.5 | Sielkundige denkwyses en paradigmavorming | 120 |
| 4.2.6 | Samevatting | 129 |
| 4.3 | Verslawingsparadigmas wat nie Bybelsgefundeerd is nie | 130 |
| 4.3.1 | Inleiding | 130 |
| 4.3.2 | "Verslawing is nie my skuld nie" | 130 |
| 4.3.3 | "Verslawing is 'n siekte" | 130 |
| 4.3.4 | "Verslawing is oorgeëérf" | 134 |
| 4.3.5 | "Verslawing is die gevolg van omstandighede" | 135 |
| 4.3.6 | "Die persoon het 'n afhanklikheidspersoonlikheid" | 137 |
| 4.3.7 | "Die brein het dit gedoen" | 138 |

4.3.8 "Verslawing is as gevolg van breinspoeling" .......... 139
4.3.9 Samevatting .......... 140
4.4 Implikasies van verslawingsparadigmas wat nie Bybels gefundeerd is nie vir metodes van hulpverlening .......... 140
4.4.1 Inleiding .......... 140
4.4.2 Die verband tussen verslawingparadigmas en hulpverleningsmetodes... 140
4.4.3 'n Oorsig oor enkele metodes van hulpverlening .......... 141
4.4.4 Samevatting .......... 144
4.5 Beoordeling van verslawingsparadigmas en metodes van hulpverlening wat nie Bybelsgefundeerd is nie .......... 144
4.5.1 Inleiding .......... 144
4.5.2 Beoordeling van verslawingsparadigmas en hulpverleningsmetodes wat nie rekening hou met die Skrif nie .......... 145
4.5.3 Samevatting .......... 147
4.6 Evaluerende gevolgtrekkings .......... 147
4.7. Slot .......... 148

**HOOFSTUK 5** : DIE AANWENDING VAN BYBELSE VERTREKPUNTE VIR PASTORALE HULP AAN MENSE MET VERSLAWINGS EN ASPEKTE WAT BESONDERE AANDAG VERDIEN
5.1 Inleiding .......... 150
5.1.1 Die noodsaak vir 'n pastorale hulpmodel .......... 150
5.1.2 Definisie van 'n pastorale hulpmodel .......... 152
5.2 Vertrekpunte van Bybelse pastorale hulpmodelle .......... 152
5.2.1 Inleiding .......... 152
5.2.2 'n Bybelse verslawingsparadigma .......... 154
5.3 'n Bybelse metode van hulp : ABBO .......... 155
5.3.1 Inleiding .......... 155
5.3.2 Die bou van 'n Godverheerlikende helpende verhouding .......... 156
5.3.3 Verstaan .......... 159
5.3.4 Konfrontasie/bemoediging .......... 162
5.3.5 Bewerkstellig verandering .......... 166
5.4 Enkele aspekte wat besondere aandag verdien .......... 168
5.4.1 Motivering tot verandering .......... 169

5.4.2 Die skep van hoop ..... 172
5.4.3 Die gewete, skaamte- en skuldgevoelens ..... 173
5.4.4 'n Teologie van pyn en lyding ..... 178
5.4.5 Leuens ..... 183
5.4.6 Die hart ..... 183
5.4.7 Afgode ..... 184
5.4.8 Die denke ..... 184
5.4.9 Ko-afhanklikheid/mede-afhanklikheid ..... 186
5.4.10 Die daarstel van grense ..... 187
5.4.11 Steungroepe ..... 187
5.5 Die rol van die kerk ..... 188
5.6 Heiliging/heiligmaking ..... 189
5.7 Die rol van gebed ..... 190
5.8 Slot ..... 191

**HOOFSTUK 6** : 'N BYBELSE METODE VIR PASTORALE HULP AAN MENSE MET VERSLAWINGS

6.1 Inleiding ..... 192
6.2 Persone betrokke ..... 193
6.2.1 Inleiding ..... 193
6.2.2 Persoon met verslawings ..... 193
6.2.3 Gesinslede ..... 193
6.2.4 Kerkraad en/of gemeentelede ..... 193
6.3 Beoogde uitkomste ..... 194
6.3.1 Inleiding ..... 194
6.3.2 Motivering tot mediese ondersoeke ..... 194
6.3.3 Motivering tot blywende verandering ..... 195
6.3.4 Skep van hoop ..... 195
6.3.5 Bewuswording en aanspreek van skaamte- en skuldgevoelens ..... 195
6.3.6 Bewuswording van God se rol in pyn en lyding en die mens se reaksie daarop ..... 196
6.3.7 Bewuswording van die rol van leuens en die aanspreek daarvan ..... 196
6.3.8 Bewuswording van die rol van die hart ..... 196
6.3.9 Bewuswording en teenstaan van afgode ..... 196

6.3.10 Vernuwing van die denke ..... 196
6.3.11 Bewuswordiing en aanspreek van mede-afhanklikheid ..... 197
6.3.12 Steun van die kerk ..... 197
6.4 Aksie ..... 198
6.4.1 Inleiding ..... 198
6.4.2 Bou van Godverheerlikende helpende verhouding ..... 198
6.4.3 Verstaan van die situasie ..... 198
6.4.4 Konfrontasie en/of bemoediging ..... 199
6.4.5 Bewerkstelliging van verandering ..... 200
6.5 Voorbeelde ..... 201
6.5.1 Voorbeeld van gebruik van tabel van ABBO vir persoon met verslawing ..... 201
6.5.2 Voorbeeld van gebruik van tabel van ABBO vir mede-afhanklikes ..... 202
6.6 Evlauerende samevatting 203

**HOOFSTUK 7** : SLOT

7.1 Inleiding ..... 205
7.2 Hoofstuk 1 : Inleiding ..... 205
7.3 Hoofstuk 2 : Bybelse riglyne vir die beoordeling van verslawings-paradigmas en metodes van hulpverlening ..... 205
7.4 Hoofstuk 3 : 'n beoordeling van Verslawingsparadigmas en metodes van hulpverlening wat Bybelsgefundeerd is ..... 207
7.5 Hoofstuk 4 : 'n Beoordeling van verslawingspardigmas en metodes van hulpverlening wat nie Bybelsgefundeerd is nie ..... 209
7.6 Hoofstuk 5 : Die aanwending van Bybelse Vertrekpunte vir pastorale hulp aan mense met verslawings en aspekte wat besondere aandag verdien ..... 210
7.7 Hoofstuk 6 : 'n Bybelse metode vir pastorale hulp aan mense met verslawings ..... 211
7.8 Finale woord ..... 211
7.9 Moontlike verdere navorsingstemas ..... 212
BIBLIOGRAFIE ..... 213
ADDENDUM A: vergelyking van die gereformeerde pastoraat en sekulêre sielkunde ..... 232
ADDENDUM B: Die drie bome ..... 233

ADDENDUM C: Wie is God? 234
ADDENDUM D: Wie is ek? 235
Persoonlike besonderhede van navorser 236

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING

### 1.1 ORIËNTERING

Artikels in koerante - soos onder andere die artikels van Raubenheimer (2004:2; 2005:6), Du Toit, (2005:3), Brits (2005:5) en Steenkamp, (2004:9) - toon dat die probleem van verslawing in Suid-Afrika baie groot is.

Ook oorsese artikels oor 'n tydperk toon dat daar ernstige debatte gevoer word oor hulpverlenings-metodes aan persone met verskillende vorme van verslawing, soos gesien kan word in die artikel van 'n anonieme skrywer in die Alcoholism Report van die National Council on Alcoholism & Drug Dependence (1997: 1) en Konopa *et al.* (2002:1).

Die beoogde studie wil 'n bydrae lewer om gelowiges se argumente ten gunste van hulpverlening wat op 'n Bybelse paradigma berus, te versterk.

### 1.2. PROBLEEMSTELLING

Die probleemstelling van die navorsing word bespreek aan die hand van die volgende: die rol van die Bybel in verslawingsparadigmas, die implikasies van verslawings-paradigmas vir hulpverlening en die noodsaaklikheid van die studie.

### 1.3. DIE NAVORSINGSVRAAG

Uit die probleemstelling kan die navorsingsvraag geformuleer word:

Watter implikasies het verskillende verslawingsparadigmas op hulpverlening aan verslaafdes en watter Skriftuurlike model kan ontwerp word sodat mense met verskillende vorme van verslawing - in die mees omvattende sin - bevry kan word van verslawing?

Vrae wat hieruit voortspruit, is:

1.3.1 Watter perspektiewe bied die Skrif aan die hand waarvan verslawingspara-

digmas en metodes van hulpverlening beoordeel kan word?

1.3.2 Watter verslawingsparadigmas en metodes in hulpverlening verdiskonteer die Skrif?

1.3.3 Watter verslawingsparadigmas en metodes in hulpverlening het 'n nie-Bybelse werklikheidsbeskouing?

1.3.4 Watter Skriftuurlike verslawingsparadigma en metode van hulpverlening kan ontwerp word?

## 1.4. Die rol van die Bybel in verslawingsparadigmas

In verslawingsparadigmas speel die Bybel die **enigste** of die **bepalende** rol, 'n **gemarginaliseerde** rol of **geen** rol nie.

1. 4.1 Paradigmas waarin die Bybel 'n fundamentele rol speel

Vir Adams (1973**b**:19) is die Skrif die Standaard wat 'n berader se outoriteit bepaal. Daar is geen probleem so uniek dat die Skrif nie daaroor praat nie (1973**b**:23) en daar is 'n Bybelse antwoord op elke probleem (1973**b**:23). Verder sê Adams (1973**b**: 94) met verwysing na 2 Timoteus 3:17, dat gelowiges die Skrif kan gebruik om die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek. Adams is ook die vader van die sg. noutetiese berading (1970:45-51) wat 'n fundamentele plek aan die Skrif in pastoraat toeken.

Deur die jare was daar talle kritiese stemme teen Adams se beskouings en gebruik van die Skrif (Combrink, 1986, 1988). Van die kritiek is dat hy eklekties en biblisisties sou wees en ander wetenskappe negeer. Combrink wys dit een vir een af en kom tot die finale standpunt dat Adams se gebruik van die Skrif in pastoraat skriftuurlik is.

Oor die gebruik van kennis van ander wetenskappe is Adams nie afwysend nie (Combrink, 1986:17-21), maar sommige navorsers meen dat hy nie *genoegsame* erkenning gee aan ander wetenskappe nie (Lotter, 2001:323; Bosman, 2007:113-114). Adams self (1973**b**:92-93) gebruik die beeld van 'n gebou: Die Christen moet 'n Christelike fondament van Christelike voorveronderstellings lê en 'n Christelike metodologie daarop bou.

Nog 'n persoon by wie die Bybel 'n bepalende rol speel, is Getz. Met sy totale afhanklikheid van die outoriteit van die Skrif en sy geloof daarin dat die Woord van God die werk van God sal doen, skaar Getz (1984:17) hom aan die kant van dié wat hy "biblical purists" noem. Hy waarsku egter (1984:14) teen wat hy tonnelvisie ("tunnel vision") noem en pleit daarvoor dat Christene die groter prentjie moet raaksien in die nakoming van die Sendingopdrag. Vir Getz (1984:17-18) raak die groter prentjie meer sigbaar deur drie lense: die lens van die Skrif, die lens van geskiedenis en die lens van kultuur. Die lens van die Skrif kom eerste en is die belangrikste. Uit die geskiedenis kan die kerk kosbare lesse leer, nie net uit die geskiedenis van die Ou en die Nuwe Testamente nie, maar ook geskiedenis in die algemeen en die kerkgeskiedenis in die besonder. Die kultuur help gelowiges om skerp en helder te kyk na die immer-veranderende wêreld om hulle.

Wat hulpverlening betref, lê Getz klem daarop dat dit die taak van alle gelowiges is. "*All* Christians are to speak the truth in love" (1981:116): Dit is nie net die pastor se taak nie maar ook die taak van die lidmate. *Every* member contributes to its success (Getz se kursief in albei gevalle). Gelowiges moet mekaar se laste dra, met die doel om die persoon wat vasgevang is in sonde, te herstel (" restore") (Getz, 1981:90). Vir Getz (1981:111) is daar twee stappe in die proses van herstelling: Bemoedig mekaar en bou mekaar op.

1.4.2 Paradigmas waarin die Bybel as enigste vertrekpunt funksioneer

MacArthur (1994**a**:4) is van mening dat daar sake is wat Bybelse berading ten grondslag lê: Die Skrif is hoër as menslike wysheid (1 Korintiërs 3:19); die Woord van God het die mees effektiewe manier om die dieptes van die hart te ondersoek (Hebreërs 4:12); die Gees van God is die enigste effektiewe Agent om herstel en wedergeboorte tot stand te bring, en alle skatte van wysheid en kennis is in Christus Self te vinde. Hy (1994**a**:9) is sterk ten gunste van die Puriteine se siening, naamlik: die enigste hulp vir die menslike siel is die onfeilbare waarheid van die Skrif, toegepas deur die Heilige Gees. MacArthur (1994**a**:18) sê dat hy dankbaar is teenoor God vir mans en vrouens in die kerk wat op die Bybel vertrou in hul berading van ander. Hy is dankbaar vir Godvresende beraders wat mense aanmoedig om te bid en wat hulle wys op die Skrif, op God en die volkomenheid van sy hulpbronne vir elke behoefte.

Bookman is teen die integrasie van ortodokse Christelike teologie en sekulêre psigologie, en noem die integrasie 'n Gordiaanse knoop wat nog ontknoop moet word (1994:65). Persone wat ten gunste is van integrasie tussen Bybelse berading en sielkunde, is - volgens Bookman - ten gunste daarvan dat Bybelse waarhede aangevul moet word met waarhede wat ontdek is deur menslike ondersoeke en waarneming en dus is die Bybel vir die persone nie genoegsaam nie. In die middel van sy model (1994:66) trek hy 'n waterskeidslyn. Onder die lyn is daar twee vrae wat volgens hom, eers beantwoord MOET word: Vraag nommer een (heel onder die waterlyn) : **Kan** teologie en psigologie geïntegreer word? Vraag nommer twee (net onder die waterlyn): **Moet** teologie en sielkunde geïntegreer word? Die eintlike vraag (vraag nommer drie) waarom dit tans in die debat gaan, is bo die waterlyn: **Hoe** kan teologie en psigologie ten beste geïntegreer word? Volgens hom is dit ongeldig om die derde vraag te beantwoord voordat die eerste twee beantwoord is.

Dit is vir Bobgan en Bobgan (1994:7-8) onaanvaarbaar dat sekere Christene geloof ver-sielkundig. Volgens hulle is psigoterapie professionele gesprekke wat die opinies en wyshede van die mens bevat en waarteen die Bybel waarsku. Daar is volgens hulle geen rede waarom teruggeval moet word op menslike opinies as God vir ons sy Woord, sy Seun en sy Heilige Gees gegee het nie. Hulle vra: Is Bybelse berading Bybels? Vandat Adams begin het om vir die kerk veld terug te wen van die psigoloë, het beraders al meer begin glo daar is 'n manier om Bybels te beraad, beweer die Bobgan (1994:10) – egpaar. Pastors voel geïntimideer en ontmagtig ("disempowered") omdat hulle deur Bybelse beraders vertel word dat hulle opleiding as pastors te kort skiet en hulle meer gespesialiseerde opleiding nodig het, veral in metodes van berading. Bobgan en Bobgan (1994:12-13) wil egter weet of die prediking van die Woord van God deur predikers 100 tot 300 jaar gelede, wat oor geloof en heiligmaking gehandel het, dan nie genoegsaam was in hul bediening nie. As dit toe genoegsaam was, waarom is dit dan vandag nodig dat predikers verdere opleiding ondergaan? Om versoeking te weerstaan, het God vir die gelowige die swaard van die Gees gegee, wat die Woord van God is. Welmenende Christene probeer volgens die Bobgan en Bobgan (1994:173) mense met lewensprobleme help deur vir hulle in die een hand die swaard van die Gees te gee en in die ander hand 'n mensgemaakte swaard van die vlees. Hulle sê (1994:174) dat 'n mens nie die gees van 'n mens kan ken sonder 'n openbaring van God nie. Die Bobgan-egpaar (1994:194-195) is van mening dat Christus genoegsaam is

en dat mense weggelei moet word van hul liefde vir berading na 'n liefde vir die Here en sy Woord en dat Christene mekaar moet versorg onder aanvoering van die leiers van 'n kerk.

1.4.3 Paradigmas waarin die Bybel 'n gemarginaliseerde rol speel

Volgens Welch (1997:76-79) het die mensdom oral in die wêreld tot en met die laat 1700's en vroeg in die 1800's geglo aan 'n voorafverordende en Goddelike struktuur. Veral na die Franse Rewolusie in 1789 het dinge geleidelik verander. Die mens het homself nou begin verhoog en God is as minder heilig en soewerein geag. Die mens het homself regte begin toeëien en sekere onbybelse aannames begin maak, soos: die mens is inherent goed, en emosies is die weg na die waarheid (1997:81). Daar is groot klem gelê op die mens se behoeftes (1997:88-89) op self-verbetering (1997:96) en self-agting (1997:62). Welch noem dit die " 'me' generation" (die "ek"-generasie) (Welch, 1997:62).

By mense wat hulself Christen - psigoloë noem, speel die Bybel wel 'n rol. Powlison sê (1994:363-364) dat vir Christen psigoloë die Vaderlike liefde van God die belangrikste is, maar hulle ignoreer baie aspekte van God soos bv. Sy heiligheid, Sy almag en Sy krag.

Welch (2001**a**:117) sê dat behalwe vir die AA (Alkoholiste Anoniem) en sy verskillende hulporganisasies - of "klone" soos hy hulle noem - is daar baie min instansies wat hulp bied aan verslaafdes. "They are the first place many people turn to for help, which is not surprising since there is very little else available". Volgens hom (2001**a**:118) is die AA nie 'n Christelike organisasie nie. Stafford (1991:18-19) is ook van mening dat die AA, in 'n poging om meer akkommoderend te wees vir verskillende geloofsoortuigings, sy Christelike aard verloor het. Vir hom is dit onrusbarend, aangesien die AA se metodiek baie algemeen gebruik word in 'n wye verskeidenheid versteurings, van seksuele verslawing tot ooreet.

Marrs (1989:178-179) waarsku verder teen "New Age" trekke in die AA. Sy verwys na programme soos die AA self, Al-Anon en Overeaters Anonymous, waar mense aangemoedig word om een te word met 'n "Higher Self" wat tipies is van die New Age denkrigting. Dit is dan die "geestelike pad" wat 'n mens sal verseker van 'n geestelike "genesis" of "ontwaking". Sy beklemtoon die feit dat die twaalf stappe van die AA 'n

mens nie 'n Christen maak nie – 'n mens hoef ook nie in Jesus Christus te glo of Hom as Heer te erken nie.

1.4.4 Paradigmas waarin die Bybel geen rol speel nie

Sosiologiese sieninge van verslawing fokus hoofsaaklik op hoe mense se omstandighede bydra tot hul verslawingsprobleme. Volgens Akers (1992:6-7) word die mens gesien as sosiale wese en aspekte soos die volgende word beklemtoon: sosiale patrone, groepe, kulture en samelewings en sosiale strukture soos gedefinieer deur ouderdom, geslag, godsdiens, etniese agtergrond en status. Akers gebruik nie die Bybel in sy verslawingsparadigma nie.

Carr het 'n metode ontwikkel om op te hou rook. Hy het in die byna 20 jaar sedert die eerste oplaag van sy boek oor hoe om op te hou rook in 1985 verskyn het, meer as drie miljoen eksemplare van hierdie boek in verskillende vertalings verkoop. Hy reken dat dieselfde metodes wat mens laat ophou rook, ook gebruik kan word om alkoholgebruik te kontroleer. Die basis van sy model is dat mense gebreinspoel is om leuens oor sekere middels soos sigarette en drank te glo. Hy wy hoofstukke in sy boeke aan "hersenspoeling" (breinspoeling) (1992:39-42; 2003:41-46) en verwys daarin na die onderbewuste as "die slapende vennoot ". In nie een van Carr se boeke word God genoem nie.

Lewis is 'n voorstander van 'n multi-dimensionele beradingsmodel. Sy benadering word soos volg opgesom (Lewis *et al.*, 2002:4-5): benader alle kliënte respekvol en positief; sien middelverslawing as 'n kontinuum van 'n nie-problematiese na 'n problematiese gebruik, eerder as 'n of/of situasie; voorsien behandeling vir mense as individue, in sowel doelstelling as in metodiek; voorsien multidimensionele behandeling wat fokus op die sosiale en omgewingsaspekte van langtermyn herstel; wees oop vir nuwe metodes na gelang dit deur navorsing bekendgestel word en gebruik 'n multikulturele perspektief om sodoende om te sien na die behoeftes van 'n diverse kliënte-populasie. Al word daar kursories na Alkoholiste Anoniem se programme verwys, word daar nêrens in die boek melding gemaak van 'n Bybelse of Christelik-psigologiese siening nie, en is dit oorheersend sekulêr.

Miller (1999:5-7) onderskei die volgende verslawingsmodelle: die morele model, die mediese model, sosiokulturele model en drie psigologiese modelle, nl: die psigodinamiese, persoonlikheidseienskapmodel, en die gedrags-leer-model. Elkeen van hierdie modelle het hul eie toepaslike maniere van hulpverlening. Die morele model gaan oor wat sosiaal aanvaarbaar is. In die genoemde modelle speel die Bybel nie 'n rol nie.

## 1.5. Die implikasies van verslawingsparadigmas op die metode van hulpverlening

Die plek wat 'n verslawingsparadigma aan die Bybel toeken, het regstreekse implikasies vir die metode van hulpverlening aan mense met verskillende vorme van verslawing.

In die mediese wêreld is daar 'n direkte verband tussen die korrekte diagnose van 'n toestand en die suksesvolle behandeling daarvan. Dieselfde is waar van berading. Geen beradingsmetode of terapeutiese ingryping is neutraal nie. Anderson *et al.* (2000:55) sê in hierdie verband dat 'n berader se geloof aangaande die oorsaak van 'n geestesiekte bepalend sal wees vir sy/haar behandeling van 'n kliënt se probleem.

Welch (1995:24) verwoord dit so: "All psychology practitioners are dispensing a worldview, a set of fundamental principles about the nature of people", terwyl Powlison (2000**a**:22) dit so stel: "Counseling is never about neutral objective knowledge. It is committed. It always imposes values covertly if not overtly." Adams (1973:22) stem saam.

Die rol wat voorveronderstellings speel in hulpverlening, word deur Crabb (1987**a**:84) uitgelig wanneer hy 'n voorstelling gee van drie modelle:

| | Problem | Solution |
|---|---|---|
| Dynamic model | Sickness | Treatment |
| Moral Model | Irresponsibility/Sin | Exhortation to change behaviour |
| Relational model | Loneliness | Affirmation/Self-Expression |

Die ongekompliseerde vorm van elkeen van bogenoemde verduidelik hy soos volg: Die dinamiese model verteenwoordig klassieke psigoterapie, die morele model volg die patroon van noutetiese berading en die verhoudingsmodel is tipies Rogeriaans. "The assumptions we accept will determine what we do when we counsel", beweer Crabb (1987**a**:85). Aanhangers van die dinamiese model sal selde mense aanraai om hul gedrag te verander. Beraders wat die morele model verkies, sal rigtinggewend beraad, terwyl voorstanders van die verhoudingsmodel sterk sal fokus op die verhouding tussen die kliënt en die berader om verandering te bewerkstellig.

Powlison ag die volgende perspektiewe van belang in berading (1994:362-364): perspektief van die Bybel en die Bybel se rol in berading; perspektief van God; perspektief van die menslike natuur en motivering; perspektief van die evangelie en perspektief van berading self. Ook vir Anderson *et al.* (2000:28) is wêreldbeskouing belangrik by berading en volgens hom het elke wêreldbeskouing 'n verklaring vir 'n kliënt se probleem en wat presies nodig is om dit op te los. Terapeute sal, gegrond op hul wêreldbeskouing, spesifieke metodes en bronne gebruik, asook konsultasie en planne vir beheer van gevalle.

MacArthur (1994**a**:11) is 'n voorbeeld van die benadering dat die Bybel alleen genoegsaam is vir die teorie en praktyk van berading. Hy waarsku veral teen behaviorisme en die klem op gedragsverandering in plaas van om mense te lei tot heiligmaking. Hy sê: "The doctrines of secular psychology are a mass of human ideas that satan has placed in the church as if they were powerful, life-changing truths from God."

Die beoogde navorsing het onder andere ten doel om na te vors watter rol die Bybel behoort te speel in die verstaan én die behandeling van en hulpverlening aan verslaafdes.

### 1.6. Die noodsaaklikheid van die studie

Die noodsaaklikheid van die studie berus op die volgende oorwegings:

1.6.1 Mense wat betrokke is by hulpverlening aan mense met verskillende vorme van verslawing mag die wye verskeidenheid van paradigmas en hulpverleningsmetodes

verwarrend vind. Dit is daarom nodig dat rigting gegee word en 'n Bybelsverantwoordbare paradigma en metode van hulpverlening ontwerp word sodat mense met verskillende vorme van verslawing in die mees omvattende sin bevry kan word van verslawing tot 'n hoopvolle lewe.

1.6.2 Bestaande navorsing dui nie voldoende koers aan in die verwarring nie. Daar is in 1994 'n teologies-etiese studie gedoen oor verslawing (Nell, 1994) en Verhoef (Verhoef, 2000) het wel in sy navorsing gewys op die noodsaak van 'n Bybelse mensbeskouing in berading, maar in geeneen van die twee navorsings word voldoende aandag gegee aan hulpverlening aan verslaafdes nie. Combrink het reeds in 1986 (1986:128-129) onder andere terreine soos "Die Skrif as kenbron vir pastoraat" en "Pastoraat wat God aan die woord laat kom", vir verdere navorsing uitgesonder.

1.6.3 Daar is 'n ander, veel belangriker oorweging waarom die studie onderneem moet word: Tekste soos 1 Korintiërs 6: 9- 10 en Galasiërs 5:19-21 sê dat om te bly in 'n toestand van verslawing, het nie net implikasies vir die teenswoordige tyd nie, maar ook vir die lewe hierna. By die meeste paradigmas wat nie die Bybelse siening van verslawing volledig verdiskonteer nie, is die behandeling en terapie bloot gerig op die verlossing van 'n spreekwoordelike " hel op aarde" . In hierdie studie sal gepoog word om 'n model te ontwikkel wat met die volle waarheid oor verslawing rekening hou sodat mense met verskillende vorme van verslawing in die mees omvattende sin bevry kan word van verslawing.

## 1.7 DOELSTELLING EN UITKOMSTE

### 1.7.1 Doelstelling

Die doel van die studie is om te bepaal watter implikasies verskillende verslawings-paradigmas op hulpverlening aan mense met verskillende vorme van verslawing inhou en om 'n Bybelse paradigma en metode van hulpverlening te ontwerp sodat mense met verskillende vorme van verslawing in die mees omvattende sin bevry kan word van verslawing.

### 1.7.2 Doelwitte / Uitkomste

Die volgende uitkomste moet gedemonstreer word:

1.7.2.1 Die aanbied van Skrifperspektiewe aan die hand waarvan verslawings-

paradigmas en metodes van hulpverlening beoordeel kan word.

1.7.2.1 'n Beoordeling van verslawingsparadigmas en metodes van hulpverlening wat met die Skrif rekening hou.

1.7.2.3 'n Beoordeling van nie-Bybelse verslawingsparadigmas en metodes van hulpverlening.

1.7.2.4 Die ontwerp van 'n eie Skriftuurlike verslawingsparadigma en metode van hulpverlening.

## 1.8. SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Die sentrale teoretiese argument van die studie is dat verslawings-paradigmas hulpverleningspraktyke bepaal en dat 'n Bybelse verslawingsparadigma en metode van hulpverlening mense in die mees omvattende sin kan bevry van hulle verslawings.

## 1.9. METODE VAN ONDERSOEK

Die studie word gedoen in ooreenstemming met Gereformeerde teologie. Om die individuele vraagstukke aan te spreek sal die volgende gedoen word:

1.9.1 Om Skrifperspektiewe te formuleer aan die hand waarvan verslawings-paradigmas en metodes van hulpverlening beoordeel kan word, sal die Skrif en ander literatuur ondersoek word. Kursoriese eksegese sal gedoen word volgens grammaties-historiese metode (De Klerk & Van Rensburg, 2005:3ev).

1.9.2 'n Beoordeling sal gegee word oor verslawingsparadigmas en metodes van hulpverlening wat met die Skrif rekening hou. Om dit te doen, sal 'n literatuurstudie gedoen word, ook met behulp van rekenaarmatige soektogte.

1.9.3 Om nie-Bybelse verslawingsparadigmas en metodes van hulpverlening te beoordeel, sal eweneens 'n literatuurstudie gedoen word.

1.9.4 Om 'n nuwe verslawingsparadigma en metode van hulpverlening aan mense met verskillende vorme van verslawing te ontwerp, sal die inligting van die vorige hoofstukke byeengebring word. Verdere literatuurstudie en Skrifondersoek sal gedoen word om 'n metode van hulp te ontwerp sodat mense met verskillende vorme van verslawing op 'n omvattende, Skrifgefundeerde manier gehelp word.

1.9.5 Daar is nie 'n empiriese studie gedoen nie, omdat in hierdie studie Fundamentelenavorsing gedoen is met filosofiese en teologiese onderbou wat prinsipieel besin oor en fokus op verskillende verslawingsparadigmas en hoe mense met verskillende vorme van verslawing op Bybelsverantwoordbare wyse gehelp kan word.

## 1.10 ANDER ASPEKTE

1.10.1 Skrif-verwysings is, tensy ander aangedui, volgens die Afrikaanse 1983-Bybel vertaling.

1.10.2 Afkortings van Bybelboeke is volgens die Afrikaanse 1983- Bybel vertaling.

1.10.3 Waar die geslag van *hy/hom* in die studie aangedui word, verteenwoordig dit ook die vroulike geslagsvorm van *sy/haar*.

1.10.4 Die term kliënt, pasiënt, beradene, persoon en individu sal afwisselend gebruik word vir die persoon wat behandeling, berading of terapie ontvang.

1.10.5 Die term pastor, terapeut of berader sal afwisselend gebruik word vir die persoon wat behandeling, berading of terapie aanbied.

## 1.11 HOOFSTUKINDELING

Die volgende hoofstukindeling word gevolg:

Hoofstuk 1: Inleiding

Hoofstuk 2: Bybelse riglyne vir die beoordeling van verslawingsparadigmas en metodes van hulpverlening

Hoofstuk 3 'n Beoordeling van verslawingsparadigmas en metodes van hulpverlening wat Bybelsgefundeerd is.

Hoofstuk 4: 'n Beoordeling van verslawingsparadigmas en metodes van hulpverlening wat nie Bybelsgefundeerd is nie.

Hoofstuk 5: Die aanwending van Bybelse vertrekpunte vir pastorale hulp aan mense met verskillende vorme van verslawing en ander aspekte wat besondere aandag verdien.

Hoofstuk 6: 'n Voorgestelde Bybelse metode vir pastorale hulp aan mense met verslawings.

Hoofstuk 7: Gevolgtrekkings

# HOOFSTUK 2

# BYBELSE RIGLYNE VIR DIE BEOORDELING VAN VERSLAWINGSPARADIGMAS EN METODES VAN HULPVERLENING

## 2.1 INLEIDING

Die doel van hierdie hoofstuk is om bepaalde loci in die dogmatiek en leerstukke soos die belydenisskrifte wat die Bybel as vertrekpunt het te bespreek wat as maatstawwe gebruik kan word om verslawingsparadigmas en metodes van hulpverlening te beoordeel. Soos uit hierdie studie duideliker sal word, is daar tans 'n verskeidenheid van paradigmas rakende mense met verskillende vorme van verslawing asook 'n groot verskeidenheid van hulpverleninigsmetodes aan sulke mense, en baie van hulle is sekulêr van aard. Aangesien hierdie 'n pastorale studie is, is dit van belang dat daar gekyk word na wat die Skrif te sê het oor mense met verskillende vorme van verslawing en hoe om hulle te help. Sodanige maatstawwe sal dus die basis van hierdie studie vorm.

Daar sal eerstens gekyk word na die noodsaak vir sodanige maatstawwe vir die beoordeling van verslawingsparadigmas en hulpverleningsmetodes. Tweedens sal die betrokke maatstawwe uitgespel word. Derdens sal kursoriese eksegese gedoen word van enkele tekste wat verband hou met dronkenskap en losbandigheid en sal gekyk word na die relevansie daarvan vir mense met verskillende vorme van verslawing.

## 2.2 DIE NOODSAAK VIR BYBELSE RIGLYNE

Die huidige omstandighede in Suid-Afrika oefen druk uit op mense en diegene wat nie oor die nodige geestelike toerusting beskik nie, neem hul toevlug tot verskillende vorme van berading. Die veelheid van artikels en programme van sielkundige aard in die media wek die indruk dat mense die hulp van sielkundiges bo dié van predikante verkies.

Predikante verwys ook dikwels mense met probleme na sielkundige terapeute omdat hulle reken dat hulself nie intensief genoeg opgelei is nie (Lotter, 2006:20). Die Noordwes Universiteit het gesien dat daar in die laaste tien jaar groot belangstelling onstaan het by predikante maar ook by lidmate van verskillende kerke om toegerus te word in die hantering van probleme soos trauma, depressie, seksualiteit en ander

relevante sake. Pastorale Berading is tans die vinnigste groeiende vakgebied by hierdie universiteit se Teologiese Fakulteit en mense uit verskillende vakrigtings soos prokureurs, verpleegkundiges, maatskaplike werkers, onderwysers, sielkundiges, sosioloë en predikante uit verskillende denominasies is ingeskrewe studente (Lotter, 2004:1; 2006:21).

Soos daar reeds in hoofstuk een aangevoer is, is die probleem van verslawing in Suid-Afrika baie groot (Van Rooyen, 2007:9). Talle nuwe inrigtings skiet op, om saam met dié wat reeds bestaan aan die groeiende behoefte aan hulp te voorsien. Die wye verskeidenheid hulpverleningsmetodes by hierdie sorgsentrums veroorsaak verwarring by gelowiges. Dit is dus noodsaaklik dat daar koers en rigting gegee word.

Reeds in 1978 verklaar Heyns (1978:1) dat bomenslike eise gestel word aan teoloë om op hoogte te bly van dogmatiese beskouinge en interpretasies van die openbaringsinhoud van die Bybel. In 1992 vind hy steeds dat daar verwarring heers en dat die peil van die geestelike lewe van mense oppervlakkig is (Heyns, 1992:39). Hy skryf dus boeke om teologiese studente te help om hul eie leerstellige posisie te verantwoord, teologiese standpunte te artikuleer en verankerd te bly in 'n wyer wordende veld van dogmatiese denke. Berkhof (1990:xix) het die eerste uitgawe van sy boek "Christelijk geloof" in 1985 geskryf omdat hy besorgd was oor 'n wêreld wat besig was om rigting, doel en betekenis te verloor. 'n Sekulêre lewens-klimaat wat sy uitwerking toon op alle lewensterreine maak dit nodig om duidelik verantwoording te doen van dit waarin 'n mens glo (Berkhof, 1982:16; Reymond, 1998:xx-xxi; Van Genderen en Velema, 1992:29-30).

As die behoefte aan verantwoording van toepassing was in die sewentiger- en tagtigerjare, hoeveel te meer is dit nie nou in 2008 nie! Dit kan onder andere gesien word in debatte wat gevoer word, soos byvoorbeeld die debat oor homoseksualiteit in die NG Kerk (Anon., 2004) en debatte wat in die Gereformeerde kerke gevoer word (Jackson, 2007**a**:9, Jackson, 2007**b**:9).

Ook die oorgang van modernisme na postmodernisme het gevolge: Daar het 'n sterk antroposentriese gees ontstaan waarin die mens as die maatstaf van alles beskou word. Die goddelike werklikheid verdwyn al meer uit die denkwêreld van vandag se (Westers-

georiënteerde) mense (De Wet, 2005:508). Vrae oor God en vrae soos: Wie is Jesus van Nasaret? word gevra. Baie goeie dinge word oor Jesus Christus gesê en geskryf, sê Floor (2004:9), maar dat Hy ook God is, word nie in sekere kringe aanvaar nie.

Waar daar tans weens 'n toename in maatskaplike probleme 'n geweldige nood is vir beraders, en baie mense tot die beroep van berading toetree, is dit dringend nodig dat besin word oor maatstawwe vir die beoordeling van metodes van hulpverlening in die algemeen en berading in die besonder.

Verskillende mense soos byvoorbeeld Adams (1979a:35), Powlison (1984:277; 1995:45) en Joubert (1999:251-253) wat betrokke is by berading, doen maniere aan die hand waarvolgens metodes van hulpverlening getoets kan word. Ook vir Collins (1993:15) is die bepaling van wat 'n Christelike werklikheidsbeskouing is, baie belangrik. Wanneer Christenberaders oor sodanige kennis beskik, sal hulle veel makliker in staat wees om foute raak te sien in sekulêre psigologiese wêreldbeskouings. Christen-beraders moet in staat wees om aan te dui wat hulle glo en hoe dit hul berading beïnvloed. Dit sal ook verhoed dat beraders op naïewe wyse veronderstellings, waardes, doelstellings en tegnieke kombineer wat in konflik is met mekaar en met die Christelike geloof.

Die Skrif is die primêre en normatiewe bron van die Christen-berader se voorveronderstellings en beginsels (Adams, 1973:21). Bosman (2007:117, 126) verkies om te praat van grondoortuigings of vooronderstellings eerder as voor**ver**onderstellings. Hy omskryf die woordeboekbetekenis en sê die begrip "voorveronderstellings" gaan oor dit wat vooraf gebeur het, dit druk die taalassosiasie uit in verband met dit wat was. Dit wat as waar aanvaar word, word die punt van denke en redenering, die vertrekpunt. Bosman (2007:117) verwys na Adams se gebruik van die woord " presuppositions" as rasionalistiese-fondasionalisme en sê dat hyself die klassiek-gereformeerde benadering op die spoor van Van Til en Stoker verkies, omdat dit die moontlikheid skep om vrugte te pluk van 'n aangrensende wetenskap. Volgens Bosman (2007:112) het die fenomenologiese werklikheid ook 'n rol te speel: Die Skrif behoort deur beraders deeglik en teologies-grondig erken te word, maar horisontale verwerking van die fenomenologiese wêreld is eweneens nodig.

Bybelse berading moet God-gesentreerd en Bybeldeurweek wees (Piper, 2002:8). Daar moet gekyk word na wát Christelike berading Christelik maak. Volgens Collins (1993:12,13) word Christelike aard van berading bepaal deur die berader se werklikheidsvisie. 'n Werklikheidsvisie is vir Collins 'n stel aannames of voorveronderstellings oor die basiese wyse waarop die wêreld aanmekaar gesit is. 'n Mens se visie van die werklikheid bepaal dinge soos denke oor die menslike natuur, hoe oorsake van emosionele probleme geëvalueer word en hoe keuses van behandelings- en beradingstrategieë gemaak word. Wanneer 'n werklikheidsvisie gebrekkig of verkeerd is, kan foute gemaak word of kan berading nadelig wees in plaas daarvan om helend te wees (Collins, 1993:13).

Collins (1993:22) noem die volgende elf aspekte wat 'n Christelike werklikheidsbeskouing volgens hom moet bevat: bibliologie (die leer aangaande die Skrif), teologie (die leer oor God), pateriologie (die leer aangaande God die Vader), Christologie (die leer aangaande Christus), pneumatologie (die leer aangaande die Heilige Gees), antropologie (die leer oor die mens), hamartiologie (die leer oor die sonde), soteriologie (die leer aangaande redding), ekklesiologie (die leer aangaande die kerk), angeliologie (die leer aangaande engele) en eskatologie (die leer aangaande toekomstige dinge). Navorser wil kreasiologie (skeppingsleer) hierby voeg, want hierdie navorsing het gewys dat daar groepe is wat skepties staan of selfs afwysend is teenoor dit wat ander wetenskappe te bied het in verband met berading. Dit is ook nodig om demonologie onder angeliologie by te voeg omdat navorser meen dat die insigte van Welch in hierdie verband van nut kan wees.

## 2.3 BYBELSE RIGLYNE

### 2.3.1 Inleiding

Die volgende dogmatiese riglyne vir die beoordeling van verslawingsparadigmas en metodes van hulpverlening sal bespreek word: bibliologie, antropologie, teologie en pateriologie, soteriologie en christologie, pneumatologie, hamartiologie, soteriologie, ekklesiologie, angeliologie. eskatologie en kreasiologie.

### 2.3.2 Bibliologie

#### 2.3.2.1 Inleiding

In hierdie afdeling word Bibliologie (die leer aangaande die Skrif) aan die hand van die volgende aspekte bespreek: die huidige debat oor die Skrif, Skrifbeskouing, Skrifgesag en Skriftoepassing.

#### 2.3.2.2 Die huidige debat oor die Skrif

Waar daar in hierdie hoofstuk gekyk word na Bybelse maatstawwe vir die beoordeling van verslawingsparadigmas en metodes van hulpverlening, kan 'n mens vra: "Is daar net een oorkoepelende Bybelse paradigma en metode?" Dis antwoord is: Ongelukkig nie. Soos by die debat rondom sekulêre psigologie en Bybelse berading wat later in hierdie studie bespreek sal word, is daar ook tans talle debatte oor sake soos Skrifgesag en Skrifgebruik.

Hierdie debatte oor Skrifgesag, Skrifbeskouing en Skrifgebruik is nie nuut nie: Vanaf die Renaissance, en meer spesifiek vanaf die tyd van die Verligting, het wêreldbeskouings deur die jare ontwikkel wat skeptisisme aangaande basiese Christelike beskouings aanwakker. Berkhof (1982:22) vertel van 'n "verschuiving" wat besig is om plaas te vind. Verskeie ander terme word gebruik, soos: verskillende paradigmas (Van Niekerk, 2007), identiteitskrisis (Steyn, 2005:550), verskillende perspektiewe (Cronjé: 2007) - daar word selfs gepraat van paradigmaverskuiwing (Van der Walt en Jordaan, 2004:497). Wanneer on- en anti-Bybelse beskouings insypel, word Skrifinterpretasie subjektivisties en onstabiel.

Die Bybel bevat 'n bepaalde stel fundamentele waarhede - vandaar die woord "fundamentalisme" (Berkhof,1982:20). Berkhof waarsku teen 'n fundamentalistiese siening van die Bybel en praat van 'n naïewe omgang met die Bybel. Om so met die Woord om te gaan vergelyk hy op die volgende manier: "... het water van de bron vloeit dan niet meer, maar staat in emmers opgeslagen". Vir Berkhof is die Skrif meer 'n instrument as 'n fondament (1982:73). Die gesag van die Bybel is nie die gesag van 'n wet nie maar van 'n weg (1982:20; 1990:94). God is op weg met die wêreld en die Bybel beskryf God se op-weg-wees met sy volk Israel. Nie alles op hierdie weg het eweveel gesag nie. Berkhof praat van "verkeerde bijbelgetrouwheid" (1982:20).

Vir De Klerk en Van Rensburg (2005:3) is die Bybel God se Woord in mensetaal, wat uitgelê, verklaar en toegepas kan word omdat 'n mens die verligting van die Heilige Gees het. Ook het die kerkgeskiedenis en belydenisskrifte groot waarde omdat dit 'n lang tradisie van Skrifuitleg deur die eeue heen het en kan mens agterkom hoe die Heilige Gees gelowiges deur die eeue heen gelei het.

'n Besinning oor Skrifgesag, Skrifbeskouing en Skrifgebruik of Skriftoepassing is nodig omdat hierdie sake implikasies het vir die beoordeling van verslawingsparadigmas en metodes van hulpverlening. Genoemde sake bepaal onder meer tot watter mate die Skrif gebruik gaan word en hóé dit gebruik gaan word, of daar by die Skrif begin gaan word en of daar by die mens begin gaan word. In hoofstukke 3 en 4 sal daar gesien word in hoeverre mense in hul beskouings verskil. Hierdie verskille is onder andere te wyte aan van die aspekte wat in die voorafgaande paragrawe bespreek is.

Dit is nie biblisisties om te vra na wat die Skrif oor 'n bepaalde saak sê nie (Combrink, 1986:101), daarom kan daar gevra word na wat die Skrif sê oor mense met verskillende vorme van verslawing en hoe om hulp aan hulle te verleen. 'n Mens kan vra: As die Skrif sy outoriteit verloor, na wie van miljoene mense se menings en opinies moet mens luister? Daar sal nou agtereenvolgens gekyk word na Skrifbeskouing, Skrifgesag en Skrifgebruik.

#### 2.3.2.3 Skrifbeskouing

'n Verslawingsparadigma en metode van hulpverlening berus op 'n bepaalde Skrifbeskouing.

'n Reformatoriese Skrifbeskouing glo die Bybel bevat die wil van God volkome en alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, word voldoende in die Skrif geleer (Artikel 7 NGB). Dit het gesag, is betroubaar, genoegsaam en duidelik (Heyns, 1978:29). Christenberaders moet fokus op wie God is en hoe Hy Homself aan die mens openbaar (Collins,1993:39). Dit is ook belangrik dat beraders weet van hermeneutiek omdat korrekte interpretasie van die Bybel van kritieke belang is.

Dit moet in ag geneem word dat postmodernisme 'n groot rol speel in kontemporêre Skrifbeskouings. Postmoderne Bybelse kritiek is "anti-foundational, antitotalizing and demystifying"; dit maak geen aanspraak op die waarheid nie; en geen teorie kan alles omvat nie (Adam, 1995:5). Vir die postmodernisme is niks suiwer, absoluut, totaal, verenig ("unified") of universeel nie (Adam, 1995:16). Postmoderniste (Adam, 1995:75) hou daarvan om aan die teenoorgestelde te dink deur Bybelse interpretatiewe tendense teen te gaan.

Spangenberg (1998:5) onderskei drie groepe: Diegene wat met die Bybelwetenskaplike paradigma van die Hervorming werk, beskou die Bybel as die Woord van God; 'n tweede groep sien die Bybel as God se Woord in mensetaal en 'n derde groep (wat nie verbonde is aan 'n kerklike tradisie nie) sien die Bybel as woorde oor God. In 'n tweegesprek met Van Wyk sê Spangenberg (2005), een van die Nuwe Hervormers, onder andere die volgende: Die Bybel is 'n normatiewe en informatiewe teks vir Christene, maar nie vir die ganse mensdom nie; Christene hoef nie net teïsties (persoonsmatig) oor God te dink nie, maar kan ook panteïsties en panenteïsties (nie-persoonsmatig) oor God dink en praat; Jesus van Nasaret was 'n Joodse profeet en wysheidsleermeester. Die kerkvaders het hom in hulle teologie 'n verlossergod en 'n middelaar tussen God en mense gemaak; die herverskyningsverhale in die Evangelies en Handelinge hou verband met dáárdie mense se leef- en ervaringswêreld; Christene kan steeds aan ander mense die verhale van Jesus vertel, maar moet dit doen met die wete dat dit verhale is wat in die antieke wêreld met sy verskillende kulture ontstaan het; om die kerkvaders se teologie as ewige waarheid aan ander mense voor te hou, ignoreer die feit dat ons in die postmoderne tyd van gekontekstualiseerde waarheid praat. Smith se sienings verskil van dié van genoemde postmoderniste. Vir Smith (1987:61) is dit belangrik dat Skrif met Skrif vergelyk word.

'n Voorbeeld van subjektivistiese Skrifverstaan is Arminius, 'n Hollandse professor wat van die bepalings van die Heidelbergse Kategismus en die Nederlandse Geloofsbelydenis bevraagteken het. 'n Paar jaar na sy dood, in 1618, het die Sinode van Dortrecht 'n sitting gehou om die Dortse Leerreëls te bespreek en om vyf punte van protes van die volgelinge van Arminius te bestudeer. Seaton (1970:7-24) gee 'n kort samevatting van die verloop van die vergadering: Na 'n intense studie gedoen is wat sewe maande en 154 sessies geduur het is daar op die sg. Vyf Punte van Calvinisme

besluit, naamlik 1. die totale verdorwenheid van die mens; 2. onvoorwaardelike verkiesing; 3. Christus het gesterf tot redding van 'n bepaalde groep mense, naamlik die uitverkorenes; 4. onweerstaanbare roeping en 5. volharding van die gelowiges.

Uit die voorafgaande besinning kan gekonkludeer word dat 'n Bybelse Skrifbeskouing as maatstaf vir beoordeling van verslawingsparadigmas en metodes van hulp die volgende punte behoort in te sluit:

- God se Woord is gesagvol, betroubaar en duidelik sodat beraders kan weet hoe om mense met verskillende vorme van verslawing te help.
- Die wil van God vir die mens met verskillende vorme van verslawing.word volkome in die Bybel omvat.
- Dit bevat alles wat die mens met verskillende vorme van verslawing moet glo vir sy saligheid.

#### 2.3.2.4 Skrifgesag

Die Bybel leer ons soveel as wat ons vir ons saligheid , en om tot God se eer te leef, nodig het. (Artikels 2 en 7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis, ook genoem die NGB). Dit is gesaghebbend. Dit is God se Woord in mensetaal en kan uitgelê, verklaar en toegepas word onder leiding van die Heilige Gees (De Klerk en Van Rensburg, 2005:3). Volgens 2 Timoteus 3 verse 16 tot 17 het die Skrif groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek. Reeds in 1986 wys Combrink (1986:1) op die belangrikheid van verantwoorde Skrifgebruik in pastoraat.

Wanneer daar gekyk word na Skrifgesag, kan vrae gevra word soos: Hoe kan die Skrif verstaan word? en: Watter vertrekpunte is bepalend vir die verstaan van die Skrif?

Sulke vrae is nie nuut nie. Daar is byvoorbeeld in Oktober 1978 in Chicago 'n vergadering van die "International Council on Biblical Inerrancy" gehou waartydens onduidelikhede in verband met die onfeilbaarheid van die Skrif bespreek is (Sproul, 1980:5-9). Die basiese uitkoms van die vergadering was dat die outoriteit van die Skrif 'n sleutelaspek is vir die Christelike kerk en dat outoriteit nou verbonde is aan onfeilbaarheid. Wanneer die kerk haar vertroue verloor in die outoriteit van die Heilige Skrif, sal sy noodwendig menslike opinies vir leiding gebruik. Daar is tydens hierdie

vergadering 'n beroep gedoen op gelowiges om die volle outoriteit, integriteit, geloofwaardigheid en onfeilbaarheid van die Heilige Skrif te herbevestig.

Volgens Doubell (2004:31) word vrae oor die gesag van die Skrif opnuut in elke geslag gevra. Hy bespreek die jare rondom 1990, rondom 2000 en die huidige tydperk. In 1990 het politiek 'n groot rol in Suid-Afrika gespeel. Tien jaar later het gesprekke gegaan oor die Bybel as 'n Goddelike Boek sowel as 'n menslike boek. Vandag is 'n teologiese uitgangspunt, geloof en ongeloof, sentraal en is die vraag: "Is die Bybel die Woord van God of gewoon menslike woorde?" Vir Jordaan (1991:80) is dit belangrik om te weet in hoeverre die menslike karakter van die Bybel beklemtoon word ten koste van sy Goddelike karakter.

Gesagvolle pastoraat aan die mens met verskillende vorme van verslawing sal die outoriteit, geloofwaardigheid en onfeilbaarheid van die Skrif onderskryf. Dit sal ook waak daarteen om nie menslike opinies te volg nie en nie die menslike karakter van die Bybel te beklemtoon ten koste van die soewereiniteit van God nie.

#### 2.3.2.5 Skrifgebruik/Skriftoepassing

'n Verslawingsparadigma en hupverleningsmetode moet ook beoordeel word aan die hand van 'n korrekte Skrifgebruik.

Vir Janse van Rensburg (2004:61) is besinning oor die plek van die Skrif in die praktiese teologie van wesenlike belang. Vir hom is dit belangrik om nie net te kyk óf die Bybel 'n rol gaan speel nie, maar ook of die Skrif korrek gebruik gaan word..

Wanneer Janse van Rensburg vra (2004:49) "Speel die Bybel nog 'n rol in die praktiese teologie?", noem hy drie kategorieë in die prakties-teologiese paradigmas: Die eerste wil met kommunikatiewe handelingsteorie werk, maar baseer hul teorievorming op Skrifbeginsels as uitgangspunt. Die tweede groep werk op indirekte wyse met die Skrifberoep en Skrifbeginsels. En die derde groep het klaarblyklik heeltemal van die Skrif afstand gedoen.

Volgens Janse van Rensburg (2004:58) word die saak nie minder ingewikkeld met 'n postmoderne epistomologie nie, aangesien daar 'n teenstrydige verwerping is van

absolute waarhede en absolute waardes aan die een kant en 'n aanvaarding van die Bybel as onfeilbare Woord van God aan die ander kant. Hy twyfel of dit moontlik is om dié twee gekose uiterstes konsekwent te handhaaf en noem as voorbeeld (Janse van Rensburg, 2004:60) die narratiewe terapie waar die kliënt die ekspert is en die terapeut die kliënt in 'n unieke uitkoms steun - al sou daardie uitkoms nie met die Skrif ooreenstem nie. Verder is Janse van Rensburg van mening (2004:60-61) dat die wyse waarop postmoderne navorsers die Skrif verreken, die Skrif geweld aandoen. Nòg die waarhede of beginsels van die Skrif, nòg gebed, nòg enige handeling of strategie met 'n pastorale karakter is deel van die terapie wat die postmoderniste voorstaan.

Van der Walt en Jordaan (2004:513) kom tot die konklusie dat daarmee rekening gehou moet word dat kontekste verander. Ten spyte daarvan bied God se Woord 'n tyd vir elke dag, of die dag premodernisties, modernisties of postmodernisties is.

Volgens Jordaan (1991:19) het Calvyn 'n omvattende, multidimensionele, geheelbenadering gehad waarin hy nie blindelings teen die teks vasgekyk het nie, maar ook van die resultate van ander wetenskappe benut het.

Vir Jordaan (1991:30) is die Heilige Gees die eintlike verklaarder van die Skrif. Wetenskaplike arbeid moet in nederigheid plaasvind en deur gebed begelei word, nie net eie gebede nie, maar ook die gebede van medegelowiges wat saam die gawe van Skrifverstaan van die Gees afbid.

Uit die voorafgaande besinning blyk dit dat kontroles vir geldige Skriftoepassing en Skrifgebruik by mense met verskillende vorme van verslawing onder meer die volgende insluit: verrekening van die literatuursoort, die tydvak waarin die boek geskryf is en die onderskeid tussen tydgebondenheid en tydgerigtheid. Daar moet ook gewaak word teen 'n naïewe lees van die Bybel, dat tekste uit verband geruk word en eie interpretasie in tekste ingelees word (De Klerk en Van Rensburg, 2005:6-8). Die Bybel moet hanteer word met nederigheid en met 'n opregte, biddende verlange om dit reg te verstaan (De Klerk en Van Rensburg, 2005:10; Collins, 1993:58). Die resultate van ander wetenskappe soos die mediese wetenskap, antropologie, sosiologie en psigologie behoort ook verreken en getoets te word aan die Skrif as bron en norm.

#### 2.3.2.6 Samevatting

Navorser is van mening dat Bybelse verslawingsparadigmas en hulpverleningsmetodes:

- die Skrif sal sien as gesagvol, betroubaar en duidelik;
- sal erken dat die Bybel die wil van God volkome bevat vir die mens met verskillende vorme van verslawing;
- sal erken dat God se Woord alles bevat wat die mens met verskillende vorme van verslawing nodig het vir sy/haar saligheid;
- die outoriteit, geloofwaardigheid en onfeilbaarheid van die Skrif sal onderskryf;
- ook sal waak daarteen om nie menslike opinies te volg nie en nie die menslike karakter van die Bybel te beklemtoon ten koste van die soewereiniteit van God nie;
- geldige kontroles vir Skrifgebruik sal insluit soos die verrekening van die literatuursoort, die tydvak waarin die boek geskryf is en die onderskeid tussen tydgebondenheid en tydgerigtheid;
- sal waak teen 'n naïewe lees van die Bybel en eie interpretasie;
- die Bybel biddend en met nederigheid onder leiding van die Heilige Gees sal hanteer;
- die resultate van ander wetenskappe ook sal verreken.

### 2.3.3 Teologie en Pateriologie

Teologie is die leer aangaande die openbaring van God en Pateriologie is die leer aangaande God die Vader.

Die Godsbeskouing van 'n bepaalde verslawingsparadigma en metode van hulpverlening moet beoordeel word omdat mense met verskillende vorme van verslawing vrae kan vra soos: Weet God dat ek depressief voel? Verstaan Hy ons lyding? (Collins, 1993:26). In enige teorie oor verslawing, is vrae soos die volgende ook van belang: Watter plek word aan God toegeken in die ontstaan van die verslawing? Watter Godsbeeld en Godsverhouding het die persoon met die verslawing? Wie is God vir die persoon wat hulp verleen? Berkhof skryf (1960:14-15) dat geen denke oor God ter sake kan wees wat nie opkom uit 'n ontmoeting met God nie, en geen denke oor God ter sake is wat nie gerig is op dié ontmoeting met God nie.

God is ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig, goed en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is ( Artikel 1 van die NGB). Die Bybel rig 'n appèl tot die mens om God as Vader te aanvaar (Heyns, 1992:167). God is my Vader, ek is Sy kind, Hy is in beheer (Heyns, 1992:165). Hy tree liefdevol en versorgend op (Heyns, 1992:168). Al is God liefdevol en goed, is Hy soewerein en vra Hy dat mense Hom eer as God, as Skepper en Onderhouer van die heelal (Bookman, 1994:155). Hy vergewe ongeregtigheid, oortreding en sonde maar Hy spreek niemand sonder meer vry nie (Eksodus 34 vers 7). Hy het dus 'n plan gemaak vir die verlossing van die mens van sonde deurdat Christus in die mens se plek aan die kruis gesterf het (Hier kan Addendum C en Addendum D gebruik word om die persoon bewus te maak van wie God is en wie hyself in God se oë is).

Wanneer God Hom as Vader aan die mens openbaar en die mens Christus in geloof aanneem (Johannes 1:12) en God as Vader aanspreek (vergelyk die Onse Vader-gebed, Matteus 6:9 tot 13), vertel dit van 'n baie intieme verhouding, van tere versorging en ryke voorsiening (Botha *et al.*, 1985:161).

Soos alreeds gemeld onder 2.3.2.3 bestaan daar 'n verband tussen 'n mens se siening van God as die Outeur van sy Woord en toewyding aan sy Woord (Sarles, 1994:27) Volgens Sarles (1994:27-28) het die Puriteine geglo dat feitlik alle dekadensie en morele foute uiteindelik teruggevoer kan word na 'n lae siening van God.

Christenberaders kan nie anders nie as om God se sentrale rol in die beradingsproses te erken en te herken (Collins, 1993:79; Anderson *et al* ., 2000:148-149). Collins gee voorbeelde (1993:59) van hoe mense se lewens bepaal word deur hul sienings oor God: As God gesien word as wraaksugtig, is dit vir sulke mense moeilik om sy liefde en genade te aanvaar. Andere wie se eie vaders gedurig afwesig of beledigend is, is geneig om God in dieselfde lig te sien. Volgens Collins (1993:79) kan kennis van God op die volgende maniere 'n verskil maak:

- Baie mense het 'n verkeerde siening van God. Die berader kan mense met verskillende vorme van verslawing help om te verstaan wie God werklik is en hoe hierdie kennis 'n mens hoop kan gee;
- Deur self meer tyd met God deur te bring kan die berader self meer van God te wete kom en meer en meer soos Hy word;

- God is die Een by wie mens primêr leiding kan kry.

Beraders moet versigtig wees om nie die beeld van God as liefdevolle Vader oor te beklemtoon ten koste van die geheelbeeld van Wie God is nie ( Bookman, 1994:155).

Verslawingsparadigmas en metodes van hulpverlening sal getoets word aan die Bybelse openbaring dat God alwetend is en dus weet van mense se lyding. Hy is die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is, dus is daar hoop op verlossing van die hel van verslawing. Beraders behoort seker te maak dat beradenes wat verval het in verslawing, 'n gebalanseerde siening van God het. *God die Vader is barmhartig,* genadig, lankmoedig, vol van liefde en trou, en ook 'n regverdige God wat die sonde haat en diegene wat Sy genade verwerp, oordeel (vergelyk Eksodus 34:7).

### 2.3.4 Kreasiologie

Kreasiologie is die leer aangaande die skepping. Hier moet daar gekyk word na Bybelse perspektiewe ten opsigte van die skepping en die mens se kultuuropdrag, soos God dit aan die mens gegee het in Genesis 1 vers 28.

Hierdie aspek is van besondere belang omdat Praktiese Teologie by uitstek dié wetenskap is wat 'n studie maak uit die Skrif <u>en</u> die skepping. Bepaalde filosowe onderskei modaliteite wat ante- en retrosipeer (heenwys en veronderstel) en sê dat daar samehang en eiesoortigheid is (Stoker, 19?:2-7, 1961:238; Taljaard, 1963:40-41). Volgens Stoker (19?:25) kan geen wetenskap bestaan sonder die lig van God se Woord nie, en daarom eis die Calviniste vir elke wetenskap twee bronne van kennis: die Skriftuur en die natuur, én die harmonieuse samewerking van elke vakwetenskap met die wysbegeerte, en van hierdie almal met die teologie. In die lig van die Skrif kan die samehang van die wetskringe gesien word (universaliteit in eie kring), maar ook elkeen se unieke aard (soewereiniteit in eie kring). Taljaard (1963:40-41) praat van terreinonderskeiding waarvolgens verskillende gebiede afgebaken word wat deur verskillende wetenskappe ondersoek (moet) word. God is soewerein oor alle gebiede en al hierdie gebiede is onderworpe aan die wette van God wat spesiaal vir hulle geld. Ook Bridger en Atkins (1998:17-21) raak die probleem aan van die samehang met ander studievelde en hulle wys op die belangrikheid van die psigologiese, die filosofies/teologiese en die sosiale kontekste.

Praktiese Teologie het verder te make met 'n integrale skepping, 'n radikale val en 'n radikale verlossing in Christus (Venter, 1996:16, 20; Waltke, 2001:70; Wolters, 2005:72). In die woorde van Van der Walt: "Creation, which in its totality fell away from God, has to be restored to the dominion of Christ in its totality" (1991:180). Wolters (2005:72) lê klem daarop dat niks in die ganse skepping die sondeval vrygespring het nie – alles wat is, is daardeur aangeraak, of dit sosiale strukture is, kulturele aktiwiteite soos kuns en tegnologie of enigiets wat binne die bestek van die skepping val (Romeine 8:22). Net soos die sondeval omvattend en radikaal was, was die verlossing van Christus kosmies in die sin dat alles in die skepping daardeur herstel is (Wolters, 2005:72). Christene moet 'n verskil in die wêreld maak, hulle moet die wêreld van die kultuur binnegaan - nie om gelykvormig daaraan te word nie - maar om dit te transformeer (Strong, 2001:40). Gelowiges word deel van God se verlossingsplan: "Verlossing" is vir Wolters (2005:72-73) herskepping. Daarmee bedoel hy dat dit wat oorspronklik geskape is, nie totaal en al nuut of oorgemaak is nie, maar dat dit herstel moet word . In hierdie herstelproses is Christene medewerkers. "The Adamic human race perverts the cosmos; the Christian human race renews it" (Wolters, 2005:73). Dit maak die skeppingsleer dus soveel te meer van belang vir hierdie studie.

Verderaan in hierdie navorsing (onder 3.3) is die natuur en die skepping ook ter sprake – vergelyk ook die reaksie en kritiek op Kruger se siening oor die reikwydte van die skeppingsopenbaring (Cornelius, 2003:719; Van Wyk, 2003:671). Dit onderstreep die belangrikheid van 'n deeglik nagevorsde beskouing oor die skepping. In Artikel 2 van die NGB leer ons dat ons God ken deur twee middele, eerstens deur middel van die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld en tweedens deurdat God Hom *nog duideliker* en *meer volkome* aan ons bekend maak deur Sy Heilige en Goddelike Woord. Die term "nog duideliker en meer volkome" dui daarop dat die kennis wat opgedoen word deur die skepping, ondergeskik is aan die kennis deur middel van die Skrif. Een van die oogmerke van hierdie navorsing is die ontwerp van 'n metode van hulp sodat mense met verskillende vorme van verslawing op die mees omvattende wyse bevry kan word van verslawing. Om hierdie redes is navorser van mening dat die skeppingsleer 'n belangrike saak is wat aangespreek moet word.

Die skepping is daar om te dien as deel van God se reddingsplan (Reymond, 1998:398). God se algemene Voorsienigheid kan nie losgemaak word van Sy spesifieke Voorsienigheid nie, maar dit dien wel 'n doel in Sy spesiale werke (Reymond, 1998:403). Daar kan moontlik meer gemaak word van "algemene genade" in die sin dat God selfs sekulêre sielkundiges kan gebruik, omdat hulle wel iets oor die waarheid te wete kan kom. Kennis kan geneem word van ander modelle wat verrykend kan wees en 'n wyer blik werp op berading en die onderliggende beginsels van Praktiese Teologie (Lotter, 2001:326-327). Deur algemene genade gebruik God enigiets en enigiemand, byvoorbeeld uitvindings op tegnologiese, mediese en wetenskaplike gebied en ook selfs kunstenaars deur die beoefening van hul kuns (Strong, 2001:44). Dat daar wel 'n mate van goddelike waarheid te bekom is buite God se spesifieke openbaring, word deur Erickson beaam (2001:49). 'n Mens kan selfs meer verstaan omtrent spesifieke openbaring deur algemene openbaring te bestudeer – "This (general revelation) should be considered a supplement to, not 'n substitute for, special revelation", beklemtoon hy.

Vir Dijk (1957:91) is die algemene openbaring méér as in die natuur, dit is ook te vinde in die gang van die volke en in die gewete van mense. Hierdie openbaring is nie voldoende om redding te bewerkstellig nie omdat die uitspansel nie die boodskap van die kruis bring nie (Bavink, 1901:533; Dijk, 1957:92, 110; Heyns, 1992:70). God kan ook geken word uit die natuur, maar altyd deur die bril van die Skrif en nooit "geëmansipeerd" van geloof nie (Dijk, 1957:110). Natuur en genade, skepping en herskepping, staan met mekaar in 'n onverbreekbare verband – dit is dieselfde God wat Hom in die algemene openbaring en in die besondere openbaring laat ken as 'n genadige God (Van Genderen en Velema, 1992:62).

God het aan die mens die mandaat gegee om te heers oor die skepping (Taljaard, 1976:74, 91, 132, 198). Hy het die mens op die aarde geplaas as Sy verteenwoordiger en het hom volledig toegerus vir hierdie taak deur die mens na Sy beeld te skep (Taljaard, 1976:132, 177, 178). God het ook Sy Gees aan die mens gegee om hom by te staan in hierdie roeping (Taljaard, 1976:133, 167). Hierdie uitvoering van sy kultuuropdrag is deel van die mens se aanbidding van God. In die uitvoering van sy kultuurtaak kyk die mens na die lewe deur die bril van sy hart en die kleur van die lense van hierdie bril bepaal hoe hy na die lewe en na sy handelinge kyk. Die mens moet God se soewereiniteit in al sy aktiwiteite erken en die lense van sy hart só kleur dat hy alles

in die lig van die Skrif kan sien en op 'n radikaal Bybelse manier kan optree. "Die natuurboek moet gelees word met die bril van die Woordboek" (Heyns, 1992:68).

Vrae wat Berkhof vra, dui op die kompleksiteit van die onderwerp. Hy vra vrae soos: Is die mens die heerser oor die natuur? Moet die mens nie liewer die beheerder en bewaarder wees nie? (1982:91). Navorser stem eerder saam met Taljaard in die vorige paragraaf, naamlik dat God die geredde mens deur sy Gees toerus en bystaan om te heers oor die natuur.

Navorser stem saam met Adams (1979**a**:101) wanneer hy sê dat 'n meetstok nodig is om mense te beraad. Sosiologie kan nie 'n norm wees nie, want sosiologie bestudeer die mens in sy gevalle toestand. Dit kan bloot die waardes van 'n bepaalde groep mense in 'n bepaalde tydbestek bestudeer (Adams, 1979**a**:101). Die ideale meetstok is om iets te weet van God se oorspronklike plan vir die mensheid. Hiervoor is dit wenslik om te kyk na hoe die mens kort na die skepping, voor die sondeval, gelewe het.

Volgens Adams het God die mens as 'n materiële (1979**a**:110), geestelike (1979**a**:105), morele (1979**a**:118), sosiale (1979**a**:133) en werkende wese (1979**a**:134) geskape. Die materiële en geestelike is soos twee kante van 'n munt, die een is nie bo die ander nie (1979**a**:105) en die beradene mag dus nooit sy liggaam as verskoning vir sy sonde gebruik nie. Wat die materiële betref, beteken dit vir Adams (1979**a**:105) dat die mens aards is en die berader moet die feit nie uit die oog verloor nie. Dat hy na Gods beeld geskape is, beteken dat hy as 'n intelligente, moreel-verantwoordelike wese geskape is (1979**a**:118).

Die mens se identiteit is: rentmeester, inwonende bestuurder. Sy doel is om die skepping van God te bewerk, te versorg en te beskerm. Hy moet die natuur omvorm tot kultuur sodat daar 'n stad in die tuin sal verrys. Onmiddellik nadat God Adam en Eva gemaak het, praat Hy met hulle (Genesis 1:28). Dit is die eerste wat God met die mense doen nadat hulle geskape is: Hy gee hulle raad! Dit is dus deel van menswees om van raad bedien te word (Schalekamp, 2006**a** : 5)

Schalekamp (2006**a**:3-5) noem drie fasette van die mens se identiteit volgens die Bybel: die mens se verhouding met God, sy verhouding met ander mense en sy verhouding

met die natuur. Wat die mens se verhouding met God betref, is die mens onmiddellik geskape in 'n verhouding met God waar God soewerein is en die mens afhanklik is van Hom. Verder lê die mens se identiteit daarin dat hy God se beeld is. Die mens se doel of roeping is om God lief te hê bo alles en almal. Die tweede faset van die mens se identiteit is dat hy mens saam met ander mense is. God se opdrag aan die mens is om vrugbaar te wees en baie te word. Die derde faset is die mens se verhouding met die natuur. Nadat God alles voorberei het vir die mens om te kan leef op aarde, skep Hy die mens op die sesde dag.

Berkhof (1990:503-521) voeg "die wêreld" by sy dogmatiese sienings. Hierdie "wêreld" waarvan hy praat, is vir hom 'n allesomvattende term (1990:503) wat die mens en die natuur, maar veral ook al die sosiale strukture waarbinne die mens sy bestaan vind (soos onder andere gemeenskappe, die politiek en kultuur) omsluit. Mens en wêreld is deur God geskape, maar die belangrikste iets in God se skepping is die mens. God wat die mens geskape het, het hom as mens-in-die-wêreld geskape. Die mens en die wêreld is twee kante van een realiteit. Om stil te bly oor die wêreld suggereer dat hierdie wêreld irrelevant is vir die geloof (Berkhof, 1990:503). Strukture soos die werksplek kan deur God geheilig word en diensbaar gemaak word (Berkhof, 1990:508). God begeer gemeenskapsvorms wat die beste kanale sal wees vir die krag van Sy heilige liefde (Berkhof, 1990:511).

Oor die werking van die Gees in gemeenskapstrukture in die wêreld, sê Berkhof (1990:512) die volgende drie dinge: 1. Geheiligde mense skep ietwat geheiligde strukture en hierdie strukture dwing mense om hulself op 'n ietwat geheiligde manier te gedra. 2. Deurdat geheiligde mense nuttige en normatiewe dinge doen, is geheiligde mense instrumente van liefde en doen hulle wat bruikbaar, positief en ook normatief is; 3. Deur die inwerking van die Gees kan mense die verantwoordelikheid van die bewaring en verbetering van die wêreld op hulle neem. Berkhof noem in hierdie verband die deel van die sout van die aarde (Matteus 5:13) asook die gelykenisse van die mosterdsaad en die suurdeeg (Matteus 13:31-33).

Die wêreld het 'n tragiese element: dit is onvolledig, onklaar en defektief. Al hierdie tekortkominge sal egter uitgewis word in die komende nuwe wêreld en in Christus herskep word (Berkhof, 1990:175).

Kortliks saamgevat:: 'n Verslawingsparadigma en metode van hulpverlening kan aan die hand van die volgende Bybelse skeppingsperspektiewe beoordeel kan word:

- God is soewerein in al sy handelinge;
- sielkundige insigte kan gebruik word nadat hulle aan die Skrif getoets is;
- kennis uit die skepping is altyd ondergeskik aan die kennis verkry deur middel van God se Woord.
- kennis moet geneem word van ander paradigmas en metodes wat verrykend kan inwerk op kennis van en hulp aan mense met verskillende vorme van verslawing;
- hoe die mens kort na die skepping, voor die sondeval, gelewe het, omdat dit is hoe God dit oorspronklik wou gehad het;

### 2.3.5 Antropologie

Antropologie (die leer oor die mens) sluit baie nou aan by by die skeppingsleer. Elke verslawingsparadigma en metode van hulpverlening gaan uit van 'n bepaalde mensbeskouing, en die mensbeskouing moet aan die Skrif getoets word.

Die mens is die kroon van die skepping en geskape na God se Beeld (Bavinck, 1901:541; Dijk, 1957:161; Heyns, 1992:11,173; Van der Walt, 1991:364; Reymond, 1998:415; Waltke, 2001:65). Die mens is van waarde vir God ten spyte van sy sondigheid. God het die mens lief en het 'n weg tot verlossing in Christus berei (Collins, 1993:92). Volgens Sondag 1, vrae 1 en 2, in die Heidelbergse Kategismus (HK) is die mens se enigste troos in lewe en in sterwe dat hy nie aan homself behoort nie, maar aan sy Verlosser, Jesus Christus. Om in hierdie troos salig te kan lewe en sterwe, moet die mens weet hoe groot sy sonde en ellende is, hoe hy daarvan verlos kan word en hoe hy God vir so 'n verlossing dankbaar moet wees (sien in hierdie verband HK Sondag 1, vrae 1 en 2). Mense met verskillende vorme van verslawing is ook geskape na God se beeld, en is dus ook - ten spyte van hul verslaafdheid - van groot waarde. Ook vir hulle het Christus aan die kruis gesterf en ook aan hulle moet die troosvolle boodskap van die evangelie gebring word.

Sekulêre sielkundiges soos Skinner en Freud sien die mens as niks meer as 'n dier nie (Adams, 1979**a** :123-124), met die gevolg dat hulle behavioristiese hulpverlenings-

metodes ooreenstem met hierdie beskouing van hulle. In die vierde hoofstuk (waar die sekulêre sielkunde onder die loep kom) sal meer aandag hieraan gegee word.

Is die mens 'n twee- of drieledige wese? Reymond (1998:418-424) argumenteer oor hierdie beskouings en besluit dat die tweeledige die mees aanvaarbare is volgens die Gereformeerde leer (Reymond, 1998:423).

Sowel die dichotomisme, waarvolgens 'n mens uit twee substansies opgebou is, asook die trichotomisme, waarvolgens die liggaam aan die een kant en die gees aan die ander kant deur die siel in die middel verbind moet word, word deur Heyns afgewys (1978:124). Volgens Heyns is die mens 'n eenheidwese (1978:120), 'n beelddraende wese (1978:124) wat geskep is na die beeld en gelykenis van God en 'n toekomswese (1978:139), 'n trekkende pelgrim wat nooit op die huidige wêreld ingestel kan wees nie.

Volgens Collins (1993:80) skep Paulus se woorde "gees, siel en liggaam" in 1 Tessalonisense 5:23 die indruk dat die mens 'n drie-ledige wese is, maar die Bybel sien die mens as 'n eenheid wat nie in verskillende dele verdeel kan word nie. Collins sê (1993:92) dat die mens na Gods beeld geskape is en waardevol is in Sy oë ten spyte van die mens se sondigheid. Al sal die mens na die dood terugkeer tot stof, sal die mens se gees uiteindelik met die opgestane liggaam herenig word.

Onder Christen sielkundiges is daar nie eenstemmigheid nie. Adams (1979**a**:110-117) lewer sterk kritiek op 'n boek van Narramore en Counts waarin Narramore sy siening van die mens gee , naamlik dat die mens 'n drieledige wese is , wat bestaan uit gees, siel en liggaam. Volgens Narramore moet die dokter dan omsien na die mens se liggaam, die sielkundige na die mense se siel terwyl die mens se gees die verantwoordelikheid van die predikant is. Adams (1979**a**:110) verwys na verskillende Skrifgedeeltes (Genesis 2:7, Matteus 10 vers 28, 1 Korintiërs 7:34b) en sê dat selfs al word hier van liggaam en siel gepraat , die klem in al die gevalle op die hele mens val. Hy verduidelik dat die bedoeling van die woorde in Hebreërs 4 :12 (waar daar van die Woord gepraat word wat kan deurdring selfs tot die skeiding van die siel en die gees en van gewrigte en murg) is dat geen aspek van die innerlike mens buite bereik van die deurdringende krag van God se Woord nie. Die siening van Adams word gedeel deur Verhoef (2000:112) en Sarles (1994:376-378).

Navorser wil graag aansluit by Joubert (2005:68). Hy is ten gunste van 'n drie-ledige siening van die mens: deur die vyf sintuie van sy liggaam kom die mens in aanraking met die materiële wêreld. Die siel is dié deel wat elke mens uniek maak en daarom kan 'n mens praat van 'n self-bewussyn of 'n persoonlikheid. Die siel is dié deel van die mens waardeur hy met God kan kommunikeer, byvoorbeeld deur gebed, danksegging en lofprysing.

Collins (1993:93) vind 'n ongelooflik ryke siening van die menslike natuur in die Bybel: God het beradenes lief, Hy vind vreugde in Sy skepping en wys Sy liefde deur 'n weg tot versoening te berei.

Hierdie gedeelte kan afgesluit word met 'n wonderlike troosvolle boodskap aan mense met verskillende vorme van verslawing: hulle is ook na God se beeld geskape en die van hulle wat waarlik glo, behoort nie aan hulself nie maar aan hul Verlosser, Jesus Christus. Omdat die mens na die beeld van God geskep is, moet Bybelse beraders weet dat enige verslawingsparadigma en hulpverleningsmetode wat die mens soos 'n dier behandel, nie aanvaarbaar is nie. Hulle moet ook weet dat die mens 'n eenheidswese is en dat 'n holistiese benadering gevolg moet word.

### 2.3.6 Hamartiologie

Die volgende aspekte van hamartiologie (die leerstuk oor die sonde) sal bespreek word: die belangrikheid van harmatiologie as maatstaf; die sondeval; die aard van sonde; die hart as bron van sonde; bedekking van sonde; afgodery; en leuens.

#### 2.3.6.1 Die belangrikheid van hamartiologie as maatstaf

Elke verslawingsparadigma bied 'n verklaring vir die verslawing met betrekking tot byvoorbeeld die oorsake en aard daarvan. Hou sodanige paradigma rekening met die Skrifopenbaring oor die sonde, en indien wel, hoe?

Erickson (2001:211) sluit aan by Romeine 5 en verklaar dat alle mense betrokke is by Adam se sonde en het ook na die sondeval sy sondige natuur, en die skuld en oordeel wat aan sy sonde kleef, deelagtig geword. Met hierdie skuld, net soos wanneer

Christus se geregtigheid aanvaar word, moet daar 'n bewustelike wilsbesluit van die mens se kant af wees (Erickson, 2001:211; Van Genderen & Velema, 1992:364).

Alle mense het gesondig en is ver van God (Jesaja 53:6; Romeine 3:23). Dit is ook waar van die mens met verskillende vorme van verslawing. Hierdie sonde word sigbaar in woorde, dade, gedagtes en gesindhede en veroorsaak verwydering tussen die mens en God, die mens en ander mense en selfs tussen die mens en sy omgewing. Deur in geloof na Jesus Christus te gaan, kan enige mens, ook dié met verskillende vorme van verslawing, vergifnis en ware heling vind (Collins, 1993:110).

In 'n boekie met vyf hoofstukke wy Wolters 'n afsonderlike hoofstuk elk aan skepping, sondeval en verlossing. God het nie net die wêreld geskape en dit toe aan sigself oorgelaat het nie, maar Hy hou dit steeds aktief in stand deur orde te handhaaf, te lei en te regeer (Wolters, 2005:14). Net soos die sondeval radikale gevolge vir die mens én die natuur gehad het, was die reddingsdaad van Christus ook radikaal: net soos Sy kruisdood verlossing vir die mens gebring het, het dit ook verlossing vir die skepping bewerkstellig en die Christen, waar hy ook al beweeg, is deel van hierdie herstelproses (sien 2.3.4 en 2.3.9 ).

Vir Collins (1993:110-111) is min Bybelse temas so relevant soos die onderwerp: sonde. Die probleme wat deel uitmaak van vele lewens het tot stand gekom weens die indringende en deurdringende inwerking van sonde. Hierdie inwerking strek wyd: in die natuur, die omgewing, in gemeenskappe en ook in die innerlike van elke mens. Die Bybel beeld sonde uit as 'n innerlike krag, 'n aangebore toestand, 'n oorweldigende mag wat diep binne elke mens is. Hoe sonde gesien word, sal 'n beduidende invloed hê op die manier waarop berading gedoen sal word en op die effektiwiteit daarvan. Volgens Heyns (1978:175) kan sonde ten nouste verbind word met al le moontlike aktiwiteite en verhoudings waarin die mens hom kan bevind. Vir Heyns (1978:186-187) kom sonde in wese neer op radikale mislukking voor God, opstand teen Hom en ongehoorsaamheid aan Hom. God self verklaar sonde as: veragting van Sy wil, vertrapping van Sy liefde, skending van Sy heiligheid en verongelukking van Sy plan.

Welch (2001a:21) gee op sy eie vraag oor die diepste probleem van die mens met verslawing, die antwoord: as ons gelei wil word deur God se Woord, is dit kort en kragtig: Die diepste probleem is sonde.

Omdat sonde in sy verskillende fasette so 'n groot rol speel by verslawings, sal daar in hierdie afdeling gekyk word na verskillende aspekte wat veral betrekking het op verslawing.

By Adams se nadenke oor die vraag of dinge soos homoseksualiteit en dronkenskap siektes of sonde is, het hy daarby uitgekom dat - volgens die Woord van God - die bron van hierdie probleme lê by die verdorwe natuur van die gevalle mens. Deur te sê dat die genoemde probleme die gevolg is van sosiale faktore waaroor hy geen beheer het nie, word die mens ontneem van sy persoonlike verantwoordelikheid (Adams, 1970:xiv).

**2.3.6.2 Die sondeval**

God het die mens verbied om van die boom van alle kennis te eet (Genesis 2:17). Die duiwel het in die vorm van 'n slang verskyn en Eva verlei om ongehoorsaam te wees. Sy het weer op haar beurt vir Adam verlei om ook van die vrugte van hierdie boom te eet. Hierdie ongehoorsaamheid het gevolge gehad, nie net vir Adam en Eva nie maar vir alle mense wat na hulle sou kom, vir die ganse skepping (Heyns, 1992:178; Waltke, 2001:79, 91). Tog gryp God in en volgens Genesis 3 beloof Hy dat Hy die Verlosser sal stuur (Heyns, 1992:216; Waltke, 2001:93).

God gee aan die mens in die Paradys 'n toets, die sogenaamde Proefgebod - tot gehoorsaamheid aan God en sy gebod gegee (om nie te eet van die vrug van die boom van kennis van goed en kwaad nie) - en die mens het gefaal (Müller, 1966:37; Van der Walt, 1991:365, Walke, 2001:91)

Van Adam en Eva se tyd af het mens vryheid van keuse, maar die mens kies om die duiwel te glo (Van der Walt, 1991:365; Reymond, 1998:405, Waltke, 2001:91). Vir Müller (1966:38) ontstaan sonde in wese altyd op dieselfde wyse as die eerste keer in die Paradys: "Dit begin by verduistering van die verstand en twyfel aan die erns van Gods gebod, en sit hom voor die prikkeling van die verbeelding waarin die verbode

kwaad aantreklik en goed voorkom; daarop word in die hart die begeerte gewek, wat uiteindelik so onweerstaanbaar word dat dit in 'n sondige daad voleindig word".

Die mens het totaal verdorwe geraak na die sondeval en daar is geen aspek van die menslike wese wat nie verdorwe geraak het nie. Die mens is nie 'n sondaar omdat hy sondig nie, hy sondig omdat hy 'n sondaar is – hy is so gebore. Geen kind hoef geleer te word om te sondig nie, hy/sy doen dit vanself. (Adams, 1979**a**:141-142, Reymond, 1998:450). Müller sê (1966:40) dat die sonde by alle mense verklaar kan word uit die feit van erfsonde.

Die mens is nie in staat om homself te red nie (Reymond, 1998:453), maar God het 'n plan gemaak (Hieroor meer onder Christologie en soteriologie, 2.3.7).

#### 2.3.6.3 Die aard van sonde

Volgens Babcock (1997**a**:1059-1060) het die vroeë Christendom nie 'n bepaalde beskouing oor sonde gehad nie - die oorspronklike siening van sonde was dat die mens self moet probeer om oorwinning te kry. Augustinus was egter van mening dat die mens nie self in staat is om oorwinning oor sonde te kry nie. Babcock sê die Bybel se siening is dat sonde 'n wilsdaad is en dat oortreders met reg moreel verantwoordelik gehou kan word.

Wat sonde is, kan gesien word in die verskillende woorde en omskrywings daarvan in die Skrif soos onder meer: ongehoorsaamheid, oortreding, ongeregtigheid, wetteloosheid, goddeloosheid, skuld en vyandskap teen God (Müller,1966:39). Sonde is die verbreking van die verbond, dit is ongehoorsaamheid teen God en ongeloof (Van Genderen & Velema, 1992:365) . Die mees algemene term in die Nuwe Testament is "om die doel te mis", waaruit dit blyk dat sonde die mens dit waartoe God hom bestem het, laat mis. Sonde is om te doen wat God verbied, of om te faal in dit wat Hy verlang volgens die Skrif (Adams, 1979**a**:99)

Bercot (1998:214-215) noem dat Cyprianus die volgende oor sonde gesê het: Ons moet vlug van dié wat sonde doen, want sonde wat geen teenstand kry nie, groei en groei en versprei na ander. Hy haal ook Clemens van Aleksandrië aan (Bercot ,1998:214): God straf nie sonde nie, want straf is om iemand terug te betaal vir die kwade. God kasty die

sondaar, met die goeie as uiteindelike doel. Navorser stem saam met Bercot dat die persoon wat worstel met verslawing moet breek met 'n vriendekring wat hom/haar kan beïnvloed (1 Korintiërs 5:9). Wat die kastyding betref, sou navorser dit anders wou stel, naamlik dat God die sondaar tugtig omdat Hy hom/haar liefhet (Hebreërs12:4-6). Adams (1979a:163) wys ook daarop dat verkeerde vriende 'n rol kan speek en die afleer van slegte gewoontes kan bemoeilik.

Daar is volgens Müller (1966:39) hoofsaaklik twee groepe van sonde, naamlik daadsondes en sondes van versuim. Onder daadsondes kan weer verder onderskei word tussen sondes van die vlees soos dronkenskap, hoerery en alle vorme van onreinheid, en sondes van gesindheid soos naywer, jaloesie en hoogmoed. Vir hom is alle sondes in wese egter 'n vergryp aan God se majesteit en 'n oortreding van die Goddelike wet, al is die een sonde meer openbaar en opsetlik en in gevolge vir die medemens meer verreikend as die ander.

#### 2.3.6.4 Die hart as bron van die sonde

Uit Matteus 15 verse 18 en 19 is dit duidelik dat die hart die primêre bron is van die sonde. Vers agtien: "Maar wat by die mond uitkom, kom uit die hart, en dít is die dinge wat die mens onrein maak".

Die hart is die konsentrasiepunt van die mens se bestaan, die kernpunt van sy religieuse funksionering (Venter, 1996:16). Die konsep "hart" is die mees volledig ontwikkelde, mees verreikende en dinamiese konsep van die nie-materiële deel van die mens in die Bybel. Hart en siel en gees verwys al drie na die immateriële (geestelike / onsterflike?) persoon - dit sluit die hele innerlike lewe in (Adams, 1979a:115-116). Daar kan geen behoorlike verstaan van die menslike natuur , en veral die geestelike aspek daarvan, wees as die rol van die hart nie behoorlik verstaan word nie. Hier kan ook gedink word aan sondes van "intensie", soos wanneer 'n man na 'n vrou kyk om haar te begeer (Matteus 5:28) of moordgedagtes koester (Matteus 5:22). Slegs deur 'n nuwe hart te kry (Esegiël 36:27; Romeine 5:5) kan die mens anders wees (Adams,1979a:142).

Die hart is die sentrum van menswees, die innerlike, en dui op die mens as religieuse wese wat met verstand, wil en emosies op God (of 'n afgod) gerig lewe (Verhoef,

2000:111). Sonde is 'n daad van die hart en wie met sy hart teen God kies, is nie net ongelowig nie maar ook ongehoorsaam (Van Genderen & Velema, 1992:365).

Die belangrikheid van die hart sal duideliker word in hoofstuk 5, aangesien die metode van hulpverlening wat ontwikkel gaan word, sterk klem daarop lê dat daar by die hart as die sentrum van menswees uitgekom moet word.

#### 2.3.6.5 Bedekking van die sonde

Spreuke 28:13 sê "Wie sy sonde wegsteek, moet niks goeds te wagte wees nie; wie sy sonde bely en daarvan afsien, sal genade ontvang ". Die Skrif leer: "Daar is niemand wat goed doen nie, ook nie een nie... almal het afgewyk, en saam het hulle ontaard" (Psalm 14:3) en ook "As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en is die waarheid nie in ons nie" (1 Johannes 1:8). 'n Mens met verskillende vorme van verslawing kan nie werklik oorwin as hy nie sy sonde bely en hom van harte tot God bekeer nie (Nell, 1994:198).

Wanneer mense met verskillende vorme van verslawing (en dikwels ook hul gesinslede) ontken dat die persoon 'n probleem het en in 'n patroon van leuens vasgevang is, kan hulle - deur na hierdie Skrifgedeelte te verwys- oortuig word dat dit uiteindelik beter is om die probleem te erken sodat die persoon God se genade kan ontvang en verlos kan word van die verkeerde gewoonte.

#### 2.3.6.6 Afgodery

In die voorwoord onder "sleutelterme" word verslawing gedefinieer as 'n drang om bepaalde gedrag te herhaal ongeag die gevolge. Verslawings sluit onder andere die volgende in: middelverslawings soos drank en dwelms; voedselverslawings soos bulimie en anoreksie; verhoudingsverslawings soos werk-, oefen- en internetverslawing; geld- en seksverslawings (Steyn & Verwey, 1998:91-92). Combrink (2006:21) sê kort en kragtig: Verslawing is ten diepste afgodery. Dit is 'n aanbiddingsafwyking. Dit word beaam deur Pieterse (1998:94) en Nell (1994:198). Sedert Adam verruil die mens God vir allerhande afgode en soek hy sy identiteit buite God, by iets soos middels of besittings, by mense deur die sug na aanvaarding of by homself deur die sug na gemak, pynloosheid of plesier. Adams (1979**b**:78) definieer afgodery as die liefde en aanbidding

van enige substituut van die ware God, of dit nou 'n fisiese afgod is, of 'n mens of 'n besitting.

Die mens is 'n godsdienstige wese, daar is geen mens sonder 'n god nie - geen mens kan sonder God of 'n afgod lewe nie (Van der Walt, 1991:364). In die Ou Testamentiese tyd het mense Baäl aanbid, wat vir hulle die gewer van voorspoed in die land was. Al sou die naam Baäl vir die hedendaagse mens geen betekenis hê nie, beteken dit nie dat hy van die greep van hierdie god ontkom het nie. Nell sê (1994:177) dat alle vorme van verslawing 'n oortreding is van die eerste gebod. Enigiets wat só sentraal in die lewensbestaan van die mens gestel word sodat alle hoop daarop gevestig word, het 'n ander god of 'n afgod geword. Wanneer 'n mens meer omgee, meer tyd, geld, energie of liefde vir enigiets anders as vir God en sy saak het, dan het dit 'n ander god geword. Hierdie dinge is nie op sigself verkeerd nie, maar ons mag nie dat hierdie dinge oor ons heers en ons slawe daarvan word nie. Afgode (wat ook beskouinge insluit) is dinge waarop ons meer vertrou as op God, dinge wat ons meer liefhet as God, wat ons in die plek van God stel of meer vrees as God en (Marais, 1978:42-44).

Welch (2001**a**: 47-60; 2001**b**:20) verwys na vier "nuwe" Bybelse metafore vir verslawing bo en behalwe dié van die siekte-metafoor, naamlik: afgodery, egbreuk, dwaasheid en aanvalle deur 'n wilde dier. Hy konsentreer hoofsaaklik op die afgodery metafoor. Volgens Welch is afgodery die eeue-oue strategie van die menslike hart, soos die Israeliete wat die goue kalf gemaak het. Die voorwerpe van aanbidding mag verander, maar die hart bly dieselfde. Verder identifiseer Welch (1997:45-46) ook vrees vir mense, groepsdruk en ko-afhanklikheid/mede-afhanklikheid as tipes verslawing. Die aanbidding veroorsaak dat die afgod binne 'n kort tydjie die mens besit.

Mense is vervaardigers van afgode, kopers en verkopers van afgode (Powlison, 1995:49). In hoofstuk 5 in die ontwerp van 'n Bybelse model sal meer aandag aan hierdie aspek van verslawing gegee word.

#### 2.3.6.7 Leuens

Daar is soveel maniere waarop halwe waarhede, ontkenning en selfs blatante leuens 'n rol speel by verslawing dat dit noodsaaklik is dat dit hier spesiaal vermeld word.

Beradenes moet gewys word op leuens wat geglo word en bekering en verandering in denke moet voorgehou word (Adams, 1979a:168).

Die duiwel is die vader van die leuen (Johannes 8:44 - AOV) en val die gelowiges aan met listige aanslae (Heyns, 1992:153) maar Christus het die besliste oorwinning oor Satan behaal (Heyns, 1992:156).

Die bepaling van die negende gebod dat geen valse getuienis teen 'n mens se naaste gespreek mag word nie, vind weerklank op verskeie plekke: Levitikus 19:11; Psalm 101:7 en Matteus 19:18. Volgens Psalm 5:7 sal God die leuensprekers laat omkom (AOV).

Spreuke 19: 5 sê dat hy wat leuens uitstrooi, nie sal vrykom nie. Voorbeelde van leuenaars is die slang wat in Genesis 3:4 vir Adam en Eva sê dat hulle nie sal sterwe nie, Kain wat vir God lieg en sê dat hy nie weet waar sy broer Abel is nie (Genesis 4:9), en Ananias en Saffira wat vir Petrus gelieg het oor die bedrag wat hulle vir hul grond gekry het (Handelinge 5:8). Openbaring 21:8 vertel ons dat die uiteinde van leuenaars sal wees die poel wat brand met vuur en swael. Ook Openbaring 22:15 hou 'n ernstige waarskuwing in vir leuenaars.

Wat die hamartiologie as maatstaf vir die beoordeling van verslawingsparadigmas en metodes van hulp betref, sal gewaak moet word teen uiterstes. Die gevaar bestaan dat 'n berader die rol van sonde in die lewe van 'n persoon met verskillende vorme van verslawing totaal kan ignoreer. Om te sê dat verslawings die gevolg is van sosiale of emosionele faktore waaroor die mens met verskillende vorme van verslawing geen beheer het nie, word die mens ontneem van sy persoonlike verantwoordelikheid.

Die ander uiterste is dat die rol van sonde oorbeklemtoon kan word en min of geen aandag aan ander faktore gegee mag word. Balans is dus nodig. Daar is alreeds op gewys dat Adams, Collins en Welch wys op die belangrikheid daarvan om die sonde-aspek nie uit die oog te verloor nie (sien 2.3.6.1).

Omdat dinge soos leuens, ontkenning en geheimhouding so 'n groot rol speel by mense met verskillende vorme van verslawing, is hulle meer breedvoerig bespreek. Die hart as

bron van die sonde en afgodery is bespreek omdat dit in die vyfde hoofstuk by die ontwerp van 'n Skriftuurlike verslawingsparadigma en hulpverleningsmetode, 'n rol speel.

### 2.3.7 Christologie en soteriologie

Christologie is die leer aangaande God die Seun en soteriologie is die leer oor die verlossing van sonde.

God die Seun is ons Saligmaker en Verlosser deur Sy bloed ( Artikel 9 van die NGB, HK: Sondag 11, vraag 29). Omdat Jesus Christus volledig mens en volledig God is, is Hy die enigste een wat God én mens kan verteenwoordig en versoening kan bring (HK: Sondag 5, vrae 12 tot 15 en Sondag 6, vrae 16 tot 19). Deur 'n opregte geloof in die volbragte werk van Christus kan daar verlossing van sonde wees, ook vir mense met verskillende vorme van verslawing. Christus is deel van God se reddingsplan en die mens se voorspraak by die Vader (Heyns,1992: 463-465, 304). Jesus Christus is die mens se redder en verlosser deur Sy dood aan die kruis (Reymond, 1998:465).

Vir Collins (1993:124) is daar 'n direkte verband tussen Christologie en soteriologie. Die mens het 'n sonde-rekening om te betaal, maar is op geen manier daartoe in staat nie. In Sy groot genade het God Sy Seun Jesus Christus gestuur om die prys te betaal en sondaars te verlos, nie met silwer of goud of geld nie, maar met Sy gestorte bloed deur plaasvervangend aan die Kruis te sterf. Deur hierdie verlossingsplan te aanvaar, kan mense vir ewig verlos word van sonde. Die berader het die geleentheid en verantwoordelikheid om hierdie keuse aan die beradene met 'n verslawing voor te hou. Deur die evangelie aan mense, ook mense met verskillende vorme van verslawing te bring, kan 'n berader 'n weg aantoon wat geen sekulêre terapie kan doen nie (Adams, 1970:66; Collins, 1993:126; Anderson *et al.* , 2000:93).

Berkhof praat van basies twee groepe mense: Die een groep sien die evangelie bloot as 'n beskrywing aangaande die kerugmatiese (ongelukkig kry ek nie die woord om korrektheid te kontroleer nie) Christus. Die ander groep (waarby Berkhof homself inreken) sien by die eerste gemeenskap volgelinge van Christus 'n baie sterker historiese dimensie in hulle geloof: Historiese oorweginge en godsdienstige oortuigings gaan hand aan hand. Berkhof (1990:279). erken dat daar tussen die twee uiterstes van

sieninge (dat Christus waarlik God en waarlik mens was) 'n groot verskeidenheid variasies mag wees. Na aanleiding hiervan vra Berkhof (1990:96) : waar moet Christologie begin, van bo of van benede? Soos in hoofstukke 3 en 4 later aangedui sal word, is dit tans ook een van die vraagstukke in berading.

Jesus Christus het na die wêreld gekom om God se verbond te vervul en die koninkryk van God naby te bring (Berkhof, 1990:305). Die opstanding is die beslissende gebeurtenis ("decisive redemptive event") want die Christelike geloof staan of val by die opstanding (Berkhof, 1990:313). In die skepping van Christus as mens het God Iemand gestuur om die mens te red. Jesus Christus se lyding en dood was 'n noodsaaklikheid vir verlossing (Berkhof, 1990:308).

Met die toe-eiening van Christus se geregtigheid moet daar 'n bewustelike wilsbesluit van die mens se kant af wees as antwoord op die reeds verworwe werk van Christus (Erickson, 2001:211; Van Genderen & Velema, 1992:364). Wanneer daar bewuswording van sonde is, moet dit bely word en God gevra word vir vergifnis en reiniging. Wanneer die sondige natuur aanvaar word, word daar in der waarheid gesê dat dit goed is en geniet hierdie sondige natuur die mens se goedkeuring (Erickson, 2001:211).

Slegs Christus bring uit genade versoening (Babcock, 1997**b**:1063). Daar is geen boek in die Bybel wat nie getuig van God se liefde en genade teenoor sondige mense nie. Voorbeelde van Skrifgedeeltes wat praat oor God se genade is Efesiërs 2, Romeine 6 en 1 Timoteus 1 vers 13 tot 16. Volgens Buys (2006:2) is God se genade so belangrik dat Paulus klem daarop lê deur dit te herhaal in verse 13,14 en 16. Hy lê hierdie deel verder uit en sê dat genade beteken dat God mense uit die grootste gemors van 'n stukkende lewe haal sonder dat hulle dit verdien het of een of ander boete daarvoor betaal het; dat niks wat die mens gedoen het en doen kan maak dat God hom minder liefhet nie en dat genade inhou dat niks wat die mens doen kan maak dat Hy hom nie meer sal liefhê nie. Verder beteken genade dat God van ons grootste verleentheid 'n geleentheid kan maak om ons beter toe te rus vir diens as ooit te vore; dit beteken dat Jesus in hierdie wêreld ingekom het om ons vry te maak van dit wat ons verdien om ons te laat kwalifiseer vir dit wat God in Sy liefde aan ons wil gee. Ten laaste impliseer

genade volgens Buys (2006:2) dat Jesus ons laat kwalifiseer om God se volmaakte liefde te ontvang al verdien ons dit nie.

Welch vind aanknoping by Efesiërs 2 vers 8 en Romeine 6 vers 1 en sê dat die Bybel nie 'n *sonde-gebaseerde* model van verslawing bied nie, maar dat die Woord ons wel uitnooi om 'n *genade-gebaseerde* model aan te neem, aangesien die Bybel se klem nie soseer op ons sonde is nie maar op God se genade val. Volgens Welch (2001**a**:235-236) openbaar genade twee belangrike waarhede: In die eerste plek sê dit iets oor God se karakter, dat Hy die een is wat ons verras in Sy gretigheid om genade te betoon. In die tweede plek sê dit iets oor ons, dat ons God nooit kan terugbetaal vir die sondes wat ons teen Hom gepleeg het nie.

Wat Christologie en soteriologie betref, sal 'n Bybelse verslawingsparadigma en hulpverleningsmetode klem lê op die onverdiende genade van God. God se verlossingsplan kan voorgehou word en die berader kan aan die beradene die geleentheid en verantwoordelikheid bied om hierdie keuse te maak.

**2.3.8 Pneumatologie**

Na die Tweede Wêreldoorlog was daar 'n hernude belangstelling in die pneumatologie (die leer oor die Heilige Gees), en met die opkoms van die Charismatiese beweging kry die Gees met sy besondere gawes die sentrale plek (Berkhof, 1982:99, 101). Volgens die Rooms-Katolieke Kerk is die Gees verskuil agter die heilsmiddel - naamlik die geskrewe en verkondigde Woord, en werksaam by die wedergeboorte, regverdiging en heiliging (Berkhof, 1982:99). Berkhof (1982:80) sien die Gees as verbonde aan die Skrif en aan Christus.

Geen enkele historiese heilsfeit kan genoem word waaraan die Heilige Gees nie 'n aandeel het nie, skryf Heyns (1978:299). De Wet (2005:513) bepleit die regte verhouding tussen Christologie en Pneumatologie. Daar moet 'n verantwoorde Pneumatologie wees. 'n Gebrekkige Pneumatologie kan daartoe aanleiding gee dat daar basis-teoreties in die Gees begin word, maar uiteindelik kan die praktykteorie uitloop in 'n openbaring van eie krag, kreatiwiteit en innovering.

Berading is die werk van die Heilige Gees en geen berading kan sonder Hom gedoen word nie (Adams, 1970:20; 1973:98). Die geheiligde lewe waartoe die berader die beradene wil bring, sluit die vrug van die Gees in soos dit staan in Galasiërs 5:22: liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing (vgl. Adams, 1970:20; 1973:6). Veral selfbeheersing is hier van belang vir mense met verskillende vorme van verslawing.

Die Gees is Parakleet, Goddelike Helper, Gids op weg na die Waarheid, Inwonende Teenwoordigheid. Sonder die Gees kan daar geen blywende verandering wees nie (Adams, 1970:21; MacArthur Jr., 1994**b**:131-141). Die Heilige Gees rus God se gestuurdes toe om die verhaal van die Bybel die wêreld in te dra (Wolters, 2005:127).

Wanneer mense met verskillende vorme van verslawing bang is vir terugvalle, kan hulle gewys word op die werk van die Heilige Gees soos gestel in 2 Korintiërs 1: 21. Volgens Lotter (1993:40) is heiliging die **grondliggende**, **voortdurende** en **permanente** werk van God die Heilige Gees (Lotter se klem). Alle gelowiges ongeag rang, stand, amp, ouderdom, geslag of fase van geestelike groei (Lotter, 1993:72) , het deel aan die salwing van die Gees (Lotter, 1993:45). Dit skakel eksklusiwiteit tussen gelowiges uit (Lotter, 1993:119). Die salwing is om hulle roeping en verantwoordelikheid as gelowiges uit te leef en na te kom (Lotter, 1993:120).

Lotter (1993:46) praat ook oor die betekenis van verseëling met die Heilige Gees en dui aan dit het die betekenis van die bevestiging van eienaarskap, waarmerk van iets en veilige bewaring met die oog op die toekoms. Wanneer vind die verseëling plaas? Die oomblik wanneer die persoon tot geloof kom (Lotter, 1993:51; Lotter, 2005:491). Vir Lotter (1993:52) is die belangrikheid van die verseëling die volgende: die Heilige Gees sorg vir die gelowige se daaglikse groei en ontwikkeling in die geloof, dit verseker die gelowige van God se beskerming en bewerk innerlike versterking.

Lotter beklemtoon (1993:57) dat dit nie gaan om die leef volgens die uiterlike wet nie, maar beklemtoon die belangrikheid van die verandering van die hartsgesteldheid. Hy haal Calvyn aan wat sê dat ons nie net die genade van die Heilige Gees nodig het om ons harte te versag, te buig en tot gehoorsaamheid aan God te lei nie, maar ook sy hulp om ons onoorwinlik te maak teen die hinderlae en geweldige aanslae van die Satan.

(Calvin, J 1559/1988. Institusie van die Christelike godsdiens. [Deel 3] p.1149). Die Heilige Gees is volgens Lotter (1993:130; 2005:495) voortdurend besig om die gelowiges te verander na dieselfde beeld as Christus. Hierdie verandering sal in hierdie bedeling nooit voltooiing bereik nie.

Lotter wys daarop (1993:74) dat - alhoewel die gelowige aanvanklik passief is by die verwerkliking van die heil - hy nie onbetrokke daarby is nie en dat is daar voortgaande vernuwing is . Die gelowige raak ook steeds meer en meer sensitief vir die onmeetbare rykdom van God se barmhartigheid en genade.

Om skoon te kom en bevry te raak van al die gevolge van langdurige verslawing is in die meeste gevalle 'n lang en moeisame proses van heiliging. Die Heilige Gees is die Gees van verandering en dinamika en krag agter persoonlikheidsverandering by mense (Adams, 1970:75-76).

Die Heilige Gees is die Heiligmaker deur sy inwoning in menseharte (Artikel 9 van die NGB). Mense met verskillende vorme van verslawing word uitgedaag om deur die krag wat die Heilige Gees gee, rein en heilig te lewe en God te vereer deur die manier waarop hulle lewe en hul daaglikse werk verrig. Die Heilige Gees is die mens se helper (Johannes 16:7) wat die mens wat tot geloof gekom het, kragtig bystaan op die lang en moeisame pad van heling en herstel. Dit is ook die Gees wat wysheid (Kolossense 1 verse 9 en 10) en vrymoedigheid (Efesiërs 6: 18 en 19) aan die berader gee. Dit is die Heilige Gees wat gawes gee (1 Korintiërs 12 verse 12 -31; Romeine 12 verse 4 – 8) in die opbou van die liggaam van Christus (1 Petrus 4:10).

Onder hamartiologie by 2.3.5 is daarop gewys dat leuens, bedekking en ontkenning 'n baie groot rol speel by mense met verskillende vorme van verslawing. Dit is dus nodig dat hulp in die hantering van hierdie slegte gewoontes gebied moet word aan mense met verskillende vorme van verslawing. Een so 'n metode is om die belangrikheid van die waarheid te benadruk. Die Heilige Gees ontmasker die leuens en lei die persoon in die waarheid.

Adams wys daarop (1979a:170) dat beraders die waarheid van God se Woord aan beradenes moet voorhou en hulle gelei moet word om deur gehoorsaamheid te wandel in die waarheid en leer.

Mense moet die waarheid praat (Efesiërs 4:25), by die waarheid hou (Spreuke 23:23) en daar nie van afstand doen nie. Die lende moet omgord wees met die waarheid vir geestelike oorlogvoering (Efesiërs 6:14).

Op verskillende plekke in die Bybel word lig simbolies gebruik vir die waarheid en duisternis of donkerte vir die leuen (Efesiërs 5:6-14; Johannes 3:19-21; Matteus 10:26-27; Lukas 12:2-3). Vir gesinslede van die verslaafde wat leuens vertel om die verslaafde te beskerm, sê die Woord: " Moenie meedoen aan die vrugtelose praktyke van die duisternis nie, maar stel dit eerder aan die kaak " (Efesiërs 5:11). Die New King James Version se weergawe van Efesiërs 4:15 (1991:1793) is "speaking the truth in love". Hierdie Bybelse perspektief is baie belangrik. In hoofstuk 5 sal aandag gegee word aan aspekte wat aangespreek moet word by mense met verskillende vorme van verslawing. Dit moet al tyd in liefde gedoen word.

Johannes 8: 32: "...en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak" (Die Bybel, 1983:135). Soos verder in die afdeling van hierdie hoofstuk wat oor leuens handel uitgewys gaan word, is hierdie Bybelse perspektief eweneens belangrik as mense met verskillende vorme van verslawing in die wydste moontlike sin bevry wil word. Hoe langer mense met verskillende vorme van verslawing en die mense rondom hulle die probleem bly ontken, hoe langer sal hulle gebonde bly.

Wat pneumatologie en heiliging betref, word gewys op die vyf punte van Collins wat vroeër in hierdie gedeelte genoem is, naamlik dat dit die werk van die Heilige Gees is om verandering te bewerkstellig, dat die berader hom/haarself oopstel vir die leiding van die Heilige Gees, dat die berader bewus sal wees van God se nabyheid soos verteenwoordig deur die Heilige Gees, dat beradenes aangemoedig moet word om betrokke te wees by 'n kerk van hul keuse - want dit is hier waar die gemeenskap met die Heilige Gees ten beste ervaar kan word - en dat beraders sowel as beradenes gawes van die Gees ontvang wat met vrug gebruik kan word in die Koninkryk van God. Beradenes moet gewys word op die belangrikheid van die waarheid om waarlik vry te

kom en daarop gewys word dat die pad van genesing van langdurende verslawing in die meeste gevalle 'n lang en moeisame proses van heiliging is.

### 2.3.9 Ekklesiologie

Ekklesiologie (die leer aangaande die kerk) is 'n verdere belangrike maatstaf om verslawingsparadigmas en metodes van hulp te beoordeel. (Vir die doeleindes van hierdie studie moet "die kerk" veral verstaan word as die *plaaslike gemeente*) .Die belangrikheid van die kerk word onderstreep deurdat die NGB in ses artikels (27 tot 32) daaroor praat. Die meeste mense met verskillende vorme van verslawing het vervreemd geraak van ander gelowiges. Die kerk het dus 'n belangrike rol om te speel in die lewens van mense met verskillende vorme van verslawing . Dit is die plek waar hulle kan groei tot geestelike volwassenheid in Christus en vastigheid ervaar (Efesiërs 4 verse 12 – 16). Ook in die gedeelte oor die Heilige Gees (2.3.8) is gewys op die belangrikheid van die kerk.

Daar is 'n wye verskeidenheid metafore wat in die Nuwe Testament gebruik word om "die kerk" mee te beskryf, soos: God se wingerd (Matteus 20:1-16), God se gebou , God se volk (1 Petrus 2:5-10) en die liggaam van Christus (Efesiërs 4:15-16). Hiervolgens moet gelowiges as dele van die liggaam van Christus mekaar in liefde opbou (Reymond, 1998:887-888, Erickson, 2001:345, Venter, 1996:31).

Venter (1996:32-33) bou die metafoor van die kerk as liggaam van Christus verder uit en sê daar moet onthou word dat "die kerk" nie soseer wys op 'n bepaalde struktuur nie, maar op die kerk as gemeenskap. Dit moet 'n liefdesgemeenskap wees waar die volk van God moet leef in gemeenskap met Hom en in *onderlinge gemeenskap* met mekaar, saamgebind deur die verbond wat God met hulle gesluit het. Die kommunikatiewe handelinge van die kerk kom veral tot uiting in die onderlinge liefdesgemeenskap. Die kerk is *in* die wêreld maar nie *van* die wêreld nie (Van der Walt , 1991:319- Van der Walt se kursief). Volgens hom verg hierdie twee dinge 'n fyn balans, want aan die een kant moet die kerk hom nie terugtrek uit die wêreld nie, maar aan die ander kant moet die kerk ook nie deur die wêreld ingesluk word nie (Van der Walt, 1991:323).

Ook Vorster (1996:42-58) bespreek verskillende Bybelse begrippe van die kerk soos: die volk van God (p.42-42, ; uitverkorenes (p.44-45), uitgeroepenes (p.45-46), geliefdes

(p.48-49), gelowiges (p.49-51), Bruid van Christus (p.53) en lote (p.53-55) . Hy kom tot die konklusie dat die hele openbaring aangaande die kerk groots en diep is. Wie met die kerk besig is, is besig met 'n bo-menslike en bo-historiese grootheid. Hy is besig met God se werk (Vorster, 1996:58).

Pieterse (1998:173) het in haar navorsing oor die rookgewoonte as verslawing gevind dat die kerk 'n belangrike rol kan speel in die gemeenskap van die gelowiges omdat mense met verskillende vorme van verslawing nie alleen staande kan bly nie. Volgens haar is dit belangrik dat sulke mense betrokke raak in die kerk se aktiwiteite en nie maar net Sondae kerk toe gaan nie. Die ampte, en in die besonder die ouderlinge, het 'n herderlike taak waar hulle moet toesig hou en waak oor die leer en lewe van die gelowiges (Pieterse, 1998:176, Van Genderen en Velema, 1992:667) .

Dit is ook die taak van die kerk om mekaar te bemoedig en te vermaan (Pieterse, 1998:178). Ook kan die kerk 'n tak van die Christelike Afhanklikheidsdiens (CAD) in die lewe roep (Pieterse, 1998:179). Deur kleingroepbediening soos Bybelstudiegroepe, gespreks- en toerustingsgroepe kan geloofsgemeenskap beleef word en onderlinge opbou plaasvind (Vorster, 1996:122-123).

Venter (1996:130) wys eweneens op die belangrikheid daarvan om 'n werkgroep van gerehabiliteerde verslaafdes te betrek om die taak van liefdesgemeenskap in die kerk te verrig en om die beste praktiese resultate in byvoorbeeld motivering te verkry.

'n Ander praktiese manier waarop lidmate van die kerk van hulp kan wees is deur betrokke te wees in buite-kerklike organisasies en by belange- en hulpverleningsgroepe. Deur daar betrokke te wees, kan gelowiges hul invloed laat geld deur Christelike oortuigings en perspektiewe daar in te dra (Van der Walt, 1991:432). Christene sê roeping is om onverbiddelik te bly veg – op alle plekke, onder alle omstandighede, op alle terreine (Van der Walt, 2006:46). Hulle kan die gemeenskap vernuwe – deel van hierdie vernuwing is maatskaplike herstel . Waar die Christen hom ook al in die gemeenskap bevind, weet hy dat God se verordeninge van toepassing is op alle lewensterreine (Wolters, 2005:97,100). Die amp van die gelowige kan ook meer tot sy reg kom deur dienslewering in die samelewing (Vorster, 1996:124).

Nog 'n taak van die kerk is om mekaar te dien en in die gees van Hebreërs 10:24-25 , mekaar aan te spoor tot goeie dade en mekaar te bemoedig.

Verslawingsparadigmas en metodes van hulpverlening moet dus getoets word aan 'n Bybels-verantwoorde ekklesiologie soos dit die kerk beskryf. Die volgende kernpunte is hier van belang: die kerk is die plek waar mense met verskillende vorme van verslawing by uitstek kan groei tot geestelike volwassenheid; dit is hier waar hulle hul gawes van die Gees kan gebruik in diens van die Koninkryk van God; dit is hier waar die ampte 'n toesighoudende rol kan speel ; die gemeenskap van die heiliges ervaar kan word en gelowiges kan saamkom vir toerusting, aanbidding en lering. Mense wat by die kerk betrokke is, kan weet dat hulle besig is met God se werk.

### 2.3.10 Angeliologie

Angeliologie is die leer aangaande engele. Volgens Heyns (1978:114-115) is engele geestelike wesens wie se vernaamste taak is om die lof van God te besing, maar ook dienende geeste om gelowiges by te staan in hul stryd teen die duiwel en om hul te onderskraag. Vir Heyns (1978:115) is dit ook belangrik dat onderskeid getref word tussen goeie en bose engele. Hy praat van satanologie of demonologie (1978:166).

Berading is 'n geestelike stryd en die berader moet oor Bybelse kennis beskik en die satan se plek en werkswyse verstaan (Adams, 1973:117). Daar behoort op nuwe maniere na verslawing gekyk te word (Welch, 2001**a**:45; 2001**b**:24). Een daarvan is dat mense met verskillende vorme van verslawing deur die duiwel aangeval word. Welch verwys na 1 Petrus 5 vers 8, waar die duiwel gesien word as 'n brullende leeu op soek na iemand om te verslind. Hy bring die teks in verband met Genesis 4 vers 7, waar daar staan dat die sonde buite wag ("crouches at the door") om die mens in sy mag te kry. Hier is nie sprake van 'n subtiele aanslag nie, sê hy, maar skeur-jou-uitmekaar-oorlogvoering ("rip-you-apart-warfare"). Die implikasies is dan dat die beradene moet weet dat hier 'n harde geveg wag. Die beradene kan egter weet dat God vir hom alles sal gee om mee te veg en dat die berader self ook by hom sal staan in hierdie geveg (Welch, 2001**b**:24). Dit is nodig dat die beradene weet dat daar 'n harde en langdurige geveg wag. Die boodskap van hoop is egter dat God alles vir die mens met verskillende vorme van verslawing sal gee om mee te veg, en dat God deur sy Gees,

en ook die berader, by hom sal staan in hierdie geveg. Christus het die besliste oorwinning oor Satan behaal (Heyns, 1992:156).

### 2.3.11 Eskatologie

Eskatalogie is die leerstuk oor toekomstige dinge. Jesus Christus se wederkoms is die groot voltooiing van Sy versoenings- en herstellingstaak. Dit raak die mens en die hele skepping (Botha *et al.* , 1985:63).

Die wederkoms van Christus is seker (Heyns, 1992:407). Gelowiges kan getroos word deur die feit dat daar 'n dag sal kom wat alles nuut sal word (Heyns, 1992:410), hulle sal vry wees van al die gevolge van die sonde: oneer en verderf, smart en vrees (Bavinck, 1901:517). Dit is noodsaaklik om voortdurend te leef met die oog op die ewigheid - ons lewe en doen berading vir die huidige, maar ook in die lig van die ewigheid. Beraders moet beradenes leer om nie net op hierdie lewe met sy pyn, mishandeling en spanning te fokus nie, maar om ook uit te sien na Christus se wederkoms wanneer alle gelowiges die volheid van God se koninkryk sal beleef (Collins, 1993:228). Volgens Berhof (1982:104) het die woorde "hoop", "toekoms" en "koninkryk van God" tans weens die debatte rondom eksatologie 'n ambivalente en swewende karakter.

Ook Welch (2001**c**:30) is soos Collins ten gunste daarvan om die beradene te herinner aan die wederkoms van Christus en vra: Wat is die voordele daarvan om te konsentreer op die wederkoms van Christus? Vir die persoon wat worstel met verskillende vorme van verslawing is dit eerstens wonderlik om te weet dat daar 'n einde sal kom aan die stryd teen dwelms. In die tweede plek sal dit hom/haar daarvan weerhou om skelm of agteraf toe te gee aan die versoeking om "nog een meer" te vat. Derdens openbaar dit die mens se ware bestemming.

'n Bybelse beradingsparadigma en metode van hulpverlening het 'n wonderlike, positiewe boodskap van hoop vir mense met verskillende vorme van verslawing: 'n Mens kan verder kyk as hierdie lewe met sy pyn en lyding en uitsien na die Christus se wederkoms wanneer die volheid van God se koninkryk beleef sal word.

### 2.3.12 Samevatting

By riglyne vir die beoordeling van verslawingsparadigmas en metodes van hulpverlening, is daar gekyk na 'n aantal Bybelse riglyne naamlik bibliologie, teologie en pateriologie, kreasiologie, antropologie, hamartiologie, Christologie en soteriologie, pneumatologie, ekklesiologie, angelologie en eskatologie.

## 2.4 HEILSHISTORIESE PERSPEKTIEF OOR VERSLAWING

### 2.4.1 Inleiding

Wanneer 'n studie van Bybelse feite onderneem word, is dit belangrik om te onthou dat dit gaan om meer as blote feite : hier is sprake van feite met 'n boodskap. Dit word pragtig gestel deur Van der Walt :

> "(Die Bybelfeite) is nie soos 'n hoop bakstene nie. Hulle is elkeen netjies op die regte plek in 'n muur, in 'n gebou, deur 'n meester-vakman ingemessel."
> (Van der Walt, 2006 : 212-22).

Omdat die term "Openbaringsgeskiedenis" oftewel "openbaringshistories" 'n moontlike intellektualistiese konnotasie en/of erflike belasting mag hê (Van der Walt, 2006:24) verkies navorser om die term "Heilshistories" te gebruik.

Aangesien dit in hierdie hoofstuk gaan om Bybelse maatstawwe vir die beoordeling van verslawingsparadigmas en hulpverlening vir mense met verskillende vorme van verslawing, is dit nodig om te kyk wat die Bybel sê oor verslawing. (Daar is alreeds in 2.3.6.6 gemeld dat mense soos Combrink, Nell en Pieterse bevind het dat alle verslawing in wese afgodery is). Omdat daar in die Bybel slegs van drankmisbruik, dronkenskap en dronkaards gepraat word (soos byvoorbeeld in 1 Korintiërs 5:10 –13, 1 Korintiërs 6:9-11, Galasiërs 5:16 tot 21 en in die Ou Testament ook Deuteronomium 21:19-20 en Spreuke 23:31-32), sal daar 'n dieptesnit gedoen word van hierdie gedeeltes.

Die volgende sake sal bespreek word: Daar sal gekyk word na wat die Bybel sê oor middelverslawing (volgens die model van De Klerk en Van Rensburg (2005) en

'n verklaring en sosiohistoriese konteks van 1 Korintiërs 6:9-11 sal gegee word. Die volgende sal ook gedoen word: die ontleding van die gedagte-opbou van 1 Korintiërs 6: 9-11 op makrovlak, die sosiohistoriese konteks, die heilshistoriese plek en betekenis van die gedeeltes, kommunikasiedoel, openbaringsfeite oor God en sekere kommentare oor gedeeltes wat handel oor dronkenskap en dronkaards. Aan die einde van die bespreking sal daar gekyk word of dit wat Paulus aan die gemeente in Korinte geskryf het, ook van toepassing is op vandag en op watter maniere die omstandighede in Korinte ooreenstem met omstandighede vandag. 'n Kernagtige samevatting sal gegee word van 'n moontlike boodskap van hoop wat aan mense met verskillende vorme van verslawing gegee kan word.

### 2.4.2 Die Bybel en middelverslawing

Die Bybel praat nêrens direk oor dwelmverslawing of ander soorte verslawings nie, maar daar is wel tekste waar daar direk gepraat word oor drankmisbruik en dronkenskap. Om by 'n Bybelse perspektief van verslawing uit te kom, sal daar in die volgende paragrawe spesifiek gefokus word op die Bybelse siening van drankmisbruik.

Daar is verskillende gedeeltes in die Bybel wat handel oor dronkenskap en drankmisbruik. Die meeste tekste is sterk afwysend daarteenoor, soos gesien kan word in Levitikus 10:9; Spreuke 23:20-21, I Korintiërs 5:11, 6:10, Galasiërs 5:21 (Bryant, 1993:139). Hier word op 1 Korintiërs 6:9-11 gefokus omdat die perikoop nie net oor losbandige lewenswyses (waaronder dronkenskap) praat nie, maar daar ook in vers 11 aangetoon word hoe 'n mens van sodanige sondige lewenswyses verlos kan word. Omdat dit as sentrale deel gebruik gaan, word , word dit vóór 1 Korintiërs 5:10-13 behandel. Ander dele wat bestudeer sal word omdat dit verband hou met die kerngedagte is (uit die Nuwe Testament) 1 Korintiërs 5:10 –13, Galasiërs 5:16 tot 21 en (uit die Ou Testament) Deuteronomium 21:19-20 en Spreuke 23:31-32.

### 2.4.3 Verklaring van 1 Kor. 6:9-11

Wat in hierdie gedeelte gedoen gaan word: Die ontleding van die gedagte-opbou van 1 Korintiërs 6: 9-11 op makrovlak, die sosiohistoriese konteks, die heilshistoriese plek en

betekenis van die gedeeltes, kommunikasiedoel, openbaringsfeite oor God en sekere kommentare oor gedeeltes wat handel oor dronkenskap en dronkaards.

### 2.4.3.1 Sosiohistoriese konteks

Om hierdie gedeeltes beter te verstaan, sal 'n tematiese (vertikale) sowel as 'n historiese (horisontale) benadering gevolg word (Van der Walt, 2006:23). Dit is noodsaaklik dat 'n geldige konstruksie van die waarskynlike sosiohistoriese konteks gemaak word omdat omstandighede van toe en nou in vele opsigte verskillend mag wees. Die omstandighede wat tot die skryf van die boek gelei het, moet volledig verreken word (De Klerk & J Van Rensburg, 2005:21). Dit is nodig omdat sodanige gegewens verreken moet word voordat die boodskap vir vandag van toepassing gemaak word (De Klerk & J Van Rensburg, 2005:51). Die benadering wat deur navorser gevolg gaan word, is dié wat deur De Klerk en Van Rensburg (2005:55) voorgestel word, naamlik 'n sosiaal-wetenskaplik verrykte sosiohistoriese benadering. 'n Emiese benadering soos aangedui deur De Klerk en J Van Rensburg (2005:55-56), waar die data en verskynsels die ondersoek dikteer, sal ook gevolg word.

Die eerste brief aan die Korintiërs is een van die sewe en twintig Boeke van die Nuwe Testament wat deel uitmaak van die ses en sestig Boeke van die Bybel. Dit is een van die herderlike briewe (Hayford, 1991:1717) wat Paulus aan verskillende gemeentes geskryf het en is 'n tipiese voorbeeld van toegepaste teologie (Lategan, 1988:57) (gekorrigeer) . Die brief is maar een deel van 'n meer omvattende korrespondensie tussen Paulus en die bepaalde gemeente. Daar is verwysings na 'n sg. "trane-brief" (2 Korintiërs 2:4) en ook nog die Tweede Brief aan die Korintiërs (Lategan, 1988:57, Farmer, 1998:1602). Dit lyk asof hierdie brief, anders as die Tweede brief, nie 'n saamgestelde dokument is nie maar dat dit as 'n eenheid gestuur is (Hays, 1997:9).

Die Korintiër-brief is oorspronklik geskryf aan 'n klein sendinggemeente wat waarskynlik vyf jaar voor die skrywe daarvan deur Paulus self gestig is, ongeveer in die jaar 50 n.C. (Du Toit, 1988:58) terwyl hy vir min of meer 18 maande in die stad Korinte was (Hays, 1997:5; Vosloo en Rensburg, 1999:1493; Halley, 1962:593).

Die aanleiding tot die brief was blykbaar verskillende skrywes van leiers in die gemeente om Paulus om raad te vra (1 Korintiërs 7:1a) oor sake wat voortgespruit het uit die

bepaalde lewenswyse van die jong gemeente, wat Paulus dan onder andere in hierdie brief geantwoord het (Hays, 1997:6; Hayford, 1991:1717)

Paulus het die brief met sy tweede sendingreis vanuit Efese geskryf en die datum van die skrywe is waarskynlik kort voor Pinkster van die jaar 55 n.C. of dalk reeds in die jaar 54 n.C. (Vosloo en Van Rensburg, 1999:1493; Lategan,1988:64]).

Die eerste lesers het in Korinte gewoon, die hoofstad van die Romeinse provinsie Agaje, 'n ryk en voorspoedige kosmopolitiese handelstad aan die Middellandse See (Vosloo en Van Rensburg. 1999:1494; Hays, 1997:1-3; Lambrecht, 1998:1601). Hulle het geleef in 'n sosio-ekonomies diverse samelewing ( Hays, 1997:7) met laer en hoër sosiale klasse (Vosloo en Rensburg, 1999:1493). Die gemeente het bestaan uit 'n aantal Jode maar meesal uit Grieke en Romeine vanuit die heidendom (Guthrie en Motyer, 1970:1049). Hulle lewenswyse is bepaal deur die heersende sosiale en kulturele faktore, nie noodwendig deur teologiese perspektiewe nie (Hays,1997: 8; Guthrie en Motyer, 1970:1049) - waarskynlik omdat die meeste van hulle nie 'n Ou Testamentiese agtergrond gehad het nie (Guthrie en Motyer, 1970:1049) (Ek is nog besig hiermee) en die gemeente nog nie lank bestaan het nie. Hierdie situasie in die stad Korinte is nie 'n verskoning vir hulle gedrag nie. Soos dit hoofstuk 5 duideliker sal word, word verkeerde gedrag bepaal deur die skatte in hul harte.

In Korinte het talle euwels voorgekom wat tipies was van 'n groot internasionale handelstad (Lategan, 1988:59-60). Soos in die vorige paragraaf verduidelik is, is dit nie die stad self wat die euwels meebring nie, maar die losbandige keuses wat mense maak. Die stad was berug vir sy losse sedes. Dit het onder andere saamgehang met die feit dat daar 'n mengelmoes was van godsdienste (Vosloo en Van Rensburg. 1999:1494; Lategan, 1988:57). Die stad se hoof-godin was Afrodite (Venus), die godin van vrye liefde en talle tempelprostitute het daagliks by haar tempel diens gedoen. Selfs die naam van die stad was in die volksmond verbind aan prostitusie (Hayford, 1991:1717-8).

Dit moet onthou word dat die mense in Korinte weinig ondervinding gehad het van die Christelike lewenswyse en ook geen literatuur gehad het om hulle te lei in praktiese Christen-wees nie (Guthrie en Motyer, 1970:1051). Hierdie heidense omgewing het die

gemeentelede dikwels in bepaalde probleemsituasies geplaas (Lategan, 1988:57) wat blykbaar daartoe gelei het dat spesifieke vrae aan Paulus gevra is en hom genoodsaak het om die onmiddellike situasie te hanteer (Vosloo en Van Rensburg, 1999:1492).

Van die sake wat Paulus moes hanteer, was onder andere om uitsprake te gee oor onsedelike gedrag (1 Korintiërs 5 en 1 Korintiërs 6). Dit sluit dinge in soos hoerery, kwaadpratery, bedrog, afgodsdiens en dronkenskap. Vir die doel van hierdie studie sal stilgestaan word by **dronkenskap** en **drankmisbruik**. Reedsgenoemde tekste uit die Ou en Nuwe Testament sal kursories behandel word.

#### 2.4.3.2 Ontleding van die gedagte-opbou van 1 Kor 6: 9-11 op makrovlak

(De Klerk en Van Rensburg, 2005:47).

'n Retoriese vraag word gevra (Paulus se veronderstelling is dat die lesers wel weet waarvan hy praat, omdat hy die evangelie in die 18 maande wat hy by hulle was, alreeds aan hulle gebring het). Deur 'n vraag te vra in plaas van 'n stelling te maak, kry hy onmiddellik hulle aandag:

**Of weet julle nie dat die mense wat onreg doen, geen deel sal kry aan die koninkryk van God nie?**

Hy kry verder hulle aandag deur 'n negatiewe stelling wat 'n sterk waarskuwende toon bevat:

**Moenie julself mislei nie:**

Dan volg 'n uitbreiding van dit wat in die vorige sinne aangeraak is. Daar word meer inligting gegee oor wie dit is wat geen deel sal kry aan die koninkryk van God nie. (Hierdie is dus 'n antwoord op die retoriese vraag en waarskuwing, en is 'n uitbreiding op "die mense wat onreg doen" in die vraag).

**geen onsedelikes of afgodsdienaars of egbrekers of mense wat homoseksualiteit beoefen, of diewe of geldgieriges of dronkaards of kwaadpraters of bedrieërs sal deel kry aan die koninkryk van God nie.**

Nie almal wat in die gemeente is, is egter skuldig nie: Die wat erns gemaak het met hul bekering uit die heidendom en 'n godvrugtige lewe lei , word deur die volgende

mededeling uitgesluit: "**party van julle**" – dus nie almal nie. Die gebruik van die verlede tyd ("**was**") dui daarop dat hierdie toestand vir hulle tot die verlede behoort:

**En so was party van julle juis ook.**

Die voegwoord "**maar**" dui teenstelling aan en daardeur dui Paulus aan hoedanig hierdie ander groep van die reeds genoemde groep verskil:

**Maar julle het julle sonde laat afwas,**

'n Verdere uitbreiding op die redes waarom hulle verskil word gegee.:

**julle is geheilig,**

Dan volg nog 'n aanvullende verklaring waarom hierdie tweede groep van die eerste verskil:

**julle is vrygespreek in die Naam van die Here Jesus Christus en deur die Gees van ons God.**

Die waarskuwing is dus nie aan almal nie, maar slegs aan dié wat voortgaan in hulle sondige lewenswyse en Paulus se opdragte en vermanings nie ernstig opneem nie. Dié wat 'n gehoorsame lewe lei, word gerusgestel dat God genade aan hulle betoon en dat hulle verlossing vas en seker is deur die vryspraak in die Naam van Christus en deur die Heilige Gees. Dit is duidelik dat Paulus hier van twee groepe praat. Die groep wat betig word, se gedrag word deur hulle verkeerde keuses bepaal.

#### 2.4.3.3 Die heilshistoriese plek en betekenis van die gedeelte

(Die formaat van die tabel wat hieronder volg kom uit De Klerk en Van Rensburg, 2005:77-85).

| Tema | Skrifverwysing | Relevansie, en plek in openbaringsgeskiedenis |
|---|---|---|
| Drankmisbruik en dronkenskap | **1 Kor 6: 9-11**: Of weet julle nie dat die mense wat onreg doen, geen deel sal kry aan die koninkryk van God nie? Moenie julself mislei nie: geen onsedelikes of afgodsdienaars of | **Relevansie**<br>Hier gaan dit oor die boodskap aan mense wat losbandig lewe - onder andere ook aan dronkaards - en die implikasies van 'n losbandige lewe vir die |

| | | |
|---|---|---|
| | egbrekers of mense wat homoseksualiteit beoefen, of diewe of geldgieriges of **dronkaards** of kwaadpraters of bedrieërs sal deel kry aan die koninkryk van God nie. En so was party van julle juis ook. Maar julle het julle sonde laat afwas, julle is geheilig, julle is vrygespreek in die Naam van die Here Jesus Christus en deur die Gees van ons God. | ewigheid , maar ook oor hoe mens daarvan verlos kan word.<br><br>**Plek in openbaringsgeskiedenis**<br>Hier blyk dit duidelik dat daar verlossing vir dronkaards is as hulle hulle wend tot die verlossingswerk van Christus en laat opbou deur die Gees van God. Hierdie Skrifdeel is dus deel van God se finale openbaring. |
| | **<u>1 Kor 5: 9 – 13 :</u>** In die vorige brief het ek aan julle geskryf om nie met mense om te gaan wat in onsedelikheid leef nie. Daarmee het ek glad nie die onsedelikes of geldgieriges, of bedrieërs of afgodsdienaars van hierdie wêreld bedoel nie, want om hulle te vermy, sou julle uit die wêreld moes padgee. Wat ek geskryf het, was dat julle nie moet omgaan met iemand wat homself 'n gelowige noem, maar wat onsedelik of of geldgierig of 'n afgodsdienaar of kwaadprater of **dronkaard** of bedrieër is nie. Met so iemand moet julle nie eers saam eet nie. Per slot van rekening is dit nie vir my om oor mense buite die gemeente te oordeel nie. God sal oor hulle oordeel. Maar julle moet oor julle eie mense oordeel: "*Verwyder die slegte mense mens (in Bybel nie meervoud nie) onder julle uit!*" | **Relevansie**<br>Hier kom 'n verdere dimensie by, naamlik hoe tug toegepas moet word by mense in die gemeente wat hulle wangedra.<br><br>**Plek in openbaringsgeskiedenis**<br>Dit gaan hier wat God van gelowiges in die gemeente verwag. Hierdie Skrif-deel is dus deel van God se finale openbaring. |
| | **<u>Gal 5:16 tot 21</u>:** Wat ek bedoel is dít: Laat julle lewe steeds deur die Gees | **Relevansie**<br>Die boodskap is basies dieselfde as in 1 |

| | | |
|---|---|---|
| | van God beheers word, dan sal julle nooit swig voor begeertes van julle sondige natuur nie. Wat ons sondige natuur wil, is in stryd met wat die gees wil, en wat die Gees wil, is in stryd met wat ons sondige natuur begeer. Hierdie twee staan lynreg teenoor mekaar, en daarom kan julle nie doen wat julle graag wil nie. Maar as julle julle deur die Gees laat lei, staan julle nie meer onder die wet nie. Die praktyke van die sondige natuur is algemeen bekend: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, afgodsdiens, towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, afguns, **dronkenskap,** uitspattigheid en al dergelike dinge. Ek waarsku julle soos ek julle al vroeër gewaarsku het: Wie hom aan sulke dinge skuldig maak, sal nie die koninkryk van God as erfenis verkry nie. | Korintiërs 6: 9-11, dat om te volhard in 'n lewe van losbandigheid wat dronkenskap insluit, implikasies het vir die ewigheid.<br><br>**Plek in openbaringsgeskiedenis**<br>Hier is 'n sterk waarskuwing aan mense wat losbandig lewe. Hier blyk dit dat hierdie Skrif-deel deel is van God se finale openbaring. |
| | **Deut 21:20-21:** Hulle moet vir die leiers van die stad sê: "Hierdie seun van ons is opstandig en ongehoorsaam. Hy luister nie na ons nie. Hy is 'n vraat en 'n suiplap" . Dan moet al die mans van die stad hom met klippe doodgooi. So moet julle hierdie soort kwaad tussen julle uitroei, en die hele Israel sal daarvan hoor en bang wees. | **Relevansie**<br>Al gaan dit hier primêr oor ouerlike gesag, is die seun se dronkenskap waarskynlik deel van die probleem.<br><br>**Plek in openbaringsgeskiedenis**<br>Die Ou Testamentiese dissipline was veel harder as dié van die Nuwe Testament. |
| | **Spr 23:31-32:** Moenie dat die **wyn jou verlei** as dit so rooi is, so vonkel in die beker, so lekker smaak nie. Agterna pik | **Relevansie**<br>Mense word gewaarsku: "Drankmisbruik is gevaarlik" . (Vosloo en Van Rensburg, |

| | | |
|---|---|---|
| | hy soos 'n slang, spoeg hy gif soos 'n kobra. | 1999:1876).<br><br>**Plek in openbaringsgeskiedenis**<br>'n Sterk waarskuwing word uitgestuur oor drankmisbruik |
| Gevolgtrekking:<br>Die kernaspekte van hierdie tekste is dat drankmisbruik en dronkenskap gevaarlik is, dat volharding in die spesifieke sonde ernstige implikasies selfs vir die ewigheid het. Gemeentes word gewaarsku dat daar streng opgetree moet word teen dié wat hulle nie bekeer nie. Daar is egter verlossing deur die soenverdienste van Christus en die vryspraak van die Heilige Gees. | | |

#### 2.4.3.4 Woordstudie van belangrike begrippe en kerngedagte van die gedeelte

Die volgende begrippe is van belang:

Koninkryk van God: Die koninkryk van God breek aan wanneer God weer die enigste en onbetwiste Koning is en sal wees. Wanneer die koninkryk van God in die Nuwe Testament verkondig word, impliseer dit die noodsaaklikheid van bekering om gereed te wees vir die voleinding (Die Bybel, 1983:362).

Afwas: Die term "julle het julle laat afwas" dui daarop dat hulle gereinig en vergewe is (Hays, 1997:100).

Geheilig: "Julle is geheilig" dui daarop dat hulle eenkant geroep is ("set apart" ) vir diens aan God (Hays, 1997:100), dat hulle aan God gewy is en aan Hom behoort (Bryant, 1993:522).

Vrygespreek: "Vrygespreek" dui daarop dat die mense in Korinte in die regte verhouding met God geplaas is (Hays, 1997:100). Volgens Bryant (1993:302) beteken vrygespreek "die regshandeling van God waardeur Hy 'n sondaar wat in geloof na Hom toe kom, vry verklaar van sy oortredings en herstel op grond van die soenverdienste van Christus" .

Kerngedagte: Die kerngedagte van 1 Korintiërs 6:9-11 is dat mense wat in 'n onsedelike lewe volhard - soos dronkaards en mense wat hulle skuldig maak aan drankmisbruik - hulle moet bekeer anders sal hulle nie die koninkryk van God beërwe nie. God is egter genadig en skenk redding aan dié wat in geloof na Hom toe gaan.

#### 2.4.3.5 Openbaring oor God

(Volgens tabel in De Klerk en Van Rensburg, 2005:87-89)

| | Vader | Seun | Heilige Gees |
|---|---|---|---|
| Eksplisiet | | | |
| Wie **is** Hy? | God is regverdig, Hy vermaan sondaars en weerhou sy koninkryk aan dié wat in sonde volhard. | Nie eksplisiet nie | Nie eksplisiet nie |
| Wat **doen** Hy? | God berei sy ewige koninkryk. | Was sonde af deur sy bloed; heilig sondaars, spreek hulle vry | Gee deel aan die vryspraak van Christus. |
| Wat **sê** Hy? | Nie eksplisiet nie | Nie eksplisiet nie | Nie eksplisiet nie |

| | Vader | Seun | Heilige Gees |
|---|---|---|---|
| Implisiet | | | |
| Wie **is** Hy? | Hy is 'n genadige God wat verlossing bewerk vir die wat hulle bekeer. | Nie implisiet nie | Nie implisiet nie |
| Wat **doen** Hy? | Nie implisiet nie | Nie implisiet nie | Nie implisiet nie |
| Wat **sê** Hy? | Nie implisiet nie | Nie implisiet nie | Nie implisiet nie |

#### 2.4.3.6 Verlossingsfeite

God is 'n genadige God wat die sonde vergewe van berouvolle sondaars. Hy berei 'n ewige koninkryk vir sy kinders. Daar is 'n waarskuwing en oproep tot bekering: Vir dié wat gehoor gee hieraan, is daar afwassing van die sonde en vrymaking deur God se Seun en die Heilige Gees. Dié wat ongehoorsaam is, sal nie toegelaat word in sy ewige koninkryk nie. Guthrie en Motyer (1970:1059) verwys na Deuteronomium 21:20-21 en

wys daarop dat die Ou Verbond die dood (steniging) voorgeskryf het vir erge oortredings van die gebooie. Die opdrag uit die Nuwe Verbond om die onsedelikes uit die gemeente te verwyder is dus nie so erg nie.

Dié wat gedoop is, is oorgeplaas van een bestaanswyse na 'n ander - hulle moet die oue verlaat soos 'n skoenlapper wat sy kokon agterlaat. Dit gebeur nie deur enige wilsinspanning of toewyding nie maar deur die genadige aksie van 'n liefdevolle God (Hays, 1997:100).

#### 2.4.3.7 Kommunikasiedoel

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| God | motiveer | die getroue gelowiges in Korinte om hulle | geloof uit te leef | want dan sal hulle die koninkryk van God kan beërwe. |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| God | vermaan | die onsedelike gelowiges in Korinte om hulle te | bekeer van hulle sonde | sodat hulle die koninkryk van God kan beërwe |

God motiveer mense wat in sonde soos dronkenskap verval het om hulle van hulle sonde te bekeer en uiteindelik sy koninkryk te beërwe.

#### 2.4.3.8 Kommentare (teologiese tradisie)

- **Oor 1 Kor 6: 9-12**

Vir Barrett (1968:141) lê die klem in 1 Korintiërs 6:10-11 nie op die onsedelike gedrag nie, maar op 'n ander plek: Paulus spreek die grootste wonderwerk aan, dit is 'n kerk van verlosde sondaars, gewen van hulle ou lewe deur die krag van God.

Torrance en Torrance (1960:128) vertolk Calvyn soos volg oor 1 Korintiërs 6:10 tot 12 en vers 20, wat volgens hulle saamgelees moet word met hierdie gedeelte: Ons moet deur niks verslaaf word nie. Dit is wat gebeur met dié wat nie hulle begeertes kan beheer nie, want vanweë onbeheerde en oordadige drifte word mens beheer deur dit wat eintlik ónder beheer moet wees. Sy vertolking van vers 20 is volgens Torrance en Torrance (1960:132-133) soos volg: Verheerlik God. Die gedagtes van 'n gelowige moet inderdaad rein wees voor God, maar ook gedrag wat deur mense waargeneem kan word, moet konformeer, aangesien God die gesag uitoefen en die mens ten volle verlos het. Paulus bevestig dat nie net ons siele nie maar ook ons liggame tempels is van die Heilige Gees.

Paulus herken die karaktertrekke wat sy lesers geopenbaar het voor hulle tot bekering gekom het. Die woord "maar" word drie maal in dié gedeelte van die hoofstuk gebruik. Daardeur versterk hy die kontras tussen hulle lewe voor hul bekering en daarna. Hy wys hulle daarop dat hulle hul erfenis (die Koninkryk) sal verbeur as hulle voortgaan met hulle sondige gedrag (Guthrie & Motyer, 1970:1059). Lewensveranderende transformasie het in die gemeente plaasgevind na hulle bekering. Hulle moet nou ophou met hul vorige sondige lewenspraktyke en gedrag. (Hays, 1997:97)

- **Oor 1 Kor 5: 9 – 13**

Die vertaling van die term "omgaan met" in vers 9 as "to mix indiscriminately with" is vir Thiselton (2000: 413) verkieslik bo ander vertalings. Paulus verwys volgens hom na die belangrikheid van die Deuteronomiese agtergrond in 5:1-8, veral Deuteronomium 23:1-9, ook Esra 9:1. Volgens hom vra Paulus dat daar onderskeid getref moet word in verband met bepaling van grense, korporatiewe identiteit en erkenning van gewoontes, gelowe, waardes en lewensstyle. Hy sê ook die bewoording verwys na kenmerkende en aanhoudende praktyke. "Dronkaard" verwys volgens hom ook na Deuteronomium 19:19, 20:20-21,(daar is nie 'n vers 21 nie) en sê hulle is buitestaanders ( "outsiders" ) – vanweë hulle gedrag. Wat ook al oor dronkenskap gesê word in die vroeë literatuur van die eerste eeuse Judaïsme, plaas volgens Thiselton (2000:413) meer klem op op die onaanvaarbare gedrag as op die misbruik van alkohol as sodanig. Volgens Thiselton (2000:414) vra Paulus nie vir geheelonthouding van wyn binne 'n wynkultuur nie, hy vra vir dieselfde gesindheid van dissipline en inagneming van ander, as wat hy vra op die gebied van rykdom, seks en ander aspekte van die sosiale lewe.

Barrett sê (1968:131) wat die kerk betref is dit onontbeerlik dat reinheid nagestreef moet word. Ekskommunikasie is nie net die prerogatief van die apostels nie, dit moet toegepas word deur die hele kerklike gemeenskap. Dié wat lidmate is van die kerk, is die kerk se verantwoordelikheid (Guthrie & Motyer, 1970:1058). Die gedrag van 'n individuele lid het 'n impak op die hele gemeenskap (Hays, 1997:80) ; daar is dus sprake van korporatiewe verantwoordelikheid (Hays, R.B. 997:82). In 'n Christelike gemeenskap is dissipline nodig en dit moet in die krag van die Gees geskied. (Hays, 1997:89-90).

- **Oor Gal 5:16 tot 21**

Ridderbos (1953:206 ) heg die volgende betekenis aan dronkenskap en uitspattigheid, drink-sessies en orgies in Galasiërs 5:20 - 21: Sulke optrede (saam met die res van die lys wat in die verse genoem word) is werke van die vlees en vorm 'n struikelblok vir die toelating tot die Koninkryk. "Wie hulle aan sulke dinge skuldig maak" slaan vir hom nie soseer op die sonde nie maar meer op die "obtuseness to conversion, the living in sin, prevents the entry into the Kingdom of God". Volgens hom is daar geen twyfel daaraan nie: Hulle SAL nie die Koninkryk beërwe nie. Volgens die voetnota dui die toekomstige tyd op die sekerheid van die feit.

Die "sonde-lysie" wat Paulus hier maak, is een van 'n paar wat hy ook op ander plekke maak soos byvoorbeeld in 1 Korintiërs 5. Soos hier in Galasiërs is die oordeel dat nie een van die oortreders in Paulus se lysie "die koninkryk van God sal sien nie" (Horseley, 1998:51). Gelowiges word opgeroep om keuses te maak. Powlison (2005:4) noem die beslissing tussen keuses wat gemaak moet word 'n kosmiese slagveld en die innerlike dinamiek van die menslike siel. Tamez sê dat die lysies hier in Galasiërs 5 die sigbare uitvloeisels is van twee opponerende vorme van lewensoriëntasie (1998:1668).

Paulus se oproep is aan die hele gemeente om hulle daaraan te herinner hoe hulle moet lewe as mense van die nuwe verbond. Mense moet reggehelp word in 'n gees van sagmoedigheid (Sweeney, 2003:259-260).

Volgens Bredenkamp (2006:333) plaas Paulus die beheersing deur die Gees skerp teenoor die sondige begeertes en skep sodoende 'n kontras tussen die etiek van die

Gees teenoor die etiek van die vlees. Beheers deur die Gees, is hulle in staat om die versoekinge van die sosiale milieu waaruit hulle gekom het, te weerstaan. Die oogmerk van die ondeug-lys is om die teenpool van die vryheid tot liefdesdiens skerp in die kollig te plaas. Die vrugvorming deur die krag van die Heilige Gees is nie die gevolg van 'n intense navolging van wettiese kodes nie, dit is die natuurlike oes van 'n lewe beheers en gelei deur die Gees (Bredenkamp, 2006:333). 'n Mens moet voortdurend keuses met ingrypende gevolge ten opsigte van die lewe maak (Bredenkamp, 2006:334).

Cole (1989:213) verbind die lys van lewenswyses wat hier in Galasiërs 5:20-21 deur Paulus afgekeur word, met Matteus 5:28: "Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het " en sê dat die uniekheid van die Christelike siening van sonde nie net die *daad* nie maar ook die *motivering* tot die daad omvat.

Dunn (1993:304) lewer as volg kommentaar op "towery" in vers 20: Die woord kom van die woord *pharmakon*, waarvan die Engelse woord 'pharmacy' afgelei is en wat "dwelm" beteken. In daardie tyd is dwelms dikwels gebruik tydens heksery en dit het in daardie tye 'n sinistere betekenis gehad. Hy lê klem (1993:306) op die term "practice such things" en sê dat mense wat hulle aan sulke gedrag skuldig maak, nie die koninkryk sal beërf nie.

- **Oor Deut 21:20-21**

Wanneer mense slawe word van hul sinlike aptyte, kan mens niks anders verwag nie as rebellie en verwoesting (Henry, 2007**a**).

- **Oor Spr 23:31-32**

Daar is 'n oproep om na raad te luister en 'n waarskuwing teen destruktiewe gedrag (Henry, M. 2007**b**).

#### 2.4.3.9 Toepassing op vandag

Die boodskap van die gedeeltes is vandag steeds aktueel en kan in berading gebruik word. Die persoon met verskillende vorme van verslawing kan byvoorbeeld daarop gewys word dat:

- Die omstandighede en die mense min verander het.

- Dit vandag steeds belangrik is om die regte keuses te maak.
- Dieselfde Heilige Gees wat Christene in daardie tyd gelei het, ons ook vandag lei (Vosloo en Van Rensburg, 1999:1561).
- God se roepstem steeds kom om ook in hierdie eeu ons roeping as God se kinders uit te leef en God se gemeenskap op aarde te vorm. (Vosloo en Van Rensburg, 1999:1492).
- Daar hoop IS, want God is 'n genadige God wat die sonde van berouvolle sondaars vergewe.
- Vir dié wat gehoor gee aan sy vermaning, daar afwassing van die sonde en vrymaking deur God se Seun en die Heilige Gees is.
- Daar egter ook 'n ernstige vermaning is : Daar moet ag gegee word op die waarskuwing want dié wat ongehoorsaam is, sal nie toegelaat word in sy ewige koninkryk nie.

In 'n gees van liefde en sagmoedigheid sal die persoon reggehelp word, sonder om te veroordeel (Vosloo en Van Rensburg, 1999:1562).

## 2.5 SAMEVATTING

Geen beradingsmetode of terapeutiese ingryping is neutraal nie en word bepaal deur dinge soos onder andere die berader se voorveronderstellings (1.5) en Skrifbeskouing (2.3.2.3). 'n Bybelse paradigma van verslawing behoort ook rekening te hou met aspekte van 'n Christelike werklikheidsbeskouing soos teologie en pateriologie, kreasiologie, antropologie, hamartiologie, Christologie en soteriologie, pneumatologie, ekklesiologie, angelologie en eskatologie soos dit bespreek is in hoofstuk twee (2.3).

➢ **Bibliologie**

'n Bybelse Skrifbeskouing wat as maatstaf vir beoordeling van verslawingsparadigmas en metodes van hulp gebruik kan word, kan die volgende punte insluit:

- God se Woord het gesag, is betroubaar en duidelik sodat beraders kan weet hoe om mense met verskillende vorme van verslawing te help.

- Die wil van God vir die mens met verskillende vorme van verslawing.word volkome in die Bybel omvat.
- Dit bevat alles wat die mens met verskillende vorme van verslawing moet glo vir sy saligheid.

Die berader wat die persoon met verskillende vorme van verslawing beraad sal die Bybel biddend en met nederigheid onder leiding van die Heilige Gees hanteer en die resultate van ander wetenskappe ook verreken. Hy sal die boodskap oordra dat die Bybel God se lewende Woord is vir elke aspek van ons lewe. Hy sal die Bybel se outoriteit, geloofwaardigheid en onfeilbaarheid onderskryf in die wete dat die Bybel die wil van God volkome vir die mens met verskillende vorme van verslawing bevat sonder om fundamentalisties of biblisisties te wees.

> **Teologie en Pateriologie**

Wat teologie en pateriologie betref, sal 'n Bybelse model fokus op die heilige majesteit van God en Sy onvoorwaardelike uitverkiesende liefde en tere Vaderlike sorg in voorspoed en in teenspoed. Mense met verskillende vorme van verslawing sal die versekerings gegee word soos die volgende: God is alwetend en is bewus van elke mens se sonde en lyding. God wat 'n fontein van goedheid is, is barmhartig en genadig. In Jesus Christus het Hy 'n verlossingsplan bewerk. Ook vir die mens met is verslawings daar hoop op verlossing van die hel van verslawing.

> **Kreasiologie**

Die werk van navorsers in ander dissiplines kan wel gebruik word in 'n Bybelse verslawingspardigma, maar kennis uit die skepping moet altyd ondergeskik gestel word aan die kennis verkry deur middel van God se Woord en deurskou word deur die lens van die Skrif.

> **Antropologie**

'n Bybelsverantwoordbare verslawingsparadigma sal die mens met verskillende vorme van verslawing attent maak op elke mens se totale en diepe verlorenheid sonder Christus. Dit sal weet dat die mens 'n eenheidswese is wat geskape is na die beeld van God.

- **Hamartiologie**

Wat 'n siening oor sonde betref, sal 'n Skrifgefundeerde paradigma van verslawing gebalanseerd wees in die opsig dat die rol van sonde nie oorbeklemtoon word nie maar ook nie totaal geïgnoreer word nie. Dit is ook belangrik dat sake soos leuens, afgode en die hart as bron van die sonde aangespreek word.

- **Christologie en soteriologie**

'n Bybelse paradigma sal vertel van die volkome genoegsame voldoening van Jesus Christus ten spyte van die skrikwekkende sonde van alle mense. Jesus Christus se lyding en dood was noodsaaklikheid vir verlossing. Deur 'n opregte geloof in die volbragte werk van Christus kan daar verlossing van sonde wees, ook vir die mense met verskillende vorme van verslawing. Dit sal ook die boodskap bevat van die onverdiende genade van God in Christus en aan die mense met verskillende vorme van verslawing die geleentheid en verantwoordelikheid bied om verantwoordelike keuses te maak.

- **Pneumatologie**

'n Berader met 'n Bybelse paradigma vir mense wat met verskillende vorme van verslawing worstel, sal homself oopstel vir die leiding van die Heilige Gees en weet dat dit die Gees is wat verandering teweeg bring. Hy is die Een wat op wonderbaarlike wyse mense en ook mense met verskillende vorme van verslawing totaal en al nuut maak en bystaan op die lang en moeilike pad van heiliging.

- **Ekklesiologie**

'n Verslawingsparadigma wat met die Skrif rekening hou, sal mense met verskillende vorme van verslawing aanmoedig om by 'n kerk van hulle keuse aan te sluit omdat hulle daar kan groei tot geestelike volwassenheid, hulle geestelike gawes ten beste gebruik en die gemeenskap van die heiliges ervaar.

- **Angeliologie**

'n Bybelse verslawingsparadigma sal die mens met verskillende vorme van verslawing bedag maak op aanslae deur die bose maar ook verseker dat Hy wat in ons is, groter is as hy wat in die wêreld is (1 Johannes 4:4). Die Bybelse boodskap is een van

oorwinning (Romeine 8:37): dat God alles vir die mens met verskillende vorme van verslawing sal gee om mee te veg.

➢ **Eskatologie**

'n Bybelse verslawingsparadigma sal wys op die onstuitbare koms van God se algehele koningsheerskappy. So 'n hulp-model kyk verder as hierdie lewe met sy pyn en lyding en kyk vooruit na die Christus se wederkoms wanneer Hy alles nuut sal maak (Openbaring 21:1).

## 2.6 SLOT

Die maatstawwe wat in hierdie hoofstuk aangedui is, sal in hoofstuk drie gebruik word as kriteria om verslawingsparadigmas en metodes van hulpverlening wat Bybelsgefundeerd is, te beoordeel.

# HOOFSTUK 3

# 'N BEOORDELING VAN VERSLAWINGSPARADIGMAS EN METODES VAN HULPVERLENING WAT BYBELSGEFUNDEERD IS

## 3.1 INLEIDING

In hoofstuk twee is Bybelse maatstawwe vir die beoordeling van verslawingsparadigmas en metodes van hulpverlening uitgespel. Daar is aangetoon dat daar tans verskillende debatte aan die gang is, ondermeer oor Skrifgesag en Skrifbeskouing en die invloed van postmodernisme op die verstaan van die Bybel.

In hoofstuk drie sal aandag gegee word aan die omskrywing van die terme paradigma en metode van hulpverlening. Daar sal ook gekyk word na die rol van die Skrif en skepping in die Godsopenbaring en die debat oor integrasie tussen Bybelse berading en sielkunde. Verder sal die invloed wat hierdie debatte uitoefen op mense se keuses van verslawingsparadigmas en metodes van hulpverlening, ondersoek word. Die hooffokus val op verslawingsparadigmas en metodes van hulpverlening waarin die Bybel 'n gemarginaliseerde rol speel, die Bybel as enigste vertrekpunt funksioneer en waarin die Bybel 'n fundamentele rol speel. Die hoofstuk sal afgesluit word met evaluerende opmerkings.

In hoofstuk 4 sal dit duideliker word watter rol sekulêre psigologie en humanisme speel in verskillende aspekte van berading. Navorser is van mening dat mense meer bewus gemaak moet word van waarom 'n Bybelse begronding van die verstaan van die mens in sy wêreld en van mense met verskillende vorme van verslawing nodig is en toepaslike Bybelsgefundeerde hulpverlening verkieslik is bo 'n wêreldse aanpak daarvan.

## 3.2 OMSKRYWING VAN PARADIGMA EN METODE

Die terme "paradigma" en "metode" kan soos volg nader omskryf word:

### 3.2.1 Definisie van "paradigma"

Drie blinde mans kom vir die eerste keer in aanraking met 'n olifant. Elkeen gryp 'n ander deel van die dier. Hulle begin mekaar vertel wat hulle van die dier dink. "Ons het 'n reuse slang hier beet!" sê die eerste een wat die olifant aan sy slurp gegryp het. "Waar kom hierdie groot boom vandaan?" vra die tweede een wat een van die pote van die dier betas het. Die derde een word sopnat gespuit met water uit die olifant se slurp. "Wie het die brandkraan oopgedraai?" skree hy.

Henslin (1991:124) gebruik hierdie storie om aan te toon dat die medikus, die terapeut en die dominee al drie, vir jare lank met dieselfde "olifant" - die disfunksionele gesin - gestoei het. Elkeen het 'n deeltjie van die geheel verstaan, maar al drie het mekaar se perspektiewe nodig om die volle prentjie te verstaan. Navorser is van mening dat "siende" mense niet soos hierdie blindes verskillende perspektiewe nodig het om tot die volle verstaan van die werklikheid te kom.

Enigiets wat deur die mens geken word, word as *iets* geken, met ander woorde, vanuit een of ander gesigspunt (Botha, 1984:31). Wanneer 'n bepaalde groep mense 'n werklikheidsbeskouing, 'n stel geloofsaannames, waardes, teorieë en metodes gebruik om mee te dink, word dit 'n paradigma genoem (Kuhn, 1973:viii, 175; Botha, 1984:19-20, 45-46; Van Niekerk, 2007; Van der Walt en Jordaan, 2004:497). Enç gee Kuhn se definisie vir paradigma soos volg weer: 'n Paradigma is 'n stel wetenskaplike en metafisiese oortuigings wat 'n teoretiese raamwerk daarstel, waarbinne wetenskaplike teorieë getoets en, indien nodig, hersien kan word. Volgens Enç het Kuhn vyftien jaar later erken dat twee idees vervat word in die term "paradigma" : (i) gedeelde elemente wat verwant is in 'n relatief onproblematiese oordeel, en (ii) konkrete probleemoplossings wat deur 'n groep aanvaar word. Vir eersgenoemde doen Kuhn die term "disciplinary matrix" aan die hand en vir die tweede: "exemplar" (Enç, 1999:641-642).

Daar is ook ander definisies van die woord paradigma: Joubert (2005:62) begin met die volgende: Paradigma is 'n stel reëls en regulasies wat voorskryf en grense stel waarbinne opgetree moet word om sukses te behaal en kan die gevaar van 'n paradigma daarin lê dat die spesifieke paradigma die enigste manier word om iets te doen. Nadat hy die perspektiewe van Kuhn, Smith, Covey en Baker teen mekaar opgeweeg het, kom Joubert (2005:62) tot die slotsom dat 'n voorgestelde paradigma bloot net 'n voorstel is ("a proposal"). Jordaan en Jordaan (1992:13) definieer paradigma soos volg: Dit is afgelei van die Griekse woord *paradeigma* wat beteken om iets voor te stel of as model voor te hou. Dit is om 'n voorstelling te maak van wat die werklikheid is en hoe hierdie werklikheid ondersoek kan word. Dit kan ook gesien word as 'n dinkraamwerk waaruit vrae oor die aard van die mens gestel en beantwoord kan word. Volgens hulle gaan paradigmas uit van sekere voorveronderstellings en dit word beïnvloed deur kultuur en die proses van kennisversameling. Jordaan en Jordaan

(1992:15) wys daarop dat paradigmas beperkte en beperkende voorstellings van die werklikheid is, en dat dit nie die totale werklikheid kan omvat nie. Volgens hierdie definisies is daar dus talle dinge wat 'n mens se verstaan van en denke oor die werklikheid beïnvloed, soos die Skrif, geskiedenis en kultuur. Die fenomenologiese werklikheid het ook 'n rol te speel: Die Skrif behoort deur beraders deeglik en teologies-grondig erken te word, maar horisontale verwerking van die fenomenologiese wêreld is eweneens nodig (Bosman, 2007:112).

In die aanloop tot hierdie hoofstuk oor verslawingsparadigmas wat plek verleen aan die Skrif, sal ter aanvang gekyk word na die debat oor die plek van die Bybel in berading. Daaruit sal dit nog duideliker word hoe verskillende beskouings mense se siening van berading en hulpverlening beïnvloed. Omdat mense se persoonlikhede, agtergrond, kultuur en opleiding verskil, sal mense verskillend dink, redeneer en verskillende opinies oor sake hê.

### 3.2.2 Metode van hulpverlening

Aangesien hulp aan mense met verskillende vorme van verslawing geweldig omvattend en kompleks is, sal die hooffokuspunt van hierdie studie berading as metode van hulpverlening wees, en sal daar slegs kursories verwys word na ander vorme van hulp.

## 3.3 DIE PLEK VAN DIE SKRIF EN SKEPPING IN DIE GODSOPENBARING

Om verslawingsparadigmas en metodes van hulpverlening te beoordeel wat Skrifgefundeerd is, is dit nodig om te besin oor die plek van die Bybel en die skepping in die Godsopenbaring.

Een van Berkhof se sienings oor die wêreld word hier net volledigheidshalwe herhaal: Die mens en die wêreld is twee kante van een realiteit. Om stil te bly oor die wêreld suggereer dat hierdie wêreld irrelevant is vir die geloof (Berkhof, 1990:503). Een van die sleutelfaktore in die beradingsdebat (3.4) is die epistemologie of kenbronne. Wanneer Bookman (1994:63) begin besin oor die Skrif en Bybelse berading, begin hy by die vraag: "Wat is die waarheid?" en vra ook verder waar die waarheid gevind kan word. Sommige mense sê dat die waarheid nie net in die Skrif gevind kan word nie, maar dat dit ook kenbaar is deur God se algemene openbaring in die natuur, soos onder andere

vervat in Romeine 1. Volgens Bookman (1994:77) word die term "algemeen" in "algemene openbaring" misverstaan. Vir Bookman (1994:77) het dit te make met die "audience", die gehoor: **Aan wie** maak God die openbaring? Algemene openbaring is "general not because it deals with a broad and non-specific (that is, general) category of facts, but because it is accessible to all people of all time (that is, **to people generally**)". Spesifieke openbaring is wanneer God Hom op spesiale tye aan **spesifieke persone** openbaar. Algemene waarheid is waarheid wat openlik en onweerlegbaar openbaar gemaak word aan alle mense (Romeine 1:18-20; 2:14, 15) . Dit is waarheid wat so duidelik is en wat met soveel outoriteit kom, dat wanneer mense hierdie waarheid deur opsetlike rebellie verwerp, hulle dit doen ten koste van hulle eie saligheid (Romeine 1:20; 2:1,15). (Verwys hier ook na die standpunt van Kruger in 2.3.4).

Bobgan en Bobgan (1991:193) stem in wese saam met Bookman. Vir hulle is dit wat mens deur God se algemene openbaring kan leer, net die opinies van mense. Idees oor die mens se toestand, sy motiewe en gedrag word al te maklik in die "alle-waarheid-is-God-se-waarheid"- mandjie gegooi.

Berkhof (1990:83) dink die terme "algemeen" en spesifiek" is nie geskikte terme om die onderwerp mee te beskryf nie. Volgens hom het God Homself aan Israel geopenbaar in en deur Christus. Paulus se fokus in die gedeelte in Romeine 1 was nie oor openbaringswyses nie, maar dat die mens geen verskoning het vir die verkeerde keuses van afgode wat hulle maak nie. Berhof (1990:84) verwys ook na die Rooms-Katolieke terminologie van "natuurlike en bo-natuurlike" openbaring. Volgens hom sal daar verder gesoek moet word na meer beskrywende terminologie in hierdie verband.

Menings verskil oor watter rol die skepping in die Godsopenbaring speel. Die vraag kan gevra word: In watter mate verreken die paradigmas wat bespreek gaan word, die skepping en God se kultuuropdrag aan die mens? 'n Ander vraag handel oor die mate of graad van die rol wat die Bybel in paradigmavorming en hulp aan mense met verskillende vorme van verslawing behoort te speel. Om hierdie rede sal daar nou gekyk word na verslawingsparadigmas waarin die Bybel die **enigste**, 'n **gemarginaliseerde** en 'n **fundamentele** rol speel.

## 3.4 DEBAT OOR INTEGRASIE TUSSEN BYBELSE BERADING EN SIELKUNDE

### 3.4.1 Inleiding

In die vorige afdeling (3.3) is daar gewys op die rol van die Skrif en sienings oor die skepping. Die implikasies vir berading sal nog duideliker word in hierdie afdeling waarin die debat oor die integrasie tussen Bybelse berading en sielkunde onder die loep kom. Om deeglik te kan besin oor verskillende verslawingsparadigmas en die implikasies vir hulpverlening aan mense met verskillende vorme van verslawing, is dit nodig om kennis te neem van hierdie debat.

In 'n artikel "A new battle for the Bible" (Anon, 2005: 1-21) op hul webbladsy www.nanc.org vertel die National Association of Nouthetic Counselors (NANC) die geskiedenis van hierdie organisasie. Hulle begin by die opkoms van die psigologie in die sestiger- en sewentigerjare in Amerika. Gelyktydig met die opkoms van die psigologie was daar 'n opbloei in die kerke nadat die stryd teen liberale gedagtes oor die Godheid van Christus, Sy maagdelike geboorte en liggaamlike opstanding gewen is. Aan die een kant gaan die stryd vir die outoriteit van die Bybel voort, maar aan die ander kant is die saadjie van twyfel geplant oor of die Bybel in staat is om mense se probleme op te los. Sielkundiges het dominees aangeraai om die evangelie aan mense te verkondig, maar om alle gevalle van sielkundige probleme na hulle - die psigoloë - te verwys. Name word genoem van mense soos Narramore, Goode en Smith, diepgelowige mense wat begin vra het of die Bybel dan niks te sê het vir mense se lewensvrae nie (Anon, 2005:15).

Adams was een van die sterkste stemme teen sekulêre psigologie. In die inleiding en eerste hoofstuk van sy boek "Competent to counsel" (1970:i–17) skryf hy oor lesings wat hy bygewoon het van Mowrer, praktiserende sielkundige en ook professor in psigologie aan die Universiteit van Illinois. Al was Mowrer 'n sielkundige, het hy die destydse sielkundige dogmas, soos hy dit genoem het, bevraagteken. Hy het gesê die meeste mense in sielkundige inrigtings se probleme was is? nie medies van aard nie, maar moreel, en hy het die meeste van sy beradenes aangeraai om hul sonde te bely, nie aan God nie - want hy (Mowrer) was 'n ateïs - , maar aan ander na aan hulle. Adams sê hard en duidelik (1970:xviii) dat hy nie 'n volgeling van Mowrer is nie, maar dat Mowrer hom wel gehelp het om diep na te dink oor psigologie, veral na aanleiding

van Mowrer se vraag: "Het die evangeliese godsdiens sy geboortereg verkoop vir 'n pot psigologiese lensiesop?"

In die voorwoord van een van sy ander boeke "The Christian Couselor's Manual' (1973:xi) spreek Adams sy verbasing uit oor die feit dat die eerste oplaag binne vier maande uitverkoop was en meld ook dat - met die skryf van dié boek in 1973 - daar al 75,000 van "Competent to counsel" (wat ook in Duits en Chinees vertaal is) verkoop , was,. Sommiges het hom aangeprys vir sy waagmoed, maar ander (meesal psigoloë) het hom heftig gekritiseer. Die pastorale teoloog, Heitink, byvoorbeeld (1977:45), beweer dat sy noutetiese berading nie ontkom aan biblisisme nie. Hierdie bewering word egter deur Combrink weerlê (1986:113). Combrink het bevind dat "Nòg die beginsel as sodanig, naamlik dat 'n Skrif-deel binne wyer Skrifkonteks ondersoek moet word, nòg Adams se toepassing daarvan in sy Pastoraal, kan as biblisisties bestempel word."

Hierdie boek, "Competent to Counsel", waarvan in die 1970's alleen oor 'n kwartmiljoen kopieë verkoop is, is binne enkele jare opgevolg deur ander boeke van Adams: soos onder andere die reeds genoemde "The Christian Counselor's Manual", en ook "The Big Umbrella"en "Lectures on Counseling". In 1976 is die National Association Nouthetic Councelors (NANC) gestig (waarvan Adams 'n stigterslid was) en dit is wyd bekend vir "its commitment to the sufficiency of the Word of God" (Anon, 2005:16). Dit was die begin van 'n debat wat tot vandag gevoer word.

Die integrasie-debat kan vanuit verskillende hoeke benader word. Joubert (2005:cf.) maak 'n indeling van vier basiese standpunte: Eerstens die onchristelike standpunt. Tweedens die geestelike standpunt wat glo dat Goddelike openbaring bo menslike rede verhewe is en alle emosionele versteurings die gevolg is van die oortreding van Bybelse beginsels. Derdens die parallelle standpunt wat sê dat beide die menslike rede én goddelike openbaring relevant is tydens berading, maar dat die Skrifwaarhede en sielkundig-wetenskaplike waarhede apart van mekaar gehou word . Vierdens die geïntegreerde standpunt. Hierdie vierde standpunt wil Skrifwaarhede met sielkunde as wetenskap versoen en erken nie alleen die Skrifwaarheid van sonde, belydenis en bekering nie, maar erken ook die kulturele mandaat van God aan die mens om die aarde te bewerk en te onderhou. Anderson *et al.* (2000:64-72) verwys na die raamwerke van Worthingron, Crabb, Collins, Siang-Yang Tan en ook hul eie: "Bible-only counselors",

"closed counselors", counselors" en "conjoint counselors". Navorser wil haar indeling doen vanuit die vier groepe waarin Crabb integrasioniste verdeel. Crabb (1987**a**:93-103) gee 'n uiteensetting van hoe hy die debat tussen psigologie en teologie sien: Die eerste noem hy die "Separte But Equal"-model, die tweede groep noem hy die "Tossed Salad "-model en die derde en vierde die "Nothing Butterists" en "Spoiling the Egyptians".

### 3.4.2 "Nothing Butterist"

Die term is afgelei van "nothing but..." ("niks anders as...") en die voorstanders van hierdie benadering glo dat niks anders as Christus, niks anders as geloof, niks anders as die Woord, 'n rol moet speel nie. (Crabb, 1987**a**:47; Anderson *et al.*, 2000:66). Hieronder val mense soos MacArthur, Bookman, Powlison en Bobgan en Bobgan.

- **MacArthur**

Volgens John Mac Arthur Jnr. (1994**a**:8) het die stryd oor die plek van die Bybel in berading begin by Freud, die vader van die moderne psigologie. Voor Freud was die studie van die siel 'n geestelike dissipline en geassosieer met godsdiens. Die moderne sielkunde het die weg gebaan vir allerlei ateïstiese, humanistiese en rasionalistiese teorieë wat hy "godless theories" noem. Volgens die teorieë is die mens van nature goed, het mense die antwoorde op probleme binne hulself, lê die sleutel tot die verstaan van die meeste probleme in mense se verlede en kan hierdie probleme slegs opgelos word deur professionele beraders en wel deur middel van terapie.

Vir MacArthur (1994**a**:11): is die term "Christelike terapie" 'n oksimoron. Hy waarsku veral teen behaviorisme en gedragsverandering wat gedoen word in plaas van om mense te lei tot heiligmaking, en toon aan "The doctrines of secular psychology are a mass of human ideas that satan has placed in the church as if they were powerful, life-changing truths from God."

Op die vraag: Hoe wetenskaplik is die gedragswetenskappe? antwoord Mac Arthur (1994:16) dat psigologie nie 'n ware wetenskap is nie maar 'n pseudo-wetenskap. "It *does not deal with objective, measurable* data that can be subjected to reliable tests and can be confirmed by scientific method." Daar is volgens hom (1994**a**:15) selfs nie eers

konsensus onder psigoterapeute self oor wat psigoterapie eintlik is nie, "only a cacophony of clashing theories and therapies".

MacArthur skryf (1994**a**:18): " I thank God for men and women in the church who depend on the Bible when counseling others. I am grateful for godly counselors who urge troubled people to pray and who point them to Scripture, to God and to the fullness of His resources for every need".

- **Bookman**

Douglas Bookman (1994:63) begin soos Crabb (1987**b**:35) met 'n vraag na die waarheid. Persone wat ten gunste is van integrasie tussen Bybelse berading en sielkunde, is volgens Bookman (1994:66) ten gunste daarvan dat Bybelse waarhede aangevul moet word met waarhede wat ontdek is deur menslike ondersoeke en waarneming en is die Bybel dus nie genoegsaam nie. In die middel van sy model trek hy 'n waterskeidslyn. Onder die lyn is daar twee vrae wat eers beantwoord MOET word: Vraag nommer een (heel onder die waterlyn) : **Kan** teologie en psigologie geïntegreer word? Vraag nommer twee (net onder die waterlyn): **Moet** teologie en sielkunde geïntegreer word? Die eintlike vraag (vraag nommer drie) waarom dit tans in die debat gaan, is bo die waterlyn: **Hoe** kan teologie en psigologie ten beste geïntegreer word? Volgens hom is dit ongeldig om die derde vraag te antwoord voordat die eerste twee beantwoord is.

Bookman haak by Crabb aan oor God se openbaring aan die mens. Vir Bookman is daar by mense 'n misverstaan van die term "openbaar ". Unger (soos aangehaal deur Bookman, 1994:74) se omskrywing van God se openbaring is: "God has made known to man truths and realities which men could not discover for themselves". Openbaring is dus nie maar blote kennis wat mense opdoen nie, maar openbaringe wat van God kom. Vir Bookman is die uiteindelike saak waarom dit by openbaring gaan: "Can such material discovery effect **spriritual change**?" Die mens se verantwoordelikheid teenoor sulke openbaring, is "not to **test** the truth but to **obey** it".

Bookman skryf ook soos Crabb oor diegene wat sielkunde en Bybelse berading wil integreer ("Two Book approach"), naamlik dat beide die Bybel en die sielkundeboek gebruik kan/moet word. Daar is 'n ander groep aan die ander uiterste wat beweer dat

die Bybel in elk geval deur feilbare mense geskryf is en dat die waarhede daarin twyfelagtig is. Verder is menslike taal so arm dat menslike denke nie behoorlik daardeur uitdrukking kan kry nie. Bookman (1994:81) is ten gunste van die "Rule-Book Approach": "... this mentality accepts the Bible and the Bible only as the rule-book".

Wanneer Bookman hier kom in sy betoog, gaan hy terug na die vrae onder die waterlyn in sy model: **Kan** en **moet** psigologie en Bybelse berading geïntegreer word? Vir hom kan dit nie: die wêreldbeskouing van die twee groepe verskil te veel: Vr die wat wil integreer, is die Bybel nie voldoende nie, dit moet aangevul word en dit verwerp dus die Skrif se verklaring in 2 Timoteus 3:15-17 en 2 Petrus 1:3. 'n Ander faktor is hierdie groep se humanistiese mensbeskouing: Vir hulle is die mens van nature goed en moet die mens self probeer en self beheer uitoefen. Die Bybelse berader glo egter "almal het gesondig" en 'n mens het 'n persoonlike verantwoordelikheid om af te reken met sy/haar sonde en moet sy/haar afhanklikheid van God bely.

➢ **Powlison**

Powlison noem die volgende verskille in perspektiewe (1) Perspektief van die Bybel en die Bybel se rol in berading; (2) Perspektief van God; (3) Perspektief van die menslike natuur en motivering; (4) Perspektief van die evangelie en (5) Perspektief van berading.
(1) Perspektief van die Bybel en die Bybel se rol in berading: Christen psigoloë gebruik die Bybel net as een van hul bronne terwyl die Bybel se eie beskouing oor sigself (2 Timoteus 3:15-17 en 2 Petrus 1:4) vir Bybelse beraders die riglyn is.
(2) Perspektief van God: Vir Christen psigoloë is die Vaderlike liefde van God die belangrikste, maar hulle ignoreer baie aspekte van God soos bv. Sy Heiligheid, Sy Almag en Sy krag. Bybelse beraders volg die Woord van die ware en Lewende God, Wie se liefde afreken met sonde en Wie se liefde lei tot gehoorsaamheid (1 Johannes).

(3) Perspektief van die menslike natuur en motivering: Feitlik elke Christen Psigoloog onderskryf een of ander behoefte-teorie. Bybelse beraders sê die Woord vertel net mooi die teenoorgestelde: Dit leer dat die sondige menslike natuur sy wortel het in drange en luste (Galasiërs 5:16-24; Efesiërs 2:3, Jakobus 1:14 – 16). Die Woord leer dat God mense se begeertes kan verander en dat goddelike motivering gewortel is in 'n begeerte na God en godvresenheid. Wanneer die mens 'n begeerte het na God, Sy Koninkryk,

goddelike wysheid en opgestane heerlikheid (Romeine 8:18-25) sal die mens tevrede wees, vreugdevol en gehoorsame dienaars van God.

(4) Perspektief van die evangelie: Vir die meeste Christen Psigoloë is Jesus Christus die een wat mense se behoeftes vervul en die Heler van geestelike wonde is. God se liefde vir mense wys hoe waardevol hulle is en bou mense se selfvertroue op. Vir Bybelse beraders is Christus die Lam van God wat gekruisig is in die plek van sondaars, die liefde van God breek selfvertroue af, bring 'n groot en dankbare vertroue op die Seun van God en leer ons om God en ons naaste lief te hê.

(5) Perspektief van berading: Christen Psigoloë sien nie noodwendig 'n verband tussen berading en die Kerk van Jesus Christus nie. Bybelse beraders sien berading as 'n pastorale aktiwiteit en dinge soos aanbidding, dissipelskap, gebruik van gawes, kerklike dissipline en ander aspekte van lewe in die Liggaam van Christus word net so belangrik geag (Powlison, 1994:362-364).

Navorser kon geen spesifieke verslawingsparadigma of hulpverleningsmetode van Powlison vind nie, maar dit kan wel afgelei word uit wat hy skryf. Hy lê byvoorbeeld klem op wortelsondes waaronder drange en begeertes en sinlike genietinge soos seks, kos en drank (2005:152 -154), die rol van die hart (2005:153) en glo dat gedrag die uiteindelike vrugte is van dieperliggende sinlike begeertes en versugtings soos onder andere vervat in Jakobus 1 verse 14-15 : "Maar 'n mens word verlei deur sy eie begeertes wat hom aanlok en saamsleep. Daarna, as die begeertes bevrug geraak het, bring dit die sonde voort; en as die sonde ryp geword het, loop dit uit op die dood " (2005:149). Hy is sterk afwysend teenoor "bio-psychiatry" en sê dat genetiese strukture, breinchemie, en middels wat gebruik word om neurotransmitters beter te laat funksioneer "fads" en "myths" is. Bio-psychiatry will cure a few things, for which we should praise the God of common grace... but the gains will never live up to the promise "(2005:246).

### 3.4.3 "Separte but equal"

Dit is diegene wat glo dat die Skrif slegs te make het met geestelike en teologiese probleme – alle ander sake word na gekwalifiseerde kundiges op hul betrokke gebiede verwys (Crabb, 1987:34; Anderson *et al.*, 2000:65). Dit is moeilik om hier spesifieke persone te noem, aangesien mense dalk Christene mag wees en om akkommoderend te wees, verkies om van sekulêre hulpmetodes gebruik te maak. Op die oog af sal hulle dan moontlik as sekulêre sielkundiges gesien word.

### 3.4.4 "Tossed salad"

Hier word verskillende benaderings gemeng en geroer soos in 'n slaai in die geloof dat wanneer die wyshede van die Skrif gemeng word met die insigte van die sielkunde, daar 'n gesofistikeerde Christelike psigologie te voorskyn sal kom (Crabb, 1987:36; Anderson *et al.*, 2000:66). Johnson en Johnson, Moon, en Edwards se beskouings val in hierdie kategorie.

- **Johnson en Johnson**

Johnson en Johnson (1997:53) glo dat 'n "huwelik" tussen sekulêre psigologie en teologie moontlik is. Volgens hulle gebruik beraders in elk geval baie vaardighede en metodes uit die sekulêre wetenskap van sielkunde en dat dit steeds diep-Christelik is. Hulle beveel aan (1997:52) dat beraders net sielkundige metodes moet gebruik wat effektief is, en haal 1 Tes 5:21-22 aan om dit te ondersteun. Metodes moet in ooreenstemming wees met die Skrif, met Christelike waardes en 'n Bybelse wêreldbeeld. Laasgenoemde sluit in 'n Bybelse siening van mense en gesondheid, sonde en vergewensgesindheid. Hulle verwys ook na Jesus Christus en sê dat Hy 'n benadering gevolg het wat 'n verskeidenheid fasette geopenbaar het en dat Hy ook nie dogmaties was in Sy benadering van dié wat Hy beraad het nie.

- **Moon**

Moon, 'n professor in Psigologie en Spirituele Ontwikkeling aan die Psychological Studies Institute in Atlanta, (2003:32) sê dat Christelike geestelike transformasie slegs kom deur algehele oorgawe aan God se wil ("an entire yielding to His will"). Hy wys op wie die mens na die sondeval werklik is: 'n wese wat 'n "valse self" ontwikkel het. Hierdie valse self beheer nou die mens se lewe en wil dan ook sy godsdienstige lewe reël. Die valse self weier om oor te gee aan die wil van God. Na die sondeval kies alle mense soos Adam en Eva om self God te wees en dan word wat ons het, doen en

beheer die illusie van die mens se goddelikheid. Christelike geestelike transformasie kom deur die leuen dat ons God is af te sweer, en deur tot die besef van ons ware identiteit te kom, nl: geliefdes-van-God-in-Christus. Daarna moet ons "ja" sê vir die pyn van die sterf in die vlees, van die valse self en vir eenwording met God. Vir hom is die Calvinistiese reis na transformasie – bekering, heiligmaking, verheerliking - soos 'n stadige kookproses, terwyl ander Protestantse groepe die vinnige mikrogolf-kookproses wil volg. "Lunch was a good idea until MacDonalds got involved" – nog 'n beeld wat hy gebruik om te toon dat kitsmetodes of prosesse nie werk vir ware geestelike transformasie nie.

Hy onderskei drie belangrike stadia in die onwikkeling van spiritualiteit: (1) Loutering, wat deur belydenis van sonde en die gelydelike afleer/losmaak van wêreldse waardes die reiniging van die karakter is. Die grondslag van hierdie fase is "metanoia", 'n radikale reoriëntasie van al die dimensies van die persoon (gedagtes, emosies, wil, gedrag, sosiale interaksie en lewe van die siel) tot God. Dit is hier waar die persoon worstel met die breek met sondige gewoontes en patrone. (2) Verheldering: in hierdie fase is daar dieper ervarings van liefde en geluk en 'n groeiende begeerte om totaal oor te gee aan die wil van God en verlange na die Koninkryk van God. Dieper kommunikasie met God vind plaas en die inwonende Gees van God doen die heiligmaking. (3) Eenwording met God: hierdie is die finale stadium maar word eers ten volle gerealiseer in die hemel. Dit is die stadium van totale oorgawe aan die wil van God. Diep heling van denke en gees vind hier plaas.

Op die vraag: Is psigoterapie en geestelike rigtinggewing verskillende diere ("animals")? antwoord Moon bevestigend. In die hedendaagse praktyke is dit, maar hy wys daarop dat psigoterapie in wese "heling van die gees" beteken. Ten tyde van die skryf van hierdie artikel van hom maak die meeste Christen sielkundiges soos hulle wil en integreer die twee velde in mindere of meerdere mate soos hulle wil. Volgens hom is daar al meer belangstelling in klassieke geestelike rigtinggewing ("classic spiritual direction").

Vir hom is daar 'n kritiese saak voordat ondeurdagte integrasie gedoen word: Daar moet intensiewe opleiding kom: Geestelike bestuurders moet in psigologie opgelei word

en psigoterapeute moet in geestelike sake opgelei word. Dit is dus duidelik dat, alhoewel hy sterk oor spiritualiteit voel, Moon ook 'n integrasionis is.

- **Edwards**

Keith Edwards (2002:41-43), 'n psigoloog, debatteer drie sake in 'n artikel : (1) Is alle psigopatologie sonde? (2) Wat maak mens met die polariteit tussen genade en persoonlike verantwoordelikheid? en (3) Gedragsverandering en karakterverandering. Op vraag een is sy mening dat nie alle psigopatologie sonde is nie (hy erken dat daar nie eenstemmigheid hieroor bestaan nie). Hy verduidelik sy standpunt aan die hand van iemand wat posttraumatiese stres vanweë iemand anders se sonde beleef. Vir hom moet die Christen sielkundige in sulke gevalle die beradenes help om te onderskei tussen watter negatiewe geloofsoortuigings en emosionele ervarings konstruktief en watter destruktief is. Wat vraag twee betref, redeneer hy as volg: Emosionele veiligheid word verskaf wanneer 'n persoon onvoorwaardelik aanvaar word en dit is ook nodig vir konstruktiewe verandering. Aan die ander kant, aanvaarding sonder om die persoon verantwoordelik te hou, lei nie tot volwassenheid nie. Vir hom lê die antwoord in 'n balans tussen genade en verantwoordelikheid. Wat die derde saak betref, voel hy dat - om primêr op sondige gedrag te fokus, kan uitloop op in 'n vlak beskouing van mense en 'n wettiese, fariseeragtige houding. Vir hom (2003:32) is sondige gedrag 'n simptoom van dieper probleme wat aangespreek moet word.

### 3.4.5 "Spoiling the Egytians"

Dit verwys na die gebeure tydens die Uittog uit Egipte (Eksodus 11:2-3) waar die Israeliete van die eiendom van die Egiptenare geëis het. Hierdie is die benadering wat Crabb self volg. Dit behels dat, van watter bronne ook al gebruik gemaak word, dit eers deeglik getoets word aan Bybelse beginsels (Crabb, 1987:48; Anderson *et al.*, 2000:67). Adams is ook deel van hierdie groep.

- **Crabb**

Crabb het deur die jare bepaalde verskuiwings gemaak insake sy standpunt oor die plek van die Bybel in berading. In 'n vraag-en-antwoord sessie waar 'n vraag oor Crabb gevra is, sê Powlison (2001**b**) dat daar hoofsaaklik drie periodes in Crabb se lewe was: Die vroeë Crabb - sienings toon sterk ooreenkomste met dié van Maslow, by die middel-Crabb het daar 'n verskuiwing van denke plaasgevind waarna hy meer begin kyk het na

die invloed van sonde en die latere Crabb - siening (ongeveer 1992 tot op die datum van Powlison se aanbieding) wys dat hy 'n groter bewuswording het van Christus en die rol van die evangelie en die kerk in mense se lewens.

In 1975 publiseer hy "Basic principles of Biblical Counselling", waarin hy sterk te velde trek teen Adams se beskouing van sonde (1975:49): "Assertions that people are sinful, not sick, may promote a harsh confrontational approach which misses the person and the unmet needs aching within".

Wanneer Crabb in 1987 sy boek "Understanding people" skryf, is hy baie meer pro-Bybel en delf ook dieper (1987**b**:35). Hy begin by wat die waarheid is en hoe die waarheid geken kan word, naamlik deur God se openbaring. God openbaar Homself op twee maniere: Deur die natuur (algemene openbaring) en deur die Bybel (spesiale of spesifieke openbaring). Psigologie val volgens hom onder God se algemene openbaring. Wanneer 'n berader net soveel waarde heg aan die sielkunde as aan die Bybel, noem Crabb dit die "Two Book view of revelation". Dié twee Bboeke is die Skrif en die natuur.

Crabb gaan in hierdie boek ook verder met die tema van menslike behoeftes wat hy net skramsweg in "Basic principles of Biblical counselling" (1975:51-54) aangeraak het. Hy wy hele hoofstukke aan dinge soos: dors na God, diep verlangens ("deep longings") en hy praat ook van die holte wat volgens Augustins (of Augustinus) deur God geskape is (1987**b**:105): "Each of us has what I like to call a Hollow Core in our personality, a central part that is empty but yearns to be filled". Hierdie "innermost being" soos hy dit ook noem, is òf die plek waar God se Gees ons vul, òf dit word 'n "monstrous power that relentlessly contols the core direction of our lives."

Powlison (1994:363-364) beweer dat feitlik elke Christen-psigoloog een of ander vorm van behoefteteorie het. Behoefte aan selferkenning, aan aanvaarding en "significance" (om van waarde te wees) is die mees algemene. Daar word geglo dat indien hierdie behoeftes vervul word, I mense gelukkig sal wees en morele lewens lei, maar indien nie, sal hulle ongelukkig wees en immoreel optree. Volgens Powlison word hierdie behoefte-teorie geleen by die humanisme. Die Woord vertel net mooi die teenoorgestelde: Dit leer dat die sondige menslike natuur sy wortel het in drange en luste (Galasiërs 5:16-24;

Efesiërs 2:3, Jakobus 1:14 – 16). Die Woord leer dat God mense se begeertes kan verander en dat goddelike motivering gewortel is in 'n begeerte na God en godvresenheid. Wanneer die mens 'n begeerte het na God, Sy Koninkryk, goddelike wysheid en opgestane heerlikheid (Romeine 8:18-25) sal die mens tevrede wees, vreugdevol, gehoorsaam en waardevolle diensknegte vir God. MacArthur (1994a:19) sê: "The real need of souls are only resolved in Christ".

Bobgan en Bobgan is heftig in hul kritiek teen Crabb. In hulle boek met die titel "Larry Crabb's Gospel" beweer hulle (1998:8) dat Crabb in elke opvolgende boek net genoeg waarheid het om dit te laat lyk asof sy aanslag algaande meer Bybels word, terwyl dit nie die geval is nie. Crabb knoop die evangelie-boodskap volgens Bobgan en Bobgan direk aan 'n sielkundige konstruksie. Hulle noem dit "psigo-teologie".

Crabb se teorie van heiligmaking kom volgens Bobgan en Bobgan (1998:209-212) daarop neer dat die mens sy geloof oor hoe om sy diepste behoeftes en verlangens te vervul, moet verander. Vir Bobgan en Bobgan skiet Crabb se siening van verandering ver te kort in vergelyking met die Bybelse heiligmaking soos dit te kry is in die Nuwe Testament. Sy byvoeging van psigologiese spekulasies reflekteer volgens hulle nie die rykdom, volheid en akkuraatheid van Bybelse lering oor verandering en heiligmaking nie.

Crabb het 'n verdieping in sy geestelike lewe ervaar na die dood van sy broer in 'n vliegtuigongeluk in 1991. Dit was die begin van 'n worsteling en soeke na God (Crabb, 2005:3). Hy het homself afgevra : Is dit moontlik dat wat mens nodig het, nie 'n dieper verstaan van mishandeling of seksuele verslawing is nie, maar 'n behoefte aan 'n ryker en meer kragtige kennis van God? Kan daar 'n dimensie wees om Christus só te ken dat dit die wortel-oorsake aanspreek van watter probleme mense ook al mee worstel? (Crabb, 2005:193). Hy het gevind dat God se antwoord op elke roepstem is : "Christus". "Let your passion to explain become a passion to know Christ...Let your passion to be right become a passion to honor Christ...Let your passion to heal become a passion to give hope..." (Crabb, 2005:195).

## 3.5. BEOORDELING VAN VERSLAWINGSPARADIGMAS EN METODES VAN HULPVERLENING WAARIN DIE BYBEL AS ENIGSTE VERTREKPUNT FUNKSIONEER (BYBEL SONDER SKEPPING)

### 3.5.1 Inleiding

Sommige outeurs gebruik die Bybel as enigste vertrekpunt om verslawing te omskryf en/of hulle metode van hulp te kies. Vervolgens word die benadering nader omskryf in terme van fundamentalisme, en daarna word Bobgan en Bobgan, Swanson en Welch se paradigmas en metodes beoordeel.

### 3.5.2 Fundamentalisme

Fundamentalisme was in die afgelope paar jaar dikwels onder bespreking, soos afgelei kan word uit onder andere die volgende artikels en daaropvolgende briewe wat verskyn het (Jordaan, 2004; Vorster, 2004**a**; Vorster, 2004**b**; Kayayan, 2005; Vorster, 2005**a**; Vorster, 2005**b**; Krüger, 2006).

Jordaan (2004:267) sê fundamentalisme en modernisme is moeilik definieerbare verskynsels wat maklik etikette kan word waarmee diegene wat nie met jou saamstem nie, swartgesmeer kan word.

Volgens Vorster (2005**a**:31) is die Christelike fundamentalisme 'n 20 ste-eeuse verskynsel wat in Noord-Amerika ontstaan het. Fundamentalisme is 'n reaksie is op die kritiese teologie wat die Bybel as gewone menslike literatuur afmaak (2005**b**:32).

Jordaan (2004:266) noem onder andere die volgende kenmerke van fundamentalisme wat afwyk van die gereformeerde belydenis - soos verwoord word in die Drie Formuliere van Eenheid:

- Fundamentalisme het 'n "anti"-karakter.
- In sommige fundamentalistiese kringe kom 'n vyandigheid jeens die wetenskap voor.
- Dit het 'n eksklusiewe houding waarvolgens andersdenkende Christene as ongelowiges beskou word wat verlore gaan.
- Dit handhaaf die foutloosheid van die Bybel.

Vorster sê (2004**a**:618; 2004**b**:29; 2005**a**:32) fundamentaliste is bekend vir hul onverdraagsaamheid en geslotenheid en is geneig om in eksklusiewe denkstelsels te verval.

Vir Vorster (2004**b**:29) het die Skrif 'n duidelike rigpunt: die verhouding tussen God, mens en aarde; Die mens en die aarde se bestaan moet beoordeel word in die lig van hul verhouding tot God en die gesag van die Skrif kan nie gemeet word aan maatstawwe van presiese eksaktheid nie. Vorster (2005**b**:32) reken dat die gesag en betroubaarheid van die Skrif gehandhaaf kan word sonder om in fundamentalisme te verval.

Jordaan (2004:267) meen dat Gereformeerdes nie werklik by òf fundamentalisme òf modernisme tuis hoort nie en Vorster stem in wese met hom saam (2005**a**:38) wanneer hy sê dat fundamentalisme nie met gereformeerdheid verwar moet word nie aangesien daar 'n wesentlike verskil is in die wyse van Skrifgebruik. In 'n vroeëre werk praat Jordaan (1991:5-7; 29) van "gereformeerd-fundamenteel". Al gaan die aanhangers van fundamentalisme en die gereformeerd-fundmentele benadering albei uit van die Skrif as fondament, doen die gereformeerd-fundamentele benadering dit binne die raamwerk van die gereformeerde belydenis.

De Klerk en J Van Rensburg (2005:7-8) waarsku teen fundamentalisme sowel as relativisme wanneer daar onderskeid gemaak moet word tussen tydgebondenheid van 'n teks en tydgerigtheid.
Vorster (2004**b**:31) gee waardevolle riglyne in verband met die kontekstualisering van die Skrif om te keer dat daar nie in fundamentalisme verval word nie:

- Etiese riglyne moet vanaf die Skrif na die huidige konteks geskied en nie andersom nie.
- Die belange van God se koninkryk moet vooropgestel word.
- Die historiese agtergrond wat sekere Bybelse voorskrifte onderlê moet so ver as moontlik verreken word.
- Daar moet gevra word: Watter lig werp die sentrale temas van die Bybel op 'n etiese vraagstuk?
- Die ontwikkelingslyn van die Skrif moet in gedagte gehou word.
- Alle etiese vraagstukke moet in die lig van die verlossingswerk van Christus beoordeel word in die besef dat Christus die wet nie kom ontbind het nie maar wel vervul het, en:
- Die liefde teenoor God en die medemens moet gedien word.

Die gevaar van fundamentalisme is volgens Vorster (2004b:31) dat dit die Bybel nie met genoeg nederigheid hanteer nie.

### 3.5.3 Bobgan en Bobgan

Wanneer daar krities gekyk word na die reeds genoemde paradigmas en hulpverleningsmetodes waarin die Bybel 'n rol speel, en dit gelees word saam met wat in die voorafgaande paragrawe gesê is oor die hedendaagse debat oor fundamentalisme, blyk dit duidelik dat die Bobgan en Bobgan-siening by uitstek 'n voorbeeld is van 'n fundamentalistiese siening van die Bybel. Jordaan (2004:266) noem dat fundamentalisme 'n "anti"-karakter het, dat daar soms 'n vyandigheid jeens die wetenskap is, dat dit 'n eksklusiewe houding inneem waarvolgens andersdenkende Christene as ongelowiges beskou word wat verlore gaan en dat dit die foutloosheid van die Bybel handhaaf. Wanneer hierdie kenmerke wat Jordaan noem toegepas word op die sienings van Martin en Deidre Bobgan, kom die vyandigheid na vore. Hulle is geweldig krities teenoor beraders en terapeute wat die skepping in ag neem en wil geen samewerking hê met ander dissiplines nie. Hulle is so sterk gekant teen die sielkunde dat hulle dit "psychoheresy" (psigo-kettery) noem (sien http//www.psychoheresy-aware.org en http//en.wikipedia.org/wiki/Psycoheresy) . Hulle publiseer elke twee maande 'n nuusbrief, die "Psychoheresy Awareness Letter". Slegs die kerk en sy strukture is vir hulle aanvaarbaar (1994:194-195).

Die Bobgan en Bobgan – egpaar het nie 'n spesifieke verslawingsparadigma en hulpverleningsmetode nie, maar uit hulle kritiek teen byvoorbeeld die AA en ander algemene hulpverleningsmetodes soos uiteengesit in hul boeke "Against Biblical counseling, for the Bible" (1994) en "12 Steps to destruction" (1991) en ander geskrifte, is dit duidelik dat hulle verslawingsparadigma en hulp uitsluitlik op die Bybel gegrond sal wees sonder in agneming van ander dissiplines.

### 3.5.4 Swanson

In sy verslawingsparadigma staan Swanson (1994:380-381) afwysend teenoor die mediese en genetiese modelle. Nieteenstaande die populêre idee van die druk van die omgewing of enige ander invloede van buite, is hy ten gunste daarvan dat verslawing gesien word as *sonde*. Om verslawing te wyt aan iets anders, sal van mense met verskillende vorme van verslawing slagoffers maak in plaas daarvan om hulle met

keuses te laat. Hy grond sy beskouings op tekste soos Galasiërs 5:17-21, Efesiërs 5:18 en 1 Petrus 4:3-5 en sê dat verslawings 'n onvermoë is om lewens-krisisse te hanteer of verkeerde maniere is om te ontsnap van daaglikse beproewings en worsteling.

Vir hom is die enigste effektiewe **metode** om mense met verskillende vorme van verslawing te hanteer om hulle sover te kry dat hulle besef dat hulle gedrag sonde is, berou te toon en ophou om dit te doen. Hy erken dat dit nie 'n aangename of maklike proses is nie en dat veral die onttrekkings-simptome ongemaklik is. Hy stel wel voor dat daar mediese supervisie is in ekstreme gevalle van verslawing soos byvoorbeeld by heroïneverslawing.

#### 3.5.5 Samevatting

In hierdie gedeelte is daar gekyk na wat onder die term fundamentalisties verstaan word, en na enkele fundamentalistiese benaderings tot berading, naamlik dié van Bobgan en Bobgan en dié van Swanson.

## 3.6 BEOORDELING VAN VERSLAWINGSPARADIGMAS EN METODES VAN HULPVERLENING WAARIN DIE BYBEL 'N GEMARGINALISEERDE ROL SPEEL

### 3.6.1 Inleiding

In hierdie afdeling sal enkele verslawingsparadigmas en hulpverleningsmetodes waarin die Skrif 'n gemarginaliseerde rol speel, bespreek word. Volgens Anderson *et al.* kan dit wees dat terapeute wat in hierdie groep val, wel Christene kan wees maar "it is so thickly veiled that the client is unaware of it", of hulle kan bang wees dat hulle hul kliënte aanstoot sal gee deur 'n Christelike benadering te volg (Anderson *et al.,* 79-80).

Daar sal gekyk word na Alcoholics Anonymous (AA) en van sy uitlopers naamlik die "recovery movement" en ko-afhanklikheidsbeweging, asook na Nutrimalaika (voorheen: Alkogen).

### 3.6.2 Alcoholics Anonymous/AA

3.6.2.1 Wortels en oorsprong van AA

Adams sê (1979a:35) dat alles in 'n ontwerpte stelsel uitgroei en afhanklik is van bepaalde voorveronderstellings en dat nie alle berading wat deur Christene gedoen

word Christelike berading is nie. Dit is duidelik te sien uit die pad wat AA oor die jare geloop het. Waar die grondleggers van die AA aanvanklik gesê het dat alkoholisme ***soos*** 'n siekte is, het dit met verloop van tyd verander na dat dit wel 'n siekte is, met gepaardgaande gevolge soos in 'n volgende hoofstuk behandel sal word. By sommige van die AA se inrigtings speel die Bybel wel 'n rol, maar dit is so gering dat dit as marginaal beskryf kan word.

Turian gee die volgende inligting oor die AA: Die AA is in 1935 gestig toe Bill Wilson, 'n gerehabiliteerde alkoholis, sy ervarings gedeel het met Bob Smith, 'n desperate drinkende snydokter (1990:.21-22). Die naam kom van die boek geskryf deur Bill Wilson en die eerste vyfhonderd sober lede. Hulle is beïnvloed deur die Oxford Group-beweging. Tans het die AA meer as 'n miljoen lede met meer as 48 000 groepe in 110 lande. 30% van die lede is vroue, 15% is jonger as 25 en 25% is ook aan iets anders verslaaf. Tagtig persent van hul lede wat vir langer as drie maande lid was, bly vir een tot vyf jaar sober. Ander AA programme wat ook gebruik maak van die AA se Twaalf Stappe programme sluit in Al-Anon (webwerf: http://al-anon.org) vir familielede van alkoholiste, Gamblers Anonymous vir dobbelaars (webwerf: http://www.gamblersanonymous.org) en Narcotics Anon (webwerf: http://www.na.org) wat spesifiek gerig is op dwelmverslaafdes.

Yancey (2000:72) sê dat die kerk veel kan leer by die AA. Crabb (1992a) daarenteen kritiseer die AA se Twaalf Stappe program en sê dat dit die mens daarvan weglei om op God te vertrou, mense vervreem van die karakter van God en dat AA se einddoel is om mense te help om goed te voel oor hulself. Bobgan en Bobgan (1991) draai geen doekies om nie en is so heftig in hul kritiek teen die AA dat hulle 'n boek daarteen skryf en dit "12 Steps to destruction" noem.

Die AA het so ver van sy oorspronklike Bybelse koers afgedwaal dat die Bybel as sulks 'n baie klein rol speel, en, in hul poging om meer akkommoderend vir ander gelowe te word, raai hulle mense aan om hul toevlug te neem tot enige Hoër Mag of Wese wat vir die betrokke persoon aanvaarbaar mag wees. Daar is wel klone van AA wat wel 'n sterk Christelike benadering het , soos Alcoholics Victorious (sien ook 4.3.3).

3.6.2.2 Die "Recovery Movement"

Een van die uitlopers van die AA is die sogenaamde "Recovery Movement". MacArthur (1994**a**:17) beskryf dit as 'n beweging van menslike terapieë wat ywerig ondersteun word deur mense wat geestelik swak is of Bybelse waarhede ignoreer of weier om te aanvaar dat daar 'n pad is na dieper kommunikasie met God. Terme soos *siekte*, *probleem*, *konflik*, *kompulsiewe gedrag*, *behandeling* en *terapie*, word gereeld gebruik. Woorde wat in verband staan met moraliteit word versigtig vermy en sonde en bekering word nooit genoem nie (Mac Arthur, 1994**a**:20).

Ringwald, 'n verslaggewer wat gefassineerd was toe hy ontdek het hoeveel mense wat verslaaf was aan drank en/of dwelms het herstel deur die onwikkeling van hul geestelike lewe, het 'n hele aantal jare navorsing in die staat New York in die VSA gedoen. Hy het nie net onderhoude gevoer met mense wat herstel het nie, maar ook die benadering van verskillende inrigtings ondersoek (2002:ix-xi). Hy beskryf die "Recovery Movement" so:

> "The Recovery Movement has some religious aspects – transcendent interest, group identity – but is antireligious in origins and temperament and non-religious in its nature and structure. From religion, as well as medicine and psychology, it has borrowed "what works" for curbing addiction and left the rest. Its primary tenet is for the addict to admit she or he needs help, and therefore, is not God. Belief in God may or may not come – for many purposes it is almost irrelevant. " (Ringwald, 2002:214).

Dit het vir die aanhangers van die "Recovery Movement" belangriker geword om beter te voel as om God te vind. "Ons" is nou belangriker as God. Crabb is nie gelukkig hiermee nie : Hierdie gesindheid moet verander word na : Gód is meer belangrik – om God te vind, moet die mens se passie wees (Crabb, 2005:xx).

Soos met die AA, vind Yancey veel positiefs in die "Recovery Movement". Volgens hom (2000:72) bevat die "recovery movement die saad van antropologie, die oersonde, wedergeboorte en heiliging. Die alkoholis moet sy eie onvermoë, hulpeloosheid en feilbaarheid erken as deel van die hulpproses. Die kerk kan net soveel leer by die sogenaamde "recovery movement" as wat die kerk vir hulle kan aanbied. Mense met verskillende vorme van verslawing in Yancey gemeente wat betrokke was by sodanige

hulpprogramme, het met groot waardering gepraat van die warmte en aanvaarding, in plaas van die veroordeling van mense by die kerk, wat hulle by die groep gevind het (Yancey, 2000:72).

Ander is nie so positief soos Yancey nie: Crabb (1992a) sê dat daar talle "Recovery"-boeke op die boekrakke in Amerika en 'n lewendige belangstelling in die beweging is. Agter hierdie belangstelling is daar drie tendense in die moderne denke:

- Daar moet 'n manier wees om die geheimenisse van die wêreld tot hanteerbare kategorieë te verminder.
- Daar moet 'n manier wees om die heelal te verstaan en stappe te vind hoe ek alles kan bereik wat ek graag wil bereik in die lewe.
- Daar moet 'n manier wees waarop ek my lewe so kan inrig dat ek volkome in beheer kan wees.

Ook Rhodes en MacArthur (1992:8, 1994a:20) vertel hoe populêr die beweging in Amerika is. Rhodes se punte van kritiek(1992:8-9) teen die "Recovery movement" is onder andere die volgende:

- Dit gee die verkeerde benaming vir gedragsprobleme. Enige soort van kompulsiewe gedrag wat moeilik hanteerbaar word moet gesien word as "verslawing " . 'n Gevolg daarvan is dat sekere gedrag dan 'n siekte-etiket kry.
- Dit is gewortel in humanistiese psigologie. Ten spyte van hul Christelike agtergrond, is baie van die voorveronderstellings gewortel in sekulêre sielkunde en word oordrewe klem byvoorbeeld gelê op die heroriëntering ten opsigte van 'n lae selfbeeld en 'n gedurige fokus op die verlede.
- Dit gebeur dikwels dat herstelgroepe die werk van die kerk vervang, veral as die kerk in 'n bepaalde omgewing geen soortgelyke groepe het om hulp aan mense met verskillende vorme van verslawing te bied nie.

3.6.2.3 "Codependency Movement" / Ko-afhanklikheidsbeweging

'n Ander uitloper van die AA is die sogenaamde "Codependency Movement". Street (2004:1) bevraagteken die sogenaamde Twaalf Stappe van Alkoholiste Anoniem en sê dat die ko-afhanklikheidsterm daaruit voortvloei. Hy het dit veral teen hulle siening van

"once an alcoholic, always an alcoholic" aangesien hy glo dat alkoholisme sonde is en God mense totaal verlos. Ook Patton (1993:175) is skepties oor die ko-afhanklike konsep en sê: "It lulls us back into nurturing our weaknesses".

David Stafford (1992:25-27) wys daarop dat in gesinne van verslaafdes 'n mens dikwels afhanklikheidspatrone kry. Hy verwys na spesifieke gedragspatrone van huweliksmaats en gesinslede, soos bv. ontkenning, wegkruip, sosiale onttrekking en isolasie, vrees en skaamtegevoel en verlies aan vertroue in medemense. Gesinslede besef dikwels nie dat hulle ook hulp nodig het soos in die geval van die verslaafde nie. Hulle moet ook gehelp word om uit hierdie destruktiewe gedragspatrone te kom.

Klunzinger en Moore , (1996:160). onderskeidelik 'n pastorale berader en 'n predikant, het navorsing gedoen oor hulp aan mense wat sekere gedragspatrone openbaar. Hulle vernaamste oogmerk was om 'n Skriftuurlike metode van hulp te ontwikkel vir mense wat in die sekulêre wêreld as "ko-afhanklik" beskryf sou word. Dit is mense wat, volgens hulle gekose definisie, die volgende openbaar: 'n lae self-beeld, nie persoonlike grense het nie, 'n wanindruk het van persoonlike realiteit en persoonlike behoeftes en sekere kompulsiewe gedrag openbaar

Volgens Klunzinger en Moore is die huidige metodes van hulp sterk gegrond op die psigoterapeutiese beginsels van Jung en Rogers (Klunzinger en Moore, 1996:163) en is hierdie sekulêre definisies en metodes skadelik, gevaarlik en nie Skrifgetrou nie (Klunzinger en Moore, 1996:174). Hulle metode van hulp lê veral klem op twee Bybelse begrippe, naamlik die Ou Testamentiese begrip van vrede ("shalom") en die Nuwe Testamentiese begrip van "gesond maak" soos dit onder andere voorkom in Matteus 4:23 en 9:35 (Klunzinger en Moore, 1996: 172-173).

Carr en Buchanan volg die kontemporêre stroom in hul definisie van ko-afhanklike persone. Hulle definieer hulle as mense met emosionele oorbetrokkenheid in ander se lewe, met verwronge persoonlike grense, behoeftes en begeertes en mense met 'n verlies aan self-wees. Hulle maan dat pastorale hulpverleners 'n kritiese teologiese verstaan van die teorieë moet hê om sulke mense effektief by te staan (1997:302).

Nadat hulle verskillende teorieë, definisies en hulpverleningsmetodes bestudeer het, kom hulle tot die gevolgtrekking dat pastors nie die terminologie van die ko-afhanklikheidsbeweging sondermeer moet aanvaar nie, maar dat herdefiniëring en pastorale assessering nodig is (Carr en Buchanan, 1997:314).

Brent se definisie van 'n ko-afhanklike is in lyn met dié van Beatie: Hy/sy is iemand met baie min self-agting, self-vertroue of self-respek. Die ko-afhanklike persoon verbind sigself aan mense wat bepaalde behoeftes het en in hierdie verbintenis het die ko-afhanklike persoon min of geen besef van persoonlike grense nie. Die persoon mag selfs onderworpe wees aan verskillende vorme van mishandeling en waarde vind daarin om onmisbaar te wees. Die emosionele chaos van so 'n verhouding sal bloot gesien word as ongeluk wat bepaal is deur die noodlot (Brent, 1993:157).

Brent se metode van hulp aan mense wat ko-afhanklike gedrag openbaar het wel Christelike ondertone, is eksistensieel van aard en is gegrond op die Logoterapie van Frankl. Die proses van behandeling wat hy voorstel sluit in stabilisering van die persoon se chaotiese emosies, loskom van die destruktiewe verhouding, kognitiewe rekonstruksie van die gedagtewêreld en eksistensiële terapie waartydens die persoon gehelp word om weer 'n waardige self-bewustheid te onwikkel (Brent, 1993:166).

Volgens Crabb (1992**c**) meen die ko-afhanklikheidsbeweging dat hulle antwoorde het op lyding. Dit wil mense help om beheer oor hulle lewens uit te oefen en om goed te voel oor hulself en wil hulle help om verligting te ervaar van wat hulle ook al pla. Daar is egter gevare verbonde aan hierdie antwoorde:

- Dit het 'n afgewaterde beskouing van sonde: Die kruis is meer bevestigend ("affirmational") as versoenend
- Die mens is nie eintlik sondig nie maar eerder vol kwellings
- God word gesien as bruikbaar en nie as ontsagwekkend nie
- Die mens word meer veeleisend as dankbaar.
- Om genade te ontvang is minder werd as om geseën te word.

Om saam te vat kan hier gesê word dat - by hulpmodelle waar die Bybel 'n marginale rol speel soos by die AA - gelowiges die gawe van onderskeiding (1 Korintiërs 12 vers

10) werklik het nodig aangesien die duiwel kom soos 'n engel van die lig (2 Korintiërs 11 vers 14). Dit kan gesê word dat by sodanige paradigmas en hulpverleningsmetodes, die skepping die hoofrol speel, en dan bepaald die skepping uit die oogpunt van enigeen - of die persoon 'n gelowige is of nie.

### 3.6.3 Nutrimalaika (voorheen: Alkogen)

Dr Theo Verwey, 'n kliniese sielkundige, het vanaf 1989 'n ondersoek van stapel gestuur onder meer as tweeduisend alkoholiste, ander verslaafdes en hul naasbestaandes. Later het doktore Daan Steyn, Johan Schoeman en Henry Davis by hom aangesluit. Hierdie navorsing het aan die lig gebring dat genetiese tekorte aan NAD (Nikotinamied Adenien Dinokleotied) sekere mense se geneigdheid tot verslawing kan verhoog. Sodanige tekorte kan opgespoor word deur die laktaat- en pirovaat-verhoudings in mense se bloed te toets (Verwey, 2006**b**).

Volgens Steyn en Verwey gebruik Nutrimalaika (voorheen: Alkogen Behandelingsnetwerk) 'n model van Cross, Feather en Lynch (1998:383) wat die volgende vyf fases wat met die beradene deurgewerk moet word, onderskei: In die eerste fase is daar aktiewe weerstand deur bv. doelbewuste nie-nakoming van afsprake, in fase twee is daar passiewe weerstand waar daar protes mag wees teen voorstelle of weiering om te leer oor hoe om behandeling effektief te laat geskied; die derde fase staan bekend as die traak-my-nie-agtige fase met optredes soos regressiewe gedrag. In fase vier is daar al 'n mate van aanvaarding en samewerking terwyl daar in die vyfde en laaste fase volledige aanvaarding en entoesiastiese samewerking is. Alhoewel Alkogen 'n holistiese benadering het en die mens sien as 'n bio-psigo-sosio-religieuse eenheid, is hul metodes sterk gebaseer op die Mediese Model. Om herhaling te voorkom word die leser verwys na 4.3.2 en 4.3.3. Dit moet hier gemeld word dat dit beraders en terapeute sal loon om kennis te neem van die insigte van navorsers soos Verwey van Nurtimalaika (Steyn en Verwey, 1998; Verwey, 2006**a** en 2006**b**).

## 3.7 BEOORDELING VAN BERADINGSPARADIGMAS EN METODES VAN HULPVERLENING WAARIN DIE BYBEL 'N FUNDAMENTELE ROL SPEEL (BYBEL EN SKEPPING)

### 3.7.1 Inleiding

In 2.3.4 is Stoker aangehaal wat sê dat Calviniste vir elke wetenskap twee bronne van kennis opeis: die Skriftuur en die natuur. Dit kan ook gesien word as besondere en algemene openbaring. As gereformeerde is dit ook navorser se siening. Verder is daar onder dieselfde hofie gesê dat intra-dissiplinêre samewerking met in ag neming van Bybelse perspektiewe die ideaal sou wees. God het immers die opdrag aan die mens gegee dat die natuur omvorm moet word tot kultuur (2.3.4; 3.3)

Sover is daar in hierdie hoofstuk gekyk na verslawingsparadigmas waarin die Bybel as enigste vertrekpunt funksioneer, waar die Bybel 'n gemarginaliseerde rol speel en waar die Bybel 'n fundamentele rol speel. Daar is gesien dat nie een hiervan voldoen aan die intra-dissiplinêre samewerking wat in hoofstuk 2.3.4 genoem is nie. 'n gereformeerde beskouing sal die Skrif verreken binne die gereformeerde belydenis. Dit beteken dat die berader erns sal maak met sy/haar kultuurtaak soos God dit aan sy kinders opgedra het. Volgens navorser kom die paradigmas en hulpverleningsmetodes van Adams, Collins en ABBO die naaste aan die ideaal. Hulle sal vervolgens bespreek word.

### 3.7.2 Adams (Meer resente inligting oor Dr. Adams te kry by: http://www.nouthetic.org/)

Adams (1973:28-30) noem die volgende sake i.v.m. die bring van 'n persoon tot verandering ("effecting change"): (1) Motivering vir verandering; (2) tot stand bring van Bybelse verandering; en (3) afleer en aanleer van gewoontes. Volgens Adams moet die beradene met hoop vervul word: Verandering IS moontlik. Dit moet benadruk word dat dit 'n proses is en dat verandering (heiligmaking) oor 'n tydperk geskied Wanneer 'n beradene vertel word dat hy/sy vir die sonde dood is, maar in God lewe (Romeine 6:11) is hierdie wete op sigself motivering om heilig te lewe. Verskeie metodes van motivering word in genoemde bladsye deur Adams bespreek, soos : 'n oproep dat die beradene moet wees wat hy/sy alreeds in Christus is, straf/beloning (op aarde), ewige straf en beloning, om heilig te lewe ter wille van die Naam van God en in belang van ander mense. Keer op keer benadruk Adams dit dat verandering baie moeilik is. Hy behandel dit onder die volgende hofies: verandering van dinge uit die verlede, verandering van die patrone uit die verlede en - wanneer die beradene faal in sy/haar pogings om te verander- rehabilitasie/dehabilitasie en die breek van verkeerde gewoontes.

Volgens Adams (1975:1, 1970:xiv,) is verslawing 'n sonde. Volgens hom (1975:1, 1970:206-207) is dit 'n lewensdominerende probleem: dit affekteer die hele mens en al die areas van sy lewe. Daar is dus nie net een probleem om op te los nie omdat sy verslawing waarskynlik oorgeloop het in sy sosiale lewe, getroude lewe, werk en finansiële sake. Daar is egter 'n permanente oplossing in Jesus Christus. Die oplossing wat Christus bied, stel Adams teenoor dié van ander modelle wat sê dat die mens met 'n verslawing vir die res van sy lewe vir homself moet vertel dat hy 'n alkoholis of verslaafde is. Christus vergewe ten volle en stel 'n mens in staat om volkóme oorwinning te behaal.

Die eerste stap ten opsigte van hulpverlening is volgens Adams (1975:2) om deur geestelike wedergeboorte deel te word van God se familie en in Jesus Christus as Verlosser en Saligmaker te glo. Daarna moet die persoon met 'n verslawing erken dat hy gesondig het. Hy moet glo dat Christus die sonde van verslawing volkome vergewe het en dat die Heilige Gees nou in hom woon.

Daar moet 'n opregte begeerte wees om te verander. Adams (1970:207) haal Efesiërs 4 vers 22 tot 24 aan en sê dat sodanige veranderinge slegs kan plaasvind wanneer ou verkeerde gewoontes nie alleen gestaak word nie, maar vervang word deur 'n nuwe God-verheerlikende lewenswyse deur die ou gewoontes af te lê en nuwes op te neem. Adams sê (1970:207) daar moet 'n herstrukturering van die hele lewe plaasvind en verhoudings met God, self en andere rondom hom moet herstel word. In sy pamflet "What do you do when you are hooked?" gee Adams sy metode van hulpverlening (1975:2) puntsgewys soos volg:

1. Bely jou sonde voor God, soek Sy hulp om die Skrif te verstaan sodat jy in staat gestel kan word om dit noukeurig op jou lewe toe te pas. Wees opreg in jou begeerte om te doen wat God ook al van jou verwag.
2. Ondersoek elke area van jou lewe noukeurig en maak 'n volledige lys van daardie plekke waar jy God en andere faal. Eerlikheid en deeglikheid is belangrik want dit mag jou help om 'n begin te maak.
3. Om verandering te bewerkstellig, is dit nodig dat daar ten nouste saamgewerk moet word met 'n predikant of iemand wat Bybelse berading beoefen. Jy moet bygestaan word in die moeilike dae wat gaan volg wanneer jy loskom van die

dwelm waaraan jy verslaaf was. Hy sal jou ook help om jou hele lewe te herstruktureer volgens Bybelse riglyne.

4. In ooreenstemming met 1 Korintiërs 15 moet jy alle bande breek met diegene met wie jy voorheen bevriend was en nog steeds vasgevang is in hul verslawing. Alle bande met hulle moet heeltemal verbreek word. Dit is nodig sodat jy sterk kan word in jou nuwe lewenswyse.
5. Gebruik die lys wat jy volgens punt twee gemaak het en herstruktureer elkeen van die genoemde areas. Dit is hier waar jy hulp in die vorm van Christelike berading, soos reeds genoem, gaan nodig kry.
6. Noudat jy weet wat jy moet doen, moet jy deur die genade van God jouself losmaak van dit wat jou verslaaf het. Dit gaan nie maklik wees nie en jy mag ontmoediging word. Vertrou op Jesus Christus en doen wat Hy sê en deur Sy genade sal jy suksesvol wees.

Hierna verwys hy na die "put off/put on"- model in een van sy ander boeke (Christian Counselor's Manual, hoofstuk 18). Hierdie model berus op wat daar in in Efesiërs 4 verse 22 tot 24 staan, dat daar met die ou sondige mens gebreek moet word en as nuwe mense geleef moet word.

Adams sê (1979:35) dat alles in 'n ontwerpte stelsel uitgroei en afhanklik is van bepaalde voorveronderstellings . Hy gee (1979:35-36) die volgende vyf-en-twintig voorveronderstellings ;

1. Daar is iets soos bepaalde Christelike berading
2. Nie alle berading wat deur Christene gedoen word, is Christelike berading nie
3. Die Bybel is die genoegsame bron vir die beginsels wat nodig is om Christelike berading te doen
4. God is die soewereine Skepper en Onderhouer van die heelal
5. Berading is in die laaste plek afhanklik van die werk van God se Gees.
6. Die mens is geskape na God se beeld as 'n verantwoordelike wese
7. Menslike denke en gedrag is sedelik ("moral")
8. Die mens is 'n sondige wese, skuldig en bedorwe as gevolg van die sondeval.
9. Die mens se bedorwe natuur lei tot sondige gedrag en gedragspatrone
10. Die uiteinde van sonde is ellende
11. Nie-wedergebore mense kan nie verander word deur berading wat God nie behaag Nie.

12. Wedergeboorte deur die Gees is 'n voorvereiste vir Bybelse verandering en gehoorsaamheid
13. Probleme van wedergebore mense kan op God se manier en deur God se krag opgelos word
14. God vereis dat ampsdraers berading doen as 'n lewensroeping
15. God vereis dat alle gelowiges berading doen en rus hulle toe om dit te kan doen
16. Die kerk moet betrokke raak in berading
17. Kerklike tug is 'n belangrike faktor in Bybelse berading
18. Metodologie moet voortvloei uit Bybelse beginsels en praktyke
19. Nie-Christelike inhoud of metodes mag nie eklekties ingesluit word in 'n Christelike stelsel nie.
20. Beraders moet resultate verwag en ervaar na Christelike berading
21. Beraders moet die Skrifte telies bestudeer (telically)
22. Ware berading is 'n bediening van die Woord wat lei na Heiliging
23. Ongelowiges moet eers geëvangeliseer word voordat hulle beraad kan word
24. Probleme van organiese/fisiese oorsprong moet ook medies behandel word
25. Die Skrif stel beginsels vir menslike lewenswyse wat gedemonstreer was in die lewe van Christus.

Adams se opstand teen sekulêre sielkunde het 'n reformasie tot gevolg gehad wat wêreldwyd posgevat het en verreikende invloed (wat vergelykbaar is met Luther se 95 stellings teen die kerkdeur ) uitgeoefen het (Lotter, 2001:320, 321) (Lotter, 2001:323) en het (Lotter, 2001:327). Adams gee baie min aandag aan sielkundige teorieë in sy aanpak van verslawings. Hy spreek hom wel op ander plekke sterk uit teen humanistiese beskouings (1976:3; 1979:ix, 4). Sy heftige teenkanting teen die sekulêre sielkunde kan waarskynlik toegeskryf word aan die feit dat hy juis geskryf het in reaksie teen die geweldige sterk stroom ten gunste van psigologie in die tyd waarin hy geleef het : daar was 'n opbloei in die sielkunde. Tog is daar bewyse dat hy nie totaal afwysend was teenoor ander wetenskappe nie (Combrink, 1986:18; 1988:178) (sien hierbo) .

Powlison het die volgende kritiek teen Adams (Powlison, 2001**c**): Hy gee te min aandag aan 'n verhouding met Christus en te veel aan gedragsverandering; hy kyk nie genoeg na die hart en na afgode nie; hy het soveel klem op "blame-shifting" gelê dat hy nie

genoeg aandag aan lyding gegee het nie; sy leerstuk oor verandering lê te veel klem op rehabilitasie en de-habilitasie en sy veranderingsmodel is te behavioristies in plaas van 'n dissipelskap model van 'n persoonlike verhouding met Christus.

Teologiese beskouings kan ook 'n uitwerking hê op metodes van hulpverlening (Welch, 2002:17-24). Welch bespreek (2002:17-20) Adams se siening van die *vlees* en *vleeslik* soos dit voorkom in van sy geskrifte (More Than Redemption, p. 160; Christian Councelor's New Testament, p. 481) en kom tot die konklusie dat Adams se siening beteken dat 'n mens se fisiese liggaam die oorsaak is van sondige gedrag en dat 'n proses van dehabilitasie en rehabilitasie nodig is om ontslae te raak van sondige gewoontes en om nuwe gewoontes te vestig.

Volgens Welch (2002:22) fisiologiseer (physiologize) Adams se siening die sonde en het dit die volgende uitwerking op berading:

- self-dissipline sal die sentrale taak wees;
- berading sal fokus op herhaling en die verandering van gewoontes;
- berading sal wees soos om na 'n geneesheer te gaan: die korrekte diagnose word gemaak en "behandeling" (afleer van bepaalde gewoontes) word voorgeskryf;
- berading sal ook wees soos om na 'n behavioris te gaan: 'n stap-vir-stap meganiese proses sal gevolg word, sonder om enige aandag te gee aan iets soos motivering;
- die verhouding tussen die berader en die beradene sal wel betekenisvol wees maar glad nie in die sin van die bediening van God se genade aan die beradene nie;
- die beradingsverhouding sal nie die elemente hê van "ek is saam met jou in hierdie situasie" nie, en ook nie "my hart is net soos joune" nie. Slegs 'n geestelik volwasse berader sal kan beraad;
- berading sal nie die teenwoordige tyd - beroep op die beradene hê van: "hou jou oog gevestig op Jesus" (Hebreërs 12) nie, want die hooftaak is slegs om ou sondige gewoontes af te lê;
- geloof sal meer beskryf kan word as die vaslegging van nuwe gewoontes as vertroue op, kennis neem van en liefhê in 'n wederkerige liefdesverhouding;

- die fokus sal meer wees op die herbedrading van 'n mens se gedagtes as op groei in kennis van Christus;
- die klem sal nie wees op die belangrikheid van liefdevolle en vertroostende menseverhoudings nie maar eerder op die vaslê van nuwe breinpatrone deur reg te dink en reg te doen.
- Wanneer daar nie aandag gegee word aan motiewe en die innerlike lewe nie, mag dit daartoe lei dat beradenes voel die berader verstaan nie werklik nie en "gaan nie diep genoeg nie";
- berading sal vinnig afgehandel wees, en net so lank duur as wat nuwe breinprogramme aangeleer kan word;
- "Wie aanbid jy? In wie plaas jy jou vertroue of op wie hoop jy en wie het jy lief?" is vrae wat by bekering gevra word en nie noodwendig elke dag nie, omdat dit nie betrekking het op die proses van hantering van sondige gewoontes nie;
- berading sal nie aandag gee aan goeie gedrag wat God-onterende motiewe het nie, aangesien sonde meer te make het met die liggaam as met die hart en die beradingsmodel moedig die berader nie aan om deur te dring na die motiewe nie. Die *liggaam* (Welch se kursief) het nie motiveringspatrone soos begeertes, hoop, vertroue, aspirasies, vrese en geloofsisteme nie;
- berading sal wel sake soos seksuele begeertes, vraatsug, luiheid en "verslawings" (Welch se hakies) hanteer want sodanige begeertes het met die liggaam te make, maar dit sal nie-liggaamlike sake soos trots, ongeloof, afgode van die hart, wettisisme en vrees vir mense verwaarloos;
- psigiatriese medikasie sal om die verkeerde redes afgewys word: Dit sal afgewys word omdat dit 'n impak mag hê op herprogrammering van die brein. Daar is nie redes vir die afwysing van medikasie soos die skep van vals hoop of dat medikasie mense daarvan mag weerhou om te worstel met lyding nie;
- so 'n beradingsmodel verklaar slegs die verkeerde gedrag van mense wat oor lang tydperke in die sonde volhard. Dit verklaar nie waarom iemand wat in 'n Christelike huis grootgeword het, geen teken van rebelse gedrag gehad het nie en vir lange jare die vrugte van bekering gedra het, tog twintig jaar na bekering owerspel pleeg.;
- die model maak nie voorsiening vir die feit dat 'n mens steeds kan sondig al is die liggaam herprogrammeer nie, byvoorbeeld 'n persoon mag opgehou het met drink maar voortsukkel met 'n valse beeld van Christelike volwassenheid;

- die model maak nie voorsiening vir meervoudige onderliggende betekenisse wat geheg kan word aan bepaalde gedragsvorme nie. Welch (2002:23) gee die voorbeeld van 'n dronkaard wat sondig ten opsigte van drankmisbruik, maar die dronkenskap mag 'n uitdrukking wees van skuldgevoelens, woede, lyding, vrees of luiheid. Verandering van die oormatige drinkgewoonte verander nie noodwendig die verskillende motiewe wat deel was van die dronkenskap nie;
- in hierdie tipe berading word daar nie gesoek na koverte, weggesteekte en geheime sondige patrone nie. Daar is geen rede om dieper te delf nie.

Welch (2002:24-25) doen 'n alternatiewe siening aan die hand , naamlik van die vlees en die Gees as die "twee nature wat dit met mekaar uitspook" (sien ook kommentare oor Galasiërs 5:16 tot 21 by 2.4.3.8): Hy sien dit as twee groepe wat voorstanders is van verskillende bedelings: Die "vleesgroep" is die groep wat wil hê dat mense moet lewe volgens 'n gemodifiseerde uitleg van die Mosaïese wet - dit is die weg tot heiligmaking en reinheid. Die "Gees-groep" is dié wat soos Paulus, hulself identifiseer met die kruis van Christus en verlos is van sonde deur die werking van die Gees. Deur die nuwe verbond het God sy Wet in hul harte geplant. Die lewe van die vlees is verby. Dit is gekruisig (Galasiërs 5:24). Die inwonende Gees verander ons en stel ons in staat om 'n lewe van liefde te lei.

Vir Welch (2002:25) is hierdie siening van hom 'n oplossing van Adams se dilemma van die tweeledige natuur. Die mens het nog steeds 'n inwendige stryd teen die sonde, maar dit verwyder die nodigheid daarvan om die sondige vlees te sien as 'n geprogrammeerde patroon in die liggaam.

Welch (2002:25) se siening het ook bepaalde praktiese uitlopers:

- dele in die Skrif oor die nuwe verbond (Jeremia 31:31-34; Esegiël 36:26-27) sal 'n mens daaraan herinner dat dit wat in die Ou Testament voorspel is, inderdaad gekom het;
- sonde en versoeking sal met nuwe krag aangepak en weerstaan word;
- die kruis van Christus sal ons identiteit wees en ons sal mekaar gedurig daaraan herinner dat die kruis alles verander het;

- in ooreenstemming met die verhoudingskenmerke van die nuwe verbond, sal ons doelwit wees om ons geloof in liefde uit te druk. Berading sal gedoen word in 'n liefdevolle gesindheid en ons sal mekaar leer hoe om ander van harte lief te hê;
- 'n prominente vraag is: aan wie behoort jy? Het jy 'n stelsel van werke buite Christus om of rus jy in Christus alleen?
- aangesien die Gees ons almal gelykmaak, is daar 'n gesindheid van wederkerigheid in ons bediening. Ons beraad ander, maar ons verwag dat ons ook deur hulle beïnvloed sal word;
- ons berading sal inklusief wees: Ons sal ook andersdenkendes uitnooi en etniese grense oorskry;
- ons sal soos sout en lig in die wêreld wees en ons self nie van die wêreld afskei nie, en
- as Paulus se bespreking van die vlees meer gemeenskapsgerig is as individueel, sal ons meer die Nuwe Testamentiese fokus op die gemeenskap openbaar as op die individu.

### 3.7.3 Collins

Om mense aan te moedig om te verander sluit Collins (1998:518) by Van Cleave se sewe stappe aan: 1. Help die persoon om te erken: "Ek kan nie my gebruik beheer nie". 2. Moedig die persoon aan om beheer van sy/haar lewe oor te gee en dit in God se Hand te plaas. 3. Lei die persoon tot selfondersoek, en verseker dat skuldgevoelens en spyt aandag kry. 4. Moedig die persoon aan om God toe te laat om hom/haar te verander. 5. Leer die persoon hoe om verantwoordelik te lewe en rekenskap te gee aan ander. 6. Lei die persoon in geestelike groei. 7. Wys die persoon hoe om ander te help.

In die boek wat Collins en De Vriese (1988:144-145) saam geskryf het, praat hulle van *begeleiding* en volgens hulle het begeleiding ses doelwitte: 1. Om die drinker te laat ophou. 2. Mediese skade wat mag ontstaan het te herstel. 3. Om beradene te help om met stress (sic) om te gaan. 4. Hom/haar te help om doeltreffende "niet-chemiese vervanging vir de drug te vinden." 5. Selfaanvaarding, opbou en herstel. 6. Wat de Vriese noem: "schuld aanpakken" en aantoon dat Christus die leegheid wat deur die afwesigheid van alkohol gelaat word, kan vul. Verder sê hulle oor terugvalle: "Houd in

gedachte dat iemand kan terugvallen, gevolgd door schuld, ontmoediging en zelf-veroordeling".

Al bespreek Collins alkoholisme en verslawing in twee verskillende hoofstukke (2005:573-593; 596-617) is sy metode van behandeling nie baie verskillend nie.

Collins se sterk sielkundige agtergrond kom duidelik na vore in die baie ruimte wat hy gee aan ander wetenskappe soos psigologie en sosiologie in sy bespreking van die oorsake van dwelmverslawing (2005:602-606). Hy bespreek sake soos sosiale teorieë, sielkundige en psigososiale teorieë asook portuurgroepteorieë.

Al wys hy die moontlikheid van die oorerwing van spesifieke gene vir alkoholisme of verslawing af (2005:578; 601) noem hy navorsing wat sterk daarop dui dat daar mense is wat 'n lae weerstand teen alkoholisme erf.

Collins (2005:578-579; 600) glo dat die huislike omgewing, groepsdruk of self kulturele verwagtings 'n invloed kan hê op drinkpatrone. By die oorsake van dwelmverslawing verwys Collins (2005:600-601) na die lys wat hy gegee het as oorsake van alkoholisme en sê hy dat al daardie invloede ook kan bydra tot die ontwikkeling van nie-alkoholiese verslawings. Hy gaan verder om te sê dat dwelmmisbruik, eetversteurings en ander gedrag-verslawings ook ander unieke oorsake het.

Hulpverlening:
Vir die wat verslaaf is aan alkohol gee hy sy metode van hulpverlening puntsgewys soos volg (Collins, 2005:586-591)

1. Kry die verslaafde om te erken dat hulp nodig is
2. Staak die drinkery
3. Verskaf ondersteuning
4. Gee hulp met streshantering
5. Moedig selfbegrip en 'n verandering van lewenstyl aan.
6. Gee berading aan die gesin
7. Wees voorbereid op insinkings (sic)
8. Aanvaar dat die evangelie en dissipelskap grondliggend is.

Vir die berading van persone met ander verslawings beveel Collins (2005:611) die volgende aan:

1. Help die persoon om te erken: "Ek kan nie my dwelmgebruik beheer nie" .
2. Moedig die beradene aan om "beheer van sy of haar lewe te laat vaar en dit oor te gee in die hande van God" .
3. Lei die beradene in selfondersoek en maak seker dat gevoelens van skuld en spyt oorweeg word.
4. Moedig die verslaafde aan om "God toe te laat om jou te verander ".
5. Leer die beradene hoe 'n mens verantwoordelik kan leef sonder om verskonings te maak, maar verantwoordbaar aan ander.
6. Lei die beradene in geestelike groei.
7. Wys die persoon hoe om ander te help.

Al is Collins sielkundig georiënteerd, staan hy sterk daarop dat Bybelse beginsels moet geld by hulpverleningsmetodes en dat daar deeglik rekening gehou moet word met voorveronderstellings.

**3.7.4 Welch**

Alhoewel dit mag lyk of Welch 'n "nothing butterist" is, is dit in 'n artikel oor homoseksualiteit in sy boek "Blame it on the brain" (1998:173) duidelik dat hy wel rekening hou met die skepping (invloede van gene, omgewing, ens), maar tog gee hy primaat aan die Skrif.

In 'n vroeëre artikel (1990:1) doen Welch die volgende metode aan die hand vir hulpverlening aan die dwelmverslaafde: 1.Voordat die persoon gekonfronteer word, moet die berader selfondersoek doen, want wanneer die persoon gekonfronteer word, moet dit gedoen word in die gees van een verslaafde teenoor 'n ander en moet die weg na vryheid aangedui word. 2. Indien die persoon met die verslawing in die een-tot-een konfrontasie nie gehoor wil gee nie, moet ander se hulp ingeroep word (Hier verwys Welch na Spreuke. 24:11 en Matteus 18). 3. Die groep moet tyd inruim vir persoonlike sondebelydenis voordat die persoon gekonfronteer word (soos in punt een). 4. Indien die persoon weier om die probleem te erken, moet die groep weer bymekaar kom en leer uit hul foute. 5. As die persoon sy/haar fout erken, kan die harde werk van verandering begin. Welch sê (1990:1) dit is hier waar baie kerke fouteer: Sonde, slawerny en

afgodery verdwyn nie so maklik nie. Mense met verskillende vorme van verslawing moet daagliks bemoedig word en vermaan word om nie deur die misleiding van die sonde verhard te word nie (Hier verwys Welch na Hebreërs 3:12,13). 6. Die persoon moet geheel en al breek met alle verbintenisse met die afgod. 7. Hy/sy moet geleer word om die waarheid te vertel. 8. Die verdere hantering hang af van die berader se siening van heiliging/heiligmaking. Volgens Welch (1990:2) kan so 'n Bybelse benadering mense met verskillende vorme van verslawing laat wegbeweeg van die populêre self-beeld spiritualiteit na 'n dinamiese en kragtige geloof in die lewende God.

Oor die jare het hy sy beskouings en hulpverleningsmetodes uitgebrei. In sy boek "Addictions – A banquet in the grave" (2001**a**:37-39) toon hy waar die idee vandaan kom om te sê dat verslawing 'n siekte is: Dit is omdat die volgehoue toegee aan die versoeking om 'n bepaalde lewenstyl te volg, 'n mens siek maak. Hy sê (2001**a**:37). "Addictions begin as sinful choices and end up as diseases",

Oor selfbeheersing maan Welch (2001**b**: 27-29) teen 'n oormatige vertroue in die self en eie pogings. Die fyn balans tussen die stryd teen die verslawing en die toe-eiening van die genade van God in Christus moet aan die persoon met verskillende vorme van verslawing verduidelik word. Die Skrif verwag nie van ons (2001**b**:29) om God se opdragte aan ons onafhanklik te sien van die nadenke oor God se werke in ons deur Jesus Christus nie.

Welch (2001**c**:19) is sterk gekant teen die oorheersing van die AA se siekte-metafoor en vra dat daarmee saam (2001**c**:20; 2001**a**:47-57) vier ander Bybelse metafore oorweeg moet word wat in verband staan met verslawing: afgodery, owerspel, dwaasheid en aanvalle deur 'n dier. Hy gaan voort in sy artikel om elkeen van die vier metafore te verduidelik In sy reeds genoemde boek toon hy hoe dit hulpverlening aan mense met verskillende vorme van verslawing sal raak (2001**a**:62):

- Moenie verskoning soek vir die verslawing nie.
- Bely dit as sonde.
- Kyk op na Christus as die een wat genade aan sondaars betoon.
- Groei in die geloof in God soos Hy Homself in die Skrif openbaar
- Leer om behae te vind in gehoorsaamheid.
- Moenie op die self vertrou nie, maar soek hulp by mense met wysheid.

- Jaag wysheid aggressief na en haat sonde en stry daarteen.
- Besef dat oplossing vir die sonde van verslawing veel dieper lê as blote gedragsverandering: Dit vra hartsverandering.

### 3.7.5 ABBO

Schalekamp (2003b:4) wat verbonde is aan die Assosiasie vir Bybelse Berading en Opleiding (ABBO) onderskei vier aspekte van 'n beradingsmodel, naamlik die bou van 'n verhouding, die verstaan van die persoon, konfrontasie/bemoediging en die implementeer van 'n aksieplan van verandering. Hierdie navorsing steun sterk op die paradigma en hulpverleningsmetode van ABBO en dit sal in hoofstuk 5 breedvoerig bespreek word.

### 3.7.6 Samevatting

Aangesien nie een van die paradigmas genoem in 3.3, 3.4 en 3.5 'n inter-dissiplinêre roete volg met 'n Skrifgefundeerde siening van die Skepping en die mens se kultuurtaak nie en ook nie die Skrif verreken binne die raamwerk van die gereformeerde belydenis nie, was dit nodig om te kyk na beraders soos Adams en Collins, wat dit wel doen. Al lê Adams se hoofklem op 'n Skrifgebaseerde siening en hulpverleningsmetode, is hy nie totaal afwysend teenoor ander wetenskappe nie.

In hoofstuk 5 sal daar noukeuriger gelet word op ABBO se paradigma en hulpverleningsmetode aangesien hierdie navorsing sterk daarop fokus.

## 3.8 EVALUERENDE GEVOLGTREKKINGS

In 2.3.4 word verduidelik dat Praktiese Teologie die wetenskap is wat uit die Skrif en skepping n studie maak van die hulp wat aan mense verleen word sodat hulle in 'n betekenisvolle verhouding met God, hulle medemens, hulleself en die natuur kan lewe. Daar is ook gemeld dat -volgens Stoker (19?:25)- geen wetenskap alleen kan bestaan sonder die lig van God se Woord nie,. Daarom eis Calviniste vir elke wetenskap twee bronne van kennis op, nl: die Skriftuur en die natuur, én die harmonieuse samewerking van elke vakwetenskap met die wysbegeerte en die teologie.

Voorts is daarop gewys dat Bridger en Atkins (1998:17-21) die probleem aanraak van die samehang met ander studievelde en dat hulle wys op die belangrikheid van die psigologiese, die filosofies/teologiese en die sosiale kontekste.

Die ondersoek na die mate van verrekening van die rol van die skepping, God se kultuuropdrag aan die mens en die rol van die Skrif - het getoon dat samewerking met ander studievelde bepalend is by verskillende verslawingsparadigmas en hulp aan mense met verskillende vorme van verslawing (sien 3.3).

*Omdat van die paradigmas en metodes van hulpverlening in hierdie hoofstuk nie* rekening hou met die skepping en die mens se kultuurtaak nie , lei tot 'n verskraling van die volle werklikheid. Net soos die sondeval radikaal was, was Christus se verlossing radikaal en kosmies en is alles in die skepping daardeur herstel (sien 2.3.4 onder kreasiologie). Om die skepping en die mens se kultuurtaak buite rekening te laat, is om Christus se volbragte werk aan die kruis te verskraal.

Die ondersoek na die mate van integrasie van die Bybel en die sielkunde is belangrik omdat dit wys op die gevare van onnadenkende gebruik van stof uit die wêreld van die sekulêre sielkunde.

Verslawingsparadigmas en hulpverlening waarin die Bybel 'n fundamentele rol speel, maak uiters belangrike uitsprake . Dit het egter 'n verskraalde uitkyk op die probleem en hulpverlening deurdat die skepping en God se kultuuropdrag aan die mens buite rekening gelaat word.

Die rol wat voorveronderstellings speel in die bepaling van 'n paradigma vir verslawing en hulpverlening is ook behandel (sien 3.5.2 en 3.6.2). (is 3.5.2 en 3.6.2 korrek?)

Uit die bespreking van verskillende beraders se sienswyses het dit duidelik geword dat daar by die verskillende beskouings verreikende implikasies is,. Crabb het onder andere uitgelig dat die "recovery movement" (3.5.2.2) skeefgetrekte sienings van God en van sonde tot gevolg het en Welch het gewys op die implikasies van Adams se siening van die vlees (3.6.2).

### 3.9 SLOT

In hierdie hoofstuk is daar gekyk na die omskrywing van paradigma en metode van hulpverlening. Daar is ook aandag gegee aan die rol van die Skrif en skepping in die Godsopenbaring, die debat oor integrasie tussen Bybelse berading en sielkunde, die invloed wat dit uitoefen op mense se keuses van verslawingsparadigmas en metodes van hulpverlening. Daarna het verslawingsparadigmas en metodes van hulpverlening waarin die Bybel 'n gemarginaliseerde rol speel, die Bybel as enigste vertrekpunt funksioneer en waarin die Bybel 'n fundamentele rol speel - onder die loep gekom. Die hoofstuk is afgesluit met evaluerende opmerkings.

# HOOFSTUK 4

# 'N BEOORDELING VAN VERSLAWINGSPARADIGMAS EN METODES VAN HULPVERLENING WAT NIE BYBELSGEFUNDEERD IS NIE

## 4.1 INLEIDING

Familielede of vriende van verslaafde persone en die verslaafde self is dikwels desperaat om hulp te kry. In die soeke na hulp kom hulle dan soms uit by praktyke en inrigtings wat on-Bybelse/nie-Bybelse modelle en metodes van berading of terapie gebruik. Die doel van hierdie hoofstuk is om enkele verslawingsparadigmas wat nie Bybelsgefundeerd is nie, te beoordeel aan die hand van die Bybelse riglyne wat in hoofstuk 2 geformuleer is.

Die volgende sake word in hierdie hoofstuk aan die orde gestel: paradigma-vorming waaronder geskiedenis en kultuur, enkele sielkundige denkwyses wat paradigmas beïnvloed, enkele verslawingsparadigmas wat nie Bybelsgefundeerd is nie en die implikasies van hierdie verslawingsparadigmas vir metodes van hulpverlening. Daar sal ook 'n beoordeling gedoen word van sommige nie-Bybelse verslawingsparadigmas en metodes van hulpverlening. Ten slotte sal daar evaluerende gevolgtrekkings gemaak word.

## 4.2 PARADIGMA-VORMING

### 4.2.1 Inleiding

Voordat verslawingsparadigmas wat nie Bybelsgefundeerd is nie bespreek en beoordeel kan word, is dit nodig om kortliks te kyk na hoe paradigmas in die algemeen gevorm word. In Jordaan en Jordaan se definisie van paradigma in hoofstuk drie ( sien 3.2.1 ) word daar melding gemaak van faktore wat die vorming van die mens se siening van die werklikheid kan beïnvloed. Die volgende sake sal nou bespreek word: werklikheidsvisie, geskiedenis, kultuur asook sekere sielkundige denkwyses.

### 4.2.2 Werklikheidsvisie en paradigma

In 3.2.1 is die term paradigma meer breedvoerig bespreek. Beelde of metafore waarmee 'n werklikheidvisie beskryf kan word en wat kan aandui wat dit vir aanhangers

beteken, is onder meer 'n gekleurde bril, 'n kaart en 'n kompas (Van der Walt, 2008:59). Om 'n werklikheidsvisie te hê, is tipies menslik, al is nie alle mense bewus daarvan nie. Die geloofoortuigings van 'n lewensvisie bepaal 'n mens se redelike argumente (Van der Walt, 2008:39). So 'n visie beïnvloed 'n mens se verstaan van en denke oor die werklikheid soos die Skrif, geskiedenis en kultuur. Volgens Heitink (1993:50) verander die samelewing met verloop van tyd en vra elke samelewing 'n wêreldbeeld van 'n integrerende en inspirerende idee van waaruit die mens optree. Welch (1997:76-79) meen dat die mensdom oral in die wêreld tot en met die laat 1700's en vroeg in 1800 geglo het dat daar 'n vooraf verordende en Goddelike struktuur was. Veral na die Franse Revolusie in 1789 het dinge geleidelik verander. Die mens het homself begin verhoog en God is as minder heilig en soewerein geag. Die mens het homself regte begin toe-eien en sekere onbybelse aannames begin maak soos dat die mens i inherent goed is en emosies die weg na die waarheid is (Welch, 1997:81). Welch lê groot klem op die mens se behoeftes (1997:88-89), aan selfverbetering (1997:96) en selfagting (1997:62).

Swanepoel (1994:39-41) skryf oor verskuiwings en veranderings wat plaasgevind het: Waar alles konstant was, het veel verander: nuwe Bybelvertalings, kerklike kleredrag, die amp van die vrou. Dinge wat vroeër reg was, is nie meer reg nie, bv. apartheid. Daar is vandag in Suid-Afrika groter vryheid en reg van gelowiges as 'n aantal jare gelede. Bestaan daar 'n Christelike moraal? vra Swanepoel (1994:49). Volgens hom is moraal altyd die tradisie-bepaalde moraal van 'n bepaalde gemeenskap. Ander vraagstukke wat vir Swanepoel (1994:42-43) aan die orde kom, is die aard van (Bybelse) waarheid; openbaringsbeskouing; onfeilbaarheid van die Skrif; die vraag of die Bybel die Woord van God is of bevat dit net sy Woord; uiteenlopende teksbenaderings; eksegetiese metodes en verkonkretisering van etiese riglyne; veranderde denkklimaat en beklemtoning van rasionele en onsekerhede van die postmoderne era.

Die vooruitgang op wetenskaplike en tegnologiese gebied het ook sy uitwerking op mense se geloofsoortuigings gehad: Waar mense twee dekades gelede gedink het hulle kan tot die kern van die waarheid op elke terrein deurdring, het dit duidelik geword dat selfs die wetenskap en tegnologie nie al die antwoorde het nie (Dockery, 2001:12). Hierdie postmodernistiese siniese gesindheid en skeptisisme het ook na die godsdiens

oorgespoel en gevolglik word vrae oor Bybelse waarhede gevra (Dockery, 2001:13; Greer, 2003:204).

Die veranderinge in Suid-Afrika ná 1994 en die uitwerking daarvan (veral van postmodernisme) op kerke en lidmate van kerke kom na vore in 'n groot verskeidenheid artikels wat geskryf is (Kingma en Lotter, 2002; Niemandt, 2007; Smit, 2008; Van der Walt en Jordaan, 2004).

Postmodernisme toon sy invloed in die geloofsgemeenskap verder in die vorm van die sogenaamde "Emerging/Emergent Churches", in Afrikaans genoem die "ontluikende kerke" wat uitdrukking gee aan die postmoderne mens se soeke na nuwe benaderings en nuwe antwoorde op geloofsvrae (Smit, 2008:109, 115 e.v., Woodbridge, 2007:111; Niemandt, 2007:543). Postmodernisme hoef nie net negatief gesien te word nie en sommige geleerdes sien dit selfs as 'n herontdekking van ou wyshede en klassieke pastorale tradisies (Oden, 2001:196).

'n Werklikheidsvisie kan in 'n krisis beland, en wanneer so iets gebeur, word dit gewoonlik bevraagteken (Van der Walt, 2008:54-55). Die volgende stappe kan na so 'n krisis volg: Die ou lewensvisie word bevraagteken; die lens van die lewensvisie word opnuut op die werklikhede van die omgewing gevestig; die ou visie word hersien en 'n veranderde visie, wat die omstandighede beter kan interpreteer, word aangeneem (Van der Walt, 2008:55). Hierdie veranderings en verskuiwings in werklikheidsvisies het ook sy merk gelaat op verslawingsparadigmas en hulpverleningsmetodes, soos later in die hoofstuk duidelik sal word.

Is ons al by postmodernisme verby? Greer glo die Weste is nou by "post-postmodernisme" (2003:213), maar navorser glo Suid-Afrika is altyd 'n paar jaar agter ander Westerse lande. Soos Kingma en Lotter (2002:309, 324-325) is navorser van mening dat beraders van mense met verskillende vorme van verslawing deeglik bewus moet wees en kennis dra van megatendense en denkwyses soos postmodernisme en die druk van die huidige lewensomstandighede op mense in Suid-Afrika sodat mense met deernis en sinvol pastoraal begelei kan word.

### 4.2.3 Geskiedenis en paradigma-vorming

Die manier waarop ons die wêreld verstaan is histories en kultuur-spesifiek (Bozalek, 1997:8, 22; Louw, 2000:198). Kennis van die geskiedenis is belangrik om vir 'n mens perspektief op gebeure te gee. Van der Walt (2007:218) vergelyk dit met 'n truspieël : "Om veilig vorentoe te kan bestuur het 'n mens nie alleen 'n skoon voorruit nodig nie, maar ook 'n truspieël om van tyd tot tyd agtertoe te kan kyk".

Die kerk leer kosbare lesse uit die geskiedenis, nie net uit die geskiedenis van die Ou en die Nuwe Testamente nie, maar ook geskiedenis in die algemeen en die kerkgeskiedenis in die besonder. Die morele klimaat verander deur die jare en dinge soos die tegniese rewolusie het 'n geweldig invloed op mense (Getz, 1984:17). Louw sê (2000:201) dat verskillende tye vra vir verskillende Gods-beelde : In die tyd van Plato en Aristoteles is karaktertrekke van God soos die "logos" en sy onveranderlikheid beklemtoon terwyl die Romeinse kultuur veral gekyk het na God as Monarg en Koning. 'n Postmoderne tyd wat gekenmerk word deur webtuistes, tegnologiese kommunikasie, relatiwiteit en dekonstruksie, vra vir 'n God wat medelye het met die wat ly en Een wat kan help om 'n meer menslik en regverdige samelewing te skep. "Postmodern people need a God-image which can be identified with the quest for humaneness, justice and meaning. Such a God-image should reckon with a relational hermeneutics which deals with friendship, companionship, partnership, 'ubuntu' and empowerment" (Louw, 2000:201).

Lewens- en wêreldbeskouings kan gedurig aktueel wees en aan veranderende omstandighede reg laat geskied. Nuwe vraagstukke ontstaan wat nuwe antwoorde verg; tegniese uitvindsels plaas mense in nuwe omstandighede en nuwe eise word aan mense gestel. Ten spyte van die dinamiese (veranderlike) aard van lewens- en wêreldbeskouings, bly die wese daarvan egter onveranderd. Taljaard (1963:22-23) wys op die dinamiese aard daarvan en sê dat dit gedurig verander, ontwikkel en aan die geskiedenis deelneem. 'n Werklikheid- of lewensvisie kan ook in 'n krisis beland. Wanneer dit in 'n krisis beland, word dit gewoonlik bevraagteken. Dan mag die volgende stappe volg: die lens van die lewensvisie word opnuut op die werklikhede van die omgewing gevestig; die ou visie word hersien en 'n veranderde visie, wat die omstandighede beter kan hersien, word aangeneem (Van der Walt, 2008:54-55).

Wanneer 'n mens 'n oorsig probeer kry oor sienings van verslawing deur die jare, kan gesien word hoe denkwyses verander. Dit is duidelik uit ouer geskrifte dat daar vroeër jare baie sterker teenkanting teen die oormatige gebruik van drank was as vandag. Driver (1903: 79) stuur sterk waarskuwings uit dat die Bybel nêrens wyn as drank aanmoedig, goedkeur of aanbeveel nie maar die mens eerder in duidelike taal ernstig daarteen waarsku . Hy gee die volgende tekste ter stawing: Deuteronomium 32:33, Spreuke 23:31-32, I Korintiërs 6:10. Volgens Du Toit (1924:15) veroordeel die Skrif dronkenskap as 'n sonde. Van sonde word niemand verlos deur inspanning of enige menslike middel nie. Die Bloed van Kristus (sic) Jesus alleen reinig ons van alle sonde. Iemand wat verlos is deur die verdienste van Kristus (sic) sal deur versoekings en verdrukkings heen salig word. "Hy sal deur stryd heen ingaan in die Koninkryk van die Hemele". Kennett (1931:42) beweer dat - al word dronkenskap in baie duidelike terme afgewys in die Ou Testament, daar tog tekens daarvan is dat die gebruik van sterk drank by feeste nie net aanvaarbaar was nie, maar selfs as heel gepas beskou was, volgens Genesis 43:34, Rigters 9:13 en Spreuke 31:6. Hy merk ook op dat die Hebreeuse woord vir 'n fees letterlik 'n drinkery is. 'n Persoon wat heftig gekant is teen enige gebruik van sterk drank, is David Wilkerson (1978:62) . Hy gaan sover as om Christene wat drink "sipping saints" te noem. Volgens Bustanoby (1987:10) argumenteer Christene vanaf die begin van die Christendom oor wat aanvaarbaar is vir 'n Christen om te gebruik en wat nie. Bustanoby is nie teen die matige gebruik van sterk drank nie.

Burnett (1993:223) sê dat die Amerikaanse Metodiste kerk deur die jare sterk gestaan het teen dronkenskap maar dat hulle nog altyd omgegee het vir mense wat daardeur geraak word. Die siening van die Metodiste kerk in Amerika is dat, alhoewel hulle onthouding aanbeveel, 'n persoon aanvaar sal word ongeag sy/haar drinkery of misbruik van drank. Volgens hom (1993:224) is die pastorale beweging so oud soos die geskiedenis van die Judaïes-Christelike geloof. Die Psalmis kon praat van die Here wat soos 'n herder na hom omsien. Dwarsdeur die geskiedenis van die Christelike kerk was daar pastorale sorg.

Paradigmas (en dus ook verslawingsparadigmas) word gevorm in 'n bepaalde historiese konteks. Na die Tweede Wêreldoorlog was daar 'n geweldige verruiming van die mensheid deur onder andere mediese en ander ontdekkings en uitvindings, die televisie en die opkoms van die sosiale wetenskappe (Berkhof, 1982:90). Alle wetenskap is op

een of ander wyse diensbaar aan die maatskappy en die kultuur in hulle gang deur die geskiedenis (Berkhof, 1982:54). Geskiedenis , sê sommige, is 'n egte beskrywende dissipline. Kuhn betwis dit en beweer dat dit dikwels interpreterend en soms ook normatief is (Kuhn, 1973:2). Met verloop van die geskiedenis word tegnieke en kennis bygevoeg by die reeds bestaande bronne.

Ook wat in Suid-Afrika in die verlede gebeur het ten opsigte van mense met verskillende vorme van verslawing kan vermeld word. Dit is byvoorbeeld moontlik dat in omstandighede soos daar was in Suid-Afrika vóór 1994, dinge eensydig gedoen is en sekere groepe minder aandag gekry het. De la Rey *et al.* (1997:xiii) skryf hul boek om groepe wat in die verlede gemarginaliseer en geïgnoreer is ook te betrek en om die stiltes, afwesighede en gapings aan te vul. Om hul standpunt te verduidelik, sê hulle dat wit families in die verlede hulp en bystand van die staat kon kry, terwyl swart gesinne aangewese was op informele hulpbronne binne families en die gemeenskappe waar hulle gewoon het (Swartz, 1997:5-6; Bozalek, 1997:12). Manlike broodwinners wat veral op die myne werk, bly in hostelle waar vrouens nie toegelaat word nie (Bozalek, 1997:16). Die trekarbeidstelsel wat veroorsaak het dat ouers in stede werk en grootouers kinders grootmaak het ook bepaalde probleme meegebring wat nie altyd die nodige aandag gekry het nie (Swartz, 1997:5-6). Baie teorieë en handboeke is gebaseer op Europese en Noord-Amerikaanse voorbeelde en toestande en is in skerp kontras met die lewensomstandighede van baie mense in Suid-Afrika wat dit minder relevant maak (Bozalek, 1997:22). Daar kan ook verwys word na die sogenaamde "dop-stelsel" van die vorige bedeling (waar plaasarbeiders met goedkoop wyn betaal is). Die stelsel is nie meer wettig nie, maar sommige boere doen dit nog steeds. Al word dit nie meer algemeen toegepas nie, het dit nog steeds maatskaplike gevolge soos armoede, wanvoeding onder kinders en volwassenes, fetale alkoholsindroom, kindermishandeling, geweld teen vroue en ontwrigting van die gesinslewe (London, 1999:1). Veral die Wes-Kaap ly nog steeds onder die nagevolge van die hierdie stelsel, deurdat die voorkoms van babas met fetale alkohol sindroom 141 keer hoër is as in die VSA (Plüddemann, 2000:665).

Die geskiedenis het ook 'n invloed op verlawingsparadigmas, berading in die algemeen en berading van persone met verskillende vorme van verslawing in die besonder. Soos reeds in 2.2 aangedui is, is die probleem van verslawing in Suid-Afrika baie groot en

talle inrigtings skiet soos paddastoele op om probleme die hoof te bied. Die meeste inrigtings in Suid-Afrika is geskoei op die Twaalf stappe van die AA (Alkoholiste Anoniem). Alhoewel die AA aanvanklik as 'n Christelike beweging begin het, het hul aanslag deur die jare verander en is die siekte-metafoor tans die heersende metafoor.

Postmodernisme is tans die heersende paradigma in Suid-Afrika. In 2.3.2 word aangetoon dat die wyse waarop postmoderne navorsers die Skrif verreken die Skrif geweld aandoen. Nòg die waarhede of beginsels van die Skrif, nòg gebed, nòg enige handeling of strategie met 'n pastorale karakter is deel van die terapie. Hulpverleners aan mense met verskillende vorme van verslawing moet dus kennis neem van die gedurige verskuiwings en veranderings ten opsigte van paradigmas.

**4.2.4. Kultuur en paradigma-vorming**

Daar is op verskeie plekke in hierdie navorsing al verwys na die rol van kultuur (sien 2.3.4 en 3.3). In hierdie afdeling sal die rol van kultuur in paradigmavorming bespreek word, naamlik : kultuur as lens van die werklikheid, kultuur as Bybelse opdrag, kulturele verskeidenheid en sosio-kulturele omstandighede.

**4.2.4.1 Kultuur as lens van die werklikheid**

Kultuur help gelowiges om skerp en helder te kyk na die immer-veranderende wêreld om hulle. Vir Getz (1984:14) is dit belangrik dat gelowiges die "groter prent" van die werklikheid sien. Hierdie prent raak meer sigbaar deur drie lense : die lens van die Skrif, die lens van geskiedenis en die lens van kultuur (Getz, 1984:17-18; Getz & Wall, 2000:9).

Loewen beweer (2000:30) dat die Israeliete in die verloop van hul geskiedenis, soos weergegee in die Ou Testament, voortdurend blootgestel is aan die idees van ander bevolkingsgroepe en dat hul kultuur daardeur beïnvloed is. Volgens hom sluit alle nuwe openbarings aan by 'n reeds bestaande wêreldbeskouing, voeg iets daarby of werk verhelderend daarop in, maar die bestaande beskouing word nooit totaal deur die nuwe vervang nie. God gebruik mense se ervarings om bestaande voorveronderstellings te bevraagteken, omvorm of verander (Loewen, 2000:31).

Volgens Taljaard (1976:138-139) behoort 'n aantal vrae gevra te word wanneer 'n kultuurproduk beoordeel of geëvalueer word: Wie is hierdie man (die kultuurskepper)? Wat is sy verhouding tot God? Wat is sy siening van Skrif-openbaring? Die antwoorde op hierdie vrae sal verhelderend inwerk op die bril van die navorser. Evaluering en/of beoordeling is volgens hom (1976:139) 'n aktiwiteit van die hart wat deur gekleurde lense vloei na 'n bepaalde kultuurproduk.

In verband met kultuur, kom vrae soos die volgende na vore: Mag Christen-wetenskaplikes wat 'n studie maak van verslawingsparadimas en hulp aan mense met verskillende vorme van verslawing gebruik maak van kennis uit die sekulêre psigologie? Indien wel, tot watter mate? Die vrae wat Taljaard in die algemeen vra, kan ook in die besonder gevra word: Wie is hierdie persoon agter die verslawingsparadigma? Wat is sy/haar verhouding tot God? Wat is sy/haar siening van Skrif-openbaring ten opsigte van mense met verskillende vorme van verslawing en gepaardgaande hulp?

#### 4.2.4.2 Kultuur as Bybelse opdrag

God se kultuuropdrag aan die mens is om Sy skepping (waaronder die mens as psigiese wese) te bestudeer en te versorg (Combrink, 1998:360). Om duplisering te voorkom, sal hier net kortliks verwys word na wat alreeds in 2.3.4 geskryf is: Met die sondeval het die mens en ook die totale skepping tot 'n radikale val gekom, maar Christus het deur Sy kruisdood radikale verlossing vir alles en almal gebring (Venter, 1996:16, 20; Waltke, 2001:70; Wolters, 2005:72). Dit bring mee dat die geredde mens die taak het om hierdie skepping, wat so radikaal verwyder geraak het van God, weer te herstel tot totale heerskappy van Christus (Van der Walt, 1991:180). Alles wat is, is deur die sondeval aangeraak, en dus moet Christene - deur betrokke te raak op alle lewensterreine - meewerk tot die herstel van enigiets wat binne die bestek van die skepping val (Wolters , 2005:72). Christene moet 'n verskil in die wêreld maak, hulle moet die wêreld van die kultuur transformeer (Strong, 2001:40). Die kerk en sy lidmate kan ook onsekerheid en onstuimigheid in veranderende omstandighede beleef, soos in Suid-Afrika na 1994. Sondae vind die gelowige sy sekerheid in liturgie, formuliere en belydenisskrifte, maar van Maandag tot Saterdag - tussen geweld, moord en korrupsie - word beskawingsagteruitgang beleef. Dit is in direkte teenstelling met God se opdrag van beheer en bestuur van die skepping (Du Plessis, 2003**b**:12).

God betrek die mens by sy eie gesondheid deur die kultuuropdrag van Genesis 1, want dit sluit die beoefening van die mediese wetenskap in. Dit wat die mens verstaan uit die vakwetenskappe (skepping) en teologie (Bybel) moet aangewend word om mense in nood te help (Combrink, 1998:358).

Smith (2004.3) sien psigologie ook as deel van die kultuurgoedere van 'n gemeenskap. Volgens hom kan mens twee dinge met kultuur doen: dit verkleineer of akkommodeer. Hy is ten gunste van 'n derde opsie: om kultuur te bevry. Vir Smith (2004:12-13) gaan dit daaroor dat mens in die wêreld is, maar nie van die wêreld nie. God gebruik kultuur en taal om mense te bereik. Christen beraders moet psigologie herinterpreteer en verander en dit dan gebruik om mense te help verander na die beeld van God.

Colson (2004:64) beweer dat die kultuuropdrag onafskeidbaar verbonde is aan die sendingopdrag en dat die twee nie met mekaar kompeteer nie: God het die mens op die sesde dag geskape en aangestel om met Sy werk as Sy verteenwoordiger op die aarde voort te gaan. Om die skepping verder te ontwikkel, was hoofsaaklik maatskaplik en kultureel van aard, en die mens moes van toe af God se beeld weerspieël, heers oor die skepping en sy opdrag uitvoer om te vermeerder, die aarde te bewoon en dit te bewerk. Die mens van vandag het presies dieselfde opdrag. Die sonde met sy destruktiewe kragte het wel die skepping binnegedring, maar die opdrag is nie nietig verklaar nie. Die geredde mens is vrygemaak van die mag van die sonde en in ere herstel om dit te doen waarvoor God hom geskape het, naamlik om die kultuuropdrag uit te voer.

Volgens Van der Kooi (2001:2) is daar ook negatiewe aspekte in sekere sienings van die kultuuropdrag en God se algemene openbaring. Hy is teen die Libertynse idee dat die mens in staat is om bloot rasioneel die natuur, sy omgewing en sy bestaan te verklaar en die wêreld te verbeter en te herskep tot die paradys wat verlore gegaan het. Van der Kooi voel sterk daaroor dat die werklike oplossing van maatskaplike, sedelike en staatkundige vraagstukke daarin lê dat ons God se voorsienigheid primêr ken, aanvaar en glo, maar ook gelowig ondersoek en motiveer.

#### 4.2.4.3 Kulturele verskeidenheid

Omdat kulture van mekaar verskil, ontwikkel mense verskillende paradigmas, verskillende sieninge oor verslawings en metodes van hulp aan mense met verskillende vorme van verslawing.

Myers en Parry (2005:16) pleit vir 'n groter bewustheid van kultuur in die hulpverleningsproses. Hulle het in hul navorsing van 'n aantal inrigtings vir dwelmverslaafdes in Gauteng en Kaapstad, bevind dat slegs 41,9% en 13,6% respektiewelik, kultuursensitiewe dienste aanbied. Daar was wel in hierdie inrigtings terapeute en ander werkers van verskillende taal- en rassegroepe, maar al die leesstof was slegs in Engels en Afrikaans. Die rasseprofiel (Myers en Parry , 2005:17) van die algemene bevolking word glad nie weerspieël in die getalle van kliënte nie. Daar is hindernisse soos taal en kultuur wat verhoed dat swart mense toegang kry, betrokke raak en aanbly vir hulpverlening. Die bestaande hulpverlening by inrigtings hanteer nie hierdie hindernisse genoegsaam nie: Minder as die helfte van die inrigtings wat ondersoek is, het kultuursensitiewe en gepaste assesserings- en terapeutiese benaderings. Volgens Myers en Parry (2005:18) mag hierdie faktore belemmerend inwerk op swart kliënte en mag dit 'n negatiewe impak hê op die mate waartoe swart mense hulp soek en hulle verbind tot die proses van hulpverlening.

Levy *et al.* (2000:7-8) het in navorsing onder Amerikaners van Afrika- en Spaanse afkoms bevind dat daar by hulle 'n groter bewussyn van kollektiewe identiteit en interafhanklikheid bestaan as by wit Amerikaners. Hulle siening van hulself hang tot 'n groot mate daarvan af in hoeverre hul gedrag in ooreenstemming is met ander en kulturele norme in die gemeenskap, terwyl wittes aan die ander kant, 'n hoë premie plaas op selfstandigheid. Daar is verder opgemerk deur Levy *et al.* (2000:189) dat by die swart groep spiritualiteit asook etnies verwante gesindhede en kulturele waardes en norme 'n groot rol speel.

Lewis *et al.* (2002:15) is ook voorstanders van 'n multikulturele benadering. Volgens hulle was die fokus tot en met die skryf van hulle boek hoofsaaklik op wit mans met verskillende vorme van verslawing. Spaans-Amerikaanse kliënte wat hulle bestudeer het, sien niks verkeerd met ko-afhanklikheid nie. (Ko-afhanklikheid, as 'n chroniese en progressiewe toestand van verlore self-wees en identiteitsverlies, kom dikwels voor by

gesinslede van mense met verskillende vorme van verslawing). In hulle kultuur is daar niks mee verkeerd om 'n ander persoon se persoonlike verantwoordelikheid oor te neem en oordrewe inskiklik ( "overly accommodating") te wees nie.

In 'n gesprek met Amoor (Powlison, 2000:36) bevind Powlison dat volgens die Nigeriese kultuur dit algemeen aanvaar word dat elke persoon 'n "berader" is: Enigeen kan met enigeen praat: familie of vriende. Amoor (Powlison, 2000:37) sê selfs as 'n persoon 'n Christen is, gee hy bloot sy eie mening oor 'n saak, die evangelie word nie gebring nie en die antwoord is nie noodwendig op die Bybel gebaseer nie. Die bepaalde sonde gaan nie weg nie en daar word nie deurgedring tot hartsake ("heart issues") nie. Amoor self (Powlison, 2000:37) is van mening dat Jesus Christus alle kulture oorspan ("cuts across all cultures") en dat die Bybel alles bevat wat nodig is om mense in persoonlike krisisse of in konflikte met ander te help. Volgens Amoor (Powlison, 2000:39) is dit algemeen in Nigerië dat selfs sogenaamde gelowiges hul toevlug neem tot towery en toordokters. Hyself oefen nie druk uit op mense om te verander nie, maar moedig hul eerder aan tot 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus wat Sy lewe vir hulle gegee het.

Ook vir Collins (1980:341-342) is dit belangrik dat kulturele verskille in ag geneem moet word. Beradingsmetodes wat in een land werk, werk nie noodwendig in ander lande nie. Hy gee die voorbeeld van sekere Oosterse lande. In van hierdie lande word daar nie so openlik oor probleme gepraat soos in Amerika nie. In daardie lande word ook van beraders verwag om meer voorskriftelik te wees as in Amerika.

Navorser wil die belangrikheid van alle kulturele en sosio-kulturele aspekte soos hierbo vermeld, veral in Suid-Afrika vandag met sy multikulturele samelewing beklemtoon. Te veel mense kyk na Afrika en dus ook na Suid-Afrika, deur 'n Euro-Amerikaanse lens sonder om erkenning te gee aan die mense van Afrika se eie siening van sake (Viljoen, 2003e:531). Dit is nodig dat beraders van mense met verskillende vorme van verslawing kennis neem van die Afrika-werklikheidsvisie, hul sosiokulturele denksisteme, tradisies, gewoontes en geloof in voorvadergeeste en ander magiese kragte (Magezi, 2007: 662, Van der Walt, 2007:138-139, Kingma en Lotter, 2002:317-318; Viljoen, 2003e:529). Die moontlikheid is nie uitgesluit nie, dat mense met verskillende vorme

van verslawing ook uit ander kultuur- en sosio-ekonomiese groepe vir berading mag aanklop.

#### 4.2.4.4 Sosio-kulturele omstandighede

Mense vorm paradigmas in interaksie met hulle sosio-kulturele omstandighede. Wetenskap en tegnologie het die mens "mondig" gemaak met die gevolg dat die mens wil nie meer voorgesê word nie en die skeidslyn tussen reg en verkeerd het baie vaag geword. Die kerk het 'n randverskynsel geword het waar dit in die verlede 'n belangrike rol gespeel het (Kitching en Rossouw, 1990:61, 46-47).

Ook Miller (1999:7) wys op die belangrikheid van die rol wat sosiokulturele modelle speel. In die hedendaagse samelewing ervaar mense vervreemding, waardeloosheid en verwarring, veral ten opsigte van norme en waardes. Mense met verskillende vorme van verslawing moet teruggebring word na 'n lewenstyl wat die familie en die gemeenskap betrek. Combrink (2003:17,18) sluit by hulle aan en sê dat die hedendaagse kultuur self-bevrediging aanmoedig. Woorde wat mense dikwels hoor, is: Jy is geregtig op plesier, en: Jy is gemak aan jouself verskuldig. Volgens Combrink het die moderne Westerse kultuur nie sigbare afgode soos in Bybelse tye nie, maar onsigbares, naamlik begeertes na bv. plesier, mag en kontrole. Hierdie aspek van hedendaagse afgodery sal in hoofstuk 5 meer breedvoerig aangeraak word.

Die nuwe politieke bestel in Suid-Afrika se invloed op alle vlakke van die samelewing bied geweldige uitdagings. Daar is veral drie kragte : demografiese ineenstorting, funksionele ineenstorting en globalisering. Dit maak dat gelowiges opnuut erns sal moet maak met God se opdrag aan die mens om verantwoordelikheid vir die skepping te neem (Du Plessis, 2003a:35-36).

Suid-Afrika is 'n etnies-diverse land met leefstyl-, rasse- en klasseverskille en 'n verskeidenheid godsdienste en kulture (Swartz, 1997:5). Swartz gebruik die definiëring en verstaan van die konsep "die familie" om aan te toon hoe verskillende betekenisse deur verskillende kultuurgroepe aan bepaalde sake gegee kan word. In landelike swart gebiede is die uitgebreide families groot en bly verskillende geslagte saam in een huis (Bozalek, 1997:13). Dit is dus nie ongewoon dat kollegas en vriende as deel van families gesien word en - volgens hulle siening- selfs die voorvaders voort kan gaan om

families te lei en te versorg nie (Swartz, 1997:3). In vele swart gemeenskappe is dit kinders se verantwoordelikheid om water te gaan haal, vee op te pas , vuurmaakhout bymekaar te maak en die werf en huis skoon te hou. Die ouer mense in 'n swart gemeenskap word gerespekteer en gesien as 'n bron van wysheid.

Redes waarom jong mense drink, verskil van kultuur tot kultuur . Swart jong mense drink " for the fun of getting drunk, the pleasure of the intoxicating experience; to cope with shyness, for possessing adult status and to experience a sense of personal independence from authority" (Morejele, 1997: 215). Wit jong mense drink om hul senuwees te kalmeer en vir meer selfvertroue (Rocha-Silva *et al.*, 1996:57). Daar is ook kulturele verskille met betrekking tot die drinkgewoontes van jong mense. Wit jongmense drink by die huis of in die teenwoordigheid van hul ouers en/of ouer mense, terwyl swart jongmense eerder met vriende, in shebeens en tydens die afsluiting van tradisionele besnydenis-seremonies drink (Morejele, 1997: 211).

'n Ondersoek is deur Rocha-Silva *et al.* gedoen onder agtergeblewe swart jongmense in die ouderdomsgroep 10 tot 21 jaar. Hulle het gevind dat in lande wat drastiese sosio-ekonomiese veranderinge ondergaan soos in Suid-Afrika na 1994, daar 'n eskalasie is in alkohol, tabak en ander dwelmmiddel probleme (Rocha-Silva *et al.*, 1996:xiii). 'n Toename in internasionale handel en toerisme het ook nuwe geleenthede geskep vir dwelmnetwerke om toegang tot Suid-Afrika te kry. In die betrokke ondersoek is gevind dat daar oormatige gebruik was van alkohol, tabak en oor-die-toonbank-medisyne, maar dat die gewildste dwelm van keuse alkohol is (Rocha-Silva *et al.*, 1996: 3). Die eksperimentele groep se drankverbruik was baie hoog in vergelyking met internasionale groepe van dieselfde ouderdom (Rocha-Silva *et al.*, 1996: 69). Onder hierdie groep was sosiale druk om mee te doen nie soseer 'n faktor nie, maar wel die feit dat jongmense kwesbaar is en sosiale aanvaarding en ondersteuning kry wanneer hulle drank gebruik of selfs misbruik. Daar is ook aanvaarding en verdraagsaamheid teenoor die gebruik van alkohol, tabak en ander dwelmmiddels (Rocha-Silva *et al.*, 1996: 37, 77).

Beraders behoort kennis te neem van negatiewe maatskaplike gevolge van drank en dwelmverslawing. So het navorsing in 2000 getoon dat van alle sterfgevalle in Suid-Afrika 7,1% alkoholverwant is, 39% is a.g.v interpersoonlike geweld, 18,4% is a.g.v. , neuro-psigiatriese toestande en 14,3% is die gevolg van padongelukke (Schneider *et al.*

2000:664). Daar is 'n ook 'n korrelasie tussen seksuele aktiwiteit en alkoholmisbruik - byna een uit elke vyf MIV-pasiënte misbruik alkohol en ander dwelms (Parry, 2004**b**:1) wat potensiele gevare inhou vir besmetting met en oordrag van MIV/VIGS (Rocha-Silva *et al.* , 1996: 61, 81; Parry, 2004**a**:1; Morejele, 1997:214).

Kultuur-sensitiwiteit en kultuurgerigtheid is 'n Bybelse beginsel. Ook by verslawingsparadigmas en hulpverlening aan mense met verskillende vorme van verslawing moet rekening gehou word met die verskeidenheid van kulture van mense wat kom vir berading. Beraders moet ook op hoogte wees en gedurig op hoogte bly van sosio-kulturele omstandighede.

### 4.2.5 Sielkundige denkwyses en paradigma-vorming

Sielkundiges het bepaalde sienings van die mens en van verslawings, en hierdie sienings het die vorming van verslawingsparadigmas beinvloed. Dit is nodig om te kyk na die opkoms van die sekulêre psigologie, want soos Hurding (1995:80) opmerk, het sielkundige denkwyses of denkskole (Bezuidenhout, 2005:40) 'n duidelike invloed op die kerk en pastorale sorg en het dit talle debatte tot gevolg gehad wat tot vandag nog voortduur. Hurding (1995:81-82) bestudeer 'n aantal stelsels soos behaviorisme, psigoanalise en transpersonalisme wat elk 'n eie beskouing oor die innerlike en uiterlike aspekte van die menslike natuur en van verslawings het.

Volgens Viljoen (2003**a**:36) is daar onder die groep psigoloë van Freud tot Frankl (Freud, Jung, Adler, Erikson, Skinner, Dollard en Miller, Bandura, Sheldon, Murray, Allport, Maslow, Rogers, Kelly en Frankl) net vyf, naamlik Viktor Frankl, William James, Carl Jung, Abraham Maslow en Gordon Allport wat godsdiens as 'n integrale deel van die totale psigiese funksionering van die mens betrek.

Freud het wel aandag geskenk aan godsdiens maar dit gesien as 'n neurotiese uiting van die mens. Hy het 'n messiaanse obsessie gehad (Bezuidenhout, 2005:40) en die erfsonde aangepas by sy teorie van die onderbewussyn (Bezuidenhout, 2005:40). Volgens Viljoen (2003**c**:93-94) is Jung een van die weiniges wat ruimte laat vir die geestelike dimensie en religieuse worsteling. Jung erken die belang van godsdiens. Vir hom kan alle godsdienste teruggevoer word na 'n God-archetipe. Viljoen (2003**b**:45) sê

dat Horney , Fromm en Sullivan klem gelê het op sosiale en kulturele faktore as determinante van gedrag.

Navorser wil hier net enkele sielkundige denkwyses hanteer, naamlik behaviorisme, humanisme, logoterapie, determinisme en sosiale leer, omdat navorser van mening is dat hierdie sienings nouer saamhang met die fokus van die navorsing as ander denkwyses.

#### 4.2.5.1 Behaviorisme

Onder teoretici wat leer en omgewingsinvloede as die belangrikste faktore in die vorming van persoonlikheid sien, bespreek Meyer (1990**a**:181-219) vir Skinner, Dollard en Miller en Bandura . Hulle is aanhangers van die sielkundige skool wat bekend staan as behaviorisme. John Watson word as die vader van behaviorisme gesien. Skinner het die mees ekstreme vorm van behaviorisme ontwikkel (Meyer en Moore, 2003**b**:284-286). Volgens Jordaan en Jordaan (1992:20) was die Amerikaner John B. Watson. die leier van die behavioriste Watson het mens en dier se gedrag gesien as bloot 'n produk van omgewingsgebeure. Hy het gesê dat hy 'n dosyn gesonde jong kinders sal neem en hy sal hulle op sy bepaalde manier grootmaak om enigiets te word wat hy verkies: 'n dokter, 'n prokureur, selfs 'n bedelaar of 'n dief. Hy het oorerwing as van baie min of geen belang gesien nie. Vir hom was die enigste verskil tussen 'n mens en 'n dier die feit dat die mens 'n bewussyn het. Skinner was 'n voorstander van gedragsmodifikasie deur beloning en straf (Sadock en Sadock, 2003:227).

Ekstreme behaviorisme se siening van die wetenskap verdien spesiale vermelding omdat dit so radikaal verskil van die Christelike siening. Volgens hulle kan slegs gedrag wat kenbaar is, wat waarneembaar is deur die mens se sintuie, wetenskaplik ondersoek word. Onwaarneembare verskynsels wat net by mense voorkom soos gedagtes, gevoelens en waardes kan nie wetenskaplik ondersoek word nie en daarom verkies hulle om diere te ondersoek. Dit strook ook met hulle evolusionistiese standpunte (Viljoen, 2003**d**:255-256).

Ernstige waarskuwings teen ekstreme behaviorisme word geopper, onder andere deur Graham (1995:1). Hy sê die keuse van 'n metode van motivering tot verandering hang af van voorveronderstellings: hoe sien jy die mens voor jou? Die berader of terapeut se

siening van die mens bepaal sy metode. Die behavioriste sien die mens se gedragsprobleem as iets van buite: verander die omgewing-stimuli en die mens se gedrag sal verander. Die Bybelse berader sien die mens as geskape na Gods beeld met 'n ewige siel, die mens kan rasioneel dink en keuses met sekere implikasies maak. Die mens se gedrag is die uitwendige vrug van 'n inwendige wortel (Spreuke. 23:7 en Jakobus 1:14-15).

Graham gaan voort: Bybelse berading glo nie dat gedragsmodifikasie enige ware verandering kan bring nie. "The idols of the heart must be addressed". Die doel van berading moet wees dat die beradene al meer soos Christus word in denke en gedrag. Adams se gedragskontrak is vir Graham 'n instrument om die beradene te help om so te verander om al meer te lewe soos God wil (1 Tessalonisense 4:1). Graham wys op die volgorde in genoemde teks: God se eer kom eerste, die voordeel vir die beradene kom daarna. Behaviorisme soek veranderde gedrag slegs tot voordeel van die beradene. Vir hulle is die standaard die beradene self en die samelewing. Die Bybelse berader vra egter nie : "Watter veranderinge wil JY maak?" nie, maar : "Watter veranderinge wil GOD hê dat jy moet maak? Die standaard in hierdie geval is die Skrif. Volgens Graham beroof behaviorisme die beradene van hoop en is hy gedoem tot 'n lewenslange stryd met sy omstandighede. Dit verlaag die mens tot die vlak van 'n apie wat 'n piesang kry vir die regte gedrag en 'n elektriese skok vir verkeerde gedrag. Die Bybelse model vra in teenstelling hiermee dat die beradene met God moet saamstem en Bybels moet dink. So help die gedragskontrak om Bybelse denke toe te pas op gedragsverandering: Volgens die Skrif begin voortgaande heiligmaking in die mens se innerlike en beweeg van daar na buite. Behaviorisme spreek die vlees van die mens aan, Bybelse berading doen 'n beroep op die gees van die mens (Graham, 1995:2-3).

Jordaan en Jordaan beweer (1992:29) dat sommige sielkundiges in die vroeë sestigerjare die beperkinge van die behaviorisme begin insien het, en mettertyd het die kognitiewe stroming ontwikkel. Hiervolgens moet sielkundiges ook die geestesprosesse soos denke, keuses en waarneming bestudeer. Hierdie prosesse moet gesistematiseer word, aanvoelinge moet ontwikkel word oor die mens se aard en dit alles moet blootgelê word deur gepaste objektiewe metodes.

Kognitiewe gedrag-terapie is volgens Anderson *et al.* (2000:105-107) deel van behaviorisme: Alhoewel die mens min beheer het oor sy emosies, kan hy verander hoe hy dink en kies hoe hy wil glo. Die mens se emosies is 'n produk van hoe hy dink. Anderson *et al.* (wat ten gunste is van die integrasie van Bybelse beradingsbeginsels met sekulêre sielkunde) het die sekulêre idee van kognitiewe gedragsterapie geneem en dit "ver-Christelik" . Hulle baseer hul model op verse soos Romeine 12: 2, dat mense moet verander deur hulle denke te vernuwe, en 2 Korintiërs 10:5:"... om elke gedagte gevange te neem en dit aan Christus gehoorsaam te maak" . Zuehlke het Skinner se behavioristiese verklaring van menslike gedrag aangepas na wat hulle 'n Bybelse model van kognitiewe gedragsterapie noem. Waar Skinner menslike gedrag gereduseer het tot stimulus (A) en respons (B) voeg Zuehlke 'n derde element, (C) vir "belief system", by. Die metode behels die volgende : 'n negatiewe gevoel of gedrag moet geïdentifiseer word; daana moet geïdentifiseer word wat die spesifieke gevoel of gedrag veroorsaak het en laastens word dit aan geloof gekoppel om sodoende agter te kom of die persoon se denke oor 'n bepaalde saak kan verander (Zuehlke, 2000:223-227). Daar moet by die hart van die beradene uitgekom word: Christen-terapeute sal dalk vir hul kliënte sê: "Maak so en so en jy sal beloon word" . Dit lei tot wettisisme en plaas die klem op uiterlike gedrag sonder om by die innerlike motiewe uit te kom – dit bring selde blywende vrug voort (Anderson *et al.,* 2000:146).

Dit moet gemeld word dat navorser hier wil waarsku teen ekstreme behaviorisme, 'n eensydige beklemtoning van gedragsmodifikasie en enige metode waar die mens, en dus ook die mens met verskillende vorme van verslawing, tot die vlak van 'n dier verlaag word. Tog is daar talle plekke in die Bybel waaruit dit duidelik is dat die regte gedrag belangrik is. Voorbeelde hiervan is in Genesis 4:7 waar God vir Kain daarop wys dat om goed te doen verkieslik is bo om nie die goeie te doen nie, en in Lukas 3:7-14 waar Johannes die Doper vir die mense sê wat die regte dinge is om te doen. Die afleiding is dus dat gedrag belangrik is. In latere hoofstukke sal navorser aantoon hoe Efesiërs 3:17-21 gebruik kan word om mense met verskillende vorme van verslawing te help om verkeerde gedrag af te lê en regte gedrag aan te leer. Navorser glo (soos dit

ook later duidelik sal word) dat verkeerde denkpatrone by mense met verskillende vorme van verslawing terselfdertyd aangespreek moet word en dat sy dus ten gunste is van Bybelsgefundeerde kognitiewe gedragsterapie.

#### 4.2.5.2 Humanisme

Die humanisme het in die sestigerjare beslag gekry onder 'n groep sielkundiges (Jordaan en Jordaan, 1992:32). Hulle was teen die ontmensliking van die mens in die behaviorisme en die psigoanalitiese benadering. 'n Eksponent van die humanisme was die eksistensie-filosoof Jean-Paul Satre. Jordaan en Jordaan skryf (1992:828) dat binne die Satreaanse filosofie God nie bestaan nie, en dit impliseer dat die mens dus nie deur God geskep is nie. Vir die humaniste is die subjektiewe belewenisse van die mens 'n noodsaaklike bron van inligting. Hulle wil die mens in sy wêreld verstaan en akkuraat beskryf en kyk na die groter geheel. Bezuidenhout het die humanistiese agtergrond en beskouings van Rogers bestudeer (2005:71-85) en tot die gevolgtrekking gekom (Bezuidenhout, 2005:85) dat hy propageer dat die mens vry is om te kies uit moontlikhede soos dit daagliks na vore kom, sonder om aan 'n hoër gesag verantwoording vir sy keuses te doen.

Meyer en Moore (2003**a**:330-331) beskryf die humanistiese benadering van psigoloë soos Maslow, Allport, Rogers, Kelly en Frankl soos volg: Die humanistiese sielkunde neem as basiese model die verantwoordelike mens wat vrylik kan kies tussen die moontlikhede tot sy beskikking. Die mens word gesien as 'n persoon wat voortdurend met 'n proses van groei besig is; die individu is 'n menswaardige wese wat hom onderskei van lewelose dinge en diere en die mens is van nature basies goed of ten minste neutraal. Al word daar volgens die humanistiese model erkenning gegee aan die feit dat die mens sy eie gedrag kan bepaal, word daar ook erkenning verleen aan die rol van oorerwing en omgewing.

Humanisme is die laaste klompie jare die dominante wêreldbeskouing . Volgens 'n humanistiese siening hoef die mens nie aanspreeklikheid te aanvaar vir persoonlike sondes nie en die meeste tragiese gebeurtenisse is bloot te wyte

aan probleme in sosiale strukture. Die oplossing vir die kwade is byvoorbeeld om opvoeding en onderwys te verbeter , armoede uit te roei en oorheersing te verminder. Wanneer al hierdie probleme opgelos is, sal die gemeenskap en die mensdom I, volgens humanistiese beskouings, perfek wees. (Anderson *et al.*, 2000:31).

Humanisme moet nie met medemenslikheid verwar word nie. Die mens met verskillende vorme van verslawing moet voortdurend verseker word daarvan dat die berader in liefde by die waarheid sal bly (Efesiërs 4: 15). Humanisme was een van belangrikste punte van kritiek wat Adams (1970:82) geopper het teen die sekulêre sielkunde van Rogers: "It begins with man and ends with man. Man is his own solution to his problems." Een van die groot probleme met humanisme is dat dit die mens in die plek van God stel, dat dit selfgesentreerdheid bevorder en die Bybelse siening van die mens verdraai (Adams, 1979:95-96). Motivering tot verandering wat nie voortgebring is deur die Heilige Gees nie, is humanisties en is nie tot eer van God nie (Adams, 1970:68). 'n Subtiele invloed van humanisme is volgens Adams om om verskoning te vra in plaas van om sonde te bely (1979:222).

#### 4.2.5.3 Logoterapie

Mense wat verskillende vorme van emosionele of fisiese pyn en lyding beleef, neem dikwels hulle toevlug tot een of ander verslawingsmiddel. Ander soek na maniere om die pyn te verdra sonder om van middels gebruik te maak. Logoterapie van Viktor Frankl is een manier van verwerking van pyn en lyding wat die sekulêre wêreld aanbeveel (Shantall, 2003:450). Frankl se logoterapie lê klem op hoop en dat 'n mens se lewe betekenis het (Galanter, 2006:290; Grodzicki en Galanter, 2005:3).

Frankl (Anon., 2007) is as die seun van Joodse ouers in in 1905 in Oostenryk gebore (Shantall, 2003:432). Hy het hom as neuroloog (Pytell, 2000:285; Coetzer, 1990:14) en psigiater bekwaam. Tydens sy studiejare het hy belangstelling getoon in die sielkunde van veral Adler en Jung.

In 1942 is hy tydens die Tweede Wêreldoorlog saam met sy familie na een van die konsentrasiekampe geneem. Hier is hy op grond van sy mediese kennis as

kampgeneesheer aangestel. Hy moes onder andere ook omsien na mense wat geweldig depressief was vanweë die omstandighede en gedreig het om selfmoord te pleeg. Dit was as gevolg van sy eie lyding en die van ander in hierdie kampe dat hy sy teorie en metode van hulp gevorm het:, naamlik: die mens kan selfs in die mees pynlike, haglike en onmenslike omstandighede betekenis aan die lewe heg en sin kan maak van die lewe selfs te midde van lyding. Hy het dit "logoterapie" genoem, 'n tipe eksistensiële analise (Pytell, 2000:287; Faller, 2001:27; Shantall, 2003:444) wat sterk gegrond is op sienings van Freud en Adler (Pytell, 2000:29). Sy logoterapie berus basies op die volgende sieninge: Die lewe het onder alle omstandighede, selfs onder die mees ellendige omstandighede, betekenis; die mens se hoogste motivering om te lewe berus op sy wil om betekenis te vind in die lewe; die mens is onder alle omstandighede vry om standpunt in te neem. In sy logoterapie onderskei Frankl tussen dryfvere en strewes. Die mens word volgens hom nie soseer gedryf nie soos 'n dier nie, maar streef eerder 'n doel na (Faller, 2001:28).

Frankl het deur sy teorie internasionale bekendheid verwerf. In 1991 is sy boek "Man's search for meaning" benoem as een van die tien mees invloedryke boeke in Amerika (Pytell, 2000:281).

Pytell (2000:299-301) debatteer beskikbare feite oor die kamplewe van Frankl en kom tot die konklusie dat Frankl weens sy posisie as dokter en terapeut nie aan die uiterste ellende van die strafkampe soos die ander gevangenes blootgestel was nie. Volgens hom is dit nie die volle waarheid dat Frankl self die ergste vorms van lyding ervaar het nie. Dit mag wel wees dat sy logoterapie ander gevangenes gehelp het om die ellende te verwerk en emosioneel te oorleef.

Die soeke na sin in die lewe het vir Frankl niks te doen gehad met die soeke na God of selfs spiritualiteit nie. Frankl se logoterapie is hoogstens spiritueel in die sin dat mense moet glo in die voorsienigheid (Pytell, 2000:300). Frankl se boek "Man's search for ultimate meaning" is volgens Frankl self 'n uitbreiding van sy eie gunsteling onder sy boeke "The unconscious God". Tot navorser se teleurstelling openbaar Frankl by die skryf van hierdie boek nog steeds 'n erg verskraalde beeld van God : "God is the partner of our most intimate soliloquies. That is to say, whenever you are talking to

yourself in utmost sincerity and ultimate solitude, - he to whom you are addressing yourself may justifyably be called God" (Frankl, 2000:151).

Die verwerking van swaarkry en lyding is ook van belang vir die mens met verskillende vorme van verslawing, omdat hulle dikwels juis hul onvermoë om lyding te verwerk, die skuld gee vir hul drank- of dwelmgebruik. Louw (2000:11, 175) erken die belangrikheid van die baanbrekerswerk wat Frankl gedoen het. Navorser doen dit ook, maar net soos Louw wat verder as logoterapie gaan met sy promissioterapie (2000:175) wil navorser ook daarop wys dat daar meer te sê is oor die sin van lyding as Frankl se logoterapie. In 5.4.4 sal 'n Bybelse siening van die verwerking van pyn en lyding voorgestel word.

#### 4.2.5.4 Determinisme

Viljoen (2003**a**:25) definieer determinisme as die filosofiese aanname dat 'n gegewe psigiese verskynsel altyd deur spesifieke faktore bepaal word. Daar kan onderskei word tussen kulturele determinisme (waar beweer word dat gedrag bepaal word deur kulturele tradisies en gewoontes van 'n mens se omgewing) en biologiese determinisme, (waar oorgeërfde eienskappe menslike gedrag bepaa) l. Nie een van hierdie twee uiterstes word vandag deur gedragsnavorsers onderskryf nie (Sadock en Sadock, 2003:167).

Determinisme staan teenoor teoretiese beskouings wat individuele funksionering en verskeidenheid eerder aan die werking van persoonlike vryheid en die menslike wil toeskryf. Volgens Meyer (1990**b**:282-283) onderskei Murray die volgende omgewings-determinante: fisiese omgewing; groep-lidmaatskap bv. vriendekring of taalgroep; rol-determinante (bv eise wat beroep aan mens stel); en situasionele determinante (toevallige gebeurtenisse). Determinisme sien die persoon as 'n slagoffer van moeilike omstandighede: Verwerping as kind deur ouers word bv. as verskoning aangevoer vir dwelmgebruik (Combrink, 2003:19-20).

Vir Adams (1979:123-125) is determinisme onaanvaarbaar omdat dit presies die teenoorgestelde is van die Bybelse begrip van verantwoordelikheid . Dit ontken ook die unieke aard van die mens omdat dit geen ruimte laat vir die beeld van God in die mens nie. Determinisme maak van die mens niks meer as 'n dier nie. Op 'n vraag of verordinering en predestinasie nie dieselfde is as determinisme nie, antwoord Adams ontkennend: God is alwys, almagtig en alwetend en kan die mens se toekoms bepaal

op so 'n wyse dat dit nie die mens se reg om verantwoordelike keuses te maak, weg neem nie. Verder het God die mens na sy Beeld geskape. Een van die aspekte van die mens se persoonlikheid is moraliteit. God het bepaal dat Sy Wil sal geskied - nie buite om die mens se vryheid van keuse nie - maar juis deur sy keuses. God se predestinasie is dus (in teenstelling met die noodlot of blote onpersoonlike ateleologiese kragte) die faktor wat morele, verantwoordelike gedrag in die mens handhaaf en volhou. God is 'n morele Persoon. As predestinasie deterministies was, sou die mens geen verantwoordelikheid of verantwoordbaarheid gehad het nie. Freud en Skinner hou nie rekening met die mens se verantwoordelikheid nie – iets wat die Skrif op talle plekke doen (1979:126).

'n Nie-Christelike benadering soos dié van Skinner en Rogers skryf mense se probleme toe aan gebrekkige sosialisering, mislukking om die volle potensiaal te bereik en swak gedrag teenoor andere. Die nie-Bybels oplossing wat hulle bied is dinge soos her-sosialisering, her-kondisionering en die vind van oplossings by ander en by sigself (Adams, 1973:73).

Powlison (2001b) is ook teen determinisme en sê dat mense wel in situasies beland wat druk op hulle kan uitoefen nie, maar moeilike situasies is nie bepalend vir mense se lewens in die sin wat die sekulêre sielkunde verkondig nie. Mense se situasies is binne God se raadsplan en vir Sy soewereine doeleindes. Die berader is nie die persoon wat mense verander nie – net die Heilige Gees kan mense verander.

Determinisme is van belang by mense met verskillende vorme van verslawing omdat die blaam vir mense se verslawings dikwels op iets buite hulself gelê word, soos dat dit oorgeërf is of dat hulle 'n bepaalde afhanklikheidspersoonlikheid het. Aspekte soos hierdie sal later in hierdie hoofstuk bespreek word.

#### 4.2.5.5 Sosiale leer

Volgens Viljoen (2003d:259) word Bandura as een van die belangrikste verteenwoordigers van die sosiale leerteorie beskou. Bandura se leer kom op die volgende neer: Gedrag word hoofsaaklik verwerf deur omgewingsinvloede, veral sosiale invloede; genetiese faktore speel slegs 'n geringe rol; die verwerwing van gedrag en die

voortsetting van aangeleerde gedrag kan verklaar word aan die hand van kondisionering, waarnemingsleer, simboliese prosesse soos denke en verwagtings en selfregulerende prosesse soos selfversterking en self-straf (Meyer en Moore, 2003**a**:300-301, Sadock en Sadock, 2003:147). Volgens Meyer en Moore (2003**b**:294-295) gaan Bandura verder as gewone determinisme en kom uit by wederkerige determinisme: Daar is 'n gedurige wisselwerking tussen persoonlike, omgewings en gedragsdeterminante. Dit beteken dat die individu sy eie gedrag en ontwikkeling bepaal terwyl hy egter self deur omgewingsfaktore beïnvloed word. Terapie wat met sosiale leer verband hou is: modellering, desensitasie deur modellering en beloning van regte gedrag. Hy bring ook faktore soos verwagting en self-effektiwiteit in. Jordaan en Jordaan (1992:549) noem ook Bandura se observasieleer. Jordaan en Jordaan (1992:513-514) definieer leer as gedragsverandering wat spruit uit die formele leersituasie sowel as uit lewenservaring. Hulle bespreek vyf vorms van leer : klassieke kondisionering, operante kondisionering, assosiasieleer, kognitiewe leer en sosiale en morele leer.

Bandura self sê die volgende oor sy leer (1986:12) : Hy glo nie in die radikale behaviourisme van Skinner nie, maar is 'n voorstander van sosiaal kognitiewe teorie (1986:18). Hoe die mens as mens funksioneer, kan beskryf word in terme van 'n drietal determinante (gedrag, kognitiewe en persoonlike faktore en omgewing) wat wederkerig en bepalend op mekaar inwerk. Bandura (1986:21) sien die menslike natuur vanuit 'n sosiale kognitiewe perspektief as "a vast potentiality that can be fashioned by a direct and observational experience into a variety of forms within biological limits." Oor determinisme sê Bandura (1986: 22-23): "Social cognitive theory favours triadic reciprocal determinism". Die inwerking van die reeds genoemde drietal determinante is oneweredig en sal verskil van persoon tot persoon. Hy glo ook baie aan navolging van menslike modelle en wy 'n hele afdeling aan "observational learning" (1986: 47-105). Deur ander te observeer, vorm 'n mens reëls oor gedrag (1986:47).

### 4.2.6 Samevatting

Verskeie faktore beïnvloed die vorming van 'n paradigma. Die volgende sake is bespreek: werklikheidsvisie, geskiedenis, kultuur asook sekere sielkundige denkwyses, naamlik : behaviorisme, humanisme, logoterapie, determinisme en sosiale leer. In latere afdelings van hierdie hoofstuk sal getoon word dat daar wel elemente van

waarheid in elkeen van hierdie denkrigtings sit. Navorser stem egter saam met Bezuidenhout (2005:124) dat gereformeerde pastoraat en die moderne sekulêre sielkunde onversoenbaar is. Vir 'n kort vergelyking van die gereformeerde pastoraat en sekulêre sielkunde (Bezuidenhout, 2005:115) kan ADDENDUM A geraadpleeg word.

## 4.3 VERSLAWINGSPARADIGMAS WAT NIE BYBELSGEFUNDEERD IS NIE

### 4.3.1 Inleiding

In hierdie afdeling gaan 'n aantal verslawingspardigmas wat nie Bybelsgefundeerd is nie, soos "verslawing is nie my skuld nie", "verslawing is 'n siekte", "verslawing is oorgeëerf", "verslawing is die gevolg van omstandighede", "die persoon het 'n afhanklikheidspersoonlikheid", "die brein het dit gedoen" en "verslawing is as gevolg van breinspoeling" bespreek word.

### 4.3.2 "Verslawing nie my skuld nie"

Slegs 'n klein persentasie van die bronne wat vir hierdie navorsing gebruik is, verkondig dat verslawing sonde is. Die oorheersende siening in hedendaagse literatuur is dat verslawing 'n siekte is of dat dit geneties van oorsprong is.

Reeds in die eerste boek van die Bybel word beskryf hoe eie verantwoordelikheid ontduik word en die blaam op iets of iemand anders gepak. Toe God aan Adam vra of hy geëet het van die vrug van die boom waarvan hy verbied was om te eet, het hy die blaam geplaas op sy vrou (Genesis 3:12). Nadat God die vrou aangespreek het, het sy gesê dat die slang haar mislei het (Genesis 3:13). Nie een wou sy eie aandeel erken of die blaam dra nie. Om die skuld op iemand of iets anders te pak of verantwoordelikheid te ontduik, kom voor by by elkeen van die sienings wat hierna behandel gaan word.

### 4.3.3 "Verslawing is 'n siekte"

Dit is noodsaaklik dat die vraagstuk of verslawing 'n siekte is, deeglik nagevors en deurdink word, aangesien dit direkte en belangrike implikasies vir hulpverleningsmetodes het. Die mees algemene beskouing vandag is dat verslawings, soos bv. Alkoholisme, 'n siekte is. Welch (2001**a**:19-20) stel dit so: Die siekte-metafoor is tans die heersende metafoor en dit waak jaloers oor hierdie posisie.

Coombs *et al.* (2001:104-105) beweer dat Rush, die stigter van die American Psychiatric Association, alreeds in die laat agtiende eeu alkoholisme as 'n siekte beskou het. In 1965 het die American Health Association (AMA) dit beaam en gesê dat alkoholisme die aandag van geneeshere moet kry. Jellinek, wat nou saamgewerk het met die stigter van AA (Alcoholics Anonymous), het tot die gevolgtrekking gekom dat alkoholisme 'n siekte is net soos ander dwelmverslawings. Welch (1998:189-190) beskryf die ontstaan van die siening dat alkoholisme 'n siekte is, soos volg: Wilson, die stigter van *Alcoholics Anonymous* (hierna genoem : AA) het in die 1930s alkoholisme met siekte vergelyk en gesê dit is ***soos*** 'n siekte. Hierdie metafoor het met verloop van tyd die woordjie <u>soos</u> verloor, en "Alkoholisme ***is*** 'n siekte" geword. Hierdie siening dat dit 'n siekte is, het - volgens die AA - gehelp dat mense meer openlik raak oor hul probleem.

Alkoholisme is 'n baie komplekse probleem - Siekte of sonde? Volgens Rea is albei partye reg en albei verkeerd. Alkoholisme is in die meeste gevalle die gevolg van sonde, maar daar is 'n punt waarby dit 'n siekte word (Rea, 1956:41; Jellinek, 1960:45). Die alkoholis het waarskynlik gekom waar hy is weens die sonde van trots en ook omdat hy die stem van sy gewete geïgnoreer het. Die pad van die alkoholis is in die meeste gevalle deur homself gekies (Rea, 1956:123). Jellinek is die eerste persoon wat die term "die siekte konsep van alkoholisme" gebruik het (Anon., 2007.) Jellinek glo dit sal beter wees as die vraag "Is alkoholisme 'n siekte?" verander word na "Wanneer is alkoholisme 'n siekte?" . Indien alkoholisme as 'n siekte beskou word, is dit 'n siekte wat die persoon oor homself bring (Jellinek, 1960:45).

Ook Cook worstel met hierdie vrae: "Disease and sin are not mutually exclusive categories"(Cook, 2006:126) en hy vra ook wanneer "gebruik" verander in "misbruik". Hy kom tot die slotsom dat dit sonde word wanneer die begeerte na drank so sterk word dat dit begin kompeteer met God se roepstem (Cook, 2006:51). Sprigss bespreek die terme "helder denke" en outonome besluite" en kom tot die slotsom dat daar tye is dat verslaafdes nie helder kan dink nie en nie outonome keuses kan maak nie (Spriggs, 2003:545). Die verslaafde kan nie ophou nie al weet hy dit is skadelik (Spriggs, 2003:548).

Rea gee 'n besondere treffende beskrywing van wat gebeur in die drinkproses:

*First the man takes a drink; then the drink takes a drink; then the drink takes the man". (Sjinese spreuk, 1956:40).*

Verskeie navorsers het probeer om mense volgens die omvang van hul drankprobleem in subtipes op te deel (Sadock en Sadock, 2003:402-403). Jellinek onderskei vyf - wat hy noem - spesies ("species") van alkoholisme. Sy losse definisie (in sy eie woorde: "loose definition") van alkoholisme is dat dit enige gebruik van alkoholiese dranke is wat enige skade aan die maatskappy veroorsaak. Hy wil juis so 'n los definisie gebruik want die vaagheid daarvan maak dit moontlik om onderskeid te tref by sy indeling :

**Alfa alkoholisme:** dit is die vroegste stadium van die siekte, waar daar 'n volgehoue psigologiese afhanklikheid is van die effek van alkohol om fisiese of emosionele pyn te verlig. Dit is die sogenaamde probleemdrinker, wie se drinkery sosiale en persoonlike probleme veroorsaak. Hierdie mense kan ophou as hulle wil en het volgens Jellinek dus nie 'n "siekte" nie (Jellinek, 1960:36).

**Beta-alkoholisme**: Hierdie mense drink baie, byna elke dag. Hulle mag lewersirrose hê, maar sonder fisiese afhanklikheid of onttrekking simptome . Hierdie groep het ook nie 'n siekte nie (Jellinek, 1960:37).

**Gamma-alkoholisme:** By hierdie groep is daar fisiese afhanklikheid en verlies van beheer. Daar is al onttrekking simptome en smagting na drank ("craving"). Hier het die drinkery al in 'n siekte ontwikkel (Jellinek, 1960:37).

**Delta-alkoholisme** is soos by die gamma-groep, maar hulle is bloot nie in staat om hul van drank te weerhou nie. Daar is egter nie verlies van beheer soos by die vorige groep nie. Inwoners van wynproduserende lande soos Frankryk val in hierdie groep (Jellinek, 1960:37).

**Epsilon-alkoholisme** is die mees gevorderde stadium, waar dit beslis 'n siekte is en dit manifesteer as in - wat hy noem - "dipsomania" . Hier het die persoon totale beheer oor sy of haar inname van alkohol verloor (Jellinek, 1960:37).

Die pastor wat sê dat dit vanweë sonde is, is reg wat sy etiologie betref maar sy terapeutiese benadering is verkeerd. Sommige mense het 'n fisiologiese tekort, ander het psigologiese eienskappe wat hulle meer vatbaar as ander maak en dit moet dienooreenkomstig behandel word (Rea, 1956:41). Dit dien geen doel om eers met morele verantwoordelikheid te begin nie. Die verslaafde het 'n punt bereik waar hy nie

meer gehoor **kan** gee aan sy gewete nie. Dit is in hierdie verband belangrik om te hoor wat Paulus sê met verwysing na Romeine 7: "Ek behoort dit te doen, maar ek kan nie" . (Rea, 1956:122-123). Rea wys ook op die belangrikheid van morele verantwoordelikheid. Dit is verkeerd om klem te lê daarop dat die mens eie pogings moet aanwend in plaas daarvan om die vrye geskenk van genade aan die gevalle mens voor te hou. Rea (1956: 130) maan teen moralisme en sê dat om te moraliseer, die mens met verskillende vorme van verslawing net dieper in sy sonde kan laat sink. Dit is beter om vir die persoon te vertel om op te hou om self te probeer. Wanneer alkoholisme 'n sekere punt bereik het, kan die gewoonte nie meer deur die goeie voornemens van die drinker gestop word nie. Die persoon het behandeling nodig, nie straf en veroordeling nie en sy probleem moet verstaan word (Jellinek, 1960:172). By die vraag na watter terapeutiese benadering gevolg moet word, verwys Rea na Christus se benadering van die vrou wat in owerspel betrap is (Johannes 8:1-11): Hy wys haar op haar sonde, maar skep direk daarna hoop deur te sê dat sy nie meer moet sondig nie. Dit is nie net 'n opdrag nie, maar ook 'n versekering dat God genadig is en dat daar hoop is. Die Christelike geloof het te make met sonde, nie sondes nie. Sonde is opstand teen God en die gevolg daarvan is vervreemding van God en disharmonie. (Rea, 1956:124).

Daar moet gewaak word teen eensydige sienings. Volgens Combrink (2003:20) is die Mediese of Biologiese Model 'n eensydige verklaring en beteken dit dat 'n persoon gesien word as die slagoffer van sy gene. Deur so te dink word die blaam verplaas na 'n onstabiele liggaam en in besonder die disfunksionele brein. Cook (2006:197) praat van "the outdated moral model", wat weer 'n ander uiterste belig.

Steyn en Verwey (1998:338) sien die mens as 'n bio-psigo-sosio-religieuse eenheid. Volgens hulle het verslawing wel 'n biochemiese basis. Daar is gevind dat mense met verskillende vorme van verslawing lae energievlakke en biochemiese tekorte het. Die tekorte veroorsaak ongemak en mense vind energie-opwekking in dinge soos rook, voedsel, alkohol of dagga. Die behandeling van hierdie tekorte (Steyn en Verwey, 1998:389) sluit in koënsiem-aanvullings om moontlike wanbalanse in sekere neurotransmittervlakke te moduleer wat aangevul word deur geïndividualiseerde diëte. Daar moet egter gewaak word daarteen om energietekorte as 'n verskoning te gebruik vir verslawing. Combrink meen (1998:385) dat indien verslawing bloot as 'n

biogenetiese probleem gesien word, kan daar moeilik sprake wees van persoonlike verantwoordelikheid, sondebesef en genade. Steyn en Verwey se model is sterk-medies georiënteerd.

Wat hulpverlening betref, is hierdie aspek belangrik omdat dit te make het met die "lokus van kontrole" . 'n Interne lokus van kontrole beteken dat 'n mens keuses kan maak en self beheer oor sake het, terwyl 'n eksterne lokus van kontrole beteken dat 'n mens die aangeleentheid nie self kan beheer nie (Martin en Otter, 1996:122-123, Anderson *et al.*, 2000:57). Om verslawing as 'n siekte te sien, het te make met 'n eksterne lokus van kontrole, iets buite die mens se beheer (Martin en Otter, 1996:121; Cook, 2006:3). Indien die oorsaak van die siekte in die hande van die slagoffer is, word dit 'n morele kwessie van die wil. Die oplossing sal dan ook heel anders wees. (Pieterse, 1998:112).

#### 4.3.4 "Verslawing is oorgeërf"

Volgens Swanson (1994:381) is die populêre idee dat mense as verslaafdes gebore word, nie net onbybels nie, maar daar is ook glad nie eenstemmigheid in mediese kringe daaroor nie. Smith (2004:1) en Bobgan en Bobgan (1991:86) beaam dit. Wickert (1999:2) verklaar dat familiegeskiedenis en ondersoeke van tweelinge nie bo redelike twyfel bewys het dat genetiese faktore 'n rol speel nie.

Adams (1981:37) verwoord sy teenkanting teen die oorerwing- en/of siekte-model so: Jy doen die beradene nie 'n guns deur sy sonde 'n siekte of 'n oorgeërfde probleem te noem nie. Die beste ding om te doen, is om die waarheid te vertel. Daar is hoop wanneer 'n saak korrek geëtiketteer word ("There is hope in correct labelling"). Siekte verwys na 'n geneesheer, sonde na Jesus.

Volgens Carr (2003:18) is die implikasie van die siening dat verslaafdes geneties anders as ander mense is "... quite astounding ... it means that the actual alcohol is just a side issue. You can be an alcoholic without ever having drunk alcohol!" Hy wys ook daarop dat dit soms baie jare duur voordat 'n persoon werklik verslaaf is, wat nie rym met ander oorgeërfde eienskappe nie.

Navorsing toon dat daar wel oorerflike faktore by alkoholisme mag wees, maar dat daar nie afdoende bewyse is by navorsing ten opsigte van ander verslawings nie (Sadock en Sadock, 2003:387). Kinders van alkoholiste wat deur ander grootgemaak is het 'n 25% groter kans om ook alkoholiste te word (Sadock en Sadock 2003:1287) - [Dit word nie hier gemeld hoe oud die kinders was tydens die skeiding nie, en of ander faktore soos stres by die kinders weens die skeiding, ook in ag geneem is nie – Navorser]. Oorerwing kan wel in 'n ander sin 'n rol speel. Combrink (2003:6-7) dui aan dat ensiemtekorte, veral die koënsiem NAD (nikotinamied adenien dinokleotied) ontstaan deur oorerwing, verwerwing en induksie. Hierdie tekorte kan met patologiese toetsing bepaal word. Sodanige tekorte word ervaar as ongemak en moegheid. Dit is wel waar dat geneties bepaalde energietekorte druk plaas op 'n persoon. Om die interne druk van 'n onstabiele liggaam te verlig, neem sommige mense hul toevlug tot verslawings.

#### 4.3.5 "Verslawing is die gevolg van omstandighede"

Hier kan verwys word na bewerings oor aangeleerde gedrag en die navolg van rolmodelle soos dit onder andere gevind word in Bandura se sosiale leerteorie en determinisme.

'n Sosiologiese siening van verslawing sal fokus op hoe mense se omstandighede bydra tot hul verslawingsprobleme. Volgens Akers (1992:6-7) word die mens gesien as sosiale wese en aspekte soos die volgende word beklemtoon: sosiale patrone, bestudering van verskillende groepe, kulture en samelewings en sosiale strukture soos gedefinieer deur ouderdom, geslag, godsdiens, etniese agtergrond en status in die samelewing. Selfs biologiese en persoonlikheidsfaktore word sosiologies verklaar as produkte van die algemene sosiale struktuur en kultuur en die groepe en sosiale situasie waardeur individue gekonfronteer word. Dit sluit ook in sake soos sosiale kontrole, self-agting, sosialiseringsteorie en die sosiale leerproses.

Welch (1997:40-41) waarsku teen die toegee aan groepsdruk en teen wat hy "people pleasing" noem. Wanneer 'n persoon gedurig ander mense wil tevrede stel, word die persoon beheer deur 'n aanhoudende sug daarna om aanvaarbaar te wees vir ander. Hy wys daarop (1997:44-45) dat mense afgod-status in 'n persoon se lewe kan kry. Dit manifesteer sigself in skaamte-vrees, vrees vir verwerping en 'n ongesonde behoefte aan aanvaarding. 'n Voortdurende sug na self-belang, self-waarde en self-agting moet

ontmoedig word, want die Bybelse boodskap is volgens Welch (1997:146-147) dat Jesus Christus nie gesterf het om ons self-agting te verhoog nie maar om ons van die vloek van sonde te verlos. Die Skrif praat van selfverloëning en nie van beter voel oor onsself nie. Volgens Welch (1997:192-193) kan vrees vir mense verskillende benamings hê soos ko-afhanklikheid in die geval van volwassenes, groepsdruk in die geval van tieners en skaam wees by kleiner kinders. In al die gevalle dui dit op dieselfde afgodiese hartsgesindheid, naamlik die vrees vir verwerping deur mense. Vir Mac Arthur (1994**b**:112) kom dit daarop neer dat wat mense sê, meer gevrees word as wat God sê. Om die self te behaag is belangriker as wat God mishaag.

Mense met verskillende vorme van verslawing kan moontlik verwerping deur hul ouers of hul huislike omstandighede die skuld gee vir hul verslawing. Adams (1981:55) maan daarteen om ander te blameer en 'n houding te hê van: "As ander beter optree teenoor my, sal ek ook 'n beter mens wees". Volgens hom beteken dit dat 'n Bybelse beginsel verdraai word: In plaas daarvan dat 'n mens sy eie lewe verloor vir Christus en die evangelie, soek die persoon self-bevrediging ("self-gratification").

Akers se model (1992:7-9) leun swaar op sosiologiese, sosiaal-sielkundige en sosio-kulturele perspektiewe. Die oorsake van verslawing word gesien as maatskaplik, soos skielike maatskaplike verandering, verstedeliking en industrialisasie. Ander faktore wat volgens Akers (1992:11-13) 'n rol speel, is selfagting, groepsdruk en swak affektiewe en emosionele bande met familie en vriende. Akers se standpunte fokus verder sterk op Bandura se sosiale leerteorie: Verslawing-gedrag word dikwels aangeleer deur ander na te aap of in 'n groep na te volg. Akers se behandelingswyse sal verderaan in hierdie hoofstuk onder hulpverlening aangeraak word.

Miller (1999:5-7) gee 'n uiteensetting van verskillende verslawingsmodelle soos die morele, mediese, sosiokulturele en drie psigologiese modelle, naamlik die psigodinamiese, persoonlikheidseienskaps-, en die gedragsleer-model. Hy is nie voorskriftelik nie en doen aan die hand dat wie ook al berading wil doen of terapie wil toepas, na goeddunke 'n keuse moet maak. Volgens hom (1999:7) kan kennis van verskillende

teorieë van verslawing ook meewerk tot 'n meer holistiese benadering. Hy is 'n voorstander (Miller, 1999:6) van goeie opleiding van terapeute en vra vir meer navorsing in alle aspekte van verslawing.

Artikels in koerante oor die voorkoms van drank- en dwelmmisbruik en verwante probleme in armoedige stedelike woonbuurte skep die indruk dat sulke omgewings 'n bydraende rol speel. Tog is daar baie kinders wat in sulke omstandighede grootword en nie aan drank of dwelms verslaaf raak nie. Dit versterk vermoedens dat ander faktore 'n rol mag speel (Sadock en Sadock, 2003:387).

### 4.3.6 "Die persoon het 'n afhanklikheidspersoonlikheid"

Daar is vasgestel dat 35 tot 60% van persone met verskillende vorme van verslawing antisosiale gedrag soos depressie, afsondering en ontevredenheid met hul omstandighede openbaar. Daar is nie onderskeid getref tussen persone wat hierdie antisosiale gedragspatrone ontwikkel het vóór of ná hul afhanklikheid nie (Sadock en Sadock, 2003:387-388).

Bobgan en Bobgan (1991:84, 86) meen dat daar geen bewyse is van 'n afhanklikheidspersoonlikheid nie. Ander navorsers het tot dieselfde slotsom gekom: Navorsing ondersteun nie die teorie dat daar 'n algemene persoonlikheidstipe is wat eie is aan mense met drank- of middelverslawings nie (Miller en Rollnick, 1991:12; Martin en Otter, 1996:112; Cook, 2006:2). Die belangrikste hiervan is volgens Bobgan en Bobgan (1991:12) dat die intervensiestrategieë wat deur hierdie model aangedui word, nie suksesvol is nie.

Carr sê die volgende oor die teorie van die afhanklikheidspersoonlikheid (2003:112-113): Dit bevat dieselfde foute as die teorie dat dit in 'n mens se gene is. Indien 'n mens gebore is met 'n fisiese of geestesgebrek, waardeur slegs een drankie 'n mens sal dwing om aan te hou drink, sal dit onmiddellik waarneembaar wees die oomblik wat 'n mens begin drink. Hy vra die vraag: Waarom moet sommige mense dan sestig jaar wag voordat hulle verslaaf is?

### 4.3.7 "Die brein het dit gedoen"

Hierdie siening val nou saam met die siening dat verslawing 'n siekte is en dat dit oorgeërf is. Volgens Welch (1998:11-12) was die 1990's die dekade van die brein, veral nadat Amerika se president Reagan Alzheimer se siekte opgedoen het. Dit was ook die tyd toe navorsers nuwe tegnologie vir breinondersoeke ontwikkel het en daar belangrike nuwe ontdekkings aangaande die brein was. In hierdie tyd het dit ook mode geword om die brein die blaam te gee vir allerhande dinge, soos bv. slegte gedrag.

In sy boek "Blame it on the brain" maak Welch drie indelings van bepaalde toestande: (1) Die brein het dit gedoen: Hier bespreek hy Alzheimer se siekte, demensie en hoofbeserings, en kom tot die gevolgtrekking dat die oorsprong van hierdie toestande wel in die brein is. (2) Dit is moontlik dat die brein dit gedoen het: In hierdie hoofstuk word die volgende aangeraak: psigiatriese probleme, depressie en aandag-gebrek-sindroom. (3) Die brein het dit nie gedoen nie: Volgens Welch is die brein nie die oorsaak van alkoholisme (en ook ander verslawings) en homoseksualiteit nie.

Jordaan en Jordaan (1992:161-220) wy 'n hele sub-afdeling van hulle boek aan die brein. Hulle kom uiteindelik tot die gevolgtrekking dat die inligting oor brein-funksionering gefragmenteer is, en dat daar nog baie vrae is wat beantwoord moet word
Sadock en Sadock (2003:387) wys op die belangrike rol van neurotransmitters.
Navorsers het sekere neurotransmitters geïdentifiseer wat betrokke is by dwelm-afhanklikheid. Mense met 'n lae konsentrasie endorfiene mag gevaar loop om afhanklikheid te ontwikkel, maar selfs by mense met normale breinfunksie mag afhanklikheid ontstaan : "The long-term use of a particular substance of abuse may eventually modulate receptor systems in the brain so that the presence of the exogenous substance is needed to maintain homeostasis. Such a receptor-level process may be the mechanism for developing tolerance within the central nervous system" (Sadock en Sadock, 2003:387). Dit is gevind by die meeste dwelms, ook by amfetamiene (Sadock en Sadock, 2003:414) en in 'n mindere mate ook by verslawing aan cannabis (dagga).

Dele van die brein, soos die amigdala of sogenaamde oerbrein, kan op indirekte wyse wel met verslawing te doen hê. Die amigdala word geassosieer met die mens se emosies (Sadock en Sadock, 2003:78, 83-84, Jordaan en Jordaan, 1992:220) .

Stimulering van die amigdala ontlok aanvalsgedrag, vreesreaksies, opwekking en verskerpte aandag - afhangende van die gebied wat gestimuleer word (Jordaan en Jordaan, 1992:182). Dit is moontlik dat die amigdala verskillende gedragsmanifestasies en verskillende gedragservaring kan bemiddel (Jordaan en Jordaan, 1992:257). Die amigdala reguleer ook affektiewe response op stres. Dopamientekorte werk in op die amigdala en veroorsaak stres. Hoë grade van stres (veroorsaak deur dopamientekorte) kan middelverslawing aanbring of verhoog (Stevenson en Gratton, 2003:1287).

Langdurige misbruik van drank kan wel lei tot Korsakoff se sindroom wat te doen het met breinskade (Jellinek, 1960:88, 101; Wester, 2004:1; Sadock en Sadock, 2003:406). Volgens Wester (2004:1) het die Russiese psigiater Korsakoff tussen die jare 1887 en 1891 ses artikels gepubliseer waarin hy die sindroom breedvoerig bespreek. Hiervolgens is langdurige gebruik van alkohol die oorsaak van sekere geheuestoornisse en gedragsprobleme. Die pasiënt probeer om die gate in sy geheue vol te stop met gefantaseerde verhale. Op die vraag of daar kans is op genesing van Korskoff se sindroom, sê Wester "Nee!" (2004:2): "In het menselijke lichaam kan veel schade zich herstellen, maar een beschadiging van de hersencellen niet".

### 4.3.8 "Verslawing is die gevolg van breinspoeling"

Breinspoeling is 'n vorm van denke- of gedagtekontrole (Anon., 2008a; Sadock en Sadock, 2003:689). Alhoewel dit gewoonlik gebruik word in die konteks van die breinspoeling van oorlogsgevangenes, het dit ook ander gebruike : "Indeed, the terms brainwashing, thought reform, coercive persuasion and mind control are for all practical purposes used synonymously and interchangeably " (Sadock en Sadock, 2003:689). Dit het te make met die verandering van 'n persoon se basiese gesindhede en oortuigings deur manipulasie van buite.

Volgens die ongenommerde skutblad van sy boek "Allen Carr's Easy Way to Control Alcohol" (2003) is Allen Carr 'n boekhouer wat self 'n metode ontwikkel het om op te hou rook. Veral advertensie veldtogte en die media maak gebruik van wanpersepsies en leuens om mense te oorreed om te rook en te drink. Hy wy hoofstukke in sy boeke aan "hersenspoeling" (breinspoeling) (1992:39-42; 2003:41-46) en verwys daarin na die onderbewuste as "die slapende vennoot ".

Carr het in die byna 20 jaar sedert die eerste oplaag van sy boek oor hoe om op te hou rook in 1985 verskyn het, meer as drie miljoen eksemplare van hierdie boek in verskillende vertalings verkoop. Hy reken dat dieselfde metodes wat mens laat ophou rook, ook gebruik kan word om alkoholgebruik te kontroleer. Volgens Carr (2003:125) begin die probleem by die denke, en is die oplossing (2003:164) ook te vind in die denke. Die basis van sy model is dat mense gebreinspoel is om leuens oor sekere middels soos sigarette en drank te glo en dat dit weer afgeleer kan word deur anders daaroor te dink.

### 4.3.9 Samevatting

In dié gedeelte is enkele nie-Bybelse verslawingsparadigmas aan die orde gestel, naamlik dat verslawing 'n siekte is, dat dit oorgeërf is , die gevolg is van omstandighede, dat 'n persoon 'n afhanklikheidspersoonlikheid het, dat die brein dit gedoen het en dat dit die gevolg van breinspoeling is.

## 4.4 IMPLIKASIES VAN NIE-BYBELS GEFUNDEERD VERSLAWINGSPARADIGMAS OP METODES VAN HULPVERLENING

### 4.4.1 Inleiding

In hierdie afdeling word daar gefokus word op die verband tussen verslawingparadigmas en hulpverleningsmetodes en word daar verwys na enkele hulpverleningsmetodes soos dié van Akers, Miller, Carr en Alkoholiste Anoniem.

### 4.4.2 Die verband tussen verslawingsparadigmas en voorveronderstellings by hulpverleningsmetodes

Geen beradingsmetode of terapeutiese ingryping is neutraal nie. Anderson *et al.* (2000:55) sê in hierdie verband dat 'n berader se geloof aangaande die oorsaak van 'n geestesiekte bepalend sal wees vir sy/haar behandeling van 'n kliënt se probleem. Volgens Mack (1994:x) moet beradingsmetodes ooreenstem met teologiese oortuigings.

Welch (1995:24) sê dat alle terapeute 'n bepaalde wêreldbeskouing en bepaalde fundamentele beginsels oor die aard van die mens het. Powlison (2000:22) dit so stel: "Counseling is never about neutral objective knowledge. It is committed. It always imposes values covertly if not overtly."

Wat vir Welch belangrik is, is aspekte soos die vrees en ontsag vir die Here (1997:97), die heiligheid van God (1997:98) en gehoorsaamheid aan God. Vir hom het die sonde afgewater geraak tot: "I am a good guy, a nice guy, who occassionally does bad things" (1997:100). Die mens-gesentreerdheid van die huidige tyd het gelei tot 'n onbybelse klem op die liefde van God ten koste van God se geregtigheid (1997:103).

Wanneer mense sê: "My God is nie 'n God van woede en oordeel nie, maar my God is 'n God van liefde", is dit feitlik onmoontlik om te groei in die vrese van die Here, sê Welch (1997:103). "It suggests that sin only saddens God rather than offends Him. Both justice and love are expressions of His holiness, and we must know both to learn the fear of the Lord. If we only look at God's love, we will not need Him, and there will be no urgency in the message of the cross. If we focus narrowly on God's justice, we will want to avoid Him, and we will live in terror-fear, always feeling guilty and waiting for punishment."

Die rol wat voorveronderstellings speel in hulpverlening, word ook deur Crabb (1987**a**:84) beklemtoon (sien hoofstuk een, 1.5). Vir Adams (1970:72) is daar 'n noue verband tussen metode van berading en wat Christene glo. Die metode is geensins meer neutraal as die beginsel nie, aangesien die twee sake so ineengevleg is dat dit nie geskei kan word nie.

Adams sê (1973:92) dat 'n Christen met 'n Christelike fondament moet begin en daarop moet 'n Christelike metodologie gebou word wat in lyn is met daardie fondament.

Verderaan in hierdie afdeling sal daar gekyk word na enkele metodes van hulpverlening soos dié van Akers, Miller en Carr asook van Alkoholiste Anoniem (AA)

### 4.4.3 'n Oorsig oor enkele metodes van hulpverlening

#### 4.4.3.1 Akers

Akers se hulpverleningsmetodes (1992:7-13) sluit nou aan by sy maatskaplike perspektiewe: Gedragsverandering word hoofsaaklik in groepsverband (familie-, portuur- of vriendekring) aangepak. Hierdie groepe oefen positiewe druk uit op die persoon met 'n verslawing en dien as positiewe rolmodelle.

#### 4.4.3.2 Miller

Miller (1991:15) noem hulle metode om verslaafdes aan te moedig om te verander "motivational interviewing". Dit was oorspronklik ontwerp as 'n vorm van psigoterapie om mense wat aan drank en dwelms verslaaf is te help, maar dit word tans gebruik vir ander soorte verslawing soos: rookverslawing, seksverslawing en eetversteurings. Kortliks kom dit daarop neer dat dit gebruik word om mense te oortuig om te wees wie hulle graag wil wees en aan te moedig om hul doel te bereik. Deur respekvolle samewerking word die beradene deur die berader gelei. Dit is in teenstelling met modelle wat konfronteer, instruksies gee en outoritêr is. Mense word gedurig bewusgemaak van waar hulle tans is en die voordele van verandering - om iets of iemand te wees wat hulle nog nie is nie. Redes vir verandering moet liefs van die beradene kom as van die berader. Die berader glo dat die beradene in staat is om te verander. Belangrik vir Miller (1991:31) is veral die maak van keuses en toewyding ("commitment") tot verandering.

Die modelle - soos behandel deur Miller (sien 2.1.5.2) - het hul eie wyses van behandeling en hulpverlening. Die morele model gaan oor wat sosiaal aanvaarbaar is. Miller hou nie veel van hierdie model nie (1999:218), want volgens hom word die kliënt as 'n swakkeling gesien wat gestraf moet word. Volgens hom (Miller, 1999:218) verklaar die mediese model dat die verslaafde fisiologies disfunksioneel is. Miller verkies die sielkundige modelle naamlik Die psigodinamiese, persoonlikheids-, eienskaps- en die gedragsleermodelle. Verskillende AA-metodes word deur Miller as moontlike maniere van behandeling genoem, maar daar is geen begronding op die Skrif nie.

#### 4.4.3.3 Carr

Die basis van Carr se model is die denke (2003:125) en die oplossing is geleë in verandering van denkpatrone deur gedagtes by jouself in te prent (2003:164). Die proses kan omgekeer word, en deur een vir een wanvoorstelling of leuen af te breek, begin die persoon anders dink oor sy of haar verslawing. Carr gee 'n aantal stappe wat gevolg moet word (2003:180-181) - waaronder die volgende: Kweek 'n positiewe gesindheid; wens jouself gedurig geluk met die goeie besluit wat jy geneem het om af te sien van jou verslawing; aanvaar dat jy goeie én slegte dae sal beleef; moenie substitute soos lekkers of kougom gebruik nie; en moenie jaloers wees op mense wat nog steeds

vasgevang is in die kloue van een of ander verslawing nie. In nie een van Carr se boeke word God of die Twaalf Stappe van die AA genoem nie.

### 4.4.3.4 Alkoholiste Anoniem (AA)

Volgens Turian (1990:22) gebruik die AA die sg. Twaalf Stappe vir hulp. Die eerste stap is daarop gerig om die alkoholis bewus te maak van sy hulpeloosheid teenoor alkoholisme en die onbeheerbaarheid van sy lewe. Dit is die enigste stap wat handel oor fisiese weerhouding van alkohol. Stappe twee tot nege help die alkoholis om 'n helpende verhouding aan te knoop met 'n Hoër Gesag of God. Die stappe toon hoe om tot 'n nederige ingesteldheid te kom deur die skryf en mededeling van 'n eerlike morele inventaris, deur foute reg te maak en God toe te laat om karakterfoute reg te maak. Die laaste drie stappe vra vir 'n daaglikse inventaris en "amends" /herstel ; bewuste kontak met God deur gebed en meditasie en diens aan ander. Met sy benadering van die aanroep van 'n Hoër Gesag of 'n "personal understanding of God", het die AA se program aanvaarbaar geraak by individue van alle godsdienste asook agnostici en selfs ateïste. AA-vergaderings word gehou om ervarings van herstel te deel. Daar is twaalf tradisies waarvan die onderbou geheimhouding is. Die enigste voorwaarde van lidmaatskap van die AA is 'n begeerte om op te hou drink.

Alhoewel die AA begin het as 'n metode wat Bybelsgefundeerd is, het dit deur die jare so akkommoderend geword dat daar min trekke van Skrifgetrouheid oor is. Volgens Stafford (1991:14), Marrs (1989:178-179) en Bobgan en Bobgan (1991:119-120) toon die erkenning van 'n "Hoër Gesag" sterk ooreenkomste met New Age-denke.

Vir Stafford (1991:19) het die twaalfde stap ook 'n radikale verandering ondergaan. Die oorspronklike betekenis van die twaalfde stap was getuienislewering en om ander verslaafdes te oorreed om ook op te hou. Deesdae gaan dit meer oor die self.

Stafford vra (1991:18-19) hoe Christelik die Twaalf Stappe van die AA is. Hy vergelyk die verandering van die AA van 'n Christelike na 'n sekulêre organisasie met die verandering van Christelike skole en hospitale in die VSA na sekulêre inrigtings. Die AA toon volgens hom nie net verdraagsaamheid nie, maar ook pluralisme, want daar word erkenning gegee aan soveel gode as wat daar mag wees, en enigeen van hulle kan "werk" .

Stafford (1991:18) is geneë daarmee dat die Twaalf Stappe herskryf word om weer Christelik te wees soos dit oorspronklik was, op voorwaarde dat die Hoër Gesag Jesus Christus is.

Vir Stafford (1991:19) is die grootste probleme met die AA die volgende: die herstel van 'n toestand van verslawing word op sigself die finale verlossing; die terapiegroep vervang die kerk; die AA praat ook nie van "bekering" nie maar van "persoonlikheids-verandering". Hy wys daarop (1991:19) dat Bill Wilson, die stigter van die AA, nooit gedoop was nie, nooit deel was van 'n kerk nie en dat sy morele lewe wipplank gery het ("was morally erratic"). Stafford (1991:19) is van mening dat redding ("salvation") méér is as bloot net sober wees.

Dit is ironies dat sekulêre sielkundiges die sukses en effektiwiteit van AA erken en kliente daarna verwys of dit self toepas, maar tog die werklikheid van geloof ignoreer. Daar is wel Christengelowiges wat besef het dat AA deur die jare verander het en hul programme aangepas het. AA programme wat Christelik van aard is, is Overcomers Outreach, Alcoholics Victorious, en Christians in Recovery. (Lewis-Johnson, 2000:22). Lewis-Johnson sê dit is belangrik dat mense wéét daar is méér as net die Twaalf Stappe en om bloot skoon en nugter te word: Daar is Christenskap. Die kerk se taak is om mense te help om van sekulêre herstelprogramme te vorder tot kennis van Christus. (Lewis-Johnson, 2000:21).

#### 4.4.4 Samevatting

'n Oorsig is gegee van enkele metodes van hulpverlening wat nie Bybelsgefundeerd is nie, soos die van Akers, Carr en Alkoholiste Anoniem.

## 4.5 BEOORDELING VAN VERSLAWINGSPARADIGMAS EN METODES VAN HULPVERLENING WAT NIE BYBELSGEFUNDEER IS NIE

### 4.5.1 Inleiding

In hoofstuk een (1.6.3) is daar gesê dat daar belangrike oorwegings is waarom hierdie studie onderneem word. Die eerste oorweging is omdat - by die meeste paradigmas wat nie die Bybelse siening van verslawing volledig verdiskonteer nie - die behandeling en

terapie bloot tydelik is en net gerig is op die verlossing van 'n spreekwoordelike "hel op aarde". 'n Tweede oogmerk met die studie is dat mense bewusgemaak moet word dat daar 'n meer omvattende wyse van bevryding van verslawing is, soos in die laaste hoofstuk aangetoon sal word.

In hoofstuk twee is kriteria geformuleer vir die beoordeling van verslawingsparadigmas en metodes van hulpverlening. So is elf aspekte van 'n Christelike werklikheidsbeskouing onder die loep geneem. Die maatstawwe sal nou gebruik word om die genoemde paradigmas van verslawing en metodes van hulpverlening te evalueer. Dit wat in elke geval van die verskillende paradigmas gesê gaan word, is ook van toepassing op die metodes van hulpverlening wat met elkeen van hierdie sienings saamgaan, omdat die twee nie geskei kan word nie (Crabb, 1987:84; Collins, 1993:13; Anderson *et al.*, 2000:55; Powlison, 2000:22).

### 4.5.2 Beoordeling van verslawingsparadigmas en hulpverleningsmetodes wat nie rekening hou met die Skrif nie

**"Verslawing is 'n siekte"**

Die opvatting dat verslawing uitsluitlik as 'n siekte gereken moet word, kan aan die hand van Bybelse maatstawwe soos volg beoordeel word:

- Kreasiologie (2.3.4): Die opvatting dat verslawing bloot 'n siekte is, reduseer die mens tot 'n slagoffer van biochemiese tekorte en maak die mens verskoonbaar. Die Bybel beskou die mens egter as toerekenbaar en verantwoordelik vir sy keuses.
- Antropologie (2.3.5): Die siening dat verslawing slegs as 'n siekte verklaar kan word, is gebaseer op 'n gereduseerde mensbeskouing. Die Bybel beskou die mens as geestelik-psigies-somaties betrokke by sy verslawing.
- Hamartiologie (2.3.6): As gevolg van die sondeval het die mens genetiese gebreke en toon hy biochemiese tekorte, maar hy het ook 'n sondige hart (2.3.6.4) wat die biochemiese tekorte op 'n sondige wyse (met verslawing) hanteer. 'n Bybelse metode van hulpverlening moet dus mediese hulp verleen om die tekorte aan te vul, maar ook die wortel van die verslawing ontbloot, naamlik afgodery.
- Christologie en soteriologie (2.3.7): Die siekte-paradigma reduseer verlossing tot die verligting van biochemiese ongemak en sien nie die noodsaak van totale verlossing deur Jesus Christus raak nie.

**"Verslawing is oorgeërf"**

Oorerwing kan wel in 'n mate 'n rol speel. Sommige mense word gebore met ensiemtekorte, soos die navorsing van mense soos Verwey aangetoon het. Aanvullings kan geneem word en mens het wel 'n keuse oor hoe om hierdie tekorte te oorkom.

Die opvatting dat verslawing oorgeërf word, kan in die lig van die Skrif soos volg beoordeel word:

- Pateriologie (2.3.3): so 'n siening hou nie rekening met die tere versorging en ryke voorsiening van God die Vader nie.
- Antropologie (2.3.5): hier word ook nie rekening gehou met die Bybelse siening van die gevalle mens nie.
- Christologie en soteriologie (2.3.7): Dit wat gesê is onder die siening dat verslawing 'n siekte is, geld hier ook. Die genade van God in Christus Jesus oorspan wat die mens ookal kan oorkom.
- Pneumatologie (2.3.8): Deur die krag van die Heilige Gees kan die mens met verskillende vorme van verslawing verantwoordelike keuses maak.

**"Verslawing is die gevolg van omstandighede"**

Dit kan gebeur dat mense in bepaalde sosiale situasies konfronteer word en uit skaamte-vrees, vrees vir verwerping en 'n ongesonde behoefte aan aanvaarding aan groepsdruk blootgestel word om dwelms te gebruik. Dit kan egter nie as 'n verskoning gebruik word om toe te gee aan die druk nie.

In die lig van die Skrif is die vernaamste kritiek teen hierdie siening dat dit die rol van die Heilige Gees (2.3.8) verskraal. Die Heilige Gees is die mens se helper en kan oorwinning en krag gee om te volhard in watter omstandighede ook al.

**"Die brein het dit gedoen"**

Navorsers soos Welch (1998:11-12) en Jordaan en Jordaan (1992:161-220) kom tot die gevolgtrekking dat die brein nie die oorsaak van middelverslawing is nie en dat daar nog baie onbeantwoorde vrae op die terrein is.

Waar daar breinskade is as gevolg van verslawing (4.3.7) kan hoop aan die persoon en sy geliefdes gegee word deur hulle daarop gewys word dat God ook in sodanige omstandighede met die mens is (Psalm 55:23; 73:26; 103:3-5)

**"Dit is as gevolg van breinspoeling"**

Allen Carr het wêreldwyd groot sukses behaal met sy metode om breinspoeling om te keer om mense te laat ophou rook en drink. Soos in hoofstuk 5 by die ontwerp van 'n Bybelsgefundeerde paradigma uiteengesit sal word, kan egter gesê word dat die aflê van slegte gewoontes slegs te make het met 'n klein deel van die probleem en die hart van die mens nie aangespreek word nie.

Die Skrif gee duidelike riglyne oor die gedagtewêreld (Kolossense 3:2; Filippense 4:8) en die vernuwing van die gees en gedagtes (Efesiërs 4:22-25). Beoordeel volgens Bybelse maatstawwe, slaag Carr nie die toets nie. In sy benadering is daar is geen teken van christologie; pneumatologie; hamartiologie; soteriologie; ekklesiologie of angeliologie nie.

## 4.6 EVALUERENDE GEVOLGTREKKINGS

Die mens is plek- en tydgebonde, daarom speel heersende kultuurpatrone en 'n bepaalde tydsgees 'n groot rol in die keuses van byvoorbeeld 'n verslawingsparadigma en metodes van hulp aan mense met verskillende vorme van verslawing. Die hedendaagse populariteit van humanisme en sekulêre sielkunde lei daartoe dat die fokus wegskuif van God en die mens en sy verslawings word in die middelpunt geplaas.

Verslawingsparadigmas wat glad nie Bybelsgefundeer is nie, hou nie rekening met Bybelse maatstawwe soos 'n Bybelse siening van die mens, teologie en pateriologie; soteriologie en christologie; pneumatologie; hamartiologie; soteriologie; ekklesiologie; angeliologie en eskatologie nie. Hierdie paradigmas kan slegs tydelike verligting van verslawing bring en het nie ewigheidswaarde nie. Die hulverleningsmetodes aan mense met verskillende vorme van verslawing kom nie uit by die wortels van probleme en die afgode in die harte van mense nie. Verder is daar verskraling omdat daar nie samewerking is met ander vakwetenskappe soos teologie nie. Daar word nie uitgekom by persoonlike verantwoordelikheid en die proses van heiliging nie.

Die paradigmas en die hulpverleningsmetodes voldoen nie aan die maatstawwe vir beoordeling wat daar in hoofstuk twee gestel word nie (4.5). Navorser aanvaar dat genoemde paradigmas en metodes van hulpverlening (4.3) wel met 'n deel van die werklikheid werk en dat 'n mate van verligting en tydelike bevryding van verslawing bewerkstellig kan word. Nie een van die paradigmas hou egter rekening met die volle waarheid van die Skrif nie en nie een handhaaf 'n Bybelse siening van die mens of sy gevalle toestand en die redding in Christus nie. Daar sal by sulke paradigmas dus bloot tydelike oplossings vir die hel van verslawing hier op aarde wees, maar daar is geen sprake van 'n omvattende, ewige verlossing van verslawing nie.

Daar is geen verwysing na die Skrif, die sondeval, die Vaderskap van God, die reddende genade van Jesus Christus deur Sy dood aan die kruis of die troosvolle gemeenskap van die Heilige Gees nie. Die persoon met verslawing word nie aangemoedig om aan te sluit of terug te gaan na 'n kerk van sy keuse nie. Daar is geen beduidenis van lering aangaande toekomstige dinge nie.

Dit wat Powlison (1995:37) teen waarsku, is sigbaar, naamlik dat mense aangemoedig word om vertroue te hê in hulself en in terapeutiese stelsels en dat daar nie uitgekom word by die afgode van die hart nie.

Navorser is van mening dat nouer samewerking tussen verskillende dissiplines nodig is Verskillende opsies is reeds in hoofstuk een genoem, soos die volgende: mono-dissiplinêr, multi- en interdissiplinêr, intra-dissiplinêre asook intra-dissiplinêre samewerking Daar is op gewys dat hierdie navorsing intra-dissiplinêre samewerking voorstaan. Nie een van die paradigmas en hulpmetodes in hierdie hoofstuk hou rekening met die volle werklikheid soos deur Stoker (19?:25) gestel nie, naamlik dat geen wetenskap alleen kan bestaan sonder die lig van God se Woord nie. Daar is ook nie tekens van samewerking tussen vakwetenskappe onderling of samewerking tussen vakwetenskappe onderling nie. Dit lei tot 'n verdere verskraling van die werklikheid.

### 4.7 SLOT

In hierdie hoofstuk is die rol van faktore soos kultuur, sosio-kulturele omstandighede en die geskiedenis in die vorming van 'n werklikheidsvisie in oënskou geneem. Daar is ook gekyk na 'n aantal sielkundige denkwyses asook sienings oor verslawing - soos dat dit

'n siekte is of oorgeërf is, dat dit die gevolg is van omstandighede of as gevolg van breinspoeling.

Daar is ook gekyk na metodes van hulpverlening by paradigmas wat nie Bybelsgefundeerd is nie, soos onder andere Akers, Carr en Alkoholiste Anoniem. Maatstawwe soos aan die hand gedoen in hoofstuk twee om metodes van hulpverlening wat nie Bybelsgefundeerd is nie, te beoordeel - soos onder andere die aspekte van 'n Christelike werklikheidsbeskouing volgens Collins en sienings van andere - is gebruik. Evaluerende gevolgtrekkings is ten slotte gemaak.

# HOOFSTUK 5

# DIE AANWENDING VAN BYBELSE VERTREKPUNTE VIR PASTORALE HULP AAN MENSE MET VERSKILLENDE VORME VAN VERSLAWING EN ANDER ASPEKTE WAT BESONDERE AANDAG VERDIEN

## 5.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk sal gekyk word na die noodsaak vir 'n Bybelse hulpmodel, 'n definisie daarvan, asook hoe Bybelse riglyne betrekking het op 'n metode van hulp aan persone met verskillende vorme van verslawing. Sake wat in vorige hoofstukke hanteer is, sal saamgetrek word om sodoende by 'n eie praktykmodel uit te kom.

Sekere aspekte wat besondere aandag verdien by persone met verskillende vorme van verslawing soos: motivering tot verandering, die skep van hoop, die gewete, skaamte- en skuldgevoelens, 'n teologie van pyn en lyding, leuens, die rol van die hart en afgode, die denke, ko-afhanklikheid of mede-afhanklikheid, die daarstel van grense en steungroepe, sal aangespreek word. Die metode van hulp van ABBO sal onder die loep kom, aangesien elemente daarin die basis vorm van navorser se eie metode van hulpverlening. Daar sal ook gekyk word na die proses van heiliging, die rol van die kerk en gebed.

### 5.1.1 Die noodsaak vir 'n pastorale hulpmodel

Soos in hoofstuk een (1.6) aangedui, is daar nie tot op hede voldoende navorsing gedoen om koers aan te dui in die verwarring wat veroorsaak word deur 'n groot verskeidenheid paradigmas en hulpverleningsmetodes nie. Verskillende debatte soos die debat oor Skrifbeskouing, Skrifgesag en Skrifgebruik (2.3.2.2 tot 2.3.2.4), die debat oor fundamentalisme (3.4.2) en die debat oor integrasie tussen Bybelse berading en psigologie (3.4 ) dra by tot die verwarring. Daar is sprake van paradigmaverskuiwings en daar word selfs gesê dat die NG kerk 'n identiteitskrisis ervaar. Onder die Bybelsgefundeerde paradigmas is daar nie 'n enkele oorkoepelende verslawingsparadigma en metode van hulp nie (2.3.2.2). Die heersende gees van postmodernisme en van humanisme veroorsaak onsekerheid en bring verwydering van die kerk. Navorsing soos hierdie behoort rigting te gee in sulke omstandighede.

Praktiese Teologie is dié wetenskap wat 'n studie maak uit die Skrif en skepping. Hierdie stelling en die toepassing daarvan is alreeds uitvoerig behandel onder 2.3.4 en 4.2.4.2. Die mens moet erns maak met sy kultuurtaak sodat hulp aan mense verleen kan word en hulle in betekenisvolle verhoudings kan lewe met God, hulle medemens, hulleself en die natuur. Daar is groot belangstelling in Pastorale Berading (2.2) en dit veroorsaak dat daar baie verwikkelinge is in hierdie vakrigting (2.3.4). Navorsing vir hoofstuk drie het getoon dat daar persone soos MacArthur, Bookman en die Bobgan-egpaar is wat reken dat dit verkeerd is om gebruik te maak van kennis uit die natuur. Die stelling is reeds in 3.7 (3.8?) onder die evaluerende samevatting gemaak dat Christus se verlossingswerk en die mens se kultuurtaak verskraal word of selfs buite rekening gelaat word. Ander glo dat sekulêre en Christelike beradingsmodelle na willekeur gemeng kan word. Soms is die klem- en nuanseverskille baie fyn en moet daar deeglik besin word of 'n bepaalde paradigma aanvaarbaar is volgens gereformeerde beginsels of nie. 'n Sistematiese uiteensetting van individuele interpretasies kan help om rigting te gee.

In hoofstuk 4 is gekyk na paradigmas wat glad nie Bybelsgefundeer is nie. Daar is gevind dat hierdie paradigmas glad nie rekening hou met Bybelse leerstukke nie. Dit kom nie uit by wortelprobleme soos afgode in die hart van die mens nie. Die modelle van die sekulêre sielkunde is onvolledig, eensydig en neem dikwels nie die volle werklikheid in ag nie. Daar is verskraling omdat daar nie samewerking is met ander vakwetenskappe soos teologie nie en daar nie uitgekom word by die wortel van die probleem en persoonlike verantwoordelikheid van mense met verskillende vorme van verslawing nie

Dit het ook nie ewigheidsperspektiewe nie. Dit is dus nodig dat 'n model vir mense met verskillende vorme van verslawing ontwikkel word wat nie hierdie tekortkominge het nie.

Daar is 'n behoefte aan pastorale hulpmodelle wat in ooreenstemming is met mense se geloof, nie net vir mense met verskillende vorme van verslawing nie, maar ook in ander situasies, soos byvoorbeeld hulp aan mense met posttraumatiese stres (Hugo, 2006:100) en hulpverlening aan siekes in hospitale (Steyn, 2005:749; Steyn en van den Berg, 2006:188). In 'n land wat meer en meer 'n sekulêre gees adem, is dit Christene se demokratiese reg om 'n beradingsmodel te hê wat hul geloofsoortuigings, voorveronderstellings en werklikheidsvisie weerspieël. Elke gelowige berader moet

telkens seker maak van wat hy/sy glo. Hierdie navorsing het dus waarde nie net vir ongelowiges en mense wat verwyder geraak het van die kerk nie, maar ook vir kerkmense.

### 5.1.2 Definisie van 'n pastorale hulpmodel

Herderlike versorging wat in gehoorsaamheid aan die Bybelse opdrag en tot eer van God plaasvind, is die liefdevolle diens aan mense wat in ellende verkeer 'n Hulp-model vir mense met verskillende vorme van verslawing is 'n holistiese proses wat die denke, liggaam, hart en gedrag wil betrek met die doel om verandering te bewerkstellig. Dit behels omvattende langtermyn hulp en ondersteuning aan mense met verskillende vorme van verslawing en hulle geliefdes (Sien ook die verduideliking van sleutelterme aan die begin van hoofstuk 1) .


## 5.2 VERTREKPUNTE VAN BYBELSE PASTORALE HULP-MODELLE

### 5.2.1 Inleiding

Volgens Heyns en Pieterse (1998:36) help modelle om die verkeer tussen teorie en praxis glad te laat verloop en verwys na argitekte wat op 'n beperkte skaal van 'n visuele voorstelling van hul planne gebruik maak sodat hul kliënte dit beter kan verstaan. 'n Model is dus nie volledig nie - dit vereenvoudig en is meer verstaanbaar (Heyns en Pieterse, 1998:38).


Vir Heystek (2000:14) is 'n model soos 'n landkaart wat dinge skematies vereenvoudig. Vir hom is dit belangrik dat voortdurend gevra moet word na die *bedoeling* en *perke* (Heystek se kursief) van 'n model.

'n Voorbeeld van 'n pastorale hulp-model is dié van Heitink. Volgens Heitink (1993:160) het die metodes van Praktiese Teologie as handelingswetenskap te make met drie begrippe: "begrijpen, verklaren en veranderen". Sy model is in die vorm van 'n driehoek (1993:160):




By **verstaan** gaan dit om die verstaan van tekste en handeling; by **verklaar** gaan dit om die toetsing van verskillende interpretasies en by **verandering** gaan dit om 'n bepaalde voorwerp te ondersoek met verandering as die uiteindelike doel.

Lotter (2004:6) het 'n eie model ontwerp wat 'n wisselwerking tussen Skrifperspektiewe en Konteks soos volg voorstel :




Nog 'n voorbeeld van 'n pastorale model is die van Zerfass. Volgens Heystek (2000: 14-15) bied Zerfass se model 'n wisselwerking tussen die tradisionele en die sogenaamde veranderde situasie. By probleemoplossing moet daar altyd terugverwys word na die tradisionele. Die teoloog sal na aanleiding van die nuwe perspektiewe wat ontwikkel word, ook die tradisionele beter verstaan. Die positiewe van die tradisionele word behou

en die negatiewe word verwerp. Dit sal dan ook makliker wees om die moderne probleme beter te verstaan. Zerfass se model, wat onwikkel is vir praktiese teologie, behels 'n basis teorie, 'n meta-teorie en 'n praktykteorie (Heyns en Pieterse, 1998:34-35).

Navorser stem saam met De Wet ( 2006:60) dat dit nodig is dat Zerfass se model vanuit 'n gereformeerde perspektief goed verantwoord behoort te word. Hy stel 'n aantal vrae en om die vrae doelmatig te antwoord, ondersoek hy die denkklimaat en konteks waarbinne dié model ontstaan het. Daar is ook gekyk na die kenmerkende wisselwerking wat in dié model uitgebeeld word. De Wet ( 2006:61) kom tot die gevolgtrekking dat die model van groot waarde kan wees, maar dat enkele aksent-verskuiwings en spesifiserings nodig is vir aansluiting by en gebruik van die model in 'n gereformeerde konteks. De Wet noem dat die fokus van die navorsingsvraag verskuif sal moet word vanaf die inrigting van 'n bepaalde handelingspraksis na die volgende : 'n Vraag moet geformuleer word in terme van hoe God se eer gedien kan word; hermeneutiese wisselwerking tussen Skrif en praksis moet sy vertrekpunt neem in die openbaring van God in Sy Woord; die werk behoort gefokus te wees op Christus deur Wie die handelingspraksis van die kerk met reddende krag oopgebreek word en die hooffokus behoort te verskuif na die prakties-teologiese formulering van die basis-teorie uit die Skrif.

**5.2.2 'n Bybelse verslawingsparadigma**

Omdat geen beradingsmetode of terapeutiese ingryping neutraal is nie en bepaal word deur die berader se voorveronderstellings (1.5), sal navorser se voorgestelde model gegrond wees op 'n gereformeerde werklikheidsbeskouing. Hierdie model sal rekening hou met aspekte (sien hoofstuk 2 onder 2.5) van 'n Christelike werklikheidsbeskouing, naamlik bibliologie, teologie en pateriologie, kreasiologie, antropologie, hamartiologie, Christologie en soteriologie, pneumatologie, ekklesiologie, angelologie en eskatologie. Omdat dit alreeds in die genoemde hoofstuk breedvoerig bespreek is, word dit nie hier herhaal nie.

## 5.3 'n Bybelse metode van hulp: ABBO (Assosiasie van Bybelse Berading en Opleiding)

### 5.3.1 Inleiding

By die nadenke oor 'n Skrifgegronde hulpmetode, kan vrae gevra word soos: Word God daardeur verheerlik? Word sy Koninkryk bevorder? Word die waarheid in liefde gespreek? 'n Bybelse metode van hulpverlening aan mense met verskillende vorme van verslawing sal al die genoemde aspekte in 5.2.2 deeglik in ag neem. Dit sal 'n holistiese proses wees wat die denke, liggaam, hart en gedrag omvat. Bybelse berading sal die naaste dien in liefde en in gehoorsaamheid aan God tot Sy eer.

Die beginsels wat na vore gekom het uit 'n dieptesnit van verse wat verband hou met dronkenskap - naamlik die bring van 'n boodskap van hoop, vermaning in 'n gees van sagmoedigheid en die aanmoediging tot die maak van regte keuses (sien 2.4.3.9), sal ook in gedagte gehou word.


Die model moet sover moontlik rekening hou met die volle waarheid oor verslawing sodat mense met verskillende vorme van verslawing in die mees omvattende sin bevry kan word. Verslawing is 'n aanbiddings-afwyking, dit is afgodery Combrink (2006:21) en moet as sodanig hanteer word in 'n metode van hulp.

Bruikbare Bybelse pastorale hulp-modelle soos dié van Adams (3.7.2), Collins (3.7.3) en Welch (3.7.4) is alreeds in hoofstuk drie bespreek. Uit verskillende modelle wat bestudeer is, vind navorser die meeste aanklank by dié van ABBO (Schalekamp, 2003**a)** en sal sy by die ontwikkeling van 'n eie model elemente van die metode van hulpverlening van ABBO as basis gebruik.

ABBO het vier fases vir Bybelse berading geïdentifiseer: die bou van 'n God-verheerlikende helpende verhouding; die verstaan van die beradene; konfrontasie/bemoediging en om verandering te bewerkstellig. Tripp (2002:109 en verder) doen vier belangrike elemente aan die hand, wat sterk ooreenkomste toon met hierdie vier fases van ABBO: Liefde (wat ooreenstem met die fase van verhoudingsbou van ABBO), verstaan (stem ooreen met ABBO se verstaan-fase), praat (stem ooreen met die "speaking the truth in love"/konfronteringsfase) en doen (aksie-fase van ABBO).

Tripp (2002:109-112) beklemtoon dat dit nie 'n vier-stappe proses is nie , want dit vind .nie noodwendig in hierdie volgorde plaasvind nie en soms kan al vier in dieselfde sessie plaasvind.

Skematies kan ABBO se vier fases so aangedui word (Schalekamp, 2003**a**:30):



1 2 3 4

**5.3.2. Die bou van 'n Godverheerlikende helpende verhouding**

- Kritiese sake in die totstandkoming van 'n verhouding

Dinge wat van belang is in verband met die opbou van 'n God-verheerlikende, helpende verhouding is die volgende: Vertroue wek, omgee, "challenge" (uitdaag) tot verandering, respek hê vir die beradene en gesonde balans tussen die verhouding met die beradene en die "werk" wat gedoen moet word.

- Beradenes moet nie almal eners behandel word nie - beraders moet bewus wees van individuele verskille by beradenes en moet oor 'n verskeidenheid van vaardighede en tegnieke beskik om hierdie verskille te akkommodeer.

- Die berader moet fokus op "aksie" – die beradene moet daarop gewys word dat daar dinge is wat gedoen moet word (soos byvoorbeeld huiswerk, vergifnis en Bybellees).

- Die berader moet vriendelikheid oordra deur woorde, gebare, liggaamshouding, stemtoon en gesigsuitdrukkings (Egan, 1990:60-62; **2002:67**)

"A therapist who is vibrant, inspirational, charismatic; who is sincere, loving and nurturing, who is wise, confident, and selfdisciplined (een woord volgens Wboek maar bron gee dit dalk anders) will have a dramatic

impact by the sheer force and power of her essence, regardless of her theoretical allegiances" (Egan, 1990:76)

Egan (1990:108-109; **2002:68-70**) gebruik die akroniem **SOLER** vir die volgende: **S**quarely – sit so dat jy die kliënt vierkantig in die oë kyk; **O**pen – arms en bene moenie krampagtig oormekaar gevou wees nie; **L**ean – leun effens vooroor van tyd tot tyd om persoon te laat weet jy is aktief betrokke by wat bespreek word; **E**yes – behou oog kontak, maar op so 'n wyse dat dit nie onnatuurlik is nie, en laastens, **R**elaxed – wees ontspanne in liggaamsbewegings maar ook in hantering van gevalle. Mack (1994:181) (gekorrigeer) maak die akroniem **SOLVER** en voeg V by vir **V**ocal quality: aangename toonhoogte in stem, wat teerheid en empatie oordra).


Die sogenaamde "Sewe I's" word ook aanbeveel by die bou van 'n helpende verhouding:

1. Involvement
2. Instilling hope
3. Inventory taking
4. Interpretting data
5. Instruction through Biblical counseling
6. Inducement
7. Implementing Biblical instruction (Mack, 1994:173-283; vgl ook Lotter, 1985:105).


- Balans in die verhouding

Daar is in der waarheid drie p(P)ersone in hierdie verhouding betrokke: God, die berader en die beradene. Die berader "praat" die hele tyd met God in stil gebed en luister ook na die Stem van die Heilige Gees.


Die verhoudings kan skematies met driehoeke voorgestel word (Schalekamp 2003**a**:15; Combrink, 2003:4; Anderson, 2000:113). Die letters by die driehoeke stel die volgende voor: G = God; die BE = die berader en die Be = die beradene. Dit is belangrik dat die model nie skeefgetrek moet word nie. Wat bedoel word, is dat God - die eintlike Berader - die belangrikste plek aan die bo-punt van die driehoek, moet inneem (Combrink, 2005:4-6). Wanneer daar te veel gepraat word deur die berader neem hy/sy die bo-punt van die driehoek in en wanneer die beradene te veel praat, neem hy/sy weer die belangrikste posisie in:




1. God neem die vernaamste posisie in.





2. Die berader neem die gesprek oor.




3. Die beradene neem gesprekke oor .

Combrink (Combrink, 2003:4) gebruik dieselfde model, maar spesifiseer "persoon met verslawing" in die plek van die beradene:



### 5.3.3 Verstaan

> ➢ Terreine van verstaan

Schalekamp (2003a:32-33) onderskei drie terreine van verstaan, naamlik die verstaan van die persoon, die verstaan van die situasie en die verstaan van God en sy bronne vir lewensherstelling. Dit word verder deur Schalekamp (2003a:33-34) toegelig: Om die persoon te verstaan, moet daar deur die Bybelse bril van realisme gekyk word. Daar moet gekyk word na die persoon se hart, denke, begeertes en die innerlike mens. Die situasie vertel die berader van die druk, van die **waar**, **wanneer** en **wat** (Schalekamp se klem) van 'n persoon se omstandighede. Die situasie kan wel pyn bring maar die pyn kan op verskillende maniere hanteer word. God se bronne vir lewensherstelling is Christus die Lam van God wat vir ons gesterf het , ons in Sy bloed gewas en ons in 'n regte verhouding met die Vader gebring het. Die Heilige Gees skep 'n nuwe hart wat die begeerte het om God se Wil te doen. Deur God se Woord leer die mens God self, Sy beloftes en Sy Wil vir die verloste se lewe Ken.

Volgens Schalekamp (2003a:26-27) gee die Bybel aan ons 'n roete om te volg om die mens se gedrag en oplossings vir probleme te **verstaan**. Hy illustreer dit met drie bome (sien Addendum B). Hierdie roete het die volgende hoofaanwysings in die situasie waarin die beradene lewe; die doringboom ( wat die hart of wortels bevat wat die denke en begeertes voorstel); die tweede boom wat staan vir die kruis van Christus en die Lam van God wat vir ons sondes sterwe; strome lewende water wat die werking van die Heilige Gees voorstel wat werk in die beradene en die derde boom wat vol vrugte is en 'n nuwe hart met nuwe vrugte voorstel.

Lane en Tripp (2005:19) verwys na Jeremia 17:5-10 en gebruik ook 'n soortgelyke illustrasie met drie bome en 'n son in die middel daarby. Die metafore wat van die illustrasie afgelei kan word, is die volgende:

- Hitte (die son): dit staan vir die persoon se huidige situasie met al sy probleme versoekings en seëninge. God ken die besonderhede van ons omstandighede en weet hoe ons reageer in hierdie situasies.
- Die doringboom: Dit stel sondige reaksies op gebeure in ons lewe voor. God kyk nie net na ons gedrag en reaksies op beproewings nie, maar deurgrond ook die diepste bedoelinge van ons hart, ons begeertes, vrese en dit waarin ons glo.

- Die middelste boom (die kruis van Christus): Dit stel die Bron van lewende water voor, Christus se sterwe aan die kruis vir ons sonde. Hy bring troos en gee krag om te verander te midde van die lewe se uitdagings.
- Die vrugteboom: Hierdie boom stel die persoon voor wat sy vertroue in God stel en sy probleme op gelowige wyse aanpak.

Belangrike aspekte wat onder die beradene se aandag gebring moet word:

- Die hitte: Niks in die situasie laat die persoon sondig nie of maak 'n mens liefdevol of wys nie. Die mens kies self om te sondig of kies om God te volg in elke situasie.
- Die doringboom: Alle sondige gedrag spruit voort uit 'n hart wat op iets anders as God gerig is. Dit kan gerig wees op enigiets soos byvoorbeeld mense, omstandighede of besittings.
- Die kruis-boom: Die hart wat die woonplek van Christus geword het, kan op nuwe maniere reageer op lewensituasies.
- Vrugbare boom: Die inwonende Heilige Gees bring nuwe vrugte voort en verander die manier waarop ons met dinge en mense in ons lewe omgaan, ten goede
  (Lane en Tripp, 2005:19-20).

Ook vir Combrink (2003:6), soos vir Verwey (sien 3.5.3) is die liggaamlike van belang by die verstaan-fase en vorm dit deel van die persoon met verskillende vorme van verslawing se situasie. Daar moet verstaan word dat verslaafdes dikwels lae energievlakke het weens ensiemtekorte, veral die ko-ensiem NAD (nikotinamied adenien dinukleotiet). 'n Geheelbenadering vereis liggaamlike hulp aan die verslaafde. Hulpverleners wat betrokke is:

1. Die <u>medikus</u> gaan mediese geskiedenis na, let op energie-metabolies verwante sindrome en skryf medikasie voor
2. Die <u>patoloog</u> doen 'n laktaat-pirovaat-toets en meet:
   - 2.1 die beskikbare NAD koënsieme;
   - 2.2 die beskikbare voedsel-deeltjies (pirovaat) vir omskakeling na chemiese energie in die liggaamselletjies;
   - 2.3 die oormaat laktaat wat as afvalstowwe deur NAD uit liggaamselletjies verwyder moet word

2.4 die energieblokkasie toon die selletjies se effektiwiteit om noodsaaklike chemiese energie uit voedsel te vervaardig

3. Die verpleegsuster skryf 'n behandelingsprogram voor en dien NAD binne-aars toe vir ontgifting ("detox") en stabilisering van die liggaam

4. Die dieetkundige evalueer bestaande eetpatrone en skryf 'n voedingsprogram voor

5. Die psigiater word betrek indien nodig, bv in geval van major depressie

Die voor- en nadele van binne- en/of buitepasiënt behandeling moet geweeg word.

Streng dissipline behoort gehandhaaf te word in die neem van aanvullings en met betrekking tot die regte eetgewoontes. Aangebore en verworwe ensiemtekorte is permanent en daarom moet die persoon se liggaam gestabiliseer word en permanent ondersteun word met toepaslike aanvullings (kos en ensieme). Die chroniese toestand vereis chroniese behandeling. Baie behandelingsprogramme misluk omdat die liggaam nie lewenslank ondersteun word nie (Combrink, 2006:22).

- Gebruik van vrae in die proses van verstaan

Inligting/data moet ingesamel word om die persoon beter te verstaan. Die vra van vrae is een van die metodes om meer omtrent 'n persoon en sy situasie te wete te kom. Om by 'n mens se diepste motiewe en dryfvere uit te kom, moet die berader uitvind wat die vleeslike begeertes agter bepaalde gedrag is. Vrae soos: "Wat wil jy hê?" "Waarna smag jy?" "Wat is jou diepste begeertes of wense?" "Wat is jou grootste behoefte?" sal die berader uitbring by wat in die persoon se hart aangaan (Powlison, 2005:4-5).

Tripp (1990:51) haal Spreuke 20 vers 5 aan: (AOV) "Die raad in die hart van 'n man mag diep waters wees, 'n man van verstand sal dit tog uitskep." Na aanleiding hiervan doen hy veertien vrae (wat hy "heart revealing questions" noem) aan die hand om beraders in staat te stel om uit te vind wat werklik in beradenes se diepste wese aangaan:

1. Wanneer is die beradene geneig om bekommerd te raak of vrees te ervaar? (Mat 6:19-34)
2. Waar het die beradene geworstel met teleurstelling? (Spreuke 13:12, 19)
3. Onder watter omstandighede het die beradene die meeste woede ervaar? (Jakobus 4:1, 2)
4. Op watter gebiede ervaar die beradene probleme met verhoudings? (Jakobus 4:1-10)

5. Wat is die lewensituasies wat die beradene besonder moeilik vind? (1 Korintiërs 10:13,14)
6. Watter sake probeer die beradene die graagste vermy?
7. Waar ervaar die beradene gereeld probleme in sy/haar geestelike lewe of verhouding met God? (Psalm 73)
8. Waar of wanneer het die beradene getwyfel oor Skrifwaarhede? (Romeine 1:25)
9. Wat is die beradene se ware agenda vir andere? Watter eise stel hy/sy aan die mense rondom hom/haar? (Jakobus 4:1,2)
10. Waar in sy/haar lewe het die beradene geworstel met bitterheid? (Efesiërs 4:31)
11. Waar het die beradene geworstel met spyt en gesê: "As ek maar net...."?
12. Met watter ervarings uit die verlede het die beradene probleme mee om af te lê? ("letting go")
13. Wanneer het die beradene in sy/haar lewe probleme ervaar met gebed en lofprysing? (Jakobus 4:3,4)
14. Waar het die beradene geworstel met jaloesie teenoor ander? (Spreuke 14:30)

Schalekamp (2006**a**:47) gebruik dieselfde tipe vrae en noem dit X-straal vrae om hartsbegeertes te identifiseer. Uiteindelik help die vrae die beradene om te sien wie hy in God se oë is, wie G(g)od is in sy lewe, en Wie God werklik is.

Ook Welch doen bepaalde tipe vrae aan die hand:

1. Wat wil jy werklik hê?
2. Wat is jou doel in die lewe?
3. Wat of wie het jy werklik lief?
4. Wat maak jou die meeste depressief of hartseer?
5. Wanneer voel jy sonder hoop? (die persoon kry nie wat hy/sy begeer nie)
6. Wat verskaf vir jou die meeste plesier?
7. Wat is jou droom?
8. Hoe wil jy graag onthou word?
9. Wat wil jy die heel graagste vermy?

Die antwoorde op hierdie vrae sal wys wat in die persoon se hart aangaan (Welch, 2001:130).

- Luister in die proses van verstaan

Luister is die keersy van vrae vra maar dit is slegs deel van die proses van verstaan. Adams (1973:257) praat van "core data" en "halo data". Die kerninligting is dit wat met vraelyste of antwoorde op vrae gekry word. Die oplettende berader sal ook dinge soos liggaamstaal in ag neem: 'n klam hand met die groetslag kan op angs of vrees dui, of 'n persoon se asem kan na alkohol ruik. Wanneer 'n man en vrou byvoorbeeld saam is in 'n beradingsessie is, is **hoe** hulle iets sê net so belangrik soos **wat** hulle sê. Daar kan ook gelet word op dinge soos skaamtegevoel, senuagtigheid en gespannenheid, vaagheid en kleredrag (Adams, 1973:258-259; Mack, 1994:228).

- Praktiese wenke by die proses van verstaan

Adams (1973:259) stel voor dat notas deur die berader geneem word terwyl gesprekke gevoer word, sodat die berader later weer daarna kan kyk om sy geheue te verfris vir volgende sessies.

Volgens die ABBO model (Schalekamp, 2006a:30) kan die proses van verstaan by die persoon met verskillende vorme van verslawing die volgende insluit: die **situasie** (wat dinge insluit soos eksterne en interne druk), die **strategie** (gedragspatrone), **struktuur** (denke, begeertes en motiewe) en **skat** (God/afgode).

Die SITUASIE: By die situasie gaan dit om sake in die lewenskonteks wat verander moet word.
Die STRUKTUUR: Dit behels die gedrag van die beradene wat gerig moet word deur 'n konsekwente, praktiese, Skrifgefundeerde siening van die lewe.
Die SKAT/MOTIVERING: By die skat word daar gevra watter vorm van afgodery, onbybelse doelwitte, gesindhede of waardes by die beradene aanwesig is.
Die STRATEGIE: Hier word gevra of die beradene daartoe verbind is om met sekere dinge in sy/haar lewe te breek en terselfdertyd nuwe Godverheerlikende sake in die plek daarvan te stel.
AFLê/OPNEEM: Hierdie begrippe is ontwikkel deur Adams (1973:177; pamflet, 1975) en is ontleen aan Efesiërs 4:22-24, waar Paulus opdrag gee dat die verkeerde manier van lewe afgelê moet word en dat 'n nuwe manier van lewe begin moet word. Dit kan gedagtes, woorde of dade wees (sien tabel hieronder as voorbeeld).
SKRIFGEDEELTE: Hier moet relevante Skrifgedeeltes vir huiswerk en toepassing in die werklike lewe aan die beradene gegee word.

### 5.3.4 Konfrontasie/bemoediging

Hier kan ook verwys word na wat alreeds onder 5.3.1 in verband met intervensie en "tough love" gesê is. Indien dit deur die verstaan-fases duidelik word dat die persoon in 'n lewende verhouding met Christus is, kan die persoon bemoedig en sy geloof versterk word deur verwysing na voorbeelde uit die Skrif en bepaalde teksgedeeltes. Wanneer dit egter aan die lig kom dat daar areas in die persoon se lewe is wat aangespreek moet word, moet die persoon op 'n liefdevolle wyse gekonfronteer word.

Jay Adams is die vader van die sogenaamde noutetiese berading. Die woord is afgelei van 'n woord wat Paulus dikwels gebruik het (bv. in Kolossense 3:16 en Romeine 15:14) en wat die betekenis van vermaning het. Daar is egter geen woord in Engels of Afrikaans wat die presiese betekenis kan weergee nie, vandaar die gebruik van die woord "nouthetic" in Engels en "nouteties" in Afrikaans. Volgens die National Association of Nouthetic Counselors se webblad (NANC, 2008) bevat die woord drie aspekte:

1. Die beradene het probleme wat voortspruit uit sonde wat op God se manier opgelos moet word.
2. Hierdie probleme moet opgelos word deur mondelinge konfrontasie en Skrifgebruik.
3. Die oplossing moet gesoek word uit liefde vir die beradene om hom/haar te help om God lief te hê en Hom te geniet.

Noutetiese berading is dus berading wat die Skrif gebruik om mense te konfronteer met die doel om hulle in 'n gees van sagmoedigheid reg te help (Galasiërs 6:1).

Die term "admonish" in Romeine 15:14 vertaal Getz (1980:52) met *noutheteo* en dit het vir hom die betekenis van vermaning, regstelling en waarskuwing ("exhortation, correction and warning"). Hy onderskei ses vereistes in die proses van vermaning (1981:55-56): dit moet met diepe besorgdheid en liefde gedoen word; dit moet persoonlik / in privaatheid gedoen word en nie in die openbaar nie; dit moet aanhoudend wees om effektief te wees (hy verwys hier na Paulus se woorde "dag en nag vir drie jaar"); dit moet gedoen word met opregte motiewe (hier verwys hy na 1 Korintiërs 4:14); vermaning moet doelgerig gedoen word (die doel kan voorkomend wees of om gedrag te verander) en die kerk as liggaam moet mense vermaan (Kolossense 3:16).

Wat konfrontering in 'n beradingsituasie volgens Schalekamp (2003a:65) **nie** is nie: dit is nie om 'n beradene in 'n hoek vas te druk, skuldig te bevind en tot een of ander oorgawe te dwing nie. Dit moet nie beperk word (2003a:66-68) tot 'n primêre fokus op sonde nie, maar dit sluit ook selfkonfrontering en om in diepte na te dink oor wie God eintlik is, wie ek eintlik vir God is en wie eintlik God is, in. 'n Mens kan volgens Schalekamp (2003a:95) nie kies **wat** met jou gebeur nie en ook nie **hoe** jy voel nie, maar wel **hoe jy daarop reageer** (sy klem) Ek kan **kies** wat ek dink, doen en sê.

Wanneer die persoon gekonfronteer word, moet dit gedoen word in die gees van een verslaafde teenoor 'n ander. Die berader behoort selfondersoek te doen en by sy eie hart te begin, volgens 1 Timoteus 4:16 : "Let goed op jou lewe en jou leer, volhard daarin, want deur dit te doen, sal jy jouself red sowel as dié wat na jou luister (Tripp, 2002:96-97). Daar moet gekyk word of daar nie dalk 'n balk in die eie oog is nie (Anderson *et al.* , 2000:166; McMinn, 1996:12). Dit moet gedoen word **"as one addict to another"** want alle mense is in wese afgodedienaars (Welch, 2001:93).

Dit is gepas om die woorde in 2 Korintiërs 1 verse 3 tot 5 hier aan te haal:

> "Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus die Vader van ontferminge en die God van alle vertroosting, wat ons troos in al ons verdrukking sodat ons die wat in allerhande verdrukking is kan troos deur die vertroosting waarmee ons self deur God getroos word" .

Die waarheid moet in liefde meegedeel word (Lourens, 1993:42). "Speaking the truth in love" - noem Welch dit (2001:87). Welch verwys na Matteus 18:15-17 as 'n voorbeeld van hoe om iemand te konfronteer. Gaan na die persoon, en as hy nie wil luister nie, gaan met een of twee ander - "It is done with humility and love. The goal is always to rescue and restore" (Welch, 2001:96, 105). Indien die persoon nog steeds nie reageer nie, moet die kerk betrokke raak deur byvoorbeeld een of meer ouderlinge in te roep. Wanneer die ingryping hierdie afmetings aanneem noem Welch dit "intervensie" en dit kan drastiese stappe insluit soos om alle finansiële hulp te staak of die persoon te vra om die huis te verlaat (Welch, 2001:105-107). In heel uiterste gevalle waar daar mishandeling voorkom en vir die veiligheid van gesinslede gevrees word, is selfs 'n dreigement met 'n egskeiding 'n opsie (Welch, 2001:111).

### 5.3.5 Bewerkstellig verandering

Soos by prediking, is die hoofdoel van berading om verandering teweeg te bring. Powlison sê dat 'n berader 'n agenda van verandering, 'n "change agenda", moet hê (2001**b**).

Adams gebruik terminologie soos "habituation" en "dehabituation / rehabituation" (1973:176; 1975, pamflet). Daar moet altyd twee fasette wees vir die proses van verandering om suksesvol te verloop: "putting off and putting on" – die proses sal byvoorbeeld nie suksesvol wees as daar bloot 'n aflegging van verkeerde gedrag is, sonder die aanleer van die regte gedrag nie (Adams, 1973:177). Ook Lourens sê dat die verslaafde sekere dinge moet laat staan **en** die regte dinge moet begin doen (1993:44).

'n Bybelse siening van verandering verskil baie van wat die wêreld beskou as verandering. Sekulêre sielkundiges plaas groot klem op menslike behoeftes, positiewe denke, gesonde selfbeeld en allerhande "how to" –reseppies. Die meeste mense vra by die aanvang van berading *"wat kan EK hieruit kry?"* Die vraag moet egter wees: *"Here wat wil U hê moet ek doen?"* (Handelinge 9:6 ). Dit moet dus God gerig wees en nie mensgerig nie.

Bybelse beraders sien die metodes van wêreldse sielkundiges slegs as kosmeties, en dikwels is sulke berading ook nie suksesvol nie. Bybelse beraders glo daar moet deurgedring word na die wortel van die probleem, d.w.s. die sondige natuur van die mens.

Bybelse verandering moet met selfondersoek begin, soos Dawid in Psalm 139: 23-24 (OV) vra dat God hom moet ondersoek en kyk of daar 'n weg is van smart en hom moet lei op die ewige weg. So 'n biddende selfondersoek soos Dawid s'n sal lei tot sondebesef (Psalm 51: 6: "Teen U alleen het ek gesondig!"). Dawid het dit gesê omdat hy bewus was van wie God werklik is.

Wanneer 'n mens jou biddend tot God wend of vra dat God deur Sy Gees jou bewus maak van spesifieke sondes, sal daar 'n bewuswording wees van spesifieke sondes.

'n Mens sal so kom tot die wortel van die probleem, die hart, die motiewe en gesindhede wat agter reaksies en optredes lê.

Om mense tot verandering te bring, het Crabb in sy jarelange praktyk as terapeut verskillende dinge probeer soos om mense te bring tot selfbewussyn en selfdissipline (Crabb, 1997:9) . Hy het egter tot die besef gekom dat God anders werk: God se fokus i om ons te help om te verander is deur Homself aan mense te openbaar, om hulle te laat smaak Wie Hy waarlik is, hulle Sy ongelooflike goedheid te laat ervaar en om Sy lewe in mense te giet. Wanneer mense in 'n Christelike gemeenskap kom is dit nog beter (Crabb, 1997:9-10).

Daar is drie dinge wat mense sal laat uitsien na verandering: wanneer die beradene oortuig word van God se behae in ons as mense, 'n ywerige soeke na dit wat reg is en 'n blootlegging van wat sleg en pynlik is (Crabb, 1997:18).

Verandering moet in die hart kom (Schalekamp, 2003a:39) want 'n mens se skat sal jou hart beheer (Schalekamp, 2003a:39). God se Woord bring verandering (2003a 65), want Sy Woord sê wie God is (2003a:66-67), wie die mens se vyande is nl: die ou natuur, die wêreld en die duiwel, en wat God se beloftes en gebooie is.

Volgens Schalekamp (2003a:86) is daar geen vaste prosedure wat elke keer gevolg moet word om verandering te bewerkstellig nie, aangesien die wind waai waar hy wil (Johannes 3:7-8). Elke mens is uniek en God wil 'n unieke pad met elke mens stap.

Om verandering te bewerkstellig, is dit vir Schalekamp (2003a:1) belangrik dat die berader by hom/haarself begin. Hy stel dit so: die pad na die beradene se hart loop altyd deur die Vader se hart nadat dit 'n draai in ons eie harte gemaak het. Dit is belangrik vir die berader om te onthou : God aanvaar ons nie **net soos** ons is nie, maar **waar** ons is; iemand wat uit genade leef doen dinge **omdat** hy weet dat God hom onvoorwaardelik liefhet en mense wat nie uit God se genade leef nie, doen dinge **sodat** God hulle kan liefhê - Schalekamp se klem (2003a:9-10).

Dit is belangrik dat die beradene gelei word tot 'n verbintenis ("commitment") tot die volgende: God se standaard; 'n proses van pynlike selfondersoek; regstel van daardie

dinge wat nie met God se agenda ooreenstem nie en 'n leefwyse van voortdurende groei en verandering onder leiding van die Heilige Gees. Die berader moet weet wat die verskil tussen vrugte en wortels is, wat die wisselwerking is tussen vasgelegde denkpatrone (struktuur) en optrede (strategie) in 'n gegewe situasie, waarom verandering van denkpatrone en gedrag nie voldoende is met die oog op wesenlike verandering nie en wat die onderskeidelike rolle van die berader en die Heilige Gees is in die veranderingsproses (Schalekamp, 2003**a**:14).

ABBO gebruik die volgende tabel om die proses te vergemaklik (Combrink, 2003:20):

| | | | |
|---|---|---|---|
| **SITUASIE** | | | |
| | Aflê | Opneem | Skrifgedeelte |
| | | | |
| **STRATEGIE** | | | |
| Optrede | | | |
| Gedragspatrone | | | |
| Woorde | | | |
| **STRUKTUUR** | | | |
| Denke | | | |
| Begeertes | | | |
| Motiewe | | | |
| **SKAT** | | | |
| Wie is G(g)od | | | |

### 5.4 ENKELE ASPEKTE WAT BESONDERE AANDAG VERDIEN

Voordat daar by die ontwerp van 'n Bybelse hulpmodel uitgekom word, is daar spesifieke sake wat ten nouste saamhang met hulp aan mense met verskillende vorme van verslawing soos: motivering tot verandering, die skep van hoop, die gewete, skaamte- en skuldgevoelens en 'n teologie van pyn en lyding, die hart, afgode en leuens wat aandag moet kry.

### 5.4.1 Motivering tot verandering

Dit moet hier gemeld word dat dit onder hierdie opskrif gaan om **motivering** tot verandering. Verandering as sodanig sal later in hierdie hoofstuk aangespreek word. Om mense met verskillende vorme van verslawing te motiveer om vir berading te gaan, hang ook ten nouste saam met die skep van hoop, wat direk hierna onder die loep sal kom.

Motivering tot verandering is een van mees uitdagende stappe in die rehabilitasie van verslaafdes. Die meeste mense met verskillende vorme van verslawing ontken dat hulle enige probleme het en weier volstrek om beraad te word. Omstandighede soos ernstige siektetoestande of 'n hofbevel na botsing met die gereg dryf hulle dikwels om hulp te soek.

- Intervensie

Wanneer die persoon met verskillende vorme van verslawing erg weerstand bied en aanhou weier om vir berading en/of behandeling te gaan, is intervensie 'n opsie. Intervensie is 'n strategie wat by die hantering van verslaafdes en hulle families gebruik word. Volgens Fishman (Fishman *et al.,* 1986:65) is intervensie 'n metode waarvolgens die persoon met die verslawingsprobleem direk gekonfronteer word. Belangrike persone rondom die verslaafde - soos die huweliksmaat, werkgewer en kinders - span saam om aan die verslaafde te vertel hoe negatief hulle sy/haar verslawing ervaar. Dit begin nie noodwendig deur te fokus op die verslawingsprobleem nie, maar eerder te konsentreer op gedragsveranderinge en laer of verslegtende prestasie, bv. by die werk of skool. Die doel daarvan is om die verslaafde bedag te maak op aspekte van sy/haar gedrag wat hulle ontken en is daarop gemik om die persoon daartoe te bring om te erken dat hy/sy hulp nodig het.

Deur die stel van hoë en sterk grense en intervensie word perke gestel aan onaanvaarbare gedrag. Daar moet veral ingetree word in die geval van destruktiewe gedrag. Wanneer mishandeling toegelaat word in families, het dit langtermyn gevolge: "Unbridled evil not only does not subside on its own, **it grows"**
(Cloud, 1992:181-182).

- "Tough love"

'n Ander strategie vir mense met verskillende vorme van verslawing wat weerstand bied (veral in die geval van jong mense) is die sg. "Tough love"- benadering. Volgens 'n webblad van Toughlove (Anon., 2008) is "Toughlove" as organisasie in die vroeë 1980s begin deur die sielkundiges Phyllis en David York van Pennsylvania in Amerika. Dit behels onder andere 'n "tawwe tienie" houding wat ouers inneem teen onaanvaarbare gedrag van tieners. Omdat daar tans nie 'n erkende Afrikaanse vertaling is van die term "tough love" nie, sal die uitdrukking "waarheid-in-liefde" vir die doel van hierdie studie daarvoor gebruik word. Waarheid-in-liefde kan beskou word as 'n intervensiestrategie teen manipulerende gedrag, waar een mens 'n ander mens of mense wil dwing, gebruik of misbruik deur oneerlikheid of op onregverdige wyse, soos dit dikwels by dwelmverslaafdes voorkom.

In haar eerste volume "Getting them sober" sê Drews (1980:40) "Tough love is tough on everybody. It hurts as much as surgery. And it's every bit as necessary." In haar tweede volume met dieselfde naam (Drews, 1983:86) waarsku sy teen 'n sagte behandeling van verslaafdes. Volgens haar is deel van die verslaafde se siekte dat so 'n persoon gesinslede wil intrek in gevoelens van skuld, jammerte, woede en bekommernis sodat gesinslede hom sal red en sal sorg vir sy siekte. "Therefore, you have to realize that when you want to rescue him, you're not rescuing your husband, you're really rescuing his disease."

Ook Dunn (1989:151-152) is ten gunste daarvan dat sterk standpunt ingeneem word en dat oortreders bestraf moet word. Hy haal Lukas 17:3 aan waar Jesus self sê: "En as jou broer verkeerd optree, berispe hom." Hy sê verder: " Let him (the alcoholic) stand on his own two feet. Let him accept responsibility for his own actions."

McClung (1993:77) glo dat, as daar te veel gekonsentreer word op God se genade, sake skeefgetrek word:

> "Love involves holiness as well as mercy and compassion. Real love means standing firm on God's principles of holiness. Such commitment is hard to find in today's world where tolerance, open-mindedness and doing your own thing are all important.

Die "tough love"-benadering is in sommige mense se oë 'n té drastiese benadering, veral in vandag se humanisties-georïenteerde samelewing waar verdraagsaamheid aan die orde van die dag is. In 'n nuusberig oor SABC TV2 op 22 Junie 2004 en oor Radio Sonder Grense (ek mag verkeerd wees) se middagaktualiteits- program op 23 Junie 2004 is berig dat die Noupoort Christelike Sorg Sentrum vir verslaafdes gesluit gaan word, en een van die redes wat aangevoer word vir die sluiting, is die drastiese aard van die rehabilitasie-programme wat aangebied word. In die TV aanbieding was daar twee vaders van verslaafdes wat voorheen in die sentrum behandeling ontvang het. Hulle het albei uiteenlopende beskouings oor Noupoort se programme gehad.

Die keuse van 'n metode van motivering tot verandering hang af van voorveronderstellings: hoe sien die berader die mens voor hom? Die berader of terapeut se siening van die mens bepaal sy metode. Die behavioriste en humaniste sien die mens se gedragsprobleem as iets van buite: verander die omgewing-stimuli en die mens se gedrag sal verander (sien byvoorbeeld Miller se "motivational interviewing" by 4.4.3.2) . Die Bybelse berader sien die mens as geskape na Gods beeld met 'n ewige siel, die mens kan rasioneel dink en keuses maak. Verder is daar ook die implikasies van keuses. Volgens Spreuke 23:7 en Jakobus 1:14-15) is die mens se gedrag die uitwendige vrug van 'n inwendige wortel (Graham, 1995:1).

Vir Adams (1970:170-176) is die mens se verleentheid, dikwels God se geleentheid. "Break downs are break ups", sê hy, "they are often a very advantageous thing...... Any life-shattering event affords the person the nouthetic opportunity to put his life back together again according to Scriptural principles and to initiate new Biblical patterns... A person in despair is ideally suited to counseling". 'n Pastorale berader het dus 'n wonderlike geleentheid om in moeilike situasies teenoor ander (in hierdie geval die mens met verskillende vorme van verslawing) te getuig van die hoop wat in ons lewe (1 Petrus 3:15).

Om verandering te bewerkstellig, noem Combrink (2006:19-21) die volgende: Die berader moet sensitief wees vir die feit dat die wyse waarop God mense verander, verskil van mens tot mens en hy/sy moet sigself aanpas by God se werkswyse en tempo. Daar is verslaafdes wat so vasgevang is in 'n verslawing dat hy/sy nie meer nugter kan dink nie (sien 4.3.3). Naasbestaandes of die werkgewer of predikant moet

dan liefdesdruk toepas. Inligting oor die spesifieke verslawing en verskillende hulpopsies moet verskaf word. Combrink verkies 'n buitepasiënte-benadering omdat die persoon en sy naastes binne die bepaalde situasie leer om veranderinge aan te bring en al die betrokkenes hulself moet verbind tot deeglike en volgehoue ondersteuning.

Die Psalmdigter se woorde in Psalm 139:23-24 kan aan die persoon met verskillende vorme van verslawing voorgehou word: "Deurgrond my, o God, deurgrond my hart, ondersoek my, sien tog my onrus raak. Kyk of ek nie op die verkeerde pad is nie en lei my op die beproefde pad!"

In sy stryd om die persoon te hanteer, kan die berader bemoedig word deur verskillende voorbeelde in die Bybel van moeilike gespreksituasies: Natan wat vir Dawid moes aanspreek oor sy sonde ( 2 Samuel 12); Nehemia en koning Artasasta (Nehemia 2); Ester en koning Ahasveros (Ester 4 –7); Paulus voor Feliks (Handelinge 24) Paulus voor Agrippa (Handelinge 26). 'n Vinnige skietgebed (Nehemia), nederige verootmoediging en gebedshelpers (Ester); versigtige woordkeuse (Paulus), en fyn strategie en die gebruik van 'n verhaal (Natan) is van die maniere waarop hierdie moeilike gespreksituasies hanteer is. Dat die berader nie sommer met die deur in die huis kan inval nie, is duidelik in al hierdie gevalle. Soms het dit dae geduur (soos Ester) , voor die regte geleentheid daar was, soms oomblikke, soos Nehemia se skietgebed. Bid self, kry gebedsvriende, weeg woorde biddend, stuur 'n skietgebedjie op, en/of gebruik verhale ter illustrasie.

### 5.4.2 Die skep van hoop

Vir Mack (1994:189-209) en Adams (1973:37-51) is die opwekking van "Christelike hoop" so belangrik dat hulle hele hoofstukke daaraan wy. "People who are harassed by fear need hope" (Adams, 1973:43). Lotter (1987:117) noem dit inspirasie: Hoop om te weet: "The Lord lifts up those who are bowed down..." (Ps 146:8). Adams (1970:140) sê dat hoop een van die eerste dinge is wat mense moet hê. Die berader sal mense met verskillende vorme van verslawing dus oor en oor verseker dat daar by God hoop is op beterskap. Coetzer (2007:2) noem die volgende vers: Psalm 147:3: "Hy genees die gebrokenes van hart en verbind hulle wonde", en sê dat hierdie wonde ook 'n mens se emosies en gees kan wees wat seergekry het. By Schalekamp (2006a:41) is hoop gewortel in die evangelie en nie in menslike vermoëns nie en dit beteken: hoop as kind

van God; hoop in vergifnis en genade; hoop in God se beheer oor alles; hoop in God se verlossingsplan wat nou gebeur; hoop in God se ewigheidsagenda en hoop in God se almag om ons te verander.

Volgens Adams (1973:43) moet die beradene (en dus die mens met 'n verslawing) met hoop vervul word deur hom te verseker: verandering IS moontlik. Dit moet benadruk word dat dit 'n proses is en dat verandering oor 'n tydperk geskied (heiliging). Wanneer 'n beradene vertel word dat hy/sy vir die sonde dood is, maar in God lewe (Romeine 6:11) is hierdie wete op sigself motivering om heilig te lewe.

By die mens met verskillende vorme van verslawing is die skep van hoop soveel te meer belangrik, aangesien die skade wat deur jare se verslawing aangerig is aan die persoon se liggaam, sy omstandighede en sy verhoudings dikwels baie erg is.

**5.4.3 Die gewete, skaamte- en skuldgevoelens**

Om skaamte- en skuldgevoelens aan te spreek is 'n belangrike aspek vir mense met chemiese of alkoholafhanklikheid, omdat die persoon met groot skaamtegevoel alkohol of dwelms mag gebruik om die pyn te verlig terwyl die persoon met skuldgevoelens dieselfde mag doen om verantwoordelikheid te ontduik. Mense met verskillende vorme van verslawing wat nie irrasionele skuld en skaamtegevoelens verwerk het nie, is nie heeltemal genees nie (Potter-Efron, 1989:279).

Adams verwys na Narramore en Count se beskouing dat kinders se skuldgevoelens van ouers se ingesteldheid kom. Adams (1979a: 222) wys dit af en en sê dat Adam skuldgevoelens gehad het, maar hy het nie ouers gehad wat hom kon leer om skuldig te voel nie! Skuldgevoelens is eintlik ons gewete wat ons pla en dit is deur God in die mens ingebou (Adams, 1979a:196). Die gewete is soos 'n waarskuwing, 'n "rooi liggie" op 'n kar se paneelbord wat aangaan. Soos 'n rooi liggie wat die bestuurder waarsku dat daar fout is, waarsku die gewete die mens dat gedrag onaanvaarbaar is (Adams, 1970:94-95). Die gewete (Adams, 1973:94 ) is die Godgegewe gawe om 'n mens se eie optrede te beoordeel en emosioneel te laat reageer op die evaluasie. Wanneer 'n mens sondig, evalueer 'n mens se gewete die daad of gesindheid en onaangename ingewands- en ander liggaamsreaksies waarsku die mens om op te hou , die versoeking te weerstaan en berou te hê (1973:95). Om alkohol of ander verdowingsmiddels te

gebruik om pyn te verdoof, die brein te verdoof of herinneringe uit te wis, is die verkeerde manier om probleme op te los.

Die gewete gee vir die mens kontak met God en oriëntasie in 'n samelewing. Dit stel 'n mens in staat om norme, waardes en doelstellings van 'n samelewing te internaliseer en te voorkom dat daar oortree word. Alle mense is potensieel toegerus met 'n gewete en dit kan gevorm en gevoed word in 'n sosiale konteks en 'n bepaalde kultuur. Dit is 'n lewenslange proses en in die lewe van 'n Christen word dit gerig deur die Heilige Gees (Wiher, 2003:157).

Die oriëntasie van die gewete bepaal of persone 'n skaamte- of skuld ingesteldheid het (Wiher 2003:282). By die gemeenskap wat meer skaamte-georiënteerd is, word die morele standaarde bepaal deur "significant others" - mense wat van belang is in die gemeenskap. 'n Voorbeeld is om vir 'n kind te sê: "Wat sal ander mense dink?" . 'n Kind sal wil doen wat hierdie "significant others" wil hê. Indien sulke belangrike mense afwesig is, beleef die oortreder gevoelens van angs en nie soseer skaamtegevoelens nie (Wiher, 2003:157, 166; Brannan, 2005:3).

Potter-Efron (1989:2) definieer skaamte- en skuldgevoelens soos volg: Skaamte is 'n pynlike toestand van bewussyn van 'n mens se basiese tekortkominge terwyl skuldgevoel 'n pynlike gewaarwording is wat plaasvind wanneer daar gewaande of ware oortreding is van bepaalde waardes en reëls in 'n gemeenskap. Skaamte het te doen met die persoon se sentrale identiteit, sy hele self, terwyl skuldgevoel te doen het met gedrag. "Hoe kan *ek* so iets gedoen het?" vra die persoon wat skaamte ervaar, terwyl die skuldige persoon vra: "Hoe kon ek *dit* gedoen het?" (kursief van Potter-Efron, 1989:2). Skaamwees en skuldig voel word dikwels verwar aangesien dit dikwels saam ervaar word. Dieselfde gedrag kan deur een mens met skaamtegevoel gepaard gaan, terwyl 'n ander een daaroor skuldig kan voel en 'n derde persoon albei kan ervaar. (Potter-Efron, 1989:3). By persone met verskillende vorme van verslawing volg skaamtegevoelens dikwels 'n kringloop: die persoon ervaar skaamtegevoelens, gee toe aan die verslawing om beter te voel daaroor en ervaar dan weer skaamte as gevolg die verslawing (Potter-Efron, 1989:52).

Soms is daar by mense met verskillende vorme van verslawing sprake van 'n ongesonde gevoel van skaamte, wat sommige navorsers "toxic shame" noem (Henslin,1991:75, 81; Crabb,1992**b**). Crabb sê dat dit 'n valse gevoel van skaamte is wat maak dat 'n mens 'n "people pleaser" word in plaas van 'n "God pleaser". Wiher praat nerens van "toxic shame" nie, maar hy praat wel van ware en valse skaamte- en skuldgevoel: 'n Ware skaamtegevoel is 'n skuld- en skaamtegevoel voor God. 'n Valse skaamtegevoel is wanneer 'n persoon deur iemand anders se toedoen skuld en skaamte ervaar, wat hy noem "imposed guilt and shame" (Wiher, 2003:171). Potter-Efron gebruik nie die term "toksies" nie maar wel "irrasioneel". Volgens Potter-Efron (1989:14, 213) is dit belangrik om te onderskei tussen rasionele en irrasionele skuldgevoelens omdat dit verskillende terapeutiese metodes verreis. 'n Irrasionele ervaring sal byvoorbeeld wees wanneer die alkoholis voel dat hy verantwoordelik is vir *al* die pyn wat die familie ervaar (Potter-Efron se kursief, 1989:213).

Daar kan sprake wees van 'n onderontwikkelde skuldgevoel of die afwesigheid van enige skuld- of skaamtegevoelens (Potter-Efron, 1989:18; Wiher 2003:178). God verwag van die mens 'n gebalanseerde skuld- en skaamtegevoel (Wiher 2003:178, 280, 310) . Dit word geïllustreer deurdat Jesus Christus Homself oriënteer ten opsigte van wie Sy gehoor is: Hy konfronteer die Fariseërs met hul skuld-oriëntasie direk (byvoorbeeld Nikodemus in Johannes 3) en Hy volg 'n indirekte benadering tot die Samaritaanse vrou (Johannes 4) met 'n skaamte-oriëntasie agtergrond.

Skaamte- en skuldgevoelens is nie net negatief nie (Potter-Efron, 1989:27-78, 280). Gesonde skuld- en skaamtegevoelens kan help dat mense 'n gesonde gevoel van trots ontwikkel en dat 'n mens aan 'n bepaalde gemeenskap behoort. Die ideaal is 'n persoon wat homself en verantwoordelikheid vir die gemeenskap waarin hy homself bevind aanvaar. Gevoelens van skuld en skaamte kan gebruik word om mense se lojaliteit te verkry en te verbind aan 'n gemeenskap (Potter-Efron, 1989:280-281).

Vir beraders wat te make het met mense met verskillende vorme van verslawing in verskillende kultuurgroepe is dit nodig om te weet dat kulture in baie opsigte verskil veral ten opsigte van skuld- en skaamtegevoelens. Paulus gee in 1 Korintiërs 9:19-22 riglyne oor hoe mense van ander kulture bereik kan word. Mense van verskillende kulture beleef skuld- en skaamtegevoelens op verskillende wyses . In 'n kultuur waar skaamte

oorheers, vererg mense hul vir optredes wat mense in 'n Westerse land skuldig oor sal voel. Hierdie verergdheid is baie intens en kan nie soos by skuldgevoelens verlig word deur belydenis en boetedoening nie. In 'n skuld-georiënteerde samelewing hoef belydenis nie gedoen te word solank as die oortreding nie aan die lig kom nie. Dit het meer te doen met uiterlike goedkeuring as met 'n innerlike sonde-besef. (Wiher, 2003:131). Skuldgevoel teenoor God is nie dieselfde as skaamtegevoel teenoor die medemens nie. Die twee kan nie eintlik vergelyk word nie, maar skuld moet teenoor God bely word (Wiher, 2003:280).

'n Stereotipering van 'n kultuur waar skaamtegevoel oorheers , sal wees dat harmonie in dié gemeenskap besonder belangrik is. So 'n gemeenskap het 'n holistiese werklikheidsbeskouing oor dinge soos sukses en mag. Sonde sal gesien word as iets wat die harmonie versteur. 'n Stereotipe van 'n kultuur waar skuldgevoel oorheers sal wees: die beklemtoning van geregtigheid, wette en regte. Sosiale lewe word gereguleer deur vaste kodes en standaarde. Redding word gesien as die mens wat in 'n regte verhouding met God is en sonde is 'n oortreding van hierdie standaarde (Wiher 2003:311)

Vir die behandeling van skaamtegevoelens gee Potter-Efron (1989:107) die volgende riglyne:

1. Skaamtegevoel begin genees wanneer dit geopenbaar word in 'n veilige omgewing
2. Moet nooit 'n persoon wat skaamte ervaar verder aan skaamte blootstel nie
3. Gee gereeld aandag aan die persoon
4. Die berader moet die persoon laat sien dat hy self menslik is
5. Die berader moet verwag dat die persoon se vertroue in hom baie getoetse gaan word
6. Daar moet fyn geluister word vir verborge skaamte-temas
7. Let op vir skaamte wat deurskemer in 'n beradene se woede
8. Help die beradene om sy basiese menswees te aanvaar
9. Aanvanklik moet die berader die beradene se skaamtegevoelens aanvaar en dit nie probeer wegredeneer nie.
10. Probeer om verbande tussen die beradene se skaamte-gevoelens met situasies in die familie en gesin te tref

11. Identifiseer spesifieke strategieë van verdediging wat die beradene volg om skaamtegevoelens te probeer verberg
12. Help die beradene om in 'n rigting te beweeg waar hy matige skaamtegevoelens as normaal begin aanvaar.
13. Wees geduldig: skaamte neem lank om oorkom te word.

Brannan (2005:252) doen aan die hand dat Bybelstudie saam met die persoon met skaamtegevoelens gedoen moet word uit Efesiërs 2:1-10 en 4:17 tot 24 sodat die persoon kan verstaan en waardeer aan wie hy behoort en wie hy in Christus is.

Om skuldgevoelens aan te spreek kan die volgende gedoen word (Potter-Efron, 1989:218):

1. Help kliënt om te onderskei tussen rasionele en irrasionele skuldgevoelens;
2. Voer irrasionele skuldgevoelens terug tot die oorsprong (êrens in die verlede);
3. Verbind irrasionele skuldgevoelens met vrees vir straf;
4. Moedig die ontwikkeling van inisiatief aan as moontlike uitingsvorme van aggressie;
5. Help kliente om 'n positiewe waardestelsel te onwikkel;
6. Moedig kliente aan om skuldgevoelens te gebruik as 'n teken dat hul huidige keuses ondersoek moet word;
7. Spreek die verdedigingsmeganismes aan wat beradenes daarvan weerhou om rasionele skuldgevoelens te ervaar;
8. Sien toe dat skuldbelydenis oorgaan in planne van aksie.

Vir die begeleiding van 'n beradene met skaamte- en skuldgevoelens doen Adams die volgende aan die hand: Waar daar 'n gewaarwording is van skuld oor dinge wat verkeerd gedoen is, behoort dit uiteindelik te lei tot berou. Dit lei egter nie altyd tot berou nie en beradenes moet hierin begelei word . Die beradene moet ook daarop gewys word dat daar 'n verskil is tussen bloot om verskoning vra en skuldbelydenis. (Adams, 1979**a**:196,198). Verskoningvra by iets wat bely moet word is humanisties en vra eintlik niks van die ander persoon nie, Wanneer die ander persoon egter sê: "ek vergewe jou" sê hy in effek: Ek sal nie weer hierdie saak teenoor jou ophaal nie; ek sal dit ook nie weer met ander bespreek nie en ek sal ook nie self weer en weer daaroor dink en daaroor broei nie (Adams, 1979**a**: 222).

Wanneer versoening ter sprake is, kan beradenes gehelp word om te verstaan dat die belangrikste is om te weet dat die persoon eers met God versoen moet word voordat hy ook gelei word tot die vra van vergifnis en versoening met 'n ander persoon. So kan gebroke verhoudings weer herstel word (Lotter, 1987:61).

**5.4.4 'n Teologie van pyn en lyding**

Die voorafgaande gedeelte het daarop gewys dat mense ernstig kan begin drink om die pyn van skaamte- en skuldgevoelens te onderdruk. Die meeste moderne mense kan nie pyn, lyding of selfs ongemak verdra nie en sal baie doen, soos om pille te drink of drank en dwelms te gebruik, om verligting te kry (Crabb, 1992**a**). Steyn en Verwey (sien 4.3.3) wys daarop dat mense energie-opwekking soek in dinge soos rook, voedsel, alkohol of dagga indien hulle ongemak ervaar wat veroorsaak word deur biochemiese tekorte (Steyn en Verwey, 1998:389). Alkohol of ander verdowingsmiddels word dikwels gebruik om verskillende vorme van pyn te verdoof, maar dit is die verkeerde manier om probleme op te los (Adams, 1973:123-124).

Daar kan verskillende beskouinge oor pyn en lyding wees, soos hierdie drie wat deur Adams genoem word (1979:153): Ontken die realiteit daarvan soos sommige Oosterse godsdienste doen; erken dat pyn bestaan maar dat God, al wil Hy, niks daaraan kan doen nie (en sodoende God se soewereiniteit ontken); erken die realiteit van pyn en lyding en sê dat dit deur God bewerkstellig word.

"Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus die Vader van ontferminge en die God van alle vertroosting, wat ons troos in al ons verdrukking sodat ons die wat in allerhande verdrukking is kan troos deur die vertroosting waarmee ons self deur God getroos word" .

Steyn en Van den Berg (2005:735) gebruik hierdie woorde in 2 Korintiërs 1 verse 3 tot 5 om te sê dat pastorale terapeute, versorgers en kankerpasiënte saam kan besin oor die hóé van pyn en lyding. Onder lewenshanteringsvaardighede onderskei Steyn en Van den Berg (2005:739) drie groeperinge van vaardighede wat by kankerlyers ontwikkel kan word naamlik kennis-, verhoudings- en ontwikkelingsvaardighede om uiteindelik uit te kom by 'n beter verstaan, verwerking en hoop te midde van hulle siekte.

Daar kan ook alternatiewe wyses wees vir die aanpak van pyn en lyding, soos deur die gebruik van die logoterapie van Frankl wat alreeds genoem is onder 4.2.5.3 . 'n Ander siening is dié van Olsen (2005:267) . In 'n artikel waarin hy aan die vryewil/determinisme debat deelneem, sluit hy aan by die perspektiewe van die postmodernistiese/narratiewe psigologie. Dit leun sterk op behavioristiese teorieë dat menslike gedrag die voorafgedetermineerde gevolg is van vorige leerervarings en 'n gekondisioneerde respons van voorafgaande oorsake. Olsen (2005:272-273) verreken ook werk wat op kognitiewe neurowetenskaplike gebied gedoen is. Daarvolgens word beweer dat *gebeure uit die verlede in verskillende plekke in die brein gestoor word en* wanneer dinge uit die verlede in herinnering geroep word, 'n ingewikkelde en dinamiese proses in die brein in werking kom. Hierdie benadering word volgens Olsen gebruik om byvoorbeeld traumaslagoffers te help om skokkende ervarings te verwerk. Olsen se bevindings word ondersteun deur navorsing gedoen deur Hugo (2006:100-101).

In hoofstuk 4 (4.2.5.3) is daar na die logoterapie van Viktor Frankl verwys as een van die sekulêre wêreld se maniere om pyn en lyding te verwerk, en om sin en betekenis te heg aan die lewe - selfs in die mees onmenslike omstandighede. Daar is gemeld dat, alhoewel logoterapie spiritueel van aard is, dit nie 'n Bybelse manier is om lyding te verwerk nie. 'n Goeduitgewerkte teologie oor pyn en lyding is dus nodig (Crabb, 1992**c**; Powlison, 2001**d**).

Wanneer mense seerkry, depressie of ongemak ervaar, kan hulle dinge sê soos: "My optrede te midde van my pyn is geregverdig" of "Ek wonder of God goed is, Hy het my dan nie teen pyn beskerm nie" (Crabb, 1992**a**). Dit is nodig dat beraders weet hoe om beradenes wat sulke gedagtes koester, te antwoord.

'n Vraag wat gewoonlik by pyn en lyding gevra word, is: waar is God wanneer mense deur hul verkeerde keuses hulself en/of ander leed aandoen? (Talbot, 2006:36). By mense met verskillende vorme van verslawing sal hierdie vraag besonder relevant wees, aangesien die persoon se destruktiewe gedrag nie net homself nie, maar ook diegene met wie hy in 'n verhouding staan, ten diepste raak.

In sy bespreking van hierdie aangeleentheid kom Talbot by die volgende uit:

1. God bring die kwade tot stand vir sy heerlikheid (Eksodus 9:13-16; Johannes 9:3) (Talbot, 2006:42).
2. Niks wat bestaan of gebeur, geen bose persoon, ding of situasie of daad, val buite God se toelatende wil nie. Wanneer selfs die heel slegste dinge met 'n mens gebeur, kan dit nêrens anders vandaan kom as uit God se Hand nie.
3. Geen mens kan 'n ander enige leed aandoen tensy God dit toelaat nie (Genesis 31:7; Eksodus 12:23). (Talbot, 2006:43, 47).

Nog 'n vraag wat dan deur Talbot (2006:47) ten berde gebring word, is: wat is die mens se vrye wil en die mens se verantwoordelikheid in die verband van die oorsprong en sin van lyding? Dit bring Talbot uit by "Oop Teïsme".

By Oop Teïsme is die twee belangrikste vrae: "Is God in totale beheer van alles wat gebeur" en "Weet God presies wat in die toekoms gaan gebeur?".

In 'n artikel op Theopedia word beweer dat aanhangers van Oop Teïsme se antwoorde op die twee vrae is dat God nie totaal in beheer van alles is nie, en dat God nie alles wat nog in die toekoms gaan gebeur, vooruit weet nie (Anon., 2008).
Met die laaste eeuwisseling was Oop Teïsme 'n groot besprekingspunt. Dit het momentum gekry toe John Sanders, 'n professor aan die Huntington College in Indiana in 'n vurige toespraak ten gunste van Oop Teïsme onder andere verklaar het dat God nie alles wat gebeur beheer nie (Gorski, 2001:11). Dit het groot reaksie uitgelok en verskillende artikels het daaroor verskyn. In die meeste artikels is daar verbande getrek oor hoe die idees van Oop Teïsme aspekte van die onfeilbaarheid van die Skrif en God se soewereiniteit aantas (Gorski, 2001:10; Williams, 2005:177; Smith, 2005:31; Cuthbertson, 2005:83).

Wanneer 'n mens 'n eie vrye wil het, beteken dit volgens die Oop Teïste dat God nie verordineer wat die mens doen nie. Verder: As die uiteindelike verduideliking van die mens se keuses buite homself lê, is hy nie werklik vry nie en kan hy nie verantwoordelik gehou word vir sy keuses nie. As hy nie verantwoordelik gehou kan word nie, dan kan hy nie geprys of geblameer of gestraf word vir hoe hy kies nie. Die Bybel se boodskap

is egter dat mense geblameer, gestraf en verantwoordelik gehou word vir hulle keuses en dade selfs al doen hulle wat God volgens sy raadsplan bepaal het hulle sou doen, soos in die geval van Judas (Talbot, 2006:52-53). Volgens die Skrif het mense vryheid van keuse (Deuteronomium 30:19; Lukas 10:41-42). Die mens met verskillende vorme van verslawing het dus ook vryheid van keuse en kan dus ook verantwoordelik gehou word vir sy/haar dade.

Beteken dit dan dat mense verantwoordelik is vir hul keuses en dade omdat hulle wilsvryheid het? Is dit die mens wat finaal vorm gee aan die mens se lewe of lê dit in iets anders? Nee, die mens beskik nie oor die wilsvryheid om te besluit of hy 'n slaaf van die sonde wil bly of nie, want die mens is dood in sy sonde (Efesiërs 2:1-3; 2 Petrus 2:19). Slegs die Seun kan die mens vrymaak (Johannes 8:36; 2 Korintiërs 3:17) (Talbot, 2006:57-58). Talbot sê (2006:60) dat die mens waarskynlik eers na sy wedergeboorte ware wilsvryheid het en deur die krag van die Heilige Gees in staat is om enigiets anders as sonde te kies.

Die narratief van Josef werp volgens Talbot (2006:63) verder lig op die verstaan van pyn en lyding, veral Josef se woorde aan sy broers in Genesis 50:20: "Julle wou my kwaad aandoen, maar God wou daarmee goed doen" . Daar is 'n tweeledige verduideliking: dinge gebeur tot eer van God en tot die uiteindelike voordeel van die betrokke mens. Talbot (2006:64-65) noem voorbeelde van sodanige tweeledige verduidelikings van waarom slegte dinge gebeur in die Skrif: dit wat Job oorgekom het, wat met Jona gebeur het en Paulus se skipbreuk in Handelinge 27. In wese kom dit neer op "God foreordains what humans choose" (Talbot, 2006:65). God is nooit afwesig of onbetrokke wanneer mense ander of hulself seermaak nie (Talbot, 2006:65). Die feit dat God alles vooruitbepaal/verordineer het, ook ons vrye keuses, verminder of verwyder nie ons verantwoordelikheid, ons skuld of die feit dat ons gestraf moet word vir ons sondes nie. (Galasiërs 6:7). (Talbot, 2006:67).

Wanneer die vraag opkom: Maar hoe kan dit wees dat ons vryelik handel, as dit is wat God vooruitbepaal het? Hierop moet ons volgens Talbot (2006:69-70) antwoord: Ons kan nie verstaan hoe dit kan wees nie. Ons menslike kennis strek nie so ver nie. Ons sal moontlik nooit op aarde verstaan waarom bepaalde dinge gebeur het nie, maar waarvan ons werklik seker kan wees, is dat God alles (selfs die pyn en lyding

veroorsaak deur bose mense) ten goede kan laat meewerk (Romeine 8:28). Talbot het self ook lyding ervaar (hy was vir 'n lang tydperk verlam) en het sy lyding gesien as komende van 'n liefdevolle Vader wat hom wou losmaak van dieperliggende afgode.

Vir De Kock (2007:50) is die taak en doel van pastorale versorging ten opsigte van die lydende om die solidariteit van God met die lydende te beklemtoon :God ly saam en God is saam kwesbaar. Die resultaat van 'n gekruisigde en lydende God is drieledig:

- Alhoewel lyding nie weggeneem word nie, is dit nooit finaal nie. Die lydende kan met hierdie kwesbare, gewonde God identifiseer.
- Alhoewel lyding tot baie spanning, twyfel, wanhoop en angs ly, kan 'n mens altyd tot God nader, Hom selfs beskuldig en vir Hom kwaad wees.
- Alhoewel die probleem van lyding, sonder 'n oplossing, voortduur lei hierdie insig ten opsigte van solidariteit nie tot bloot 'n fatalistiese onderwerping nie, maar eerder tot 'n aktiewe weerstand teen lyding.

Die geheimenis van waarom God die bose toelaat is volgens Talbot (2006:77) net so diep as die geheimenis van die bose in ons harte. Net soos God alleen die diepte van ons harte kan bepaal, kan Hy alleen verstaan hoe die pyn en leed wat ons andere en onsself aandoen deel uitmaak van sy liefdevolle genesing. Ons sal waarskynlik eers die antwoorde op al ons "waaroms" kry as ons eendag van aangesig tot aangesig kom met ons Here, Jesus Christus. Dit is alles deel van die proses om ons gelykvormig te maak aan Sy Beeld.

Adams doen die volgende aan die hand om mense te help om pyn te hanteer (1979**a**:157):

Vertel die beradene dat pyn deel is van die werklikheid;
Laat die beradene verstaan dat God pyn toelaat vir sy eie soewereine doeleindes;
Deur dit te erken, word God bo mense erken.

Die belangrikste is 'n ware Bybelse benadering: Die beradene kan verwys word na Job. Daar kan ook na verwys word hoe God pyn en lyding kan gebruik, om ons te herinner dat ons nog op pad is na die ewigheid. Hoop kan geskep word deur op die toekomstige lewe (Romeine 8:18-25) te wys en te wys dat pyn ons louter (Hebreërs 5:8, 2:10. , 2 Korintiërs 4:17,18). Agter al die pyn is 'n goeie God wat vir die mens se eie beswil dit

bewerkstellig het. Daar kan ook gewys word op die manier waarop Paulus sy pyn en lyding gedra het (Adams, 1979a:156).

Louw verwoord die Bybelse benadering skitterend:
*Vir die Christelike lewensgevoel is elke oggend se opstaan na die nag se slaap 'n eskaton in die kleine. Elke nuwe dag is 'n uitdaging aan die gelowige om in sy verwerking van sin – binne die ruimte van die kerk – 'n teken op te rig van die komende ryk van God. Binne hierdie eskatologiese perspektief is troos as bystand in smart, vermindering van leed, bestryding van onreg, verbering van die wêreld en opheffing van mens-onterende diskriminasie, 'n pastorale verantwoordelikheid. Elke aand bring vir die Christelike lewensgevoel die ondekking: die eskaton in die groete is nog nie!*
(Louw, 1985:132).

**5.4.5 Leuens** (sien ook 2.3.6.7)
Dat die mens verkeerde dade wil verbloem, is nie iets nuuts nie: Dit het al met Adam begin toe hy en Eva vir God weggekruip het in 'n poging om hul sonde weg te steek (Adams, 1970:213). Ontkenning en leuens verbreek kommunikasie en beradenes moet aangemoedig word om dit te erken en die waarheid te praat (Adams, 1970:218-219).

Ook Anderson *et al.* (2000:152-154) wys op die belangrikheid van die waarheid in gevalle van ontkenning, ontsnapping van die werklikheid deur fantasie, onttrekking en regressie, deur die skuld op ander te pak of deur verskoning te soek vir verkeerde gedrag.

**5.4.6 Die hart** (sien ook 2.3.6.4)
Die konsep "hart" is vir Adams "the most fully developed, most far reaching and most dynamic concept of the non-material (or spiritual side of) man in the Bible" . Die hart kom sterk ooreen met die gees in vele opsigte. Die hart is die nie-materiële deel van die mens en vorm 'n kontras met die materiële kant van die mens (1979a116). Dit is die diepste innerlike van die mens (Adams, 1979a:115; Anderson, 2000:87)

Ons harte word altyd deur iets of iemand regeer. Die belangrike vraag om in 'n situasie te vra is: wat regeer hierdie mens se hart? Wat die hart regeer, bepaal die optrede teenoor mense en die optrede in sekere situasies. God verander mense nie net deur

verandering van mense gedrag nie, maar ook deur die mens se hart opnuut te verower. Ten diepste gaan dit oor wat die voorwerp van aanbidding is, want wat die hart regeer, beheer die manier wat mense reageer (Tripp, 2002:71).

Die bespeking van die Bybelse siening van die hart helder sake op en is baie belangrik vir beraders. Indien dit nie ten volle verstaan word nie, kan daar nie werklike begrip wees van die menslike natuur en veral die geestelike aspekte daarvan nie (Adams, 1979**a**:113). Uit die hart spruit die meeste van die mens se probleme voort (Adams, 1979**a**:104).

Wat beheer die hart? Begeertes, antwoord Schalekamp (2003**b**:44) . Hy vind die antwoord in Jakobus 4:1-(1,3): "Kom dit nie van julle selfsugtige begeertes wat gedurig binne-in julle woed nie?.... julle bid verkeerd: julle wil net julle selfsugtige begeertes bevredig."

Hartsverandering is die uiteindelike doel van Bybelse berading, ook by die mens met verskillende vorme van verslawing (Tripp, 2002:110). Die belangrikheid van die hart sal duideliker na vore kom verder aan in hierdie hoofstuk.

**5.4.7 Afgode** (sien ook 2.3.6.6)

Die kwessie van afgode vind ons dwarsdeur die Bybel en dit kan enigiets buiten God wees wat 'n persoon se hart beheer . Afgode verander my denkwyses en motiewe en dit veroorsaak dat ek my tot verkeerde dinge wend (Schalekamp, 2003**a**:43). Die rol van afgode en die hanteer daarvan sal duideliker na vore kom verderaan in hierdie hoofstuk.

**5.4.8 Die denke**

Die Bybel is nie stil oor die mens se gedagtewêreld en sy denke nie. Die Skrif beklemtoon dat die mens sy denke moet vernuwe en uit die geloof lewe (Romeine 12:2). Die gelowige moet elke gedagte gevange neem om dit gehoorsaam te maak aan Christus (2 Korintiërs 10:5). Volgens Filippense 4:8 moet Christene hulle gedagtes rig op deugdelike en lofwaarwaardige dinge, die dinge wat daarbo is en nie op die dinge wat op die aarde is nie.

Op grond van wat die Skrif oor die mens se denke sê, het Zeulke die sekulêre sielkunde se kognitiewe gedragsterapie aangepas en 'n metode ontwikkel om mense te help om hul denke te vernuwe (Zeulke, 2000:223-227). Die mens het min beheer oor sy emosies, maar kan wel sy denke verander en kies wat om te glo (Zeulke, 2000:105; Bosman, 2007:97). Die beradene kan deur 'n proses geneem word wat die volgende insluit: die ontwikkeling van nuwe gesindhede, die vasstelling van verkeerde gedagte-patrone en die aanleer van nuwe Bybelse gedrag.

In navorsing gedoen by mense met posttraumatiese stres is bevind dat erge trauma denkprosesse van slagoffers aantas wat lei tot gevoelens van ontologiese onsekerheid. Hierdie versteurde denkprosesse moet eers aangespreek word voordat die ontologiese onsekerheid aangepak kan word (Hugo, 2006:100).


Laaser en Ohlschlager (2006) (http://aacc.net/2006/08/02/addictions-a-multifaceted-christian-approach/) noem dit nie kognitiewe gedragsterapie nie, maar emosionele en kognitiewe herstrukturering. Volgens hulle kom die meeste verslaafdes uit families wat deur hulle leed aangedoen is, en om aan die pynlike gebeurtenisse te dink, werk soos 'n sneller vir emosies . Hulle kan gehelp word deur die identifisering en konfrontering van verkeerde gedagtes en gelei word om reg daaroor te dink.

Alkoholisme lei tot die afskaling van breinfunksies . Omdat die persoon wat oormatig drink se brein nie toegang het tot gesofistikeerde funksies nie, tree die persoon irrasioneel op, soos iemand wie se bestaan bedreig word . Optrede van so 'n persoon is ook aggressief (Grové, 2003:10).

Die mens het behoefte aan heelheid, eenheid en balans in die lewe. Mense probeer om dit te bereik ten opsigte van verhoudings, in die huwelik, loopbane en in alles wat die mens sê, dink en doen. Wanneer hierdie balans om een of ander rede versteur word, word allerlei tegnieke aangewend om beter oor sigself te voel of om een of ander vorm van balans te bewerkstellig. Tegnieke sluit in: oormatige gebruik van alkohol en dwelms, om verlief te raak op iemand of iets te koop wat mens begeer maar nie kan bekostig nie. Reaksies op gebeure kan die volgende wees:

- Vlug: dit is die impuls om weg te kom uit 'n situasie. Dit kan die volgende insluit: die behoefte om selfmoord te pleeg, van die huis af weg te loop of om emosioneel te onttrek deur stilstuipe te kry.
- Veg: Dit kan gedoen word deur sigself te verdedig of die ander aan te val. Dit kan ook die volgende insluit: verbale woede-uitbarstings, beskuldigings, sarkasme, tergery poetse bak of enige vorm van geweld.
- Vries: dit is soos wat mens by sommige diere kry, byvoorbeeld 'n muis wat nie kan roer as daar 'n slang naby is nie.
- Paai: By diere is dit byvoorbeeld wanneer 'n hond op sy rug gaan lê. By mense is dit soos die "sosiale glimlag" wat nie die oë bereik nie. Ook wanneer daar ongemaklik gelag of gegiggel word in bepaalde situasies (Grové, 2003:19-20).

'n Beradene kan gehelp word om anders oor 'n saak te dink, en uiteindelik anders te reageer. Skematies kan dit so voorgestel word:




Voorbeelde uit die Bybel kan aan die beradene voorgehou word. Hoe verskillende denke verskillende vorme van gedrag bepaal is te sien in die verhaal van Dawid en Goliat (1 Samuel 17). Die Israeliete het elke keer as Goliat verskyn, uit vrees weggehardloop. Dawid het anders gedink: hy het geglo dat God hom sal help en het die reus aangedurf. 'n Ander voorbeeld is die twaalf verspieders (Numeri 13): . Tien verspieders het gedink die Enakiete was reuse en hulle was soos sprinkane in hul eie oë (Numeri 13: 33) maar Josua en Kaleb (Numeri 14:24) het anders gedink en geglo en het guns gevind in God se oë.

### 5.4.9 Ko-afhanklikheid/mede-afhanklikheid


Soos alreeds in vorige hoofstukke gesien is (sien 2.3.6.6 en 3.6.2.3) gesê is, is daar disfunksionaliteit by die meeste gesinne wat geraak word deur verslawings en gesinslede moet deur die berader daarop gewys word. Soos in die genoemde gedeeltes

gemeld, bestaan daar nie eenstemmigheid onder Christenberaders oor hoe dit genoem moet word en hoe dit aangepak moet word nie.

Bybelse beraders moet hul daarvan vergewis dat hul hulpverleningsmetodes in hierdie verband Skrifgefundeerd is. In wese is mede-afhanklikheid 'n tipe van verslawing (Combrink, 2003:14; Coetzer, 2007:9), 'n aanbiddingsafwyking (Galloway, 1990:1), en moet as sodanig aangespreek word.

Die driehoek-model wat in 5.3.2 aangedui is, kan verander word met "verslaafde" bo-aan en kan gebruik word om aan mede-afhanklikes te toon hoe die ideale verhouding versteur word:

**persoon met verskillende vorme van verslawing**



**God** **huweliksmaat van verslaafde**

Die omvang en implikasies van mede-afhanklikheid is so groot, dat dit onmoontlik is om behoorlik in hierdie studie daaraan aandag te gee. Dit kan die stof wees vir verdere navorsing.

### 5.4.10 Die daarstel van grense

Die stel van hoë en sterk grense is baie belangrik (Cloud, 1992:181-182; Coetzer, 2007:48) en hang saam met dinge soos intervensie, "tough love" en konfrontering (sien 5.3.1 en 5.4.4). Ook hierdie onderwerp verdien diepgaande studie en val buite die grense van hierdie navorsing.

### 5.4.11 Steungroepe

Steungroepe aan mense met verskillende vorme van verslawing het hul oorsprong gekry by die AA. Dit was 'n "fellowship" van mans en vrouens wat hul ervarings met mekaar deel sodat hulle mekaar kan help om hul gemeenskaplike probleem op te los en ander te help om te herstel van alkoholisme (Turian, 1990:22).

Vanweë die sosiale onaanvaarbaarheid van dwelmgebruik vind gesinne van dwelmgebruikers dit moeilik om met mense oor hul ervarings te praat. Volgens Lawson (1995:57) kan selfhelp-groepe die leemte vul. Mense met verskillende vorme van verslawing in Yancey (2000:72) se gemeente wat betrokke was by steungroepe het ook met groot waardering gepraat van die warmte en aanvaarding, in plaas van die veroordeling deur mense by die kerk , wat hulle by die AA se steungroepe gevind het,.

Daar is ook negatiewe aspekte aan steungroepe. Crabb noem dit in dieselfde asem as die "recovery movement" en die codependency movement" en noem dit die "small group movement" (Hier kan verwys word na Rhodes, Crabb en andere se negatiewe kommentaar onder 3.6.2.2). Die moontlikheid bestaan ook dat mense oorafhanklik kan raak van steungroepe (Combrink, 2003:14). Al die persone wat op die negatiewe wys, is ten gunste daarvan dat mense met verskillende vorme van verslawing in 'n liefdevolle gees by steungroepe in die kerk opgeneem word (sien die rol van die kerk onder 5.5).

**5.4 DIE ROL VAN DIE KERK** (sien ook 2.3.9)
Welch beklemtoon die belangrikheid van die kerk en wy 'n hele hoofstuk daaraan (2001:247-267) "Spiritual battles cannot be fought alone"(2001:247). Die persoon met verskillende vorme van verslawing moet aangemoedig word om by 'n kerk van sy/haar keuse aan te sluit indien die persoon nie meer kerk toe gaan nie (Hebreërs 10:25); hy/sy moet gelei word tot daaglikse Bybelstudie en gebed en - as daar 'n gesin is - huisgodsdiens.

Dit is belangrik om die persoon met verskillende vorme van verslawing in aanraking te bring met rolmodelle (Adams, 1970:179-179), veral ouderlinge wat dan pastoraal na hulle kan omsien (1 Petrus 5:1-5). Om die persone met verskillende vorme van verslawing te help om by 'n kerk in te skakel en in kontak te kom met rolmodelle, kan huiswerk gegee word wat hulle dwing om uit te kom by ander lidmate, soos om byvoorbeeld onderhoude met spesifieke mense in die gemeente te voer of om persone in die gemeente te vra om hulle te help met Bybelstudie (Adams, 1973:337).

Die belangrikheid van die kerk is duidelik uit die inhoudsopgawe van Getz se boek (Getz, 1981) waar hy aandui wat hy in bepaalde hoofstukke hanteer: aanvaar mekaar, vermaan mekaar, dien mekaar, dra mekaar se laste, bemoedig mekaar. Gelowiges is

lede van mekaar volgens 1 Korintiërs 12:14-26 en ook lede van die liggaam van Christus. Geen individuele Christen kan effektief op sy eie funksioneer nie. Die versorging van lidmate, en dus die mens met verskillende vorme van verslawing, is nie net dominee se taak nie maar ook taak van elke lidmaat: (Getz,1981:9).

Die mens met verskillende vorme van verslawing kan verseker word dat hy deur die werk van die Heilige Gees in die kerk deel kan word van 'n intieme en unieke gemeenskap (Lotter, 2005:501). Die Heilige Gees bewerkstellig gemeenskap tussen gelowiges en rus hulle toe om God se liefdes-opdrag van bediening van mekaar, en dus ook van mense met verskillende vorme van verslawing, uit te voer.

**5.6 HEILIGING/HEILIGMAKING**

Die werk van die Heilige Gees is van kardinale belang in Bybelse berading aan mense met verskillende vorme van verslawing (sien ook 2.3.8). Die Gees is Parakleet, Goddelike Helper, Gids op weg na die Waarheid, Inwonende Teenwoordigheid. Sonder die Gees kan daar geen blywende verandering wees nie (Adams, 1970:21; MacArthur Jr, 1994**b**:131-141) .

Wanneer mens met verskillende vorme van verslawing bang is vir terugvalle, kan hulle gewys word op die werk van die Heilige Gees soos gestel in 2 Korintiërs 1: 21. Volgens Lotter (1993:40) is heiliging die **grondliggende**, **voortdurende** en **permanente** werk van God die Heilige Gees (Lotter se klem). Alle gelowiges - ongeag rang, stand, amp, ouderdom, geslag of fase van geestelike groei (1993:72) - het deel aan die salwing van die Gees (1993:45). Dit skakel eksklusiwiteit tussen gelowiges uit (1993:119). Die salwing is om hulle roeping en verantwoordelikheid as gelowiges uit te leef en na te kom (1993:120).

Lotter (1993:46) praat ook oor die betekenis van verseëling met die Heilige Gees en sê dit het die betekenis van die bevestiging van eienaarskap, waarmerk van iets en veilige bewaring met die oog op die toekoms. Wanneer vind die verseëling plaas? Die oomblik wanneer die persoon tot geloof kom (Lotter, 1993:51; Lotter, 2005:491). Vir Lotter (1993:52) is die belangrikheid van die verseëling die volgende: die Heilige Gees sorg vir die gelowige se daaglikse groei en ontwikkeling in die geloof, dit verseker die gelowige van God se beskerming en bewerk innerlike versterking.

Lotter beklemtoon (1993:57) dat dit nie gaan om die leef volgens die uiterlike wet nie, maar om die verandering van die hartsgesteldheid. Hy haal Calvyn aan wat sê dat ons nie net die genade van die Heilige Gees nodig het om ons harte te versag, te buig en tot gehoorsaamheid aan God te lei nie, maar ook Sy hulp om ons onoorwinlik te maak teen die hinderlae en geweldige aanslae van die Satan. (CALVIN, J 1559/1988. Institusie van die Christelike godsdiens. (Deel 3) p.1149). Die Heilige Gees is volgens Lotter (1993:130; Lotter, 2005:495) voortdurend besig om die gelowiges te verander na dieselfde beeld as Christus. Hierdie verandering sal in hierdie bedeling nooit voltooiing bereik nie.

Lotter wys daarop (1993:74) dat alhoewel die gelowige aanvanklik passief is by die verwerkliking van die heil, hy nie onbetrokke daarby is nie ; daar is ook voortgaande vernuwing en die gelowige raak steeds meer en meer sensitief vir die onmeetbare rykdom van God se barmhartigheid en genade.

Die implikasies van die werk van die Gees in die gelowige is drieledig: Gelowiges het die vaste wete dat hulle verander word al kan hulle nie die verandering uit hulself na vore bring nie; dat die vastigheid waarop hul bou nie in hulself lê nie maar in God alleen en dat hierdie verandering nog nie afgehandel is nie maar hoe langer hoe meer plaasvind (Lotter, 1993:131).

**5.7 DIE ROL VAN GEBED:**

Alle aspekte van die beradingsproses het gebed nodig (Adams, 1973:49; Getz 1981:88). Die hele proses moet in gebed "ondergedompeld zijn en moet door de wijsheid en krag van de Heilige Geest geleid worden" (Collins en De Vriese, 1988:144, Combrink, 2005). Die berader moet sy swakhede en sonde erken en moet bid vir die krag en reinigende teenwoordigheid van die Heilige Gees (Adams, 1973:49).

Dit is belangrik by gebed om op geestelike sake te fokus. Powlison (2005:3-4) identifiseer drie kategorieë van gebede: Die eerste is omstandigheidsgebede: ("Circumstantial prayers") waar God gevra word om die omstandighede te verander en die beradene van die bose te bewaar. Die tweede is wysheidgebede waarin God gevra word om ons te verander deur ons geloof te verinnig, dat God ons sonde vergewe,

wysheid in plaas van dwaasheid gee, help om Skrifgedeeltes te verstaan en ons leer hoe om ander te bemoedig. Die laaste kategorie is Koninkryksgebede waarin gebid word dat God se Koninkryk mag kom en God gevra word dat Hy Homself meer en meer volledig aan die bidder sal openbaar. Al drie is nodig vir balans, Powlison (2005:4). Die beradene moet aangemoedig word en desnoods waar nodig gelei en geleer word om vir homself, sy gesin en vir ander te bid.

## 5.8 SLOT

Hier is gekyk hoe Bybelse riglyne 'n rol speel in 'n hulpmodel vir mense met verskillende vorme van verslawing. Sekere aspekte wat besondere aandag verdien by persone met verskillende vorme van verslawing - soos motivering tot verandering, die skep van hoop, die gewete, skaamte- en skuldgevoelens, 'n teologie van pyn en lyding, leuens, die rol van die hart en afgode, die denke, ko-afhanklikheid of mede-afhanklikheid, die daarstel van grense en steungroepe - is ook aangesny. Die metode van hulp van ABBO is ondersoek. Daar is ook gekyk na die proses van heiliging, die rol van die kerk en gebed.

# HOOFSTUK 6

# 'N VOORGESTELDE BYBELSE METODE VIR PASTORALE HULP AAN MENSE MET VERSKILLENDE VORME VAN VERSLAWING

## 6.1 INLEIDING:

Verslawing is 'n komplekse, mutidimensionele probleem. Die aard en omvang daarvan is so groot dat dit voorbarig sal wees om voor te gee dat hierdie studie die probleem volledig kan hanteer. In 5.1.1 is redes aangevoer vir die aanpak van hierdie studie. Hierdie hoofstuk dui 'n moontlike koers aan vir 'n hulpverleningsmetode en wil 'n beskeie bydrae lewer om rigting te gee in die verwarring wat veroorsaak word deur 'n groot verskeidenheid paradigmas en hulpverleningsmetodes.

Ter inleiding kan 'n skematiese voorstelling van 'n proses van hulp aan persone met verskillende vorme van verslawing en hulle gesinne gegee word. Vervolgens sal elkeen van die elemente vervat in die skema in hierdie hoofstuk bespreek word:

| **Persone betrokke** | **Beoogde uitkomste** | **Aksie** |
|---|---|---|
| Persoon met verslawings | Motivering tot mediese ondersoeke | Bou van Godverheerlikende helpende verhouding |
| | Motivering tot blywende verandering | |
| | Skep van hoop | Verstaan van die situasie |
| | Bewuswording en hantering van skaamte- en skuldgevoelens | Konfrontasie en/of bemoediging |
| | Bewuswording van God se rol in pyn en lyding en die mens se reaksie daarop | Bewerkstelliging van verandering |
| | Bewuswording van die rol van leuens en die hantering daarvan | |
| | Bewuswording van die rol van die hart | |
| | Bewuswording en aanpak van | |

| | | |
|---|---|---|
| | afgode<br>Vernuwing van die denke | |
| Gesinslede | Soos bo, met die klem op bewuswording en hantering van mede-afhanklikheid | (Soos bo) |
| Kerkraad en ander lidmate | Aansluit by steungroepe soos die CAD, gemeenskap van die gelowiges in eredienste, Omgee-, Bybelstudie en Gebedsgroepe. Uitleef van gawes, getuienis. | Bewusmaking, aanmoediging en ondersteuning |

Insigte uit vorige hoofstukke sal gebruik word om 'n Bybelse metode van hulpverlening aan mense met verskillende vorme van verslawing te ontwikkel.

## 6.2 PERSONE BETROKKE:

### 6.2.1 Inleiding

Verslawing is 'n probleem wat nie net die betrokke persoon raak nie, maar almal om hom. Dit is dus nodig dat nie net die persoon nie, maar sy hele gesin gehelp word. Dit vra ook dat die kerk 'n rol sal speel in die helingsproses.

### 6.2.1 Persoon met verskillende vorme van verslawing

Alhoewel die hooffokuspunt (sien 6.2) van berading die persoon met verskillende vorme van verslawing sal wees, sal ander persone soos gesinslede, ampsdraers van die kerk en kerklidmate ook uit die aard van die saak by die proses betrokke wees.

### 6.2.3 Gesinslede

Veral in gevalle van langdurige verslawing, raak gesinslede ook in meerdere of mindere mate betrokke en geaffekteer deur die persoon se verslawing, soveel so dat daar in sulke gesinne dikwels afhanklikheidspatrone te sien is (5.4.9). Dit manifesteer onder andere as die vertel van leuens, skaamte- en skuldgevoelens en ontkenning van die probleem. Wanneer dit gebeur, moet hulle gehelp word om uit sodanige destruktiewe gedragspatrone te kom (sien 6.3.11). Dieselfde beoogde uitkomste en aksies as by die van die persoon met verskillende vorme van verslawing sal gevolg word (sien 6.3 asook die voorbeeld van die gebruik van ABBO se tabel).

### 6.2.4 Kerkraad en/of gemeentelede

Navorser is van mening dat die AA (Alkoholiste Anoniem) en sy klone wat tans die toneel van hulpverlening aan mense met verskillende vorme van verslawing oorheers, veral in hierdie opsig

tekort skiet. Die nasorg wat aan mense gegee word wat hulle kursusse deurloop het, is humanisties en gaan mank aan 'n stewige basis. Soos alreeds onder 2.3.9 en 5.5 gesê is, het die kerk dus 'n belangrike rol te speel in veral die bewusmaking, liefdevolle ondersteuning en aanmoediging van persone met verskillende vorme van verslawing op die lang pad van herstel. Dit sal in meer besonderhede bespreek word onder 6.3.12

## 6.3 BEOOGDE UITKOMSTE

### 6.3.1 Inleiding

Dit is vanselfsprekend dat berading doelgerig gedoen sal word met as oogmerk bepaalde uitkomste. Navorser bring in hierdie afdeling bepaalde uitkomste soos genoem in die skema in 6.1 onder die aandag. Insigte uit ander hoofstukke sal gebruik word om 'n eie metode van hulp aan mense met verskillende vorme van verslawing te ontwikkel. Kursoriese opmerkings sal gemaak word en verwysings sal gegee word na betrokke hoofstukke en onderafdelings.

Die Bybelse vertrekpunte wat uitvoerig genoem is in hoofstuk 2 (2.3) en herhaal word in 5.1 sal deurentyd in gedagte gehou word.

### 6.3.2 Motivering tot mediese ondersoeke

Dit is dikwels eers wanneer die liggaam erg afgetakel is deur verslawing dat die persoon genoeg rede het om hulp te soek. Daar is 'n spreekwoord wat sê: die mens se verleentheid is God se geleentheid, en die erns van die toestand kan as motivering gebruik word om toe te sien dat die persoon vir deeglike mediese ondersoeke gaan.

In die geval van alkohol- en/of chemiese verslawing, moet die persoon die gewoonte volledig staak en nugter en skoon word. In die geval van erge verslawing sal dit beteken dat die persoon in die hospitaal of 'n kliniek opgeneem word en 'n proses van detoksifikasie onder mediese toesig ondergaan.

Dit is moontlik dat die verslaafde lae energievlakke kan hê vanweë ensiemtekorte (sien 3.6.3 en 4.3.4). Bloedtoetse kan geneem word om dit vas te stel. Ander persone behalwe 'n mediese dokter wat aandag kan gee aan die persoon se fisiese herstel, kan 'n klinieksuster wees of selfs 'n dieetkundige. 'n Psigiater kan ook betrek word indien nodig, byvoorbeeld as die persoon aan depressie ly. Die persoon kan ook begelei word indien 'n keuse van binne- en/of buitepasiënt behandeling gemaak moet word en die keuse van 'n inrigting, afhangende van die graad van verslawing. Wanneer chroniese siektetoestande ontwikkel het, vereis dit chroniese behandeling wat nodig is om die hele proses suksesvol deur te gaan.

### 6.3.3 Motivering tot blywende verandering

Motivering tot verandering is een van die moeilikste stappe in die rehabilitasie van verslaafdes omdat die meeste mense met verskillende vorme van verslawing ontken dat hulle enige probleme het en volstrek weier om beraad te word. Wanneer die persoon aanhou weier om vir behandeling te gaan en destruktiewe gedrag te erg word, kan 'n "tough love"-benadering gevolg word of in intervensie gereël word soos beskryf in 5.3.1.

### 6.3.4 Skep van hoop

Dit is uiters belangrik dat daar hoop op herstel geskep word by die mens met verskillende vorme van verslawing. Daar is reeds by die eksegetiese dieptesnit oor dronkenskap in die Bybel (2.4; 2.4.3.9) getoon dat daar hoop is, want God is 'n genadige God wat die sonde vergewe van berouvolle sondaars. Sy genade is groter as Sy oordeel (2.5.3) Daar is vrymaking deur die kruisdood van Christus (2.5.2) en die Heilige Gees staan die gelowige by op die moeilike pad van herstel (2.5.8 en 5.6).

### 6.3.5 Bewuswording en hantering van skaamte- en skuldgevoelens

Soos in 5.4.3 aangetoon, speel skaamte- en skuldgevoelens 'n rol by verslawing en is dit belangrik vir die genesing van die persoon dat daar aandag aan gegee word. In hierdie genoemde afdeling word verskillende riglyne respektiewelik gegee vir die behandeling van skaamte- en skuldgevoelens.

Dit is belangrik dat die berader die beradene lei tot ware berou en belydenis van skuld. Die beradene moet ook daarop gewys word dat daar 'n verskil is tussen bloot om verskoning vra en skuldbelydenis.

### 6.3.6 Bewuswording van God se rol in pyn en lyding en die mens se reaksie daarop

Die term "verdowingsmiddels" sê waarskynlik meer as die term "dwelmmiddels" : Dit kan wees dat mense met verskillende vorme van verslawing soveel fisiese, emosionele of geestelike ongemak of pyn beleef het dat hulle iets soos pille of drank geneem het om die lyding te "verdoof". Wanneer mense met verskillende vorme van verslawing hul eie pyn en lyding die skuld gee vir hul verslawing, is dit nodig dat hulle perspektief kry oor 'n Bybelse siening van die sin van lyding (sien 5.4.4). Hulle kan daartoe gebring word om te sien dat pyn deel is van die werklikheid van die lewe, dat God pyn toelaat vir Sy eie soewereine doeleindes en dat niks wat gebeur, buite God se toelatende Wil gebeur nie. Hy kan alles wat gebeur, ten goede laat meewerk. Voorbeelde uit die Skrif kan ook gegee word, soos dié van Job en Josef.

### 6.3.7 Bewuswording van die rol van leuens en die hantering daarvan

Geheimhouding, ontkenning en die vertel van leuens kom dikwels voor by persone met verslawing en ook by hul gesinslede (5.4.5). Dit is belangrik dat mense bewusgemaak moet word daarvan en tot sondebelydenis gelei word.

Die waarheid van God se Woord en die gemoedsverligting deur die vertel van die waarheid moet aan beradenes voorgehou word. Hulle moet aangemoedig word om te wandel in die waarheid en in gehoorsaamheid aan God se Woord.

### 6.3.8 Bewuswording van die rol van die hart

Dit help nie om die persoon met verslawing net sover te kry om die verslawing te laat staan nie, hartsverandering is nodig. In 2.3.6.5 en 5.4.6 word die rol van die hart bespreek en die proses van hartsverandering sal duideliker uiteengesit word in die vier fases wat bespreek sal word onder 6.4.

### 6.3.9 Bewuswording en teenstaan van afgode

Verslawing is 'n aanbiddingsafwyking, daarom is die bewuswording en aanpak van afgode so belangrik. Die rol van afgode is bespreek in 2.3.6.6, 2.3.6.7 en 5.4.7 Ook hierdie aspek sal duideliker uiteengesit word onder 6.4.

**6.3.10 Vernuwing van die denke** (sien 5.4.8)

Die oproep aan die mens in Romeine 12:2 om toe te laat dat God 'n mens sal verander deur die denke te vernuwe dui, op die belangrikheid van denke en ook op die moontlikheid van verandering. Die "hoe" van die verandering van die denke kan die volgende insluit: die ontwikkeling van nuwe gesindhede, die vasstelling van verkeerde gedagt-patrone en die aanleer van nuwe denkpatrone en Bybelse gedrag (sien ook 6.3.4).

Met die vra van doelgerigte vrae soos: "Wat het jy gedink toe dit met jou gebeur het?" of "Wat het jy gedink terwyl jy dit gedoen het?" kan die berader uitkom by verkeerde gedagtepatrone en dit aanpreek. Die illustrasie en voorbeelde in 5.4.8 kan ook gebruik word om in hierdie proses te help.

**6.3.11 Bewuswording en hantering van medeafhanklikheid**

In die skematiese voorstelling van die proses in 6.1 word aangetoon dat nie net die persoon met verskillende vorme van verslawing nie, maar ook sy gesinslede berading nodig het. Een van die belangrikste aspekte by gesinslede is medeafhanklikheid (sien 5.4.9).

Dit is egter noodsaaklik dat die berader self die regte perspektief sal hê en bewus sal wees van die gevare van die "recovery movement" en die "codependency movement". Daar moet gewaak word daarteen dat 'n steungroep nie die plek van die Drie-Enige God in die lewe van 'n gelowige inneem nie. Die illustrasie van die driehoek kan gebruik word om die beginsel tuis te bring soos verduidelik in 5.4.9.

**6.3.12 Steun van die kerk**

Dit is noodsaaklik dat die persoon met verskillende vorme van verslawing en sy gesin reeds vroeg tydens die herstelproses bygestaan word deur ampsdraers en lidmate van die kerk. Die aard van ondersteuning hang af van die graad van vervreemding van die kerk. Indien die persoon en sy gesin tot 'n groot mate kerklos geraak het, sal dit meer insette van gemeentekant verg om die persone weer betrokke te kry (5.4.11, 5.5).

Aangesien die persoon wat besig is om te herstel van sy verslawings deel is van die liggaam van Christus, kan dele in die Bybel soos 1 Korintiërs 12 aan hom voorgehou word. Hy kan dan aangemoedig word om sy gawes in diens van die kerk te gebruik.

Hy kan ook aangemoedig word om te getuig van die genadewerking van God in sy lewe en daardeur ook ander bemoedig (II Korintiërs 1 verse 3 en 4).

Die berader kan vir die persoon help om (weer) in 'n lewende verhouding met Christus te staan en gereeld Bybel te lees, te bid en huisgodsdiens te hou. Die betrokke ouderling kan die gesin meer gereeld besoek en selfs saamneem kerk toe as hulle vreemd voel. Betrokkenheid kan ook aangemoedig word deurdat die persoon/persone uitgenooi word na Omgee-, Bybelstudie en/of Biduurgroepe en/of die bywoning van die CAD-groep (Christelike Afhanklikheidsdiens) – indien daar so 'n steungroep in die gemeente is.

## 6.4 AKSIE

### 6.4.1 Inleiding

Die vier aspekte - naamlik die bou van Godverheerlikende helpende verhouding, die verstaan van die situasie, konfrontasie en/of bemoediging en bewerking van verandering wat in hierdie afdeling bespreek gaan word, is nie 'n vasgelegde proses wat noodwendig in die genoemde volgorde of in afsonderlike sessies gedoen moet word nie. Dit kan gebruik word soos en waar nodig.

### 6.4.2 Bou van 'n Godverheerlikende helpende verhouding ( sien 5.4.2)

Die berader moet die vertroue van die beradene wen deur 'n opregte, liefdevolle en respekvolle houding. Fisiese aspekte soos gebare, liggaamshouding en stemtoon moet nie uit die oog verloor word by die bou van 'n verhouding nie.

Daar moet al tyd onthou word dat God die Groot Berader is en altyd die belangrikste plek by die beradingsproses moet inneem. Dit kan ook so verduidelik word aan die beradene, deur die gebruik van die driehoek-illustrasies in 5.4.2.

### 6.4.3 Verstaan van die situasie

Dit is baie belangrik dat nie alleen die berader nie, maar ook die beradene ten volle verstaan wat in die proses van berading gebeur. Die illustrasie van die Drie Bome in

(Addendum B ) is baie bruikbaar om bepaalde begrippe by die beradene tuis te bring en makliker verstaanbaar te maak: Die doringboom stel sondige reaksies op gebeure in ons lewe voor - God kyk na die diepste bedoelinge van ons hart, ons begeertes, vrese en dit waarin ons glo. Die middelste boom stel die kruis van Christus voor - Hy sterwe aan die kruis vir ons sonde, ook die sonde van die mens met verskillende vorme van verslawing. Die vrugteboom stel die persoon voor wat sy lewe oorgegee het aan God, op Hom vertrou en aan Hom alleen gehoorsaam is.

Die vra van vrae help die berader om meer omtrent 'n persoon en sy situasie te wete te kom. Deur doelgerigte vrae wat die persoon se hartsgesindheid openbaar en deur fyn te luister, kan die berader uitkom by sake soos : Wat is die afgod in hierdie persoon se lewe? Wat beheer die hart van die mens met verskillende vorme van verslawing? Wat veroorsaak woede of wat vrees die persoon? (sien ook ander vrae by 5.3.3).

Dit is nie net belangrik om te hoor **wat** mense sê nie, maar ook **hoe** hulle dit sê. Die berader moet dus ook fyn oplet na gebare, liggaamshouding en stemtoon.

### 6.4.4 Konfrontasie en/of bemoediging (sien ook 5.3.4)

Wanneer die persoon met verskillende vorme van verslawing gekonfronteer word, moet dit met omsigtigheid gedoen word. Hierdie stadium sluit selfkonfrontering by die berader en bewuswording by die beradene in. 'n Kort skets van die lewe van Dawid kan saam met Psalm 51 gebruik word.

Dit is ook die stadium waar die mens met verskillende vorme van verslawing aangemoedig word om in diepte na te dink oor wie God eintlik is, wie hy as mens met verskillende vorme van verslawing eintlik vir God is en wie eintlik God/god in sy lewe is. Addendums B en C kan gebruik word om die persoon hierin te help.

Die berader moet onthou dat die persoon met verskillende vorme van verslawing op hierdie stadium dalk nog nie skuld- en skaamtegevoelens ten volle onder beheer het nie. Om hierdie rede moet die enigste druk wat uitgeoefen word, liefdesdruk wees en die waarheid moet in liefde vertel word. In 5.3.4 word meer gesê oor onder andere bemoediging, en die proses van noutetiese berading van Adams . Daar word ook gewys hoe konfrontasie **nie** gedoen moet word nie.

Dit is op hierdie stadium ook nodig dat die persoon met verskillende vorme van verslawing bewusgemaak moet word van die belangrikheid van die maak van die regte keuses. 'n Mens kan nie kies wat met hom/haar gebeur of hoe 'n mens daaroor voel nie, maar 'n mens kan wel kies hoe om daarop te reageer .

**6.4.5 Bewerkstelliging van verandering**

Die hoofdoel van berading is om uiteindelik verandering te bewerkstellig. Die oplossing vir die sonde van verslawing lê veel dieper as blote gedragsverandering: Dit vra hartsverandering. Dit is ook belangrik dat die persoon met verskillende vorme van verslawing nie bloot net die verkeerde gedrag sal laat staan nie, maar dat hy ook moet begin en aanhou om die regte dinge te doen.

Dit moet onthou word dat die persoon oor 'n lang tyd verkeerde gedrag aangeleer het en dat dit nou afgelê moet word. ABBO (sien die getabuleerde voorbeeld by 5.3.3) en Adams (3.7.2) maak gebruik van die konsep van aflê en opneem: verkeerde gedrag moet bely en laat staan word en deur die krag van die Heilige Gees moet 'n lewe tot eer van God gelewe word. Navorser gebruik dit ook, maar waak daarteen dat hierdie gedragsverandering nie op behavioristiese wyse aangepak word nie maar eerder gegrond word op dissipelskap en 'n lewende verhouding met Christus (sien Powlison en Welch se kritiek teen Adams se model in 3.7.2). Die gesindheid van die beradene moenie wees: "Wat kan ek hieruit kry?" nie, maar: "Here, wat wil U hê moet ek doen?" Die verhaal van Paulus se bekering soos beskryf in Handelinge 9 kan voorgehou word.

Die beradene moet bewusgemaak word daarvan dat die proses van heiliging 'n proses is wat lewenslank duur. Die rol van die Heilige Gees moet beklemtoon word (5.6).

Gelowiges en ook die gelowige mens met verskillende vorme van verslawing kan vooruit kyk na die Christus se wederkoms wanneer Hy alles nuut sal maak.

Hy moet gewaarsku word teen aanvalle van die bose, maar ook bemoedig word met die versekering dat Hy wat in ons is, groter is as hy wat in die wêreld is (1 Johannes 4:4) en dat God alles vir die mens met verskillende vorme van verslawing sal gee om mee te veg.

Om die werk van die berader en die beradingsproses te vergemaklik, kan die tabel van ABBO gebruik word ( sien 5.3.5 en 6.5.1).

## 6.5 VOORBEELDE

Hierdie voorbeelde is suiwer hipoteties en verwys na geen spesifieke persoon nie. Die kernelemente is sake waarmee die navorser deur die jare te doen gedoen gekry het.

### 6.5.1 Voorbeeld van gebruik van 'n aangepaste ABBO-tabel vir 'n persoon met verslawing

'n Enkele voorbeeld gaan nou gebruik word ter illustrasie van hierdie tabel by die berading van 'n persoon met 'n verslawing.

| | |
|---|---|
| **Situasie**<br>Liggaam: Piet se liggaam is al erg aangetas: hy is 'n diabeet en het lewerskade.<br>Gesin: Hy het vervreemd geraak van sy kinders en familie.<br>Vriende: Al vriende wat oor is, is sy "drinkebroers". | |
| **Struktuur** | **Denke oor God, homself, sy gesin, ens:**<br>Dink God en sy gesin kan hom nie vergewe nie, sien homself as 'n mislukking |
| **Strategie (Dorings)** | **Hoe sy/sy reageer en hom/haar gedra:**<br>Onttrek homself van alles en almal, gaan nie kerk toe, kuier by niemand, gee nie om vir skade wat die liggaam berokken word nie. |
| **Hart/Skat (Wortels)** | **Sy/haar diepste dryfvere, motiewe, wat hy/sy bittergraag wil hê:** wêreld draai om homself en sy "afgod": drank. |

| | AFLê/("put off")<br>(Eff 4:22, Kol 3:9) | OPNEEM/("put on")<br>(Eff 4: 24; Kol 3:10) | BYBELTEKS |
|---|---|---|---|
| **Situasie:**<br>Liggaam | Ongeërgdheid oor skade aan liggaam | Bewus van belangrikheid van liggaam | 1 Kor 6:19 |
| Gesin | Versteurde verhoudings | Werk aan verhoudings | Kol 3:19 |
| Vriende | Drinkebroers | Kry nuwe vriende | Spr 27:9-10 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Struktuur:**<br>Denke<br><br>Begeertes<br><br>Motiewe | Gebrek aan oordeel<br><br>Begeer gemak<br><br>Selfbehaging | Nugterheid<br><br>Begeer om God te gehoorsaam<br><br>Begeerte om God te behaag | 1 Kor 6:10-11 |
| **Strategie:**<br>Optrede<br><br>Gedragspatrone<br><br>Woorde | Drink te veel<br><br>Is aggressief<br><br>Lieg | Word nugter<br><br>Kalmeer<br><br>Praat die waarheid | 1Kor 10:31<br><br>Ef 4:29-32<br><br>Spr 23:23 |
| **Hart/Skat:**<br>Wie is God | Begeerte na "afgod", drank | Begeerte na God | Ps 42, Jes 55:1-3 |

**6.5.2 'n Voorbeeld van die gebruik van hierdie tabel by die berading van 'n mede-afhanklike is die volgende:**

| | |
|---|---|
| **Situasie**<br>Liggaam: Sy verdoesel blou kolle en kneusplekke sodat mense nie kan agterkom dat haar man haar fisies aanrand nie.<br>Gesin: Rina se hele lewe word beheer deur haar man se drinkprobleem. Sy leef in ontkenning en vertel leuens in 'n poging om sy drinkery 'n geheim te hou. Kinders moet om vredeswil stilbly en in hul spoor trap<br>Vriende: Haar man is baie besitlik en haar bande met vriende en die kerk het verbrokkel. Sy is ook bang dat hulle sal agterkom wat regtig aangaan. | |
| **Struktuur** | **Denke oor God, haarself, haar gesin, ens:**<br>Sy dink God sien nie haar lyding raak nie, sy sien haarself as 'n mislukking en worstel maar net van dag tot dag om aan haar man se grille te voldoen en die gesin te versorg. |
| **Strategie (Dorings)** | **Hoe sy reageer en haar gedra:**<br>Onttrek haarself van haar vriende, gaan minder dikwels kerk toe, gee al minder aandag aan haar voorkoms |
| **Hart/Skat (Wortels)** | **Haar diepste dryfvere, motiewe, wat sy bitter graag wil hê:** sy wil "net vrede ten alle koste in die huis hê", haar wêreld draai om haar man en om hom te behaag. Sy doen alles wat sy kan om hom gelukkig en stil te hou |

| | AFLê/("put off")<br>(Ef 4:22, Kol 3:9) | OPNEEM/("put on")<br>(Ef 4: 24; Kol 3:10) | BYBELTEKS |
|---|---|---|---|
| **Situasie:**<br>Liggaam | Ongeërgdheid oor fisiese mishandeling | Bewus van belangrikheid van liggaam | 1 Kor 6:19 |
| Gesin | Versteurde verhoudings | Werk aan verhoudings | Kol 3:19 |
| Vriende | Versteurde verhoudings | Sluit aan by groepe, versterk bande met vriende | I Kor 12:12-16 |
| **Struktuur:**<br>Denke | Negatiewe selfbeeld | Besef dat sy kosbaar is in God se oë | 1 Kor 6:19-20 |
| Begeertes | Om aan al man se eise te voldoen | Om God te gehoorsaam | Spr 31:10-31 |
| Motiewe | Om man te behaag | Om God te behaag | Spr 31:10-31 |
| **Strategie:** | | | |
| Optrede | Slaafse gehoorsaamheid aan haar man | Begeer om God te gehoorsaam | Psalm 1 |
| Gedragspatrone | Probeer om nie die vrede te versteur nie | Kry hartsvrede | Fil 4:4-7 |
| Woorde | Lieg, ontken verkeerde dinge | Praat die waarheid | 1 Joh 3:18-21 |
| **Hart/Skat:**<br>Wie is God | Begeerte na "afgod", haar man | Begeerte na God | Ps 42, Jes 55:1-3 |

(Hier kan Addendum C en Addendum D gebruik word om die persoon bewus te maak van wie God is en wie hyself in God se oë is).

**6.6 EVALUERENDE SAMEVATTING**

In hierdie hoofstuk is 'n moontlike koers aangedui vir 'n hulpverleningsmetode vir persone met verskillende vorme van verslawing. 'n Skematiese voorstelling van 'n

proses van hulp aan sodanige persone en hulle gesinne is gegee. Elkeen van die elemente wat in die skema genoem is, is kortliks bespreek in hierdie hoofstuk. Insigte uit vorige hoofstukke is gebruik om 'n Bybelse metode van hulpverlening aan mense met verskillende vorme van verslawing en hulp aan hul naasbestaandes te ontwikkel.

# HOOFSTUK 7

# GEVOLGTREKKINGS

## 7.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk sal die navorsingsverslag saamgevat word en sal kort, evaluerende samevattings van die bevindinge in elke hoofstuk weergegee word.

## 7.2 Hoofstuk 1 : Inleiding

Hier word gesê dat die probleem van verslawing in SA baie groot is en dat die wye verskeidenheid van paradigmas en hulpverleningsmetodes verwarrend is. Tekste soos 1 Korintiërs 6:9-10 en Galasiërs 5:19-21 dui aan dat om te bly in 'n toestand van verslawing nie net implikasies vir die teenswoordige tyd het nie, maar ook vir die lewe hierna. Navorser is van mening dat daar tot op datum nie voldoende rigtinggewende navorsing in Suid-Afrika gedoen is nie. Nie-Bybelse paradigmas van verslawing bied slegs tydelike verligting en hierdie studie is 'n poging om 'n Bybelsverantwoordbare model te ontwikkel sodat mense met verskillende vorme van verslawing in die mees omvattende sin bevry kan word van verslawing tot 'n hoopvolle lewe.

## 7.3 Hoofstuk 2 : Bybelse riglyne vir die beoordeling van verslawingsparadigmas en metodes van hulpverlening

Geen beradingsmetode of terapeutiese ingryping is neutraal nie en word bepaal deur dinge soos onder andere die berader se voorveronderstellings (1.5) en Skrifbeskouing (2.3.2.3). 'n Bybelse paradigma van verslawing behoort ook rekening te hou met aspekte van 'n Christelike werklikheidsbeskouing soos teologie en pateriologie, kreasiologie, antropologie, hamartiologie, Christologie en soteriologie, pneumatologie, ekklesiologie, angelologie en eskatologie soos dit bespreek is in hoofstuk twee (2.3).

- **Bibliologie**

Die berader wat die persoon met verskillende vorme van verslawing beraad sal die Bybel biddend en met nederigheid onder leiding van die Heilige Gees hanteer en die resultate van ander wetenskappe ook verreken. Hy sal die boodskap oordra dat die Bybel God se lewende Woord is vir elke aspek van ons lewe. Hy sal die Bybel se outoriteit, geloofwaardigheid en onfeilbaarheid onderskryf in die wete dat die Bybel die

wil van God volkome vir die mens met verskillende vorme van verslawing bevat sonder om fundamentalisties of biblisisties te wees.

- **Teologie en Pateriologie**

Mense met verskillende vorme van verslawing sal die versekerings gegee word soos die volgende: God is alwetend en is bewus van elke mens se sonde en lyding. God wat 'n fontein van goedheid is, is barmhartig en genadig. In Jesus Christus het Hy 'n verlossingsplan bewerk. Ook vir die mens met is verslawings daar hoop op verlossing van die hel van verslawing.

- **Kreasiologie**

Die werk van navorsers in ander dissiplines kan wel gebruik word in 'n Bybelse verslawingspardigma, maar kennis uit die skepping moet altyd ondergeskik gestel word aan die kennis verkry deur middel van God se Woord en deurskou word deur die lens van die Skrif.

- **Antropologie**

'n Bybelsverantwoordbare verslawingsparadigma sal die mens met verskillende vorme van verslawing attent maak op elke mens se totale en diepe verlorenheid sonder Christus. Dit sal weet dat die mens 'n eenheidswese is wat geskape is na die beeld van God.

- **Hamartiologie**

Wat 'n siening oor sonde betref, sal 'n Skrifgefundeerde paradigma van verslawing gebalanseerd wees in die opsig dat die rol van sonde nie oorbeklemtoon word nie maar ook nie totaal geïgnoreer word nie. Dit is ook belangrik dat sake soos leuens, afgode en die hart as bron van die sonde aangespreek word.

- **Christologie en soteriologie**

Deur 'n opregte geloof in die volbragte werk van Christus kan daar verlossing van sonde wees, ook vir die mense met verskillende vorme van verslawing. Die onverdiende genade van God in Christus gee aan mense met verskillende vorme van verslawing die geleentheid en verantwoordelikheid om verantwoordelike keuses te maak.

- **Pneumatologie**

Die Heilige Gees is die Een wat op wonderbaarlike wyse mense en ook mense met verskillende vorme van verslawing totaal en al nuut maak en bystaan op die lang en moeilike pad van heiliging. 'n Christen-berader wat mense met verskillende vorme van verslawing worstel bystaan, sal homself oopstel vir die leiding van die Heilige Gees en weet dat dit die Gees is wat verandering teweeg bring.

- **Ekklesiologie**

'n Verslawingsparadigma wat met die Skrif rekening hou, sal mense met verskillende vorme van verslawing aanmoedig om by 'n kerk van hulle keuse aan te sluit omdat hulle daar kan groei tot geestelike volwassenheid, hulle geestelike gawes ten beste gebruik en die gemeenskap van die heiliges ervaar.

- **Angeliologie**

'n Bybelse verslawingsparadigma sal die mens met verskillende vorme van verslawing bedag maak op aanslae deur die bose maar ook verseker dat Hy wat in ons is, groter is as hy wat in die wêreld is (1 Johannes 4:4). Die Bybelse boodskap is een van oorwinning (Romeine 8:37): dat God alles vir die mens met verskillende vorme van verslawing sal gee om mee te veg.

- **Eskatologie**

'n Bybelse verslawingsparadigma sal wys op die onstuitbare koms van God se algehele koningsheerskappy. So 'n hulp-model kyk verder as hierdie lewe met sy pyn en lyding en kyk vooruit na die Christus se wederkoms wanneer Hy alles nuut sal maak (Openbaring 21:1).

### 7.4 Hoofstuk 3 : 'n Beoordeling van Verslawingsparadigmas en metodes van hulpverlening wat Bybelsgefundeerd is

In hierdie hoofstuk is daar aandag gegee aan die omskrywing van paradigma en metode van hulpverlening, die rol van die Skrif en skepping in die Godsopenbaring asook die debat oor integrasie tussen Bybelse berading en sielkunde en die invloed wat dit uitoefen op mense se keuses van verslawingsparadigmas en metodes van hulpverlening. Verslawingsparadigmas en metodes van hulpverlening waarin die Bybel 'n gemarginaliseerde rol speel, die Bybel as enigste vertrekpunt funksioneer en waarin

die Bybel 'n fundamentele rol speel, is ondersoek. Soms is die klem- en nuanseverskille baie fyn en moet daar deeglik besin word of 'n bepaalde paradigma aanvaarbaar is volgens gereformeerde beginsels of nie. 'n Sistematiese uiteensetting van individuele interpretasies kan help om rigting te gee.

Praktiese Teologie is die wetenskap wat 'n studie maak uit die Skrif en skepping, en van die hulp wat aan mense verleen word sodat hulle in 'n betekenisvolle verhouding met God, hulle medemens, hulleself en die natuur kan lewe. Daar is 'n samehang met ander studievelde nodig en dit is dus belangrik dat kontekste soos die psigologiese, die filosofies/teologiese en die sosiale in ag geneem word

Navorser het groot waardering vir die ontsag wat mense soos John MacArthur en Bookman het vir die Skrif, maar moet byvoeg dat hulle nie genoegsaam rekening hou met die skepping en die mens se kultuurtaak nie. Die tekorkoming lei tot 'n verskraling van die volle werklikheid. Wanneer die skepping en die mens se kultuurtaak buite rekening gelaat word, verskraal dit Christus se reddingswerk aan die kruis (Hy het immers vir die mens EN die natuur verlossing gebring).

Die ondersoek na die mate van integrasie tussen die Bybel en die sielkunde is belangrik omdat dit wys op die gevare van onnadenkende gebruik van stof uit die wêreld van die sekulêre sielkunde.

Verslawingsparadigmas en hulpverlening waarin die Bybel 'n fundamentele rol speel, soos by Bobgan en Bobgan, maak uiters belangrike uitsprake maar het 'n verskraalde uitkyk op die probleem en hulpverlening deurdat die skepping en God se kultuuropdrag aan die mens buite rekening gelaat word.

Daar is ook op getoon dat sienings soos die van die "recovery movement" skeefgetrekte sienings van God en van sonde tot gevolg het en dus verreikende implikasies het.

**7.5 Hoofstuk 4 : 'n Beoordeling van verslawingspardigmas en metodes van hulpverlening wat nie Bybelsgefundeerd is nie**

Die rol van faktore soos kultuur, sosio-kulturele omstandighede en die geskiedenis in die vorming van 'n werklikheidsvisie is in oënskou geneem. Verder is daar gekyk na 'n aantal sielkundige denkwyses asook sienings oor verslawing , byvoorbeeld die siening dat dit 'n siekte is of oorgeërf is en dat dit die gevolg van omstandighede of breinspoeling is.

Daar is ook gekyk na metodes van hulpverlening aan mense met verskillende vorme van verslawing by paradigmas wat nie Bybelsgefundeerd is nie. Die maatstawwe genoem in hoofstuk twee is gebruik om metodes van hulpverlening wat nie Bybelsgefundeerd is nie, te beoordeel

Die mens is plek- en tydgebonde, daarom speel heersende kultuurpatrone en 'n bepaalde tydsgees 'n groot rol in die keuses wat gemaak moet word - byvoorbeeld in die keuse van 'n verslawingsparadigma en metodes van hulp aan mense met verskillende vorme van verslawing. Die hedendaagse populariteit van humanisme en sekulêre sielkunde lei daartoe dat die fokus wegskuif van God en die mens en sy verslawings in die middelpunt geplaas word . In 'n Suid-Afrika wat meer en meer 'n sekulêre gees adem, is dit Christene se demokratiese reg om 'n beradingsmodel te hê wat hul geloofsoortuigings, voorveronderstellings en werklikheidsvisie weerspieël.

Verslawingsparadigmas wat glad nie Bybelsgefundeer is nie, hou nie rekening met die volgende Bybelse maatstawwe nie: 'n Bybelse siening van die mens, teologie en pateriologie; soteriologie en christologie; pneumatologie; hamartiologie; soteriologie; ekklesiologie; angeliologie en eskatologie . Hierdie paradigmas kan slegs tydelike verligting van verslawing bring en het nie nie ewigheidswaarde nie. Die hulverleningsmetodes aan mense met verskillende vorme van verslawing kom nie uit by die wortels van probleme en die afgode in die harte van mense nie. Verder is daar verskraling omdat daar nie samewerking is met ander vakwetenskappe soos teologie nie. Daar word nie uitgekom by persoonlike verantwoordelikheid en die proses van heiliging nie.

Die paradigmas en die hulpverleningsmetodes wat in hierdie hoofstuk bespreek is, voldoen nie aan die maatstawwe vir beoordeling wat daar in hoofstuk twee gestel word nie. Navorser aanvaar dat genoemde paradigmas en metodes van hulpverlening wel met 'n deel van die werklikheid werk en dat 'n mate van verligting en tydelike bevryding van verslawing bewerkstellig kan word. Nie een van die paradigmas hou egter rekening met die volle waarheid van die Skrif nie en nie een handhaaf 'n Bybelse siening van die mens of sy gevalle toestand en die redding in Christus nie. Daar sal by sulke paradigmas dus bloot tydelike oplossings vir die hel van verslawing hier op aarde wees, maar daar is geen sprake van 'n omvattende, ewige verlossing van verslawing wees nie.

Daar is geen verwysing na die Skrif, die sondeval, die Vaderskap van God, die reddende genade van Jesus Christus deur Sy dood aan die kruis of die troosvolle gemeenskap van die Heilige Gees nie. Die persoon met verslawing word nie aangemoedig om aan te sluit of terug te gaan na 'n kerk van sy keuse nie. Daar is geen beduidenis van lering aangaande toekomstige dinge nie. Die oorheersende gedagte is dat dat mense met verskillende vorme van verslawing aangemoedig word om vertroue te hê in hulself en in terapeutiese stelsels en dat daar nie uitgekom word by die afgode van die hart nie.

Navorser is wel van mening dat nouer samewerking tussen verskillende dissiplines nodig is en dat kennis geneem moet word van navorsing veral in mediese, psigologiese en sosiaal-wetenskaplike vakgebiede waar dit mense met verskillende vorme van verslawing raak. Wanneer dit nie gedoen word nie, lei dit tot 'n verskraling van die werklikheid.

### 7.6 Hoofstuk 5 : Die aanwending van Bybelse vertrekpunte vir pastorale hulp aan mense met verskillende vorme van verslawing en aspekte daarvan wat besondere aandag verdien

Herderlike versorging is die liefdevolle diens aan mense wat in ellende verkeer. Dit geskied in gehoorsaamheid aan die Bybelse opdrag en tot eer van God. 'n Hulpmodel vir mense met verskillende vorme van verslawing is 'n holistiese proses wat die denke, liggaam, hart en gedrag wil betrek met die doel om verandering te bewerkstellig. Dit behels omvattende langtermyn hulp en ondersteuning aan mense met verskillende vorme van verslawing en aan hulle geliefdes.

Sekere aspekte wat besondere aandag verdien by persone met verskillende vorme van verslawing soos motivering tot verandering, die skep van hoop, die gewete, skaamte- en skuldgevoelens, 'n teologie van pyn en lyding, leuens, die rol van die hart en afgode, die denke, ko-afhanklikheid/mede-afhanklikheid, die daarstel van grense en steungroepe is in hierdie hoofstuk aangesny. Die metode van hulp van ABBO is as basis gebruik. Die proses van heiliging, en die rol van die kerk en gebed is ook aangeraak.

**7.7 Hoofstuk 6 : 'n Bybelse metode vir pastorale hulp aan mense met verskillende vorme van verslawing**

'n Skematiese voorstelling van 'n proses van hulp aan persone met verskillende vorme van verslawing en hulle gesinne is gegee. Elemente soos die persone betrokke (die persoon met verskillende vorme van verslawing, sy gesin en die kerk), die beoogde uitkomste (motivering en bewusmaking) en wat gedoen moet word (bou van Godverheerlikende verhouding, die verstaan van die situasie, konfrontasie en/of bemoediging, bewerkstelliging van verandering) is bespreek in hierdie hoofstuk.

**7.8 Finale woord**

Hierdie navorsing toon dat dit wel moontlik is om 'n Skrifgefundeerde metode van hulp aan mense met verskillende vorme van verslawing te ontwikkel. Dit word gedoen deur die Skrif te gebruik om mense te konfronteer met die doel om hulle in 'n gees van sagmoedigheid reg te help (Galasiërs 6:1; Efesiërs 4:15). Hulle kan ook gehelp word met die herstel van verhoudings - met God, gesin en naaste.

Dit kan verder gedoen word deur hierdie mense bewus te maak van die Here se ongelooflike goedheid en om aan hulle 'n boodskap van hoop te bring :

- dat God hulle wil help om te verander deur Homself aan hulle te openbaar (Jesaja 1:18);
- dat Hy wil laat smaak Wie Hy waarlik is (Psalm 34:9);
- dat die reddende genade van Christus se kruisdood ook vir hulle is (Johannes 3:16);
- dat die Heilige Gees elke tree met hulle sal wees op die lang pad van herstel (Galsiërs 513-26);

- dat dit in 'n Christelike gemeenskap soos die kerk nog beter sal gaan (Galasiërs 6:2).

### 7. 9. Voorstelle vir moontlike verdere navorsingstemas

- 'n Teologie van pyn en lyding vir mense met verskillende vorme van verslawing.
- Bybelsverantwoordbare metode van kognitiewe gedragsterapie vir mense met verskillende vorme van verslawing.
- Waarheid-in-liefde ("tough love") as intervensie-strategie by verslawing.
- Watter rol speel die afwesigheid van "coping skills" by mense met verskillende vorme van verslawing?
- In watter mate dra mede-afhanklikheid by die ouers by tot 'n kind se verslawingsprobleem?
- Is dit moontlik dat 'n slagoffermentaliteit remmend kan inwerk op hulp aan mense met verskillende vorme van verslawing?
- Die daarstel van grense by mense met verskillende vorme van verslawing.
- 'n Kritiese beoordeling van steungroepe vir mense met verskillende vorme van verslawing.

**BIBLIOGRAFIE**

ADAM, A.K.M. 1995. What is Postmodern Biblical Criticism? Minneapolis : Fortress Press.

ADAMS, J. E. 1970. Competent to Counsel. Introduction to Nouthetical Counseling. Michigan : Zondervan.

ADAMS, J. E. 1972. Christian Living in the Home. Phillipsburg : Presbyterian and Reformed Publishing Co.

ADAMS, J.E. 1973. The Christian Counselor's Manual. The Practice of Nouthetic Counseling. Michigan : Zondervan

ADAMS, J. 1975. What do you do when you are hooked? (Pamphlet) . P & R Publishing.

ADAMS, J.E. 1976. The Big Umbrella and Other Essays on Christian Counseling. Grand Rapids : Baker.

ADAMS J.E. 1979**a**. More Than Redemption. Grand Rapids : Baker Book House.

ADAMS, J. 1979**b**. Update on Christian Counseling. Phillipsburg : Presbyterian and Reformed Publishing Co.

ADAMS, J.E. 1981. Ready to Restore. Phillipsburg : Presbyterian and Reformed Publishing Co.

AKERS, R.L. 1992. Drugs, Alcohol and Society. Belmont : Wadsworth Publishing Company.

ANDERSON, N.T., ZUEHLKE, T.E. & ZUEHLKE, J.S. 2000. Christ Centered Therapy. Grand Rapids : Zondervan.

ANON. 1997. Watts/Talent reintroduce bill pushing faith-based treatment. *Alcoholism Report*, 25(4) Apr.

ANON.2004. Homoseksualiteit. http://www.ngkerk.org.za/nuuslys.asp?katID=18&sinid=22 [Datum van gebruik: 5 Desember 2004].

ANON. 2005. A new battle for the Bible. http://www.nanc.org [Datum van gebruik: 1 Julie 2005].

ANON. 2007. Morton Jellinek. (*In* Wikipedia.) http://en.wikipedia.org/wiki/E.Morton_Jellinek). [Datum van gebruik: 4 Junie 2007].

ANON. 2008**a**. Brain-washing (*In* Wikipedia.) http://en.wikipedia.org/wiki/Brain-washing. [Datum van gebruik: 10 July 2008].

ANON. 2008**b**. Open Theism. (*In* Theopedia.) http://www.theopedia.com/Open_theism. [Datum van gebruik: 23 Julie 2008].

ANON. 2008**c**. Viktor Frankl. (*In* Wikipedia.) http://en.wikipedia.org/wiki/Viktor_Frankl. [Datum van gebruik: 20 July 2008].

ANON. 2008**d**. Yorks. http://www.toughlove.org.au/documents/Yorks.pdf. [Datum van gebruik: 23 Julie 2008].

BABCOCK, W.S. 1997**a**. Reconciliation. (*In* Encyclopaedia of Early Christianity. New York : Garland Publishing. P.1059-1060).

BABCOCK, W.S. 1997**b**. Sin. (*In* Encyclopaedia of Early Christianity. New York : Garland Publishing. P.1063).

BANDURA, A. 1986. Social Foundations of Thought and Action. A Social Cognitive Theory. Englewood Cliffs : Prentice-Hall.

BARRET, C.K. 1968. The First Epistle to the Corinthians. (*In* Black, A. & Black, C. Black's New Test Commentaries. London : BPC Wheatons.

BAVINCK, H. 1901. Gereformeerde dogmatiek. (Deel 4). Kampen: J.H.Bos

BERCOT, D.W., ed., 1998. Sin. (*In* A Dictionary of Early Christian Beliefs . A Reference Guide. Peabody :Hendrickson Publishers. p:214-215).

BERKHOF, H. 1960. God voorwerp van wetenschap? Nijkerk : G.F. Callenbach Uitgever.

BERKHOF, H. 1982. Inleiding. Kampen : Kok.

BERKHOF, H. 1990. (Revised Edition). Christian faith. An introduction to the study of the faith. Grand Rapids : William B. Eerdmans Publishing Company.

BEZUIDENHOUT, A. 2005. Die klaarblyklike onversoenlikheid tussen die gereformeerde pastoraat en die moderne psigologie : 'n Prakties-teologiese studie. Potchefstroom : Noordwes-Universiteit. (Verhandeling - M.A.).

BOBGAN, M. & BOBGAN, D. 1991. 12 Steps to Destruction. Codependency/recovery heresies. Santa Barbara : EastGate Publishers.

BOBGAN, M. & BOBGAN, D. 1994. Against Biblical Counseling: For the Bible. Santa Barbara : EastGate Publishers.

BOBGAN, M. & BOBGAN, D. 1998. Larry Crabb's Gospel. Santa Barbara : EastGate Publishers.

BOOKMAN, D. 1994. The Scriptures and Biblical Counseling. (*In* MacArthur, J. F. [Jr] & Mack, W.A. Introduction to Biblical counseling. Nashville : W Publishing Group. p.63-97).

BOSMAN, J. 2007. Vooronderstellings by die beradene. Potchefstroom : Noordwes Universiteit. Potchefstroom Kampus. (Proefskrif – Ph.D.).

BOTHA, M.E. 1984. Metaforiese perspektief en fokus in die wetenskap – die rol van geloof, mite en taal in. Potchefstroom : Potchefstroomse Universiteit vir CHO.
BOTHA, W. J., ELOFF, S.J. & MALAN, D.J. (Eindred.).1985. (Sesde druk). Glo en bely. Leerboek vir katkisante. Bloemfontein : NG Sendingpers.
BOZALEK, V. 1997. Representations of the Family and South African Realities. (*In* De la Rey, C., Duncan, N., Shefer, T. & Van Niekerk, A. Contemporary Issues in Human Development. Johannesburg : International Thomson Publishing. p. 7-24.)
BRANNAN, C. A. 2005. Shame: A Pastoral Study. Potchefstroom: North-West University. (Thesis – Ph.D.)
BREDENKAMP, D.S.M. 2006. Galasiërs 5:22-23 – eksegetiese en homiletiese aantekeninge. *NG Teologiese Tydskrif,* 47(9):330-336.
BRENT, J.S. 1993. An Outline for an Existential Approach to the Treatment of Codependency. *The Journal of Pastoral Care,* 47(2):157-166, Summer.
BRIDGER, F. & ATKINSON, D. 1998. Counseling in Context. (Revised Edition) Developing a theological framework. London : Darton, Longman & Todd.
BRITS, E. 2005. Suid-Afrikaners hou te veel van die bottel. *Beeld:*Woensdag, 6 April 2005.
BRYANT, T.A. 1993. Zondervan Compact Dictionary. Grand Rapids : Zondervan Publishing House.
BUYS, P.J. 2006. Wees voorbeelde van God se genade in 'n stukkende wêreld. (Preek gelewer 20 Augustus 2006). Potchefstroom. 6 p. (Ongepubliseerd).
BYBEL. 1957. Die Bybel. Ou Vertaling (Hersiene uitgawe). Kaapstad : Bybelgenootskap van SA.
BYBEL. 1983. Die Bybel. Nuwe Vertaling. Kaapstad : Bybelgenootskap van SA.
CARR, A. & BUCHANAN, D. A. 1997. Theological Analysis of Codependency Theories. *The Journal of Pastoral Counseling,* 51(3):303-314, Fall.
CARR, A. 1992. Stoppen met roken. Amsterdam : De Boekerij.
CARR, A. 2003. Allen Carr's Easy Way to Control Alcohol. London : Arcturus.
CLOUD, H. 1990. Changes that Heal. Grand Rapids: Zondervan.
COETZER, P.A. 1997. Viktor Frankl the man. (*In* On the way to meaning. Essays in remembrance of Viktor Frankl. Crous, F., Havenga, A.A. and Coetzer, G. *eds*, Benmore : Viktor Frankl Foundation of South Africa. p. 11-18).
COETZER, W. 2007. Tien fases van die genesingsproses. Potchefstroom (gedruk deur die skrywer).

COLE, C.R.A. 1989. The Letter of Paul to the Galatians. An introduction and Commentary. Grand Rapids : Eerdmans.

COLLINS, G. 1980. (Third printing, 1982). Helping People Grow. Ventura : Vision House.

COLLINS, G. R. 1993. The Biblical Basis of Christian Counseling for People Helpers. Colorado Springs : NavPress.

COLLINS, G.R. 1997. Cooling the heat of controversy. *Christian Counseling Today,* 5(1):8.

COLLINS, G.R. 2005. Die A tot Z van berading. Kaapstad : Struik Christelike Boeke.

COLLINS, G.R. & DE VRIESE, J. 1988. Doeltreffende pastorale counseling. De herderlike plig van de plaaslike gemeente. Heverlee : Gideon.

COLSON, C. 2004. Reclaiming occupied territory. The great commission and the cultural commission are not in competition. *Christianity Today,* 48(8), Aug. p.64

COMBRINK, V. 1986. Skrifgebruik in pastoraat: die standpunt van Jay E Adams. Potchefstroom : PU vir CHO, Departement Sentrale Publikasies

COMBRINK, V. 1988. Jay E. Adams se standpunt oor pastoral as opbou deur die Woord: balans of verskraling? (*In* Venter, C.J.H. [Red]. God bou op deur sy Woord. Huldigingsblyk van kollegas en oudstudente aan professor Jan J. van der Walt met sy vyf en sestigste verjaardag. Potchefstroom : PU vir CHO.

COMBRINK, V. 1998. Teologiese perspektief. (*In* Steyn, D & Verwey, T. Drome vir seerkry mense). Ifafi : Alkogen Publishers.

COMBRINK. V. 2003. Verslawings. (*In* Bybelse Beradingskursus Module 2). Randburg: Assosiasie vir Bybelse Berading en Opleiding.

COMBRINK, V 2005. (Lesing) [ ABBO Lentekamp, September 2005: Luister en praat in berading]. (Ongepubliseer.)

COMBRINK, V. 2006. Verslawing. (In: Bybelse Beradingskursus Module 2. Randburg: Assosiasie vir Bybelse Berading en Opleiding).

COOK, C.C.H. 2006. Alcohol, Addiction and Christian Ethics. Cambridge : Cambridge University Press.

COOMBS, R.H. 2001. (Ed). Addition Recovery Tools. A practical Handbook. London : Sage Publications.

CORNELIUS, E. 2003. Die openbaring van God – 'n retoriese-kritiese interpretasie van Romeine 1:18-32. *In die Skriflig,* 37(4):719-734.

CRABB, L. 1992**a**. God, congregation and codependency. To whom are we preaching? (Deel 1) (Oorspronlike oudio-CD in besit van Dr Flip Buys, Mukhanyo Teologiese Kollege )

CRABB, L. 1992**b**. God, congregation and codependency. How then shall we preach? (Deel 2) (Oorspronlike oudio-CD in besit van Dr Flip Buys, Mukhanyo Teologiese Kollege )

CRABB, L. 1992**c**. God, congregation and codependency. What is the codependency movement? (Deel 3) (Oorspronlike oudio-CD in besit van Dr Flip Buys, Mukhanyo Teologiese Kollege )

CRABB, L. 1997. Connecting. Healing for Ourselves and Our Relationships. Nashville: W Publishing Group.

CRABB, L. 2005 [1993]. Finding God. Milton Keynes: Authentic Media.

CRABB, L.J Jr. 1975. Basic Principles of Biblical Counseling. Grand Rapids : Zondervan.

CRABB, L.J. Jr. 1987**a**. Basic Biblical Counseling. (*In* Benner, D.G. [Ed.] Christian Counseling and Psychotherapy. Grand Rapids : Baker Book House. p. 91-103.

CRABB, L.J. Jr. 1987**b**. Understanding people. Grand Rapids : Zondervan.

CRONJÉ, F. 2007. Die Bybel, God se Woord en Skrifgesag – enkele perspektiewe. *NG Teologiese Tydskrif,* Junie.(http://www.teo.co.za/wmprint.php?ArtID=561) [Datum van gebruik: 10 Januarie 2008].

CROUS, F., HAVENGA COETZER, A.A. & VAN DEN HEERVER, G. [eds] 1997. On the Way to Meaning. Essays in Remembrance of Viktor Frankl. Benmore : Viktor Frankl Foundation of South Africa.

CUTHBERTSON, M.R. 2005. Time, the "Open Acquittal", and Divine Omniscience: Two internal *Theological Journal.* 67(1) p.75-83.

DE KLERK, B.J. & VAN RENSBURG, F.J. 2005. Preekgeboorte: 'n Handleiding vir Gereformeerde Eksegese en Prediking. Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

DE KOCK, D.J. 2007. Pastorale begeleiding van gesinne met betrekking tot die sin van lyding by gestremdheid. Potchefstroom : Noordwes Universiteit. (Proefskrif – Ph.D.)

DE LA REY, C., DUNCAN, N., SHEFER, T. & VAN NIEKERK, A. 1997. Contemporary Issues in Human Development. Johannesburg : International Thomson Publishing (Southern Africa).

DE WET, F.W. 2005. Om in die Gees te begin en in eie krag te eindig – *In die Skriflig,* 39(3):505-525.
DE WET, F.W. 2006. Die aanwending van Rolf Zerfass se teorievorming – 'n Gereformeerde perspektief. *In die Skriflig,* 40(1):57-87.
DIJK, K. 1957. Korte dogmatiek. Kampen: Uitgeversmaatschappij J.H.Kok.
DOCKERY, D.S. 2001. The Challenge of Postmodernism. (In Dockery, D.S. (ed) The Challenge of Postmodernism. [Sec ed] Grand Rapids : BridgePoint Books p.11-18.)
DOUBELL, F.B. 2004. Die Bybel steeds in diskussie: 'n dekade later. *Acta Theologica,* Supplementum 6.
DREWS, T. R. 1980. Getting Them Sober. Volume I. South Plain Field: Bridge.
DREWS, T.R. 1983. Getting Them Sober. Volume II. South Plain Field: Bridge.
DU PLESSIS, J. 2003**a**. Gister was maklik. Die Kerkblad, 106(3150):35-36, Apr.
DU PLESSIS, J. 2003**b**. Die mens : "kroon van die skepping of bywoner?" Die Kerkblad, 106(3152): 12-13, Jun.
DU TOIT, A. B., red., 1988. Handleiding by die Nuwe Testament. Band V. Die Pauliniese Briewe. Pretoria : NG Kerkboekhandel.
DU TOIT, P. 2005. Nou poort na rehabilitasie bly oop. *Beeld:*3 Maart 2005
DUNN, J. 1989. God Is For the Alcoholic. Harpenden: Scripture Press Foundation.
DUNN, J.D.G. 1993. A Commentary on the Epistle to the Galatians. Oxfordshire : Cromwell Press.
EADY, J., ed., 1982. Cruden's Compact Concordance. Grand Rapids : Zondervan Publishing.
EDWARDS, K.J. 2002. No simple answers in the consulting room. *Christian Counseling Today.* 10(1).p.41-43
EGAN, E. 1990. The Skilled Helper. A Systematic Approach to Effective Helping. Pacific Grove : Brooks/Cole Publishing Company.
EGAN, E. 2002. (7th Ed). The Skilled Helper. A problem-Management Opportunity-Pacific Grove : Brooks/Cole Publishing Company.
ENÇ, B. 1999. Paradigms. (In: Audi, R., gen.ed. The Cambridge Dictionary of Philosophy (2nd Ed). p. 641-642.
ERICKSON, M.J. 2001. (Sec Ed). Introducing Christian Doctrine. Grand Rapids : Baker.
FALLER, G. 2001. Psychology versus religion. *Journal of Pastoral psychology and counseling.* 36(1) p.21-34.

FARMER, W.R., ed., 1998. II Corinthians. *(In* FARMER, W.R., ed., The International Bible Commentary. Collegeville : Liturgical Press. p.1602-1604.)

FISHMAN, R, Snyder, S H. & LADER, M.H. 1986. The Encyclopaedia of Psychoactive Drugs. London: Burke Publishing Company.

FLOOR, L. 2004. Het getuigenis aangaande Jezus– een pneumatologische verkenning. *Acta Theologica,* Supplementum 5:1-9.

FRANKL. V. 2000. Man's Search for Ultimate Meaning. New York : Basic Books.

GALANTER, M. 2006. Spirituality and addiction: A research and clinical perspective. *The American Journal on Addictions*, 15(4):286-292.

GALLOWAY, S. 1990. "Codependency" or Idolatory? A Publication of the NANC. November, 1990. [Web:] http://www.nanc.org/ [Datum van gebruik: 11 Mei 2004].

GETZ, G. A. 1976. (13de druk, 1981). Building Up One Another. Wheaton: Victor Books, a division of S P Publications.

GETZ, G.A. 1980. Sharpening the Focus of the Church. 11th printing. Chicago : Moody Press.

GETZ, G.A. & WALL, J. 2000. Effective Church Growth Strategies. Nashville : Thomas Nelson.

GORSKI, E. 2001. Evangelical theologians reject "Open Theism". December 12, 2001 p. 10-11.

GRAHAM, M. 1995. Behaviorism or behavior contract? A publication of. September 1995. http://www.nanc.org [Datum van gebruik: 22 Junie 2004]

GREER, R.C. 2003. Mapping Postmodernism. A Survey of Christian Options. Downers Grove : InterVarsity Press.

GRODZICKI, J. & GALANTER, M. 2005. Spirituality and addiction. *Substance Abuse.* 26(2). 2 June 2005. P. 1-4 [Editorial].

GROVÉ, S. 2003. Leef ligter. Hoe om jouself te bemagtig en te word wie jy werklik is. Pretoria: Litera Publikasies.

GUTHRIE, D. & MOTYER J.A. 1970. The New Bible Commentary Revised. London : Inter-Varity Press.

HALLEY, H.H. 1962. Halley's Bible Handbook: An Abbreviated Bible Commentary. 24th ed. Grand Rapids : Zondervan Publishing House.

HAYFORD, J.W., 1991. (Gen Ed). Spirit-filled Life Bible. The New King James Version. Nashville :Thomas Nelson Publishers.

HAYS, R.B. 1997. First Corinthians. Interpretation. A Bible Commentary for Teaching and Preaching. Louisville : John Knox Press.

HEITINK, G. 1977. Pastoraat als hulpverlening. Academisch proefschrift. Kampen : Kok.

HEITINK, G. 1993. Praktische theologie. Geschiedenis - theorie - handelingsvelden. Kampen : Kok.

HENRY, M. [Web:] http://eword.gospel.net/comments/Deutr.eronomy/mhc/ [Datum van gebruik: 20 Januarie 200]

HENRY, M. [Web:] http://eword.gospel.net/comments/proverbs/mhc/ [Datum van gebruik: 20 Januarie 200]

HENSLIN, E.R. 1991. The Way Out of the Wilderness. Nashville: Thomas Nelson.

HEYNS, J. A. 1978. Dogmatiek. Pretoria : NG Kerkboekhandel.

HEYNS, J.A. 1992. Inleiding tot die dogmatiek aan die hand van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Johannesburg : NG Kerkboekhandel.

HEYNS, L.M. & PIETERSE, H.J.C. 1998. Eerste treë in die Praktiese Teologie. Pretoria: Gnosis Boeke en Uitgewers.

HEYSTEK, P. H. 2000. 'n Prakties-teologiese ondersoek van die "mekaar"-opdragte in die *Corpus Paulinum* met die oog op geloofsgemeenskap. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif – Ph.D.)

HORSELY, R.A. 1998. 1 Corinthians. Nashville : Abingdon Press.

HUGO, C.J. 2006. Pastoral Therapy for Post Traumatic Stress: A Neuropsychological Perspective on beliefs, Spirituality and Meaning. *Practical Theology in South Africa,* 21(3, December):86-104.

HURDING, R.F. 1995 Addiction. (*In* Atkins, D. J. [*et al.],* New Dictionary of Christian Ethics. Downer's Grove : Intervarsity Press.

JACKSON, N. 2007**a**. "Dwaalgees" in GKSA kom glo uit taalteorie. *Beeld*:6, Aug.

JACKSON, N. 2007**b**. Al hoe sterker sprake van kerk se afskeiding. *Beeld*:6, Aug.

JANSE VAN RENSBURG, J. 2004. Speel die Bybel nog 'n rol in die Praktiese Teologie? *Acta Theologica*, Supplementum 6.

JELLINEK, E.M. 1960. The Disease Concept of Alcoholism. New Brunswick : Hillhouse Press.

JOHNSON, W.B. & JOHNSON, W.L. 1997. Can counseling be Christian? A wedding of faith and practice. *Christian Counseling Today.* 5(1):52-53

JORDAAN, G.J.C. 2004. Gereformeerde teologie in die spervuur *Acta Theologica*; Supplementum. 5:250-269.

JORDAAN, G.J.C. 1991. Skrifbeskouing: Deurslaggewende faktor by Skrifverklaring. Potchefstroom : Potchefstroom Universiteit vir CHO.

JORDAAN, W. & JORDAAN, J. 1992. Mens in konteks. Tweede uitgawe, vierde druk. Isando : Lexicon Uitgewers.

JOUBERT, N.L.1999. Die ontwerp en evaluering van 'n Bybelsgefundeerde terapieprogram vir 'n gemeente. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif – Ph.D.)

JOUBERT, P. 2005. Trichotomous Therapy : A Proposed Pastoral Paradigm. Potchefstroom: North-West University. (Thesis – Ph.D.)

KAYAYAN, E. 2005. Die gesprek oor fundamentalisme ... voortgesit. *Die Kerkblad.* Februarie 2005.p.42-43

KINGMA, B.R., & LOTTER, G.A. 2002. Begrip vir die lewenskonteks van mense as 'n vereiste vir pastorale begeleiding. *Koers,* 67(3):309-328.

KITCHING, D. & ROSSOUW, J. 1990. Dwelms: oorwinning is moontlik. Kaapstad : Human en Rousseau.

KLUNZINGER, M. & MOORE, S. 1996. Codependency and Pastoral Care: A Report from the Trenches. *Restoration Quarterly* 38(3):159-174

KONOPA, J.B., CHIAUZZI, E., PORTNOY, D. & KITWICKI T. 2002. Recovery from the inside out. *Corrections Today,* 64(5):56 Aug. p.56-59.

KRÜGER, A.J. 2006. Skrifkritiek, fundamentalisme en grammaties-historiese eksegese. *Die Kerkblad.* Oktober 2006. p.27-29.

KUHN, T.S. 1973. The Structure of Scientific Revolutions. (2nd enlarged ed.). Chicago : University Press.

LAASER, M.R. & OHLSCHLAGER, G. 2006. Multifaceted Addiction Treatment. (http://aacc.net/2006/08/02/addictions-a-multifaceted-christian-appoach/) [Datum van gebruik: 10 Maart 2007].

LAMBRECHT, J. 1998. 1 Corinthians. (*In* Farmer, W.R. 1998: The International Bible Commentary. Collegeville : Liturgical Press).

LANE, T.S. & TRIPP, P.D. 2005. How Christ Changes Us by His Grace. *The Journal of Biblical Counseling.* Spring 2005.

LATEGAN, B.C. 1988. Eerste Brief aan die Korintiërs. (*In* Du Toit, A.B. 1988. Nuwe Testament. Band V. Die Pauliniese Briewe. Pretoria : NG Kerkboekhandel.

LAWSON, S. 1995. Everything Parents Should Know About Drugs. London: Sheldon Press.

LEVY, J.A., STEPHENS, R.C. & McBRIDE, D.C. 2000. Emergent Issues in the Field of Drug Abuse. Stamford : Jai Press Inc.

LEWIS, J.A., DANA, R.Q. & BLEVIBS, G.A. 2002. Substance Abuse Counseling. Third Edition. Pacific Grove Brooks/Cole.

LEWIS-JOHNSON, S. 2000. More than 12 Steps. *Christianity Today.* December 4, 2000. p.22-23

LOEWEN, J.A. 2000. The Bible in Cross-Cultural Perspective. Pasadena : William Carey Library.

LONDON, L. 1999. Addressing the Legacy of the DOP System: Tackling alcohol abuse among South African Farm Workers. *SA HealthInfo*:1-3.

LOTTER, G A. 1987. Counseling Divorcees on Forgiveness. (Proefskrif-D.Min.)

LOTTER, G. A. 1993. Die werk van die Heilige Gees in die gelowiges volgens 2 Korintiërs. Proefskrif voorgelê vir die graad Theologiae Doctor. Potchefstroom : Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Westminster Theological Seminary.

LOTTER, G. 2001. The "reformation" of counselling. *In die Skriflig*, 35(2):317-329.

LOTTER, G.A. 2005. Die werk van die Heilige Gees volgens 2 Korintiërs en die moontlike pastorale implikasies daarvan. *In die Skriflig.* 39(3):487:504.

LOTTER, G. 2006. Die ontwikkeling van pastorale berading in Suid-Afrika. *Die Kerkblad,* 208(3183):20-21.

LOTTER, G. 2007. Pastorale Teologie: Voëlvlug en (voorlopige) landing. (Intree-rede gelewer die 29 Oktober 2004). Wetenskaplike bydraes, reeks H: Intreerede nr. 185. Potchefstroom : Noordwes-Universiteit.

LOUW, D.J. 1985. Sin in lyding: Teologiese besinning rondom kruis en opstanding. Kaapstad : Lux Verbi.

LOUW, D.J. 2000. Meaning in Suffering. A Theological Reflection on the Cross and the Resurrection for Pastoral Care and Counselling. Berlin : Peter Lang.

MacARTHUR, J.F. Jr. 1994**a**. Rediscovering Biblical Counseling. (*In* MacArthur, J. F. [Jr] & Mack, W.A. Introduction to Biblical Counseling. Nashville : W Publishing Group. p. 3-20.)

MacARTHUR, J.F. Jr. 1994**b**. Counseling and the Sinfulness of Humanity. (*In* MacArthur, J. F. [Jr] & Mack, W.A. Introduction to Biblical counseling. Nashville : W Publishing Group. p. 98-115.)

MACK, W.A. 1994. Preface. (*In* MacArthur, J.F. [Jr] & Mack, W.A. 1994. Introduction to Biblical counseling. Nashville: W Publishing Group. p. ix-xii.)

MACK, W.A. 1994. Part III. The Process of Biblical Counseling. (*In* MacArthur, J.F. [Jr] & Mack, W.A. 1994. Introduction to Biblical counseling. Nashville: W Publishing Group. p. ix-xii.)

MAGEZI, V. 2007. Pastoral counselling : Towards a Diagnostic and Interpretational Approach in Africa. *In die Skriflig*, 41(4):655-672.

MARAIS, W. 1978. Die Tien Woorde van God. Pretoria : N.G.Kerkboekhandel.

MARRS, W. 1989. New Age Lies to Women. Austln Living Truth Publishers.

MARTIN, C. and OTTER, C. 1996. Locus of Control and Addictive Behaviours. (In Bouner, A.B. and Waterhouse, J. [Eds] Addictive Behaviour. Hampshire : Macmillan Press Ltd. P.42-55.)

McCLUNG, F. 1993. Learning to Love People You Don't Like. Eastbourne : Kingsway Publications.

McMINN, M.R. 1996. Psychology, Theology and Spirituality in Christian Counseling. Wheaton : Tyndale House.

MEYER, W.F. 1990**a**. Skinner's Extreme Behaviourism. (*In* Meyer, W.F., From Freud to Frankl. **2nd impression**. Johannesburg : Lexicon Publishers. p. 181-218.)

MEYER, W.F. 1990**b**. Bandura's Social Learning Theory. (*In* Meyer, W.F., From Freud to Frankl. **2nd impression**. Johannesburg : Lexicon Publishers. p. 221-240.)

MEYER,W.F. & MOORE, C. 2003**a**. Part 3: Behavioural and Learning Theory Approaches. The Social Cognitive Learning Approach. (*In* Meyer, W.F., Moore, C. and Viljoen, H. G. Personology : From Individual to Ecosystem. Sandton : Heinemann. **3rd impression**. p.289-332.)

MEYER,W.F. & MOORE, C. 2003**b**. The Radical Behaviourism of B F Skinner (1904-1990) (*In* Meyer, W.F., Moore, C. and Viljoen, H. G. Personology : From Individual to Ecosystem. Sandton : Heinemann. **3rd impression**. p.261-288.)

MILLER, G.A. 1999. Learning the Language of Addiction Counseling. Boston : Allyn & Bacon.

MILLER, W.R. & ROLLNICK, S. 1991. Motivational Interviewing. Preparing People to Change Addictive Behavior. New York : The Guilford Press.

MOON, G.W. 2003. Psychotherapy and spiritual direction: Reflections and cautions on the integrative path. *Christian Counseling Today.* 11(4):32-38

MOREJELE, N. 1997. Adolescent alcohol misuse. (*In* De la Rey, C., Duncan, N., Shefer, T. & Van Niekerk, A. Contemporary Issues in Human Development. Johannesburg : International Thomson Publishing [Southern Africa] p. 207-232.)

MÜLLER, J. J. 1966. Grondbegrippe van die Christelike geloof. Kaapstad : N.G. Kerk-Uitgewers.

MYERS, B. & PARRY, C.D.H. 2005. Access to substance abuse audits of specialist treatment and Gauteng. *South African Psychiatry Review.* February, 2005.

NANC, 2008. About us. (*In* National Association of Nouthetic Counselors.). http://www.nanc.org/About_Us/History.aspx [[Datum van gebruik: 23 Julie 2008].

NAVE, O. J. 1969. Nave's Compact Topical Bible . Grand Rapids : Zondervan Publishing House.

NELL, M.M.E. 1994. Verslawing: 'n teologies-etiese studie. Doktorale proefskrif. Potchefstroom : Potchefstroomse Universiteit vir CHO.

NIEMANDT, C.J.P. 2007. Ontluikende kerke – 'n nuwe missionêre beweging. Deel 1 : Ontluikende. *Verbum et Ecclesia,* 28(2):542-556.

ODEN, T.C. 2001. So what happens after modernity? (In Dockery, D.S. [ed] The Challenge of Postmodernism. [Sec ed] Grand Rapids : BridgePoint Books) p.184-198.

OLSEN, R.A. 2005. Free will and therapeutic change. *Pastoral Psychology.* 53(3). January 2005.

PARRY, C. 2004. The Need for a Science-based Approach to Addressing Substance Abuse in the Western Cape. *Medical Research Council of South Africa* : 1-2.

PARRY, C., PLÜDDEMANN, A., BHANA, A., HARKER, N., POTGIETER, H. & GERBER, W. 2004. Alcohol and Drug Abuse Trends: July- December 2003 (Phase 15). *SA Family Practice,* 46(5):19-20.

PATTON, J. 1993. Pastoral Care in Context. An Introduction to Pastoral Care. Kentucky : John Knox.

PIETERSE, R. 1998. 'n Eties-pastorale studie van die rookgewoonte. Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling – M.A.)

PIPER, J. 2002. God's glory is the goal of Biblical counseling. *The Journal of Biblical Counseling,* 20(2):8-9, Winter.

PLÜDDEMANN, A., PARRY, C. & BHANA, A. 2007. Alcohol and Drug Abuse Trends: January - June 2007 (Phase 22). *SA Community Epidemiology Network on Drug Use (SACENDU)* 19 November 2007. [29 Julie 2008].

POTTER-EFRON, R.T. 1989. Shame, Guilt and Alcoholism. Treatment Issues in Clinical Practice. London : The Hawthorn Press.

POWLISON, D.A. 1984. Which presuppositions? Secular psychology and the categories of biblical thought. *Journal of psychology and theology.* 12(2) p.270-278.

POWLISON, D. 1994. Frequently asked questions. (*In* MacArthur, J. F. [Jr]. & Mack W.A. Introduction to Biblical Counseling. Nashville : W Publishing Group) p. 362-364.

POWLISON, D. 1995. Idols of the heart and "Vanity Fair" . *The Journal of Biblical Counseling,* 13(2):35-50

POWLISON, D. 2000**a**. Affirmations and denials: A proposed definition of Biblical counseling. *The Journal of Biblical Counseling,* 19(1):18-25.

POWLISON, D. 2000**b**. A Nigerian pastor talks about counseling. Interview with Samuel Amoor by David Powlison. *The Journal of Biblical counseling,* 19(1):18-26.

POWLISON, D. 2001**b**. God, Psychology and Christian care of the soul. (Deel 2). (Oorspronlike oudio-CD in besit van Dr Flip Buys, Mukhanyo Teologiese Kollege )

POWLISON, D. 2001**c**. God, Psychology and Christian care of the soul. (Deel 3). (Oorspronlike oudio-CD in besit van Dr Flip Buys, Mukhanyo Teologiese Kollege )

POWLISON, D. 2005. The sufficiency of Scripture to diagnose and cure souls. *The Journal of Biblical counseling,* 23(2), Spring.

PYTELL, T. 2000. The missing pieces of the puzzle: A reflection on the odd career of Viktor Frankl. *Journal of contemporary history,* 35(2):281-306.

RAUBENHEIMER, C. 2004. Tot 60% getoetste kinders gebruik dwelms. *Beeld:*23 Junie.

RAUBENHEIMER, C. 2005. Regter sê later of sentrum se poort nou oop of toe sal wees. *Beeld:*6 Febr.

REA, F.B. 1956. Alcoholism. Its Psychology and Cure. London : The Epworth Press.

REYMOND, R.L. 1998. A new Systematic Theology of the Christian Faith. Nashville: Thomas Nelson Publishers.

RHODES, R. 1992. Recovering from the recovery movement. *Christian Research Journal.* p.8-11. Summer

RIDDERBOS, H.N. 1953. The Epistle of Paul to the Churches of Galatia. Grand Rapids : Wm B. Eerdmans.

RINGWALD, C.D. 2002. The Soul of Recovery. Uncovering the Spiritual Dimensions in the Treatment of Addictions. New York : Oxford University Press.

ROCHA-SILVA, L, DE MIRANDA, S. & ERASMUS, R. 1996. Alcohol, Tobacco and Other Drug Use Among Black Youth. Pretoria : HSCR Publishers.

SADOCK, B.J. & SADOCK, V.A. 2003. Kaplan & Sadock's Synopsis of Psychiatry. (9th Ed). London : Lippincott Williams & Wilkins.

SARLES, K.L. 1994. The English Puritans. (*In* MacArthur, J.F. [Jr] & Mack, W.A. Introduction to Biblical counseling. Nashville : W Publishing Group. p. 21-43. )

SCHALEKAMP, M. 2003**a**. Dinamieke van Bybelse verandering (In: Bybelse Beradingskursus Module 2. Randburg: Assosiasie vir Bybelse Berading en Opleiding).

SCHALEKAMP, M. 2003**b**. Metodes vir Bybelse verandering. (In: Bybelse Beradingskursus Module 2. Randburg: Assosiasie vir Bybelse Berading en Opleiding).

SCHALEKAMP, M. 2006**a**. Hoofstuk 3. Metode van berading. (In: Bybelse Beradingskursus Module 1. Randburg: Assosiasie vir Bybelse Berading en Opleiding).

SCHALEKAMP, M. 2006**b**. Verslawings (In: Bybelse Beradingskursus Module 2. Randburg: Assosiasie vir Bybelse Berading en Opleiding).

SCHNEIDER, M., NORMAN, R., PARRY, C., BRADSHAW, D. & PLÜDDEMANN, A. 2000. Estimating the burden of disease attributable to alcohol use in South Africa in 2000. *South African Medical Journal,* 97(8) p.664-672.

SEATON, W. J. 1970. The Five points of Calvinism. Edinburgh : The Banner of Truth Trust.

SHANTALL, H.M. 1990. The Existential Theory of Viktor Frankl (1905-1998). (*In* Meyer, W.F., Moore, C. and Viljoen, H. G. Personology : From Individual to Ecosystem. Sandton : Heinemann. **3rd impression**. p. 432-458.)

SINHA, F. 2001. How does stress increase the risk of drug abuse and relapse? *Psychopharmacology,* 158(4):343-359.

SMIT, G. 2008. Ekklesiologiese merkers vir missionêre gemeentebediening in 'n postmoderne wêreld. *NG Teologiese Tydskrif,* 49(1&2):106-117.

SMITH, D. 1987. Hoe verstaan ons wat ons lees? 'n Dink- en werkboek oor die hermeneutiek vir predikers en studente. Kaapstad : NG Kerk Uitgewers.

SMITH, J.K.A. 2005. What God knows. The debate on "Open Theism". *Christian Century.* July 12, 2005. p. 30-32.

SMITH, W.P. 2004. Culture: Hate it? Love it? ... Redeem it! *The Journal of Biblical Counseling,* 22(2), Winter. p. 20-23

SPANGENBERG, I. 1998. Perspektiewe op die Bybel. God se Woord in mensetaal. Pretoria : J.L. van Schaik.

SPANGENBERG, S. 2005. Reguit antwoorde. [Web:] http://www.nuwe-hervorming.org.za/php/modules.php?name=Content&pa=showpage&pid=64 [Datum van gebruik: 27 Augustus 2007]

SPRIGGS, M. 2003. Can we help addicts become more autonomous? Inside the mind of an addict. *Bioethics,* 17(5-6):550-554.

SPROUL, R. C. 1980. Explaining Inerrancy. Orlando : Ligonier Ministries.

STAFFORD, D. 1992. Children of Alcoholics. London: Judy Piatkus (Publishers) Ltd.

STAFFORD, T. 1991. The hidden gospel of the Twelve Steps. *Christianity Today,* 35(8):141-18

STEENKAMP, L. 2004. "SA kan nie verslaafde tieners behandel." *Beeld:*19 Oktober 2004.

STEVENSON, C. W. & GRATTON, A. 2003. Basolateral modulation of the amygdala: Role of the medial prefrontal Cortex. *European Journal of Neuroscience,* Vol. 17. p. 1287-1295.

STEYN, D & VERWEY, T. 1998. Drome vir seerkry mense. Ifafi: Alkogen Publishers.

STEYN, G.S. 2005. Die NG Kerk se identiteitskrisis. Deel I. Aanloop, terrein van beïnvloeding en reaksies. *NG Teologiese Tydskrif,* 46(3 & 4). Julie. p.550-559.

STEYN, J. 2006. Caring for the Caregiver: A Programme on Emotional, Social and Spiritual Wellness. *Practical Theology in South Africa,* 21(3, December):175-190.

STEYN, J. & Van den Berg, J-A. 2005. 'n Pastoraal-narratiewe metode om lewenshanteringsvaardighede by kankerpasiënte te identifiseer. *In die Skriflig* 39(4):733-751.

STOKER, H.G. 19? Die Calvinisme en die leer van die wetskringe. (Boek is herbind. Uitgewer onbekend)

STOKER , H.G. 1961. Beginsels en metodes in die wetenskap. Potchefstroom: Pro Rege Pers Beperk.

STREET, J.D. 2004. The co-dependency curse. A publication. [Web:] http://www.nanc.org/ [Datum van gebruik: 10 Desember 2004]

STRONG, P. 2001. Die gebruik van filmterapie in Praktiese Teologie. Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling – M.A.)

SWANEPOEL, F. 1994. Die wonder van die Bybel. Wellington : Hugenote Uitgewers.

SWANSON, D. M. 1994. Frequently asked questions. (*In* MacArthur, J.F. [Jr] & Mack, W.A. Introduction to Biblical counseling. Nashville : W Publishing Group. p.380-381.)

SWARTZ, S. 1997. Preface. (*In* De la Rey, C., Duncan, N., Shefer, T. & Van Niekerk, A. Contemporary Issues in Human Development. Johannesburg : International Thomson Publishing (Southern Africa) p. 3-6.)

SWEENEY, J.P. 2003. The "spiritual" task of restoration: A brief note on Galatians 6:1. *The Expository Times,* 114(8), May. p.259-261.

TALBOT, M. R. 2006. "All the good that is ours in Christ": Seeing God's grace. (*In:* Piper, J. &Taylor, J. (Eds). 2006. Suffering and the Sovereignty of God. Wheaton: Crossway Books. p. 31-77.)

TALJAARD, J.A.L. 1963. Kursus in lewens- en wêreldbeskouingingsleer en menslike samelewingsverbande. Potchefstroom : Pro Rege-Pers Beperk.

TALJAARD, J.A.L. 1976. Polished lenses Human Sciences Research Publication series no. 60. Potchefstroom : Pro Rege Press.

TAMEZ, E. 1998. Galatians. (*In* Farmer, W.R., ed., 1998. The International Bible Commentary. Collegeville : Liturgical Press. p.1665-1668.)

THISELTON, A.C. 2000. The First Epistle to the Corinthians. A Commentary on the Greek Text. Grand Rapids : William B Eerdmans.

THOMPSON, F.C., ed., 1964. The New Chain Reference Bible. Indianapolis : B.B. Kirkbride Bible Co. Inc.

TORRANCE, D.W. & TORRANCE T.F. 1960. Calvin's Commentaries. The First Epistle of Paul the Apostle to the Corinthians. Grand Rapids : Wm.B. Eerdmans.

TRIPP, P. D. 1996. Strategies for opening blind eyes: Data gathering Part 3. *The Journal of Biblical Counseling.* 15(1), Fall 1996.

TRIPP, P.D. 2002. Instruments in the Redeemer's Hands. Phillipsburg : P & R Publishing.

TURIAN, J. E. Alcoholics Anonymous. (*In* Hunter, R.J. 1990. Dictionary of pastoral care and counseling. Nashville : Abingdon Press).

VAN NIEKERK, A. 2007. Twee paradigmas. *Beeld:*13, Jun.

VAN DER KOOI, P. 2001. Tweërlei genade? (Hoofartikel). *Die Kerkpad.* 5(5):3..

VAN DER WALT, B.J. 1991. Anatomy of Reformation. Flashes and Fragments of a Reformational Worldview. Potchefstroom : Potchefstroom University for Christian Higher Education.

VAN DER WALT, B.J. 2007. The clash of cultures – how to explain and evaluate cultural differences from a Reformational-Christian perspective. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap,* 43(1 & 2):137-161

VAN DER WALT, B.J. 2008. Die gewildheid, geskiedenis, struktuur, waarde en gevare van 'n lewensvisie. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, 44(1&2):39-64.

VAN DER WALT, S.P. & JORDAAN, G.J.C. 2004. Die kontekstualisering van die Nuwe Testament binne 'n postmodernistiese paradigma: die skep van betekenis of die toepassing van betekenis? *In die Skriflig*, 38(4):495-517.

VAN DER WALT, T. 2006. Die Messias het gekom! 'n Gids in die evangelies vir toegewyde Bybel-studente. Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

VAN GENDEREN, J. & VELEMA, W.H. 1992. Beknopte Gereformeerde dogmatiek. Kampen : Uitgeversmaatschappij J.H. Kok.

VAN ROOYEN, F. 2007. SA verdrink in drank, dwelms. *Beeld*:9, Aug.

VAN WYK, J.H. 2003. *Insufficientia*? In gesprek met die Reformatoriese tradisie en M.A. Kruger oor die (on-)genoegsaamheid van die Godsopenbaring in die skepping, onderhouding en regering. *In die Skriflig*, 37(4):671-695.

VENTER, C.J.H. 1996. Uitkringende liefdesbetoon. Pretoria : RGN (Suid-Afrika).

VERHOEF, G.C. 2000. Die noodsaak van 'n Bybelse mensbeskouing in berading. M.-verhandeling. Potchefstroom : Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

VERWEY, T. 1998. Voorwoord. (*In* Steyn, D. & Verwey, T. Drome vir seerkry mense. Ifafi : Alkogen Publishers. p.3-4.

VERWEY, T. 2006**a**. Dreams for Fragile People. [E-boek - CD in besit van navorser]

VERWEY, T. 2006**b**. NAD therapy! Too Good to be True? [E-boek - CD in besit van Navorser].

VILJOEN, H.G. 2003**a**. Historical overview of psychological thinking. (*In* Meyer, W.F., Moore, C. and Viljoen, H. G. Personology : From Individual to Ecosystem. Sandton : Heinemann. **3rd impression**. p. 22-37.)

VILJOEN, H.G. 2003**b**. Depth psychological approaches. (*In* Meyer, W.F., Moore, C. and Viljoen, H. G. Personology : From Individual to Ecosystem. Sandton : Heinemann. **3rd impression**. p. 39-47.)

VILJOEN, H.G. 2003**c**. The analytical theory of Carl Jung. (*In* Meyer, W.F., Moore, C. and Viljoen, H. G. Personology : From Individual to Ecosystem. Sandton : Heinemann. **3rd impression**. p. 92-124.)

VILJOEN, H.G. 2003**d**. Part 3: Behavioural and learning theory approaches: Introduction. (*In* Meyer, W.F., Moore, C. and Viljoen, H. G. Personology : From Individual to Ecosystem. Sandton : Heinemann. **3rd impression**. p. 248-259.)

VILJOEN, H.G. 2003**e**. Part 5: Alternative perspectives: African perspectives. (*In* Meyer, W.F., Moore, C. and Viljoen, H. G. Personology : From Individual to Ecosystem. Sandton : Heinemann. **3rd impression**. p. 528-549.)

VORSTER, J.M. 1996. Is die kerk funksioneel? : gedagtes oor Gereformeerde kerkvernuwing in 'n postmoderne konteks. Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

VORSTER, N. 2004**a**. Op soek na 'n weg uit fundamentalisme, rasionalisme en relatiwisme. *In die Skriflig* 38 (4): 593-621

VORSTER, N. 2004**b**. Op soek na 'n weg uit fundamentalisme. *Die Kerkblad.* Augustus 2004. p. 29-31.

VORSTER, N. 2005**a**. Voortgesette gesprek oor fundamentalisme. *Die Kerkblad.* Jauarie. p. 31-32

VORSTER, N. 2005**b**. Fundamentalisme en Gereformeerdheid nie dieselfde ding nie! *Die Kerkblad.* Junie. p.36-38.

VOSLOO, W. & VAN RENSBURG, F.J., red., 1993. 2de uitg., 1996. Die Bybel in praktyk (Nuwe Vertaling). Vereeniging : CUM-Boeke.

VOSLOO, W. & VAN RENSBURG, F.J., red., 1999. Die Bybellenium. Eenvolume Kommentaar. Die Bybel uitgelê vir eietydse toepassing. Vereeniging : CUM-Boeke.

WALTKE, B.K. & FREDERICKs, C.J. 2001. Genesis: A Commentary. Grand Rapids : Zondervan.

WELCH, E. 1990. Developing a theology of drug abuse. A publication NANC: http://www.nanc.org/ [Datum van gebruik: 11 June, 2004].

WELCH, E.T. 1995. A discussion among clergy: Pastoral counseling talks with secular psychology. *The Journal of Biblical Counseling,* 13(2), Winter

WELCH, E.T. 1997. When People are Big and God is Small. Phillipsburg : P & R Publishing.

WELCH, E.T. 1998. Blame It On the Brain? Phillipsburg : P & R Publishing.

WELCH, E. 2001**a**. Addictions. A Banquet in the Grave. Phillipsburg: P & R Publishing.

WELCH, E. 2001**b**. Self-control: The battle against "one more". *The Journal of Biblical Counseling,* 19(2):24-31, Winter.

WELCH, E. 2001c. Addictions: New ways of seeing, new ways of walking free. *The Journal of Biblical Counseling,* Nr. 19. http://www.nanc.org/ [Datum van gebruik: 11 June, 2004].

WELCH, E. 2002. How theology shapes ministry: Jay Adam's view of the flesh and an alternative. *The Journal of Biblical Counseling,* 20(3):16-23, Spring.

WESTER, A. 2004. Syndroom van Korsakov. http://www.korsakovsyndroom.nl/ [Datum van gebruik: 27 Jul. 2004.

WICKERT, D.J. 1999. Why can't I blame it on my genes? A publication of. http://www.nanc.org/ [Datum van gebruik: 11 June, 2004].

WIHER, H. 2003. Shame and Guilt. A Key to Cross-Cultural Ministry. Hamburg: BoD Beese Druck.

WILLIAMS, D.T. 2005. Opening the Trinity: Developing the "Open Theism"- debate. Acta Theologica. 2005:2. p.177-193.

WOLTERS, A..M. 2005. Creation Regained. Grand Rapids : William B. Eerdmans Publishing Company.

WOODBRIDGE, N.B. 2007. Understanding the Emerging Church of Concern and Implications for Today's Evangelicals. *The Journal of the South African Theological Seminary,* Vol. 4, p. 97-113. Sept.

YANCEY, P. 2000. Lessons from Rock Bottom: The church can learn about grace from the Recovery Movement. *Christianity Today* 44(8):72.July 10.


ZUEHLKE, T.E. 2000. Counseling Assistance Tool Kit : Cognitive-behavioral Therapy. (*In* Anderson, N.T., Zuehlke, T.E. & Zuehlke, J.S. Christ centred herapy. GrandRapids : Zondervan. p.223-227.

ADDENDUM A : (ADDENDUM by Hoofstuk 4 – 4.2.6)

4.7 Tabel: Vergelyking tussen die Gereformeerde pastoraat en die moderne psigologie (Bezuidenhout, A. 2005:118) .

| | Gereformeerde pastoraat | Behaviorisme Ivan Pavlov & John Watson | Psigoanalise Sigmund Freud | Humanisties Carl Rogers | Trans-persoonlik Carl Jung |
|---|---|---|---|---|---|
| Sola Christo/ God | Drie- Enige God, soewereine skepper en onderhouer van hemel en aarde | Geen God (God is skepping van mense) | Geen God (God is 'n illusie) | Agnosties | Enige God (afgodery) |
| Sola Gratia/ mens | Vanweë erfsonde totaal onmagtig – skepsel van God versoen met God deur Seun van God: Jesus Christus | *Selfgenoegsaam – *Produk van evolusie | *Selfgenoegsaam – *(Dier) -Produk van evolusie | *Selfgenoegsaam – *Produk van evolusie | *Selfgenoegsaam – *Produk van evolusie |
| Sola Scriptura + Fide/ Metode | *Bediening van versoening deur die woord van God *Heilige Gees maak dit lewend in hart *Wedergeboorte | *Verligting van simptome deur ingeligte keuses en manipulasie van omgewing *Opgeleide spesialiste *Kort proses | *Vrye assosiasie *Verbalisering van onderdrukte emosies *Opgeleide terapeute *Duur lank | *Mens het inherente potensiaal, moet dit net ontdek en ontwikkel *Opgeleide terapeut fasiliteer proses | *Individuasie *Ontwikkel die vermoë om in twee wêrelde te leef * Opgeleide terapeute |
| Soli Deo Gloria/ Doel | Soli Deo Gloria | Gesonde gemeenskap (mensdom) | Balans tussen eie begeertes en morele reëls van samelewing – gelukkige mense | Dat elke persoon sy/haar volle potensiaal bereik | Optimale ontwikkeling – word bv soos Jesus of Buddha |

ADDENDUM B: (sien 5.3.3)



(Die Drie Bome, Schalekamp, 2003a:27).

ADDENDUM C : Wie is God? (sien 2.3.3)

# NAME VAN GOD/NAMES OF GOD

| Hebreeus | Engels | Afrikaans |
|---|---|---|
| Adonai-Jehova | The Lord our Sovereign | Die Here ons Heerser |
| El-Elyon | The Lord Most High | Die Allerhoogste Here |
| El-Olam | The Everlasting God | Ewigdurende God |
| El-Shaddai | The Lord who is All-sufficient | Die Algenoegsame Here |
| Jehova-Elohim | The Eternal Creator | Die Ewige Skeppergod |
| Jehova-Jireh | The Lord our Provider | Die Here ons Voorsiener |
| Jehova-Nissi | The Lord our Banner | Die Here ons Banier |
| Jehova-Ropheka | The Lord our Healer | Die Here ons Geneser |
| Jehova-Shalom | The Lord our Peace | Die Here ons Vrede |
| Jehova-Tsikenu | The Lord our Righteousness | Die Here ons Geregtigheid |
| Jehova-Mekaddishkem | The Lord our Sanctifier | Die Here ons Heiligmaker |
| Jehova-Sabaoth | The Lord of Hosts | Die Here van die Leërskare |
| Jehova-Shammah | The Lord is Present | Die Here is Teenwoordig |
| Jehova-Rohi | The Lord our Shepherd | Die Here ons Herder |
| Jehova-Hoseenu | The Lord our Maker | Die Here ons Skepper |
| Jehova-Eloheenu | The Lord our God | Die Here ons God |

<u>Wie is God? (Karaktereienskappe)</u>

1. God is EWIG - Hy het geen begin of einde nie
2. God is ONVERANDERLIK - Hy is altyd dieselfde
3. God is ALOMTEENWOORDIG - Hy word op geen manier beperk nie
4. God is ALWETEND - Hy weet al les
5. God is ALWYS - Hy het die beste planne vir ons
6. God is ALMAGTIG - niks is onmoontlik vir Hom nie
7. God is HEILIG - Hy kan nie sondig nie en verdra geen sonde nie
8. God is REGVERDIG- Hy trek niemand voor nie
9. God is GOED EN GENADIG - Hy help altyd en tree in liefde op
10. God is GETROU - Hy sal ons nooit in die steek laat nie

Verse om te memoriseer:

2 Korintiërs 1 verse 3 tot 4:

Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy is die Vader wat Hom ontferm en die God wat in elke omstandigheid uitkoms gee. In elke moeilikheid help Hy ons. Daarom kan ons ook weer ander help wat in allerhande moeilikhede verkeer. Ons kan hulle bemoedig met dieselfde bemoediging waarmee God ons bemoedig.

ADDENDUM D : Wie is ek? (sien 2.3.3)

6.Wie is ek?

Ek is die sout van die aarde (Matt 5:13)
Ek is die lig van die wêreld (Matt 5:14)
Ek is 'n kind van God (Joh 1:12, )
Ek is deel van die ware wynstok, 'n kanaal van Christus se lewe (Joh 15:1,5 )
Ek is 'n vriend van Christus (Joh 15:15 )
Ek is gekies en aangestel deur Christus om Sy vrugte te dra (Joh 15:16 )
Ek is 'n slaaf van geregtigheid (Rom 6:18 )
Ek is 'n slaaf van God (Rom 6:22 )
Ek is 'n seun van God, God is my Geestelike Vader (Rom 8:14, 15, Gal 3:26 )
Ek is 'n gesamentlike erfgenaam met Christus, wat sy erfenis met Hom deel (Rom 8:17 )
Ek is 'n tempel van God. Sy Gees leef in my (1 Kor 3:16 )
Ek is verbind met die Here en is een gees met Hom (Kor 6:17 )
Ek is 'n lid van die Liggaam van Christus met 'n taak (1 Kor 12:27, 28 Eff 5:30)
Ek is 'n nuwe skepping (2 Kor 5:17 )
Ek is versoen met God en 'n bedienaar van die versoening (2 kor 5:18 )
Ek is 'n kind van God en een in Christus (Gal 4:6,7 )
Ek is 'n erfgenaam van God aangesien ek 'n kind van God is (Gal 4:6,7 )
Ek is 'n heilige (Eff 1:1; 1 Kor 1:2, Fil 1:1; Kol 1:2 )
Ek is God se skepsel, weergebore in Christus om Sy werk te doen (Eff 2:10 )
Ek is 'n medeburger en lid van die familie van God (Eff 2:19 )
Ek is 'n gevangene deur my diens aan Christus (Ef 3:1, 4:1 )
Ek is geregverdig en heilig (Eff 4:24 )
Ek is 'n burger van die hemel ( Fil 3:20, Eff 2:6)
Ek is verborge in God (Kol 3:3 )
Ek is 'n uitdrukking van die lewe van Christus want Hy is my lewe ( Kol 3:4)
Ek is 'n uitverkorene van God, heilig en geliefd (Kol 3;12; 1 Tes 1:4 )
Ek is 'n kind van die lig en nie van die duisternis nie (1 Tes 5:5 )
Ek is 'n heilige met 'n hemelse roeping (Heb 3:1 )
Ek is 'n deelgenoot van Christus en deel in Sy lewe (Heb 3:14 )
Ek is een van God se lewende stene, deel van 'n geestelike huis (1 Pet 2:5 )
Ek is deel van 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom (1 Pet 2:9-10 )
Ek is geroep om sy verlossingsdade te verkondig (1 Pet 2:10 )
Ek is 'n vreemdeling en bywoner in hierdie wêreld (1 Pet 2:11 )
Ek is 'n vyand van die duiwel (1 Pet 5:8 )
Ek is 'n kind van God omdat die Vader my so lief het (1 Joh 3:1 )
Ek is uit God gebore en die duiwel het geen houvas op my nie (1 Joh5:18 )

"Wat saak maak, is wat God sê!"

Lees die lysie sorgvuldig deur. Doen dit vir ten minste 'n week elke dag todat jy werklik weet, voel en beleef hoe kosbaar jy vir God is. Die lysie sê vir jou in die eerste persoon wie jy werklik in Christus is. Hierdie is sommige van die eienskappe waarvan jy deelagtig geword het met jou geestelike geboorte. Jy kan dit nie verwerf of koop nie. Dit word gewaarborg omdat jy gebore is in God se familie deur geloof in Christus.

Aangesien jy 'n heilige is deur die roeping van God, deel jy in Christus se nalatenskap. Jy het 'n dinamies-unieke identiteit in Christus. Dit wat waar is van Christus, is nou waar van jou, omdat jy IN Christus is. Dit is deel van jou identiteit.

# Persoonlike Inligting oor Navorser

Henrietta Elizabeth Klaasing is op 7 Maart 1944 in Nelspruit gebore, as die tweede oudste kind van vyf kinders (drie dogters en twee seuns) van Koos en Berrie Marais van Plaston, Witrivierdistrik. Sy matrikuleer aan die Hoërskool Rob Ferreira in Witrivier, waarna sy aan die Universiteit van Pretoria haar B.A.-graad voltooi, met hoofvakke Engels, Afrikaans en Psigologie. Daar ontmoet sy haar man, Willem Hamman, en na hul troue in 1966 vestig hulle hul in Groblersdal, waar sy tans nog woon. Uit hierdie gelukkige huwelik is vyf kinders gebore, drie dogters en twee seuns. So tussen die grootmaak van die kinders deur hou sy skool as Engelsonderwyseres aan die Hoërskool Ben Viljoen. In 1984 sterf haar man en oudste seun Willem (13 jaar oud) in 'n ligte-vliegtuigongeluk. Daarna trou sy weer, min wetende dat haar man 'n alkoholis is...

In 1990 kry sy 'n pos by 'n nabygeleë onderwyskollege as dosent in Engels en ander didaktiese vakke en word sy later bevorder na senior dosent. In 1992 verwerf sy haar B.A.Hons.-graad en in 1994 haar M.Ed. aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, met Prof. Nic Vreken as studieleier.

Na 'n stormagtige huwelik van 11 jaar waarin sy fisies, emosioneel en geestelik afgetakel is, skei navorser in 1998. In dieselfde jaar word die onderwyskollege gerasionaliseer en word sy 'n vakadviseur. In 1999 word sy gekies as een van 200 senior onderwyskundiges dwarsoor Suid-Afrika wat opgelei word onder inisiatief van Prof. Kader Asmal in "Whole School Evaluation", en word sy spanleidster van 'n span van vyf wat skole dwarsoor Limpopo besoek as paneel-inspekteurs.

In 2001 trou sy met Peter Klaasing, 'n ware lewensmaat, wat haar entoesiasties ondersteun in al haar studies wat in 2004 begin het met die Oorbruggingskursus in Praktiese Teologie aan die Noordwes-Universiteit - so ook met haar ABBO (Assosiasie vir Bybelse Berading en Opleiding) - studies in Bybelse beradading onder leiding van Dr. Vorster Combrink. Peter weier volstrek dat sy alleen na Potchefstroom of Pretoria gaan en wag geduldig tot na afloop van haar lesings of afsprake!

Navorser is al die jare wat sy op Groblersdal bly, lidmaat van die NG Kerk, waar sy deur die jare onder andere CAD-sekretaresse, Bybelstudiegroep-leidster, diakones en ouderling was.